

1991 085 044 01



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - BIBLIOTEK



199108504401220000019

DIE POLITIES-GEOGRAFIESE ONTWIKKELING

VAN TRANSKEI VANAF 1913 TOT 1976

DEUR

HELENA JACOBA PRINSLOO

Hierdie verhandeling word voorgelê om te voldoen aan die vereistes van die graad Magister Artium in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Departement Aardrykskunde) aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

30 NOVEMBER 1990

STUDIELEIER : PROF. W.C. ELS

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
18 JUN 1991

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 968.791 PRI

VOORWOORD EN BEDANKINGS

Gedurende my universiteitsopleiding het ek 'n sterk belangstelling in die Politieke Geografie ontwikkel; wat dan ook gedien het as stimulant om meer oor die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei te wete te kom.

Dit is vervolgens ook baie duidelik dat hierdie studie nie voltooi kan word sonder sekere persone en instansies se samewerking en ondersteuning nie. Dit is vir my 'n diep gevoelde behoefte om langs hierdie weg my opregte dank en innige waardering te betuig teenoor:

1. My Skepper wat my die genade, krag en wysheid gegee het om hierdie studie moontlik te maak en te voltooi;
2. My studieleier, Prof. W.C. Els, hoof van die Departement Aardrykskunde, U.O.V.S., wat te midde van al sy ander werksaamhede dit moontlik gevind het om my gedurende die verloop van hierdie ondersoek met raad en leiding by te gestaan het. Sy positiewe inspirasie, bekwame en simpatieke leiding, heldere insig, advies en belangstelling het vir my as aansporing gedien;
3. Mev. Sienie Jankowitz vir die ywer en professionaliteit wat sy aan die dag gelê het met die kartografiese versorging;

4. Mnr. Francois van Deventer, asook Mnr. Johan van der Walt, vir die gebruik van hulle rekenaars.
5. Mevv. Nannie v.d. Berg en Marina White, asook Mej. Melinda v.d. Berg, vir hulle vriendelikheid en professionele tikwerk;
6. Die Instituut vir Eietydse Geskiedenis, by name veral Mej. H.C. Jones en Dr. D.J. Jacobs, vir hulle deurentydse belangstelling, hulp en onderskraging;
7. Met opregte waardering wens ek ook melding te maak van die hulpvaardigheid van die personeel van die staatsargiewe te Pretoria, Kaapstad en Bloemfontein; die Universiteit van Transkei; die Corey-biblioteek te Grahamstad en die Parlementsbiblioteek te Kaapstad.
8. My ouers vir al die finansiële hulp tydens die insameling van my navorsingsmateriaal; maar veral ook hulle liefde en opoffering. Om die steun van sulke wonderlike ouers te kan geniet, is 'n heerlike voorreg.
9. My vriende se intense belangstelling en aanmoediging;
10. Tom, my eggenoot, vir al sy opoffering, belangstelling en motivering.

11. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se finansiële bydrae.

12. Verder wens ek ook elkeen hartlik te bedank wat my selfs met die geringste wenkie of diens behulpsaam was.

BLOEMFONTEIN

November 1990

VERKLARING

"Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander Universiteit / Fakulteit ingedien is nie"

.....H.J. Prinsloo.....

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Inhoudsopgawe	i
Lys van Figure	xiii
Lys van kaarte	xiv

HOOFSTUK 1PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VAKKUNDIGE

<u>VERTREKPUNTE</u>	1
<u>PROBLEEMSTELLING:</u>	1
<u>DOELSTELLING:</u>	3
<u>DOELWITTE:</u>	3
<u>VAKKUNDIGE VERTREKPUNTE:</u>	4
TEORETIESE ONDERBOU: ANALITIESE METODOLOGIEë:	4
DIE HISTORIESE BENADERING IN GEOGRAFIE:	5
METODOLOGIEë VAN DIE HISTORIESE BENADERING:	7
<u>Die tradisionele kruisseksie-metode:</u>	7
<u>Die retrogressiewe benadering:</u>	9
<u>Die retrospektiewe benadering:</u>	9
<u>Die behavioristiese gedragsbenadering:</u>	10
<u>Die metodologiese pragmatisme:</u>	12
<u>Die empiriese of statistiese analise:</u>	13
<u>Die teorie-benadering:</u>	14
<u>Die ontwikkeling van modelle:</u>	15
<u>Die analise van formatiewe prosesse en die ruimtelike evolusievorm:</u>	15

<u>'n Prognose: toekomstige metodologieë</u>	17
METODOLOGIEË VAN DIE POLITIEKE GEOGRAFIE :	18
'N BEKNOPTTE TRAJEK- ONDERSOEK VAN POLITIEKE GEOGRAFIE	18
- Ratzel; Mackinder; Bowman; Whittlesey; Moodie; East; Pounds en Hartshorne:	18 - 20
- Die situasie teen c. 1960:	20
- Die situasie c. 1960 - 1990:	21
<u>Benadering: 'n eie aangepaste metodologie:</u>	23
Navorsers se metodologiese ontwerp:	25
<u>Die metodologie vir hierdie studie word nou as volg gestel:</u>	29
Navorsingsiklus:	30
- Dataversameling:	30
- Primêre bronne:	31
- Argivale bronne:	31
- Sekondêre bronne:	32
- Kaartmateriaal:	32
- Veldwerk:	33
- Navorsingsprobleme:	33
- Evaluering:	34
- Analise:	34
Siklus van verslagskrywing en struktuur van die verhandeling:	35
<u>HIPOTESEFORMULERING:</u>	38
<u>SINTESE:</u>	39

HOOFTUK 2BESETTINGSPATRONE, GRENSVERSKUIWING EN BEHEERSTRUKTURE:

<u>"XHOSALAND" TOT 1913:</u>	41
<u>DOELWITTE EN PROBLEEMSTELLING:</u>	41
<u>METODE:</u>	41
<u>HIPOTESE:</u>	41
<u>GRENSPATRONE VAN XHOSALAND TOT 1913 MET</u>	
<u>GEASSOSIEERDE PROSESSE EN STRATEGIEë:</u>	44
VRYE SWART KOLONISASIE EN SEMI-NOMADIESE VESTIGING	
OOOR DIE TERRITORIUM: DIE PRE - 1770 - PERIODE:	44
<u>VRYE VESTIGING OOR DIE TERRITORIUM:</u>	
<u>DIE PRE - 1770 - PERIODE:</u>	44
SOSIO-POLITIESE EN EKONOMIESE PROSESSE BINNE DIE	
TERRITORIUM: DIE PRE - 1770 - PERIODE:	48
<u>GRENSVASSTELLINGS, GRENSVERSKUIWINGS EN</u>	
<u>VESTIGINGSTABILISERING OOR DIE TERRITORIUM: DIE</u>	
<u>PATROONSVERANDERINGFASE: 1770 - 1913:</u>	51
<u>Die Groot-Visrivier, die Klein-Visrivier en die</u>	
<u>Boesmansrivier: 1775:</u>	52
Die Groot-Visrivier: 1780 (Xhosa - verliesgebied:	
Suurveld):	55
"Neutrale Gebied": Tussen die Groot-Vis en	
Keiskammarivier: 1819:	55
Die Keirivier: 1835 (Verliesgebiede:	
Keiskamma- tot Keirivier):	56
Die Keiskamma-, Tyhume- en Klipplaatrivier: 1836.	

(Winsgebied: Keirivier tot Keiskamma):	57
Die Keiskamma-, Tyhume-, Swart-Keirivier, oor die Stormberge en al langs die Kraairivier tot by die sameloop met die Oranjerivier: 1846.	
(Winsgebied Swart-Kei- tot Kraairivier):	59
Territoriale Verliese 1779 - 1850 - 'n Sintese:	60
Vestiging oor die territorium: Die 1770 - 1820 periode:	60
Die wesgrens van Transkei - die Groot-Keirivier, 1852 en finale verliese, 1853 en 1857, en stabilisering tot 1913:	62
Gebiedsverlies: Glen Grey 1853:	64
Gebiedsverlies: Herschel, 1857:	65
<u>BINNE-TERRITORIALE STAM- EN ETNIESE VESTIGINGS- EN POLITIEKE STRUKTURELE PATRONE IN TRANSKEI:</u>	
<u>C. 1870 - 1913:</u>	65
STAMVERSPREIDING IN TRANSKEI: C. 1872 - 1880:	67
- Die Gcaleka; die Mfengu; die Thembu; die Xesibe; die Bhaca; die Hlubi en Blankes:	70 - 72
- Samevattend:	72
POLITIEKE PENETRASIE DEUR 'n EKSTERNE DOMINANTE GROEP IN DIE RUIMTELIKE ORDENING EN IN DIE SKEPPING VAN POLITIEKE BESTUURSTRUKTURE IN TRANSKEI:	
C. 1870 - 1913:	73
DIE VERWAGTE POLITIES-GEOGRAFIESE ONTWIKKELING VAN TRANSKEI TOT 1913: TWEE HIPOTESSES:	74
- Hipotese 2 en 3:	74 - 77

HERORGANISASIE VAN POLITIEKE STRUKTURE EN	
POLITIEKE RUIMTES VAN TRANSKEI TOT 1913:	78
<u>Politieke beheerstruktuur oor Transkei, 1872:</u>	78
<u>Politieke ruimtelike ordeningspatrone oor Transkei na</u>	
<u>1872: (Eksterne polities-geografiese penetrasie):</u>	79
ONDERSOEK VAN HIPOTESE 3 (a):	82
- Griekwaland-Oos; Fingoland; Butterworth	
en Port St Johns; Temboeland en Bomvanaland;	
Xesibeland (en die Rodevallei) en Pondoland:	82 - 103
<u>Politieke beheerstrukture oor Transkei, 1894:</u>	103
<u>Die finale begrensing van Transkei en die</u>	
<u>Transkeigebiede voor 1913:</u>	106
<u>HIPOTESETOETSING:</u>	107
<u>SINTESE: DIE PRE - 1913 - PERIODE:</u>	109
<u>Die dominant-onderhorige staatsverhouding:</u>	109
<u>Strategie:</u>	111
<u>Prosesse:</u>	111
<u>Patrone:</u>	112
<u>PROGNOSE:</u>	112
<u>Bestuursontwikkeling:</u>	112
<u>Grensontwikkeling:</u>	112

HOOFTUK 3

<u>RUIMTELIKE EN BESTUURSORDENINGSONTWIKKELING VAN</u>	
<u>TRANSKEI, 1913 TOT 1957:</u>	114
<u>DOELWITTE EN PROBLEEMSTELLING:</u>	114

<u>HIPOTESEFORMULERING:</u>	118
<u>'n CHOROLOGIESE EN CHRONOLOGIESE ANALISE VAN DIE</u>	
<u>EVOLUSIE VAN BESTUURSTRUKTURE, POLITIEKE</u>	
<u>INSTELLINGS EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING VAN TRANSKEI,</u>	
<u>1903 TOT 1957:</u>	120
# DIE PROBLEMATIEK VAN DOMINANT/ONDERHORIGE VERHOUDINGS:	120
DIE RUIMTELIKE SPREIDING VAN DIE BUNGA OOR TRANSKEI,	
1903 EN DAARNA:	122
<u>Die aanloop tot 1903:</u>	122
<u>Spreiding van die Bunga oor Transkei gebiede:</u>	125
# POLITIEKE STRUKTURE IN TRANSKEI, 1936 TOT 1957:	127
<u>'n Algemene oorsig oor die politieke verwantskap</u>	
<u>tussen die Unie van S.A. en Transkei:</u>	127
<u>Die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebiede:</u>	
<u>Die Bunga se werksaamhede, 1903 tot 1936:</u>	131
Die fase 1903 tot 1911:	131
Die fase 1911 tot 1930:	135
Die fase 1930 tot 1935:	136
<u>Sintese, evaluering en hipotesetoetsing:</u>	141
<u>Aanloop tot die ontbinding van die Bunga in 1955:</u>	143
<u>Doelwitte met en instelling van Bantoe-owerhede</u>	
<u>in Transkei, 1956:</u>	146
<u>Die Bantoe-owerhedestelsel in Transkei:</u>	150
Die ontbinding van die Bunga, 1956-08-31/	
Instelling van Transkei Gebiedsowerheid, 1956-09-01:	151
<u>Die struktuur van die Bantoe-owerhedestelsel:</u>	152

Die ruimtelike struktuur van die bevolkingskomponent:	152
Stamowerhede (of Gemeenskapsowerhede):	154
Distriksowerhede:	157
Streeksowerhede:	159
Die Gebiedsowerheid:	161
<u>Sintese, evaluering en hipotesetoetsing:</u>	162
<u>'n CHOROLOGIESE EN CHRONOLOGIESE ANALISE VAN DIE EVOLUSIE VAN DIE TERRITORIUM (TERRITORIALE GRENSE EN INTERNE RUIMTELIKE ORDENING), 1903 TOT 1957:</u>	164
FASE 1, 1903 TOT 1916: GRONDGEBIED EN TERRITORIUMAFBAKENING:	165
<u>Die momentum van die Glen Grey Wet:</u>	165
<u>Die proses van grondafbakening:</u>	165
FASE 2, 1916 TOT 1936: PERMANENTE GEBIEDSAFBAKENING:	167
<u>Die Beaumont-Kommissie:</u>	167
Grondverliese, -winste, hergroeperings en territoriale grensverskuiwings:	170
Die 1916-voorstelle: Beaumont:	172
<u>Die Botha- en Smuts-era: Naturelle Sake</u>	
<u>Administrasie Wet, 1917:</u>	172
Die Scullyverslag, 1918:	177
Naturelle Sake Kommissie, 1920:	178
<u>Die Hertzoq-era vanaf 1924:</u>	179
Naturelle Grond Wysigingswetsontwerp, 1926:	179
FASE 3, 1936 TOT 1955:	180
<u>Naturelle Trust en Grond Wet, 1936:</u>	180
<u>Grondbesitstelsels in Transkei: Erfpaaq, Trust en</u>	

<u>Private besit:</u>	182
FASE 4, 1955 TOT 1957:	188
<u>Die Verwoerd-era - die Tomlinsonverslag:</u>	188
Stedelike grondbesit in Transkei, 1955:	189
Evaluering van hoofmomente uit die Tomlinsonverslag:	191
<u>DIE BEVOLKINGSKOMPONENT:</u>	197
<u>SINTESE:</u>	199

HOOFSTUK 4

<u>DIE VERSNELDE POLITIES-GEOGRAFIESE ONTWIKKELINGSTRAJEK</u>	
<u>IN TRANSKEI, 1957 TOT 1976:</u>	202
PROBLEEM EN DOELSTELLING:	202
HIPOTESEFORMULERING:	203
BESTUURINSTELLINGS EN BESTUURSTRUKTURE, 1957 TOT 1976:	205
FASE 1: AFSONDERLIKE ONTWIKKELING (DIE VERWOERD-ERA), TRANSKEISE GEBIEDSOWERHEID EN AANLOOP TOT SELFREGERING. 1957 TOT 1962:	206
* Strategieë met 'n motief:	206
* Prosesse gerig op selfregering, onder andere vir Transkei:	211
* Die Transkeise Territoriale Owerheid, 1956: Die struktuur en aanloop tot selfregering:	213
* Bevordering van Bantoeselfbestuur: Wet No. 46 van 1959:	214
* Selfbestuur in Transkei, 1959:	216
* Samevatting:	218
FASE 2: SELFREGERING IN TRANSKEI, 1962 TOT 1968:	219

* Transkei se versoek om selfregering: 1960 - 1962:	219
* Die proses van konsepgrondwetformulering:	226
* Transkei ontwerpgrondwet vir gedeeltelike selfregering: grondbeginsels en basiese struktuur:	231
- Grondbeginsels:	231
- Burgerskap:	231
- Wetgewende gesag: samestelling en magte:	232
- Uitvoerende gesag: samestelling en magte:	233
- Diverse:	234
- Regtelike gesag:	234
- Gebiedsbegrensing:	235
- Goedkeuring van die konsepgrondwet:	236
- Sintese / Samevatting:	237
* Die Transkeigrondwet: Wet No. 48 van 1963:	
Goedkeuring, grondbeginsels en struktuur:	238
- Goedkeuring:	238
- Grondbeginsels en struktuur:	241
- Struktuur: Opsommend:	253
* Evaluering van Transkei - selfregering:	
Enkele aanhalings:	256
* Transkei se eerste verkiesing sonder politieke partye:	
20 November 1963:	257
- Registrasie van kiesers:	258
- Nominasie van kandidate:	260
- Die verkiesingsveldtog:	262
- Stemdag, 20 November 1963, en die verkiesingsuitslae:	266
- Die eerste kabinet vir die Transkei:	267

- Die opkoms van politieke partye:	268
- Evaluering van selfregering teen 1966:	271
- Wet No. 4 van 1965:	273
FASE 3: TRANSKEI OP WEG NA ONAFHANKLIKHEID, 1968 TOT 1976:	277
* Politieke prosesse, 1968 tot 1974:	277
- Die Transkeise verkiesing, 23 Oktober 1968:	278
- Transkei se grondeise, 1971 tot 1972:	281
- Transkei se derde algemene verkiesing, 1973:	284
- Samevattend, 1959 tot 1973:	284
* Politieke prosesse, 1974 tot 1975:	285
- Die rol van die TNOP en die Wetgewende Vergadering:	285
- Die deskundige beplanningskomitee:	287
- Burgerskap en grondaansprake:	289
- Eksterne teenkanting teen erkenning van Transkei se onafhanklikheid:	290
- Status van Transkei Wet:	293
- Die vooraand van onafhanklikheid, 1975:	294
<u>TRANSKEI-TERRITORIUM: GRONDEISE EN WINSTE TOT C.1978:</u>	
<u>ETNIESE EISE:</u>	297
<u>Glen Grey en Herschel:</u>	297
<u>Aansprake op Ciskei:</u>	299
<u>BEREDENEERDE HISTORIESE EISE:</u>	307
<u>Binne-territoriale eise:</u>	307
<u>Buite-territoriale eise:</u>	307
# Mount Currie, Maclear and Elliot:	307
# Hardinggebied:	310
# Suid-Sotho's in die Maluti-streek:	310

# Queenstown-gebied:	311
# Griekwaland-Oos:	311
<u>DIE TRANSKEI-LESOTHO KONFRONTASIE:</u>	312
<u>DIE BEVOLKINGSKOMPONENT:</u>	316
<u>Die jaar van onafhanklikheid, 1976:</u>	318
<u>Die Konsepgrondwet en Grondwet van Transkei:</u>	320
Die Wet op die Status van die Transkei: Wet No. 100 van 1976:	325
<u>Erkenning van die onafhanklike Transkei:</u>	331
# Interne kritiek en weerstand:	331
# Internasionale kritiek en weerstand:	334
<u>Die onafhanklikheidsverkiesing van Transkei, 29 September 1976:</u>	336
<u>Die Transkei word onafhanklik 26 Oktober 1976 en die implikasies daarvan:</u>	341

HOOFSTUK 5

<u>SINTESE:</u>	345
<u>DIE PRE-1913-PERIODE:</u>	353
- <u>Die dominant-onderhorige staatsverhouding:</u>	354
- <u>Strategie:</u>	355
- <u>Prosesse:</u>	355
- <u>Patrone:</u>	355
<u>DIE 1913 TOT 1976-PERIODE:</u>	357
<u>PROGNOSE:</u>	362

BIBLIOGRAFIE	364
OPSOMMING	385
ABSTRACT	388

LYS VAN FIGURE

	Bladsy
1.1 'n Drievlakkige voorstelling van die morfologie van hierdie verhandeling en die morfologie van elke hoofstuk.	37
2.1 Sosio-politieke struktuur van ('n) stamme in "Xhosaland", c.1770.	49
2.2 Politieke struktuur van Transkei, c.1878 - 1894 met eksterne en interne akteurs.	80
2.3 Griekwaland-oos: Bevolkingsamestelling, distriksverdeling, datums van eerste magistraatsbeheer.	83
2.4 Fingoland: Bevolkingsamestelling, distriksverdeling en datums van eerste magistraatsbeheer.	88
2.5 Temboeland: Bevolkingsamestelling, distriksverdeling, magistraatsbeheer.	93
2.6 Pondoland: Stambeheer, bevolkingsamestelling en distriksverdeling na 1894.	100

2.7	Die polities-geografiese strukture van Transkei - 1894.	104
2.8	'n Diagrammatiese verkonseptualisering van die politieke strukture in Transkei, 1903 tot 1936. (Stelsels en ruimtelike spreiding).	123
2.9	'n Takdiagram van die Interne Beheerstelsel van Transkei.	132
2.10	Beheerstruktuur, Transkei, 1956.	147
2.11	Beheerstruktuur, Transkei, 1963.	239
2.12	Bestuurstruktuur, Transkei, 1976.	326
5.1	'n Breë, veralgemeende raamwerk van prosesse wat op Transkei-onafhanklikheid ingewerk het, 1913 tot 1976.	358

LYS VAN KAARTE

	Bladsy
1. Vrye vestiging oor die territorium: Transkei-gebiede en Ciskei, 1600 - 1650.	45
2. Vrye vestiging oor die territorium: Transkei-gebiede en Ciskei, 1650 - 1700.	45
3. Vrye vestiging oor die territorium: Transkei-gebiede en Ciskei, 1700 - 1750.	45
4. Vrye vestiging oor die territorium: Transkei-gebiede en Ciskei, 1750 - 1770.	45
5. Gebiedsverliese, 1779 - 1850.	53
6. Wesgrensverskuiwings, 1770 - 1848.	54
7. Blanke kolonisasie- en emigrasiepatrone, 1652 - 1835 - 1910.	58
8. Die Swart vestigingsproses - 'n sintese.	61
9. Gedeeltelik - gereguleerde vestiging: 1770 - 1819: Verspreiding van bevolking in Transkei-gebiede en Ciskei, 1770 - 1779.	63

10. Gedeeltelik-gereguleerde vestiging:
1770 - 1819: Verspreiding van bevolking
in Transkei-gebiede en Ciskei, 1779 - 1819. 63
11. Die twee voorlaaste en finale wesgrensvasstelling,
1852 - 1853 - 1857. 66
12. Verspreiding van stamme in Transkei-gebiede,
c.1872 - 1880 en binne-territoriale botsings.
(Informeel ruimtelike organisasie en informele
grense). 68
13. Die Transkei-gebiede: Politieke verdelings 1880's.
(Informeel ruimtelike stamorganisasies maar met
formele grense). 69
14. Eerste distriksverdeling in die Swart gebiede oos
van die Groot-Keirivier, 1878. (Formele
ruimtelike organisasie onder magistrate met formele
distriksgrense.) 76
15. Anneksasies in 1879 en verliesgebiede uit
Griekwaland-Oos. 81
16. Anneksasies tussen 1883 - 1884. 91

17. Anneksasies in 1885 met latere verliesgebiede
 uit Temboland. 94

18. Anneksasies in 1886. 98

19. Anneksasies in 1894 met verliesgebiede reeds
 in 1866. 101

20. Transkei in 1894. 105

21. Eksterne politieke penetrasie d.m.v. anneksasie
 en inlywing, c.1879 - c.1900 - 'n kartografiese
 sintese. 110

22. Die Verenigde Transkeigebiede met distrikte,
 dorpe en dorpsmeente, 1903. 115

23. Diffusie of verspreiding van die "Bunga-stelsel"
 in Transkei: 1903 - 1927. 126

24. Bevolkingskomponent: benaderde verspreiding van
 hoofstamme, c.1950/55. (Alle grenslyne moet as
 sones beskou word. Kerngebiede is in blokvorm.) 153

25. Ligging van Stam Owerheids-gebiede. 155

26.	Verspreiding van Streeksowerhede en Distriksowerhede. (Geïmplementeer 1956, volgens Wet No. 68/1951).	158
27.	Naturelle Grond Kommissie (Beaumont Kommissie) se aanbevelings ten opsigte van grondtoevoegings en grondverliese vir Transkeigebiede, sowel as grensveranderinge in Matatiele en Umzimkulu.	171
28.	Voorgestelde Swart dorpe, 1955.	192
29.	Administratiewe indeling - voorgestel 1955.	193
30.	Transkeise territoriale eise.	298
31.	Transkei voor en na konsolidasie (1975) en tydens onafhanklikheid, (1976).	309
32.	Benaderde verspreiding van stamgroepe (op distriksbasis) op die vooraand van onafhanklikheid, 1976.	317
33.	Gebiedsverdeling van Transkei, 1976 met Hoofverkiesingsgebiede en aantal setels per distrik.	337

HOOFSTUK 1PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VAKKUNDIGE VERTREK-PUNTEPROBLEEMSTELLING:

Transkei is een van vier swart state wat sy politieke (staatkundige) onafhanklikheid deur en van die Republiek van Suid-Afrika verwerf en in 1976 ontvang het. Hierdie onafhanklikheid word daarenteen nie deur 'n enkele ander lid van die internasionale politieke gemeenskap erken nie. Voorbeelde is onder andere die Verenigde Volke Organisasie, (Verenigde Nasies) en ironies genoeg, ook die Organisasie vir Afrika-eenheid wat uit swart selfstandige regerings bestaan en in toto hulle onafhanklikheid van hulle vorige dominante westerse wit voogde verkry het.

Vrae wat onwillekeurig deur die ('n) nuuskierige politieke geograaf oor Transkei gestel, of sou gestel kon word, is onder andere die volgende:

- * As die onafhanklike status van Transkei nie op die internasionale front erken word nie, sou dit dalk kon wees dat Transkei geëtiketeer word as 'n produk van 'n rasgefundeerde partisiebeleid van die oorspronklike politieke akteur, die Republiek van Suid-Afrika, wat hierdie staatkundige ontwerp geïnisieer en ontwikkel het, en die bekroning gedoen het?
- * Hoe het hierdie onafhanklikheid dan 'n werklikheid geword, sodat dit deur beide die dominante akteur (die R.S.A.) en die onderhorige akteur (Transkei) aanvaar is?
- * Watter prosesse het meegewerk dat Transkei tot 'n staatsterritorium ontwikkel het; dat Transkei uit 'n veelheid van etnisiteite en stamgroepe tot 'n polities-samehorige gemeenskap gesmee is; dat Transkei 'n aanvaarbare politieke beheer- en bestuurstruktuur daargestel het?

- * As die oorspronklike primitiewe stamgroepe tradisioneel geen onderhorigheid geken het nie en dit ook nie aanvaar het nie, maar met wapengeweld beveg het, watter opvolging van ruimtelike en bestuurspatrone was daar, sodat hulle deur 'n siklus van onafhanklikheid na onderhorigheid en weer tot onafhanklikheid herontwikkel het?
- * Watter opvolging van patrone en prosesse het veroorsaak dat 'n primitiewe stamgroep wat inderwaarheid geen permanente staatsgrense oor homself of van ander stamgroepe erken het nie, tot gesetenheid en permanente territoriale grense beperk is en dit later selfs erken het?
- * Watter strategieë was gevolg of genoodsaak om eens primitiewe stamgroepe tot stelsels van afgebakende territoriale gebiede te beperk en tot 'n veranderde persepsie oor staatsordening anders as die patriliniese stambeheer te lei?
- * Wat is die model vir ordelike opeenvolging (sekwensie) van deurgangsfases - as daar so 'n bepaalde opeenvolging sou bestaan - om van 'n tradisionele Derde Wêreldse stamgroepstelsel tot 'n gemoderniseerde Eerste Wêreldse / westerse staatstelsel te ontwikkel; of sou dit moontlik kon wees om eensklaps en klitsklaar suksesvol van die primitiewe tot die gemoderniseerde oor te skakel? Sou geleidelike terugkrabbeling na sommige elemente en kenmerke van die oorspronklike tradisionele staatstelsel nie plaasvind nie?
- * Watter patrone en prosesse en strategieë het daartoe gelei dat Transkei uitsluitlik net die negroïde-ras huisves?

Bogemelde kompendium van vrae illustreer ten beste die politiek - geografiese probleme en onsekerhede wat in hierdie studie op wetenskaplike wyse tot oplossings en sekerhede omvorm gaan word.

DOELSTELLING:

Die doelstelling met hierdie studie is om die drie struktuurelemente (komponente), naamlik grondgebied, sosio-politieke weefsel van die bevolking en die politieke beheerstelsels, van die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei tussen 1913 tot 1976 afsonderlik, maar ook in georkestreerde onderlinge samehang te ontleed.

Hierdie navorsing oor Transkei het dus ook ten doel om die ruimtelike komponente en polities-institusionele veranderlikes te analiseer wat in sigself deur mensgeïnisieerde en mensgeïnspireerde beslissings en prosesse transformeer word om 'n berekende en beplande ruimtelike en institusionele opbrengs te lewer.

DOELWITTE:

Die doelwitte van hierdie studie is 'n chorologiese analise van die evolusie (dit is in tydsperspektief) van die komponente in ruimtelike perspektief tot 1976 met besondere klem op die tydvak 1913 tot 1976.

Die keuse van die 1913 tot 1976 -periode is geleë in die verrassingselement van hierdie trajek van politieke institusionele en statusontwikkeling, naamlik: dat die veelheid van Transkei-stamme in die eerste kwart van die negentiende eeu vanaf 'n onafhanklike primitiewe tradisioneel gefundeerde politieke struktuur, maar voortvluggend en migrerend sonder 'n omlýnde permanente territorium, deur opvolgende stadia en vlakke van onderhorigheid tot in die laaste kwart van die twintigste eeu tot 'n saamgebonde en gesete Transkeise samelewing met 'n onafhanklike gemoderniseerde politieke beheerstelsel binne 'n territoriaalomlynde en grondwetlik omskrewe politieke struktuur ontwikkel het.

Die chorologiese analise word in hoofstukverband binne chronologiese parameters gedoen, waar onder die pre-1913 chorologie, gevolg deur die tydvakke 1913 tot 1957 en 1957 tot

1976. Elke hoofstuk word, waar van toepassing, in die drie komponente van die politieke geografie, soos onder die doelstelling hierbo genoem, nagevors en verwoord.

VAKKUNDIGE VERTREKPUNTE:

TEORETIESE ONDERBOU: ANALITIESE METODOLOGIEë:

Om die probleem met betrekking tot die keuse van 'n analitiese metodologie op te los, word 'n verskeidenheid van moontlikhede of opsionaliteite ondersoek voordat 'n keuse gemaak word, of voordat 'n metodologie ontwerp word wat die ondersoektema "Die politiek-geografiese ontwikkeling van Transkei, 1913 - 1976" ten beste sal pas. So 'n aangepaste stelsel sal dan verwoord, gemotiveer en aanvaar moet word.

Omdat die probleem teruggryp in die verlede en omdat dit die evolusie van ontwikkeling van politieke sisteme binne 'n geografiese konteks veronderstel, gaan dit primêr om die mens se politieke gedrag in en met die ruimte oor 'n trajek van tyd. Dit mag verkeerdelik interpreteer kon word as net Historiese Geografie te wees. Hierdie studie is egter gebaseer op feite, gebeure, prosesse, ruimtelike en institusionele politieke patrone en ruimtelike en konseptuele strategieë van die historiese verlede. Dit is dus gedeeltelik regverdigbaar om 'n ondersoek te loods na die metodologiese teorieë wat onder andere in die Historiese Geografie ontwikkel is en om op sterkte daarvan en vir die doel van hierdie bepaalde studie, 'n metodologiese aanpassing te maak indien dit nodig blyk.

'n Histories-geografiese benadering impliseer nie 'n chronologiese benadering nie; dit impliseer wel 'n chorologiese/chorografiese benadering. Die geografiese navorsingsresultaat is dus hoegenaamd nie 'n stuk geskiedenis nie, maar wel 'n geografie van die verlede. Dit is jammer, maar dit is waar dat talle sulke studies onder die vaandel van die vakwetenskap Geografie vaar, maar wat

eintlik onder die vakwetenskap Geskiedenis tuis hoort. Hierdie navorser wil nie in so 'n draaikolk beland nie; vandaar die ondersoek na die metodologiese teorieë.

DIE HISTORIESE BENADERING IN GEOGRAFIE:

Volgens Paul L. Knox verskaf 'n historiese benadering nie net 'n middel om die faktore onderliggend aan onverklaarde variasies in ruimtelike studies uit te lig nie, maar ook die moontlikheid om ekologiese, lokalisasie - en konflikanalises met 'n meer buigbare teoretiese basis te verbind. (Knox, 1982: 245)

Alan R.H. Baker beweer dat studies in historiese geografie moontlikhede van fundamentele ontwikkeling bied, veral in terme van 'n beter begrip vir die prosesse waardeur geografiese verandering deur tyd plaasvind. (Baker, 1972: 28) Hy beweer verder dat studies in historiese geografie 'n basis kan voorsien "... for an understanding of how cultural and economic activities develop, flourish or decay, and knowledge of past experiences can be applied to the fashioning of geographies of the future." (Baker, 1975:1)

Dr. G. de Jong wys daarop dat 'n historiese benadering 'n middel is vir die beter begrip van die teenswoordige aard van 'n gebied. (De Jong, 1962: 128) Hy amendeer dit deur die stelling te maak dat politieke verskynsels se teenswoordige aard nie net verklaar kan word deur 'n studie van die huidige nie, maar dat 'n studie van die verlede nodig is om politieke verskynsels volledig te kan verklaar en "... that the process of change and development in the past is significant to the chorological differentiation at the present time". (De Jong, 1962: 128)

K.B. Dickson verwoord die waarde van 'n historiese benadering as volg: "... the importance of a dynamic or evolutionary view of geographical situations and problems in the past or present, and the value of a study of the history of present day geographical and developmental problems". (Dickson, 1972: 189)

S. Helmfrid wys daarop dat historiese geografiese navorsing staatmaak op historiese bewyse, "... either directly or indirectly man-made features of landscapes, maps or written sources, more or less randomly preserved and inherited from past generations". (De Jong, 1962: 127)

J.B. Mitchell onderskryf hierdie siening van die ondersoek van politieke verskynsels en is van mening dat politieke geografie die vertakking van die geografie is wat feitlik altyd in die verlede sowel as in die hede bestudeer word. Volgens hom vereis enige studie van die grootte van state, hulle grenslyne en hoofstede 'n historiese benadering. Die rede hiervoor is dat geografe nie net feite oor sy onderwerp wil insamel nie, of slegs die uiterlike vorm van sy onderwerp wil beskryf nie, maar dat hy daarna streef om die feite wat hy opgespoor het, asook die vorm, te verstaan. (Mitchell, 1973: 3) Die navorser moet dus die feite sowel as die morfologie begryp.

Snyman haal J. Mainwaring as volg aan: "Geography gains, from the historical presentation of it, in that the world can unfold itself as Man discovered it, made use of its discoveries and was influenced by a wider environment - as his world increased from the little worlds of primitive and relatively immobile man to the whole world of to-day." (Snyman, 1969: 17 - 18)

Dit blyk dus dat 'n histories-geografiese benadering veral toepaslik is wanneer politieke verskynsels bestudeer word. Daardeur kan die huidige politieke verskynsels in terme van die gebeure, besluite, prosesse en strategieë van die verlede verklaar word en verder ook die faktore, regulatore en parameters wat tot die vorming en vormgewing van die verskynsels aanleiding gegee het.

Binne hierdie kader van 'n historiese persepsieologie of metodologie is daar byna net soveel benaderingswyses as wat daar geografe is. Slegs enkele van die hoof metodologiese ontwikkelings word hier aangestip naamlik die tradisionele kruisseksie-metode

(cross-sectional method), die regressiewe en retrospektiewe benaderings, die behavioristiese benadering, die benadering van metodologiese pragmatisme, empiriese analises, teorie-benaderings, die ontwikkeling van modelle en die analise van vormprosesse.

METODOLOGIEË VAN DIE HISTORIESE BENADERING:

Die tradisionele kruisseksie-metode: .

Die kruisseksie of vertikale tema word as die tradisionele benaderingswyse aanvaar. Tradisionele historiese geografie beklemtoon aspekte soos landelike studies en regionale studies. Historiese geografie se algemeen aanvaarde siening tot in die vyftiger jare van hierdie eeu was dat dit "... the reconstruction of past geographies" (Baker, 1972a: 91) moet wees, terwyl geografie beskou was as "cutting through time at the present period, historical geography cuts through it at some preceding period". (Baker, 1972a: 91) Historiese geografie sou dan "... the description of geography of an area at some past time" wees. (Baker, 1972a: 91). So 'n siening is eng en verbeeldingloos.

Historiese geografie is volgens Baker 'n studie van vorige gemeenskappe in hulle ruimtelike omvang van verwantskappe tussen die mens en sy omgewing in die verlede, sowel as veranderinge in sy huidige verwantskappe; van geografiese veranderinge; van vorige landskappe, met spesifieke verwysing na die mens se rol in die verandering van die natuurlike landskap, en is daardie deel van die geografie wat die tyddimensie in die ruimtelike rangskikking, onderskeiding en organisering van natuurlike en mensgemaakte verskynsels beklemtoon. (Baker, 1972a: 101-103)

Vir J.B. Mitchell omvat die kern van die historiese geograaf se metodologie: "... a geographical study of any period in the past for which a more or less ordered and dated sequence is established in human affairs." (Baker, 1972a: 91)

Snyman wys daarop dat historiese aardrykskunde die bestudering is "... van enige vertakking van aardrykskunde met verwysing na 'n spesifieke periode of periodes in die verlede of na aanleiding van 'n periodiese kontinu-studie." (Snyman, 1969: 51)

Vir hierdie geografe is 'n periode- of faseverdeling absoluut essensieel.

Sir H.J. Mackinder vereis 'n bepaalde metodologie, naamlik dat historiese geografie 'n studie is "of the historical present; ...the geographer has to try and put himself back into the present that existed, let us say, one thousand or two thousand years ago; he has got to try and think of the geography of that time complete; he has to try and restore it." (Snyman, 1969: 51) Dus: die geograaf moet hom in totaliteit identifiseer met tyd en plek in die verlede.

Alan Baker wys daarop dat die historiese geografiese benaderingswyse van die aanvaarding van die verskil van voor- en na-data, of gesien as 'n reeks van kruisseksies, onvoldoende is vir 'n studie wat insig in die dinamika van verandering vereis. Hierdie kruisseksiemetode maak slegs die ondersoek tussen twee tydperke moontlik, sonder om die verlangde insig in die dinamika van die verandering te gee.

Baker stel dit ook dat indien verandering ondersoek wil word, moet kategorieë van verandering saamgestel word met die aandag op "... events of change rather than on events in change." (Baker, 1972: 15). Heathcote and McCaskill wys egter daarop dat daar tog wel uitstekende studies binne die kruisseksievertikale raamwerk van historiese geografie gedoen word, wat die rekonstruksie van geografieë van vorige periodes, die studie van een landskapskomponent soos dit deur tyd verander en die bestudering van oorblywende eienskappe in die landskap insluit. (Heathcote and McCaskill, 1972: 158 - 165; Vgl. ook Baker, 1972a: 101 - 103)

W. Norton veronderstel die volgende binne 'n histories-geografiese metodologie, naamlik, "... as being primarily concerned with geographical change through time, the development of landscape and the evolution of spatial form."

Die retrogressiewe benadering:

Volgens Baker fokus hierdie metode "... upon the past, the present of recent past being considered in so far as it furthers an understanding of earlier conditions." (Baker, 1972a: 98) Helmut Jäger voer aan dat hierdie retrogressiewe metode ook die totstandkoming van regionale kruisseksies moet hê. Indien vroeëre toestande geografies geïntepreter moet word, moet hierdie benadering dan met die genetiese metode gekombineer word. (Jäger, 1972: 46) Baker beskryf die retrogressiewe benadering "in order to illuminate aspects of the past rather than of the concepts and theories themselves." (Baker, 1972: 23) Retrogressiewe benadering gebruik dus die verlede om die verlede te verklaar.

Die retrospektiewe benadering:

Die retrospektiewe benadering is soortgelyk aan die retrogressiewe benadering, maar met dié verskil dat laasgenoemde metode die verlede gebruik om die hede te verklaar. Volgens Baker is die retrospektiewe benadering gerig op die huidige en die verlede in soverre as wat dit 'n beter begrip van die hede moontlik maak. (Baker, 1972a: 98)

Mitchell verwys na Gulley se siening van die retrospektiewe benadering as synde "... an understanding of the past by an examination of the present, or at least which studied late or present conditions for the light which they could throw on early of past conditions." (Baker, 1972a: 98) Baker verwoord die doel van die retrospektiewe benadering as "in order to illuminate aspects of those concepts and theories rather than of the past." (Baker, 1972: 23 - 24)

J.B. Mitchell, X. De Planhol, R.L. Heathcote en M. McCaskill huldig dieselfde siening dat die studie van die verlede gedoen word met die doel om die teenswoordige te verstaan. Heathcote en McCaskill wys daarop dat baie navorsers die metodologie van die historiese geografie aanwend in hulle soeke na die oorsprong van kontemporêre probleme. (Baker, 1972: 164)

K.B. Dickens wys daarop dat sonder kennis van die historiese temas dit moeilik sal wees om belangrike faktore in die kontemporêre toneel waar te neem en te verklaar, en ook dat dit belangrik is dat daar akkurate verklarings moet wees waarop toekomstige probleme geformuleer kan word. (Baker, 1972: 203) Beide H. Jäger en A. Baker sien die retrospektiewe metode "... as orientated towards the present." (Jäger, 1972: 46)

Woolridge en East glo dat die doelwit van 'n histories georiënteerde metodologie die ondersoek van die prosesse is wat in die verlede in werking was sodat dit lig op die huidige wêreld kan werp. (Baker, 1972a: 91 - 92) Ook Darby is ten gunste van die metodologie van die retrospektiewe benadering, want dit los die tekortkominge van die kruisseksie-metode op wat slegs beskrywend was. Die rede hiervoor is dat 'n retrospektiewe benadering probeer om te verklaar en nie slegs te beskryf nie; want die verloop van gebeure moet weergegee word sodat die huidige geografie verstaan kan word. (Baker, 1972a: 96) H. Jäger, A. Baker, sowel as Woolridge en East beskou die retrospektiewe benadering as identies met die genetiese- of histories-evolusionêre benadering. (Baker, 1972a: 92)

Die behavioristiese gedragsbenadering:

Sedert die sestigerjare van hierdie eeu is daar duidelik waarneembare humanistiese neigings in metodologiese denke. Dit sluit argumente in wat ten gunste van 'n marxisties-humanistiese benadering is. Die humanistiese, ook genoem die idealistiese benadering, word as 'n alternatief vir die historiese geograaf beskou en is teenstellig met die tradisionele benadering.

Idealisme fokus die aandag op die gedagtes van die mens agter die handeling van die mens; maar daar is ook tekortkominge aangesien sulke metodologiese argumente nie deur empiriese analises ondersteun kan word nie. Baker het die situasie as volg saamgevat: historiese geografie was gerig op landskappe wat deur mense verander is, "rather than upon man as an agent of landscape change, upon artefacts rather than upon ideas, upon actions rather than attitudes, upon external forms rather than internal processes." (Norton, 1981: 24 - 25)

Die mens word in die humanistiese benadering egter gesien as die belangrikste werktuig van geografiese verandering binne die historiese periode. (Mitchell, 1973: 42) As gevolg van wetenskaplike empirisme het die humanistiese benadering gelei tot die behaviorisme - gedragsbenadering- wat te doen het met die analise van die besluitnemingsproses in historiese tye en derhalwe met die analise van die gedrag van individue. Die besluitnemingsproses of besluitnemingsveranderlikes verwys implisiet na die beplanning en bepaling van strategieë. Volgens Baker vind menslike geografe wat met die analise van die kontemporêre toneel besig is, dit toenemend nodig om 'n behavioristiese benadering te gebruik. (Baker, 1972: 24 - 27)

Baker wys daarop dat die metodologieë van die behavioristiese benadering ook die persepsies van besluitnemers insluit: "... by emphasising the importance of the decision-making unit, of individuals rather than of aggregates, there inevitably develops an awareness of the role of particular peoples and events". (Baker, 1972: 27)

Volgens R.J. Chorley is omgewingspersepsie 'n bruikbare middel waardeur onder andere historiese geografe 'n relevante plek in kontemporêre ontwikkelings in geografie as 'n geheel kan verkry. (Baker, 1972: 27) Tans word aanvaar dat aansienlike dele van enige kulturele landskap die resultaat of opbrengs van menslike optredes is en dat agter hierdie aksies 'n ideë-wêreld oor hierdie

realiteitsbeelde bestaan. Deur hierdie realiteitsbeelde te bestudeer kan 'n historiese geograaf 'n landskap verstaan. Die beskouing van die verlede deur die konsep van persepsie het ook sy beperkinge en daar is nog nie die wye aanvaarding van analitiese persepsie-studies in historiese geografie nie. Volgens Alan Baker is dit miskien as gevolg van die probleem om inligting te verkry of betroubare plaasvervangers te vind vir die besluitnemingsprosesse van die verlede. (Baker, 1972: 26 - 27; Vgl. ook Baker, 1972a: 110)

Afgestorwenes kan nie vraelyste beantwoord nie en die beskikbare historiese data het eerder betrekking op gesamentlike as individuele gedrag. (Baker, 1972: 24 - 27) As gevolg van die tekortkominge in bronne mag die historiese geograaf tot die slotsom kom dat 'n behavioristiese benadering nie moontlik is nie, want volgens Baker is die belangrikste bepalende faktor by die keuse van 'n metode tog nog die beskikbaarheid van navorsingsmateriaal: "Again, although the approach of the historical geographer towards a given theme may be influenced by the intellectual climate within which he is operating, it is nonetheless largely conditioned by the source materials available." (Baker, 1972a: 110) Maar dit doen nie afbreuk daaraan nie dat met die nodige positiewe logika, progressie in gevolgtrekkings en die omsigtige aanwending van die hermeneutika dit wel moontlik is om wetenskaplike inferensies met betrekking tot die waarskynlike persepsies van "afgestorwenes" te maak. Albei hierdie sienings van Baker en die navorser openbaar tendense van die sogenaamde metodologiese pragmatisme.

Die metodologiese pragmatisme:

Metodologiese pragmatisme berus op die beskouing dat die aard van die probleem wat bestudeer word asook die beskikbare hulpbronnemateriaal die benaderingswyse moet bepaal. (Baker, 1972a: 103) S. Helmfrid beweer dat geografie as dissipline nog altyd voordeel getrek het uit 'n pragmatiese benadering ten opsigte van filosofiese probleme. So 'n benadering word deur hom voorgestaan as gevolg van die feit dat historiese-geografiese

navorsing altyd op historiese getuienis gefundeer is, want dit berus op "... either directly or indirectly man-made features of landscape, maps or written sources, more or less randomly preserved and inherited from past generations." (Helmfrid, 1972: 63)

Gedurende die vyftigerjare van hierdie eeu het die benadering van metodologiese pragmatisme sy beslag gekry toe geografe van 'n groot verskeidenheid van dokumente gebruik gemaak het vir hulle studies. Daar was gepoog om geografiese interpretasies vanaf individuele historiese bronne of groepe historiese bronne te maak. So 'n voorbeeld is die reeks van "Domesday Geographies". (Baker, 1972a: 99) Daar is ongelukkig 'n belangrike tekortkoming in hierdie beskouing naamlik dat die spesifieke benadering van die historiese geograaf ten opsigte van 'n gegewe tema grootliks deur die beskikbare materiaal bepaal word. Daar is geen geïntegreerde beskouing van die bronne nie en volgens Baker is 'n geïntegreerde analise van 'n wye verskeidenheid van bronne suksesvoller. (Baker, 1972a: 99)

Die empiriese of statistiese analise:

Helmut Jäger glo dat statistiese metodes gebruik kan word om die historiese ontwikkeling asook die ruimtelike strukturele veranderinge van basiese patrone te herkonstrueer. (Jäger, 1972: 48) Baker wys verder op die skaarste van sulke empiriese studies in historiese geografie; veral die wat spesifiek gerig is op die bepaling van algemene beginsels wat geografiese patrone van menslike aktiwiteite bepaal. (Baker, 1972a: 95) Heathcote en McCaskill toon ook aan dat die teoretiese kwantitatiewe revolusie van die laat vyftiger en begin sestigerjare nog baie min impak op die beoefening van historiese geografie gehad het. (Heathcote and McCaskill, 1972: 166)

Baker het ook aangetoon waarom matematiese tegnieke waarskynlik nooit baie algemeen in historiese geografie gebruik sal word nie. Volgens hom is parametriese tegnieke wat normaal verspreide data vereis, nie geskik vir historiese geografie nie. Historiese data

het nie 'n normale verspreiding nie en kan nie met ewekansige steekproewe hanteer word nie. (Baker, 1972: 17 - 18) Desnieteenstaande is Baker ten gunste van 'n verandering in die houding van historiese geografe teenoor statisties-historiese benaderings. Impressionistiese data-opnames moet, waar moontlik, deur toepaslike kwantitatiewe tegnieke vervang word. Baker beveel aan dat kwasi-kwantitatiewe metodes gebruik moet word, selfs wanneer dit blyk dat die data nie vir statistiese ontleding geskik is nie, want sulke metodes sal dan die toetsing van 'n hipotese teen kwalitatiewe bewyse moontlik maak. (Baker, 1972: 20)

Die teorie-benadering:

Baker wys daarop dat die soeke na veralgemenings oor die prosesse van geografiese veranderinge tot die soeke na teorieë lei. Veral dié wat matematies bevestig kan word, vereis noukeurige vrae wat oor die beskikbare data gevra moet word. Volgens Baker moet die formulering van vrae en die totstandbringings van hipoteses weer op die beskikbaarheid van teorieë berus: dus beveel hy aan dat 'n historiese geograaf sy empiriese data moet analiseer met behulp van alle beskikbare tegnieke. Die historiese geograaf moet verder besluit wat die spesifieke toestande was wat na een gebeurtenis en nie na 'n ander gelei het nie, want volgens Baker is dit juis dít wat verklaring in historiese terme is. Terwyl die historiese geograaf die verlede bestudeer, identifiseer hy sekere verwagtinge wat steeds sal verander na mate meer teorieë beskikbaar word, van wat kon gebeur of nie kon gebeur nie. (Baker, 1972: 21)

Baker is dus van mening dat teorieë die hoofwyse is waarop verwagtinge nie slegs geanaliseer kan word nie, maar waarop dit ook gebaseer kan word. (Baker, 1972: 21) Desnieteenstaande word daarop gewys dat kulturele en historiese geografie nie eintlik geskik is vir die ontwikkeling van teorieë nie. (Baker, 1972a: 102) Heathcote en McCaskill verwys ook na die tekort aan teorieë in historiese geografie. Volgens hulle is daar slegs enkele studies wat met 'n probleem begin en waar daar teorieë vanuit die algemene raamwerk van geografiese navorsing verkry is. (Heathcote

and McCaskill, 1972: 164)

Die ontwikkeling van modelle:

Die konstruksie en gebruik van modelle is reeds lank 'n belangrike aspek van geografiese navorsing. Daar is egter 'n skaarste aan modelle in historiese geografie, weens die kritiek dat modelle nie die werklikheid genoegsaam verteenwoordig nie. Heathcote en McCaskill wys daarop dat selfs die eenvoudige grafiese modelle van die evolusie van ruimtelike strukture oor tyd baie yl gesaai is; maar hulle gee egter toe dat die ontwikkeling van modelle en teorieë van ruimtelike veranderinge oor tyd 'n moeilike taak vir die historiese geograaf is. (Heathcote, 1972: 165 en 167). Steffan Helmfrid beweer egter dat historiese geografie nog altyd met modelle gewerk het, want om modelle op te spoor wat eens op 'n tyd die menslike beplanning van sy omgewing bepaal het, asook die sisteem van sosiale organisasie in ou gemeenskappe, is implisiet in alle historiese geografiese werk. (Helmfrid, 1972: 87). Harvey is ook ten gunste van die konstruksie van modelle van ontwikkeling oor tyd en ruimte; want deur sulke modelle op te bou kan aangedui word dat baie van die algemene idees oor ruimtelike evolusie in 'n teoretiese raamwerk geplaas kan word. (Baker, 1972a: 105 - 106)

Die analise van formatiewe prosesse en die ruimtelike evolusievorm:

Norton het veral bogenoemde ondersoekmetode voorgestaan. Sy siening word vervolgens uiteengesit.

Volgens hom is 'n toepaslike benadering tot historiese geografie die analise van prosesse of die evolusie van ruimtelike vorm.

(Norton, 1981: 31). Hy sien proses- en vorm-analise as die basiese tema vir historiese geografie omdat prosesse wat deur tyd opereer 'n verduideliking van vorm kan gee; dus is die beste wyse om vorm te verklaar deur middel van prosesse. (Norton, 1981: 31)

Harvey het ook die mening gehuldig dat 'n ruimtelike vorm die gevolg mag wees van 'n verskeidenheid van prosesse. (Baker, 1972a: 104 - 106). As gevolg hiervan kan die analise van vorm nie die spesifieke proses wat vir die vorm verantwoordelik is,

opspoor nie. (Norton, 1981: 30)

Norton wys verder daarop dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die struktuur van verandering en die proses van verandering. Eersgenoemde beskryf vorme tydens spesifieke momente in tyd, terwyl laasgenoemde die veranderbare interaksie, wat as 'n proses gesien word, analiseer. (Norton, 1981: 30) Norton wys daarop dat prosesse uit veranderlikes bestaan en dat 'n analise wat die relevante veranderlikes kan uitsonder, die interverhoudings kan aantoon en die verandering van die veranderlikes gedurende tyd kan beklemtoon, is 'n analise van prosesse. 'n Aantal tegnieke is beskikbaar om so 'n analise te doen en terselfdertyd ook voorsiening te maak vir die probleem dat 'n ruimtelike vorm die gevolg van een van 'n wye reeks prosesse kan wees. Verder beklemtoon Norton dat historiese besluitnemers 'n groot verskeidenheid van moontlikhede oorweeg waarvan slegs een die werklike verlede word en dat dit mag afwyk van die verwagting aangaande die verlede. Dit is wel moontlik om die effekte van alternatiewe besluite waar te neem deur die koppeling van verskillende waardes aan die veranderlikes, of deur die inkorporering van stogastiese komponente. (Norton, 1982: 253 - 254)

Verder is Norton van mening dat historiese geografie, gesien as die evolusie van ruimtelike vorm, uit verskillende prosedures kan bestaan. Volgens Norton het 'n analise van prosesse om vorm te verklaar sterk ondersteuning in menslike geografie en 'n tegniek wat hiervoor gebruik kan word, is dié van simulasie. (Norton, 1982: 257). Ook Smith is ten gunste van die studie van geografiese verandering deur tyd waar veral gelet moet word op besondere prosesse waardeur geografiese verandering deur tyd mag plaasvind. (Baker, 1972a: 104)

In die literatuur, insluitende 'n tiental standaardwerke in die Politieke Geografie wat bestudeer is, is daar min verwysing na die spesifieke aard van politieke historiese geografie. Helmut Jäger

sê die tradisionele benaderings in historiese politieke geografie het op die fisiese aspekte van state en hulle politieke beleidsrigtings betrekking. Dit sluit die grootte van state, vorm, ligging en differensiasie en verder ook die groei of ekspansie van state in. Historiese geografie is veral in die posisie om die gevolge van die invloed van politieke instellings op die landskap te bestudeer, weens die tydsverloop tussen die prosesse wat kulturele landskappe in die verlede gevorm het. (Jäger, 1972: 59-60)

'n Prognose: toekomstige metodologieë

Ten slotte word verwys na die beskouinge van 'n aantal skrywers oor die benaderingswyses wat historiese geografie in die toekoms moet volg. D. J. Robinson beveel aan dat historiese navorsing van 'n verskeidenheid tegnieke gebruik moet maak, sodat daar 'n temporale raamwerk geskep kan word waarbinne die prosesse van verandering en ook kruissekse-studies ingepas kan word. (Robinson, 1972: 184)

Baker beklemtoon weer dat historiese geografe 'n groter bewustheid van ander dissiplines moet ontwikkel; meer statistiese metodes moet gebruik; teorieë moet ontwikkel, toets en toepas, en behavioristiese gedragsbenaderings moet ondersoek. (Baker, 1972: 13)

Dickson glo dat historiese geografe, veral in Afrika, baie moontlike studie-onderwerpe het en dat klem geplaas moet word op die ruimtelike veranderende patrone van die kulturele geskiedenis van Afrika. Dickson voel dat daar 'n groot leemte is in geografiese navorsing betreffende die invloede van die verlede op die huidige ruimtelike patrone in Afrika en daar is verder nog baie wat onbekend is oor die ruimtelike variasie in lewenswyses en die prosesse daarvoor verantwoordelik. Hy is ten gunste van sulke metodes en sulke navorsingsterreine. Om hierdie doelwitte te verwesenlik, beveel Dickson aan dat die navorser moet gebruik maak van moderne wetenskaplike metodes met die hoop om nuwe analitiese konsepte te formuleer. (Dickson, 1972: 206)

METODOLOGIEË VAN DIE POLITIEKE GEOGRAFIE :

In 'n soeke na 'n aanvaarbare politieke geografiese metodologie, is 'n omvangryke en verteenwoordigende groep standaardwerke intensief bestudeer. Die mees aanvaarbare definisie van die Politieke Geografie is in Kasperson en Minghi gevind, naamlik: Politieke geografie is 'n ruimtelike analise van politieke verskynsels. (Kasperson en Minghi, 1971: xi)

Maar só 'n wye definisie omskryf nie die vrae wat binne 'n ruimtelike raamwerk gevra kan word nie, en dui ook nie aan watter komponente eintlik die politieke verskynsels uitmaak nie. 'n Onderzoek na die ontwikkelingsgang van politieke geografie kon dalk 'n aanduiding gee van die tipe vrae, die tipe ondersoekstelsels, die onderwerpe, verskynsels of komponente van die sub-dissipline en dalk ook die onderliggende filosofiese en teoretiese vertrekpunte; dit sou moontlik ook die artefakparadigmas van die politieke geografie, waaronder watter tegnieke onder watter navorsingsomstandighede, kon ontbloot.

'N BEKNOPTTE TRAJEK- ONDERSOEK VAN POLITIEKE GEOGRAFIE

Sedert die vroegste tye was geograawe aangegryp deur die verwantskap tussen abstrakte politieke entiteite en die land self. Aristoteles het reeds in die vierde eeu v.C. indringende geskryfte oor die ideale omgewingsvereistes vir verskillende tipes van staatsorganisasies gelewer. In die negentiende eeu het 'n opmerklike verandering in beklemtoning begin intree.

- Ratzel:

Eers het Carl Ritter en toe op 'n meer gesistematiseerde wyse, het Friedrich Ratzel begin om state te bestudeer in die lig van die evolusionêre mania van hulle tyd. Ratzel wou die werklikhede van die politieke gemeenskap vaspen deur politieke geografie te beskou as die verwantskappe tussen die mens, sy omgewing en sy politieke instellings. (Buckholtz, 1966: 6, 11)
Hy het die evolusie van state gesien as 'n voortdurende stryd

om ruimte - Lebensraum (Leefruimte) - onderworpe aan die "wet van oorlewing van die sterkste." Volgens hom was die blote grootte van 'n staat die hoofbron van politieke mag. (Johnston et.al, 1981: 260)

- Mackinder:

Sir Halford Mackinder was in besonder geprikkel deur die wyse waarop ryke ("empires") gegroeï en verval het en was aangelok om oor hulle toekoms op globale skaal te spekuleer. Sy siening van 'n Eurasiëse Hartland wat as 'n fokus vir wêreldoorheersing kan dien het vir die volgende half-eeu by politieke geografe gespook. (Johnston et.al, 1981: 260) Hy was dan ook die eerste om van 'n ruimtelike politieke model gebruik te maak.

Die studies van die 19 de eeu het min gelewer met betrekking tot 'n algemene politiek-geografiese teorie en metodologie.

- Bowman, Whittlesey, Moodie, East, Pounds:

Gedurende die eerste vier dekades van die twintigste eeu val die klem op 'n studie van die historiese ontwikkeling van state in terme van politieke prosesse en 'n analise van die afdrukke wat dit op die landskap gemaak het. Verally die werke van Bowman, "The New World" (1921), en Whittlesley, "The earth and the state" (1944) verdien vermelding.

Moodie, East en Pounds het omtrent dieselfde tipe werke in 'n reeks boeke en artikels gebundel. In al hierdie werke was die benadering uitsluitlik beskrywend en hoewel hulle nie 'n algemene teorie verwerp het nie, is tog min moeite gedoen om dit te ontwikkel (Johnston et.al, 1981: 261).

- Hartshorne:

Tussen 1935 en 1955 het Hartshorne ander idees begin ontwikkel; aanvanklik het hy gepoog om die politieke geografie te sistematiseer. Hy was ten gunste van 'n meer funksionele benadering en het pogings aangewend om die dinamika wat tot die

vorming van state en die kragte wat dit in ewewig gehou het te verstaan. Tot op hierdie stadium van die trajek was daar dus 'n verskeidenheid van sienings rakende die omvang van die studieveld. Geografe het aan die meer aangewese aspekte, soos grense, hoofstede of internasionale waterweë gepeusel, of, daarteenoor, "... when endeavoring to cover the political geography of a whole state in large area..." het hulle geen sistematiese konsep in gedagte gehad van watter onderwerpe ingesluit moes word nie, of watter vrae gestel moes word, of watter antwoorde gesoek moet word nie.

Volgens Hartshorne was politieke geografie 'n studie van ruimtelike verskille en ooreenkomste in politieke karakter as 'n onderdeel van die totale kompleks van ruimtelike verskille en ooreenkomste (Jackson, 1964: 58 - 60).

- Die situasie teen c.1960:

Teen 1955 beweer Van Valkenburg en Stotz dat politieke geografie te doene het met die geografie van politieke eenhede; met die wisselwerking tussen nasies sover as wat die geografie dit beïnvloed en met die evaluering van gebiede van konflik, of die sogenaamde probleemsones (Van Valkenburg and Stotz, 1954: 3).

Pearcy et. al. in hulle boek "World Political Geography" stel dit dat politieke geografie uit die beskrywing en ontleding van die politieke georganiseerde gebied bestaan. Karl Haushofer beweer dat "... Political Geography views the state from the standpoint of space, while Geopolitics views space from the standpoint of the state" (Pearcy and Associates, 1957: 5).

Sedert sy ontstaan, tot ongeveer 1960 het die veld van die politieke geograaf vanaf die makro tot die mesovlak verklein. In die opvolgende dertig jaar sou dit verder afgeskaal word tot die mikrovlak, dit is tot die stadsvlak.

Hartshorne se invloedryke studies, veral oor grense en beide sy

algemene en empiriese studies is deur talle politieke geografe nagevolg. Veral grensstudies en gedetailleerde ondersoeke van territoriale definiëring veral oor die laaste groot politiek-geografiese komponent, "... the high seas", het bepaald die bes-nagevorsde subspesialisasie in menslike geografie geword.

Gottman en Jones het ook probeer om Hartshorne se algemene teorie uit te brei deur konsepte soos ikonografie, sirkulasie en die "unified field" bekend te stel. Dit was grootliks van 'n beskrywende aard oor die graad van integrasie binne 'n land.

Grense en internasionale waterweë het nog steeds tot in die jare sestigs hoogty gevier. (Jackson, 1964: 58 - 60). Die oorheersende belang was in die elemente waaruit die staat bestaan, waaronder grense, hoofstede en kerngebiede.

- Die situasie c. 1960 - 1990:

Die afgelope dertig jaar het 'n fokusverandering ondergaan: verskillende soorte van politieke eenhede, gewoonlik op 'n baie kleiner skaal, het die laboratorium van die politieke geograaf geword, waaronder die aard van besluitneming in stedelike gebiede (Cox, 1979: vii; Vgl. ook Kasperson en Minghi, 1971: 12), openbare beleid, en hulpbronontwikkeling. Daar is min twyfel dat die navorsing oneindig meer nougeset gedoen word, maar dit is nie meer kenmerkende politieke geografie nie: dit smelt saam met ander spesialisasies van menslike geografie. Volgens Blacksell (1981) toon slegs enkeles nog 'n belang in internasionale groeperings - die nasiestaat word oorskadu.

Samevattend word dit gestel dat die trajek van politieke geografie teen 1973 gekulmineer het in die de Blij-model wat politieke geografie as 'n gevarieerde en wydstrekkende veld van leer en navors beskryf. Politieke geografe bemoei hulleself met die maniere waarin die mens se politieke gedrag en stelsels ruimtelike uitdrukking vind. Politieke Geografie het sy deel aan teoretici,

maar dit is baie klein in vergelyking met ander velde van die geografie (De Blij, 1973: 2).

'n Soeke na 'n metodologiese teorie, dit wil sê, 'n doenraamwerk waarbinne die politieke geograaf sy navorsing kan of sou kan rig en die wyse waarop sy navorsingsverslag struktuur kan kry, was tevergeefs. Al dié werke handel in essensie oor die inhoud of vermeende inhoud van die politieke geografie met soms tersluikse of geen verwysing na, of geen bepaalde definiëring van 'n metodologiese teorie nie.

Die hoofmomente van 'n politiek-geografiese metodologie blyk uit die trajekrekonstruksie die volgende te wees: die swaartepunt het vanaf die makrovlak geskuif om ook die meso- en mikroskaal te omsluit; verwantskappe tussen die mens, sy omgewing (territorium) en sy politieke instellings, maar geen detaillering daarvan in onderskeibare subkomponente nie; klem op grense, state en nasiestate en op territoriale waters. Die werke is hoofsaaklik kognitief beskrywend, soms tog verklarend en soms empiries. Die artefakparadigma is swak ontwikkel. Slegs die kaart (politieke kaart) figureer prominent. Modellering vind met die hoogste uitsondering plaas, waaronder MacKinder (Hartland-model) en Gottman en Jones ("Unified field" - model) twee modelle van belang is. Hartshorne het gepleit dat prosesse ontleed moet word om ruimtelike patrone te verklaar. Dit kan nie vasgestel word uit die bronne wat ondersoek is of strategieë ooit pertinent ondersoek is nie; prognoses kon, weens gebrek aan 'n streng metodologiese en teoretiese begronding selde gemaak word.

Sonder dat hulle op besonderhede ingaan onderskei Cole en King die volgende moontlike benaderings: die ideaal-model; die staatkundige benadering; 'n psigologiese benadering; die historiese-evolusie benadering; 'n ruimtelike benadering; 'n organisme-siening van die staat en 'n algemene sisteem-benadering.

Dit is egter insiggewend dat 'n Suid-Afrikaanse politieke geograaf

by name D S Krige uit die dwangkleed van die trajek breek en binne sy ondersoek die volgende metodologieë in die verklaring van bevolkingsgroeperings/-bewegings, grense, politieke instellings en die interaksie (prosesse) tussen dié drie hoofkomponente toepas, naamlik om binne die tyd-ruimtelike paradigma (meso-en-mikroskaal) patrone, prosesse en strategieë fenomenologies en hermeneuties te ondersoek, met behulp van die toepassing van 'n bepaalde artefakparadigma bestaande uit kaarte. Verkonseptualiserings (vertakkings-diagramme, skagdiagramme ensovoorts), modelkonstruksie en prognostiese inferensies verwoord deur 'n politiek-geografiese vaktaal waarin begrippe soos dominant, onderhorig, sentripetaal, sentrifugaal en talle andere, vrylik voorkom (Krige, 1988).

Na aanleiding van 'n intensiewe studie van Krige se metodologie en in navolging daarvan, vind dié navorser dit noodsaaklik om 'n metodologie te verwoord en te verkonseptualiseer wat op die Transkei-probleem toegepas kan word en waarin hierdie studie sou kon aanpas.

Benadering: 'n eie aangepaste metodologie:

Dit is daardie reedsgenoemde uitdaging wat deur Robinson, Baker en Dickson gestel is om die metodologie van die beskrywings en verklaring van vergange geografieë, en meer in besonder 'n voorbeeld uit Afrika, te moderniseer, aan te pas of selfs nuut te ontwerp, wat deur hierdie navorser aanvaar word en vir akademiese blootstelling herontwerp word.

Om die benaderings- en metodologiese "probleem" simplisties te stel: alhoewel elk van die bogenoemde ondersoekstelsels 'n element van aanvaarding toon, is nie een van hulle in totaliteit bevredigend vir hierdie navorser, die doel van hierdie studie en binne die terrein van die politieke geografie nie. Almal is slegs op die metodologie van die historiese geografie ingestel en nêrens direk op die besondere probleme van die ontwikkelingstrajek van die politieke geografie van 'n bepaalde Derdewêreldse staat wat in alle moontlike verhoudinge van dominant-dominant ontwikkel het deur dominant-onderhorig, onderhorig-onderhorig en weer tot dominant

nie.

Die kompleksiteit, daarenteen, van 'n metodologie vir die Transkei navorsingsituasie ('n tipiese Afrika-voorbeeld) word as volg gestel: in die Transkei het die politiek-geografiese ontleding te maak met

- * territorium"lose" (in die sin van onoffisiële, ongekarteerde afbakening) onafhanklike primitiewe stamme of etniese groepe;
- * onder 'n patriliniese, paganistiese stamhoofstelsel;
- * wat deur 'n opeenvolging van afhanklikheidsvlakke en -stadia en -vorme vanaf ongedefinieerde territoria tot 'n opvolging van verskillende territoriumbegrensinge ontwikkel;
- * waarvan die sosio-politieke en menslike bestanddele in verskillende grade van etniese homogeniteit tot heterogeniteit gewissel het, en
- * onder die dominante beheer van 'n ander rasgroep, territorium en bestuurstelsel gestaan het, wat self in 'n onderdanige en beheerdelegerende posisie 'n eie onafhanklikheidstrajek deurloop het.

Die kompleksiteit van die probleem wat ondersoek word, vereis dus dat 'n metodologie na analogie van die veelheid van akademies-erkende benaderings, daarvoor ontwerp moes word, en wat voorsiening sou maak vir die volgende:

- * Die komponente van die politieke geografie, te wete bevolking ("mense"), territorium ("grense") en bestuur- en beheerstelsels ("institusies");
- * polities-geografiese patrone - dit is ruimtelike patrone sowel as institusionele patrone ("vorme"), besettingspatrone, etniese samestellingspatrone en patroonveranderinge vir elk van die geïdentifiseerde patrone;
- * polities-geografiese prosesse - dit is die energie en energievloei wat weens dimensionele spanning tussen komponente, in komponent, sowel as patroontransformasies daarvoor verantwoordelik is/was;
- * polities-geografiese strategieë - dit is die beoogde/beplande

opbrengs wat veronderstel is/was om politieke geografiese stabiliteit, of dinamiese ewewig, of vreedsame en aanvaarbare rustigheid binne in die territorium te verkry, te verseker en te perpetueer;

- * die voortdurende veranderende wisselwerking tussen die komponente, die veranderde en veranderende prosesse, strategieë en opbrengste.

Die kompleksiteit en problematiek van die Transkeise politieke geografie kry gestalte in die feit dat Transkei vir twee eeue in talle tussenstadia van politieke-geografiese transisie (oorgang) was, vanaf 'n primitiewe onafhanklikheidsposisie tot 'n gemoderniseerde onafhanklikheidsposisie.

Navorsers se metodologiese ontwerp:

Die kern van die eie ontwerp ontspring uit en berus op die volgende beginsels:

- * die ruimtelike meta-paradigma (R) van die geografie en daarom word hierdie studie in die eerste plek en deurgaans chorologies benader, anders is dit ontdaan van sy geografiese kern en -perspektief (die ruimtelike paradigma word as R voorgestel);
- * die ruimte-in-tyd paradigma van die geografie en daarom word die chorologiese in tyd-perspektiewe geplaas (geklassifiseer) en ontleed. Om hierdie tyd-perspektiewe te akkommodeer, word die fase-verdelings-beginsel van die retrospektiewe benadering ontgin. Die fase-verdelingsbeginsel word as $t_1, t_2 \dots t_n$ voorgestel, waar "t" die tyd of jaartal aandui.
- * die beginsel dat die ruimte self oor tyd veranderinge ondergaan en dat elke tydsnit (fase) ook 'n ander ruimte- of chorologiese snit' kan verteenwoordig of moet verteenwoordig. Hierdie saamgestelde interafhanklikheid tussen tyd en ruimte veronderstel dat ruimte sowel as tyd verandering vertoon en word as volg voorgestel: $R_1 t_1, R_2 t_2, R_3 t_3 \dots R_n t_n$.
- * die verandering vanaf R_1 na R_2 na R_3 tot R_n verwys na die verandering in ruimtelike patrone; die verandering tussen $t_1,$

$t_2, t_3 \dots t_n$ verwys elk na die eindpunte van tyd-fases wat ooreenstemmende veranderinge in ruimtelike patrone veronderstel.

- * Patrone het 'n ruimtelike sowel as 'n tyd-komponent. Die ruimtelike komponent van 'n patroon het minstens vyf attribute wat in kombinasies of in totaliteit die aard en wese van 'n ruimtelike patroon bepaal, te wete: 'n liggingsattribuut (absoluut en relatief), 'n verspreidingsattribuut, 'n digtheidsattribuut, 'n grootte-attribuuat en 'n vorm-attribuuat. Elk van hierdie attribute sal/kan verandering oor tyd toon, hetsy afsonderlik, in kombinasies of in webagtige interaksies, of in die geheel. Daar is dus 'n voortdurende interaksie tussen die patroon-attribuuat beide in ruimtelike en tydkonteks. Patroonveranderinge kan dus as volg voorgestel word: $R_1 t_1$ tot $R_n t_n$.
- * Patroonveranderinge is slegs moontlik deur die inwerking van prosesse. Prosesse kan afsonderlik en gesamentlik van die volgende tipes wees: fisiese prosesse, kulturele prosesse en prosesse opgewek deur besluitneming en beslissingsveranderlikes, gewoonlik ook gestimuleer en bepaal deur persepsies, behoeftes, drange en norme. Prosesse word in die vergelyking deur 'n pyl ($---$) voorgestel, byvoorbeeld $R_1 ---> R_2$ of $R_1 t_1 ---> R_2 t_2$.

Alle mensgeïnisieerde prosesse het altyd 'n bepaalde en besliste strategie ('n metode om 'n doelwit te bereik). Daarom is 'n strategie implisiet in byvoorbeeld politieke prosesse, bevolkingsontwikkelingsprosesse, bevolkingsverskuiwingsprosesse, ensovoorts.

Op hierdie stadium van die ontwikkeling van 'n metodologie is dit belangrik om die konsep, politieke proses, uit te sonder en dit in terme van sy kenmerke te omskryf:

- Alle politieke prosesse het 'n ruimte-vektor of ruimte-dimensie, dit is, dit kan net in ruimte plaasvind en is dus territoriumgebonde;
- Alle politieke prosesse het 'n tyd-vektor; dit vind oor tyd heen plaas en het dus duure en/of volharding. As 'n politieke

proses op 'n bepaalde tydstip staak, word die stelsel en/of territorium byvoorbeeld aan momentum, indien dit wel sou bestaan, oorgelaat;

- Alle politieke prosesse het 'n energiebron (menslike verstand en besluitneming) en 'n vloeisterkte, dit is dit het 'n kragkomponent en verrig 'n bepaalde hoeveelheid werk;
- Alle politieke prosesse word deur menslike besluitneming/beslissingsveranderlikes gereguleer;
- Alle politieke prosesse word deur die besluitnemingsinstansiés (institusies, sowel as staatsburgers, laasgenoemde byvoorbeeld in 'n demokratiese stelsel) gemonitor en gekontroleer in terme van werkverrigting soos gemeet aan die menslikgeïdealiseerde opbrengste daarvan;
- Alle politieke prosesse skakel oor na 'n ander of aangepaste strategie(ë) indien die vermeende of verlangde resultate (opbrengste) nie binne 'n bepaalde tyd in/vir 'n bepaalde ruimte (territorium) bereik word nie.

Omdat 'n metodologie vir politieke geografie ontwikkel word, kry die hele geografiese vergelyking ($R_1 t_1$) 'n voorvoegsel van P. P stel dan die drie komponente of komponentveranderlikes voor, naamlik: politieke bestuurstelsels/regeringsvorm (institusie); die politieke bevolking of staatsburgers waaroor regeer word (mense); en die begrensde/politieke territorium waarin die mense woon waaroor regeer word (grense is dus implisiet deel van die territorium). In die vergelyking $P_1 R_1 t_1$ stel P_1 eintlik net die regeringsvorm en die staatsburgery waaroor regeer word, voor, want die territorium - die ruimte - word reeds in R_1 vervat.

- * Omdat $P_1 R_1 t_1$ byvoorbeeld verander na $P_2 R_1 t_2$ moet alle politiek-geografiese studies noodwendig 'n proses-element (--->) hê wat onvermydelik ook 'n strategie impliseer, anders is dit nie 'n politiek-geografiese studie nie.
- * Weens die kompleksiteit van die PRT-vergelyking is dit onvermydelik dat in die analise daar van modelle gebruik gemaak sal moet word, waaronder minstens analogiese modelle (waaronder kaarte) en diagrammatiese verkonseptuele modelle om die

ruimtelike patroon (vergelyk die vyf patroonattribute) en die struktuur van die regeringsvorm (struktuur en vorm gee 'n aanduiding van die regerings"patroon") te veraanskoulik.

Indien 'n ontwikkelingstudie, soos in hierdie geval, onderneem word, is 'n reeks analogiese modelle en 'n reeks diagrammaties-konseptuele modelle onontbeerlik, want dit moet die trajek sowel as die tydsnitte in ruimtelike patrone en bestuurspatrone verbeeld, anders is verandering nie sigbaar nie en kan geen regverdiging vir 'n ontleding van prosesse en strategieë verkry of geïmpliseer word nie, en is dus onontleedbaar. Alhoewel dit moontlik is om ruimtepatrone en konseptuele patrone deur lang omskrywings en beskrywings te verwoord, is dit by uitstek 'n tegniek van die geograaf om dit te modelleer. (Die geograaf is uiteraard in sy analise bewus van die tekortkominge van 'n model, naamlik dat dit 'n onvolkome afskading van die werklikheid is. Juis daarom kompenseer hy daarvoor in die verwoording daarvan.)

Die effektiwiteit van die toepassing van hierdie nuutontwerpte metodologiese raam, word met die volgende vergelykings - dit is simboliese modelle - geïllustreer:

* $P_1R_1t_1 \rightarrow P_2R_1t_2$: Waar die regeringsvorm (P) oor tyd (t) weens verskillende prosesse en strategieë verander terwyl die territorium (R) konstant gebly het. 'n Verwoording en versyfering van hierdie simboliese model kan byvoorbeeld as volg lyk:

P_1	R_1	t_1	\rightarrow	P_2	R_1	t_2
Bunga	Transkei	1894		Onafhanklik	Transkei	1976

* $P_1R_1t_1 \rightarrow P_1R_2t_2$: Waar die regeringsvorm (P) oor tyd konstant gebly het, terwyl die grense van die territorium (R) weens sekere prosesse en strategieë verander het. Dit impliseer ook dat die "mens"-patrone (staatsbevolkingspatrone) of in samestelling verander het, óf dat die digtheid verander het, óf dat samestelling sowel as digtheid kon verander het. 'n

Digtheidsverandering impliseer weer 'n verspreidingsverandering.

- * $P_1R_1t_1 \rightarrow P_1R_2t_1$: Waar dieselfde soort regeeringsvorm in dieselfde tyd maar oor twee verskillende ruimtes (byvoorbeeld Transkei - R_1 ; en Venda - R_2) toegepas word. Vanselfsprekend sal die bevolkings- of staatsburgerkomponent ook nie dieselfde in die twee ruimtes (territoria) wees nie.

Die metodologie vir hierdie studie word nou as volg gestel:

- * $P_1R_1t_1 \rightarrow P_nR_nt_n$
 met P = die regeeringsvorm en sosio-politieke samestelling van die staatsburgery;
 R = Transkei-territorium;
 t = tyd
 1 = aanvangstadium c.1800
 n = einddatum van navorsingstydvak, 1976.
 ---> = politieke prosesse met geïmpliseerde strategieë
- * Die chorologie en chorologiese transformasies (met betrekking tot die territorium) word in tydperiodes verdeel en tematies volgens politieke geografiese komponente (mense, grense, institusies) en hulle ooreenstemmende transformasies in terme van prosesse, morfologieë (patroon en patroonvorming) en strategieë geanaliseer.
- * Met behulp van die versigtige aanwending van die beginsels van die hermeneutika en van sillogismes word in hierdie studie telkens inferensies gemaak na 'n indiepte ontleding van logiese gevolgtrekkings. Die navorser identifiseer haar met die tyd, plek, gebeure, omstandighede en die tersaaklike veranderlikes vanuit 'n "Transkei"-visie en maak dan berekende wetenskaplike afleidings.
- * Ongeag die bedenkinge (vergelyk Baker, Heathcote en MaCaskill) wat daar mag bestaan oor die gebrek aan en die byna onmoontlikheid om teorieë uit die geografiese verlede te formuleer, het hierdie navorser die waagmoed om hipoteses en waarskynlikheidsteorieë te formuleer en dit te verifieer, te falsifiseer of te verwerp.

* In hierdie studie word vrylik van modelle en reekse modelle gebruik gemaak, naamlik van 'n reeks van analogiese modelle sowel as 'n reeks van konseptuele modelle waarin territoriale afbakening, territoriale besetting, territoriale beheer en politieke institusionele stelsels verkonseptualiseer gaan word. Die navorser se oortuiging is dat ongeag die tekortkominge wat in elk geval aan alle modelle eie is, dit nogtans meer van die geografiese werklikhede uit die verlede ontbloom as 'n duisend woorde.

Navorsingsiklus:

Die navorsingsiklus vir hierdie verhandeling verloop volgens die erkende akademiese navorsingsraamwerk wat die volgende opeenvolging van navorsingsaksies omsluit: probleemstelling; hipoteseformulering, dataversameling, dataverwerking (wat onder andere ordening en klassifikasie in ruimtelike sowel as in tydverbande, waaronder faseverdelings, insluit), aangevul met modellerings in die vorm van diagrammatiese verkonseptualiserings en kartografiese voorstellings, analise, gevolgtrekkings, hipotese-toetsing, sintese, probleemoplossing en prognose.

Die navorser voel verplig om meer besonderhede te verskaf, veral ten opsigte van twee van die stappe in die navorsingsiklus, te wete, dataversameling en analise. Doelwitte, doelstellings en probleemstelling is reeds onder behandeling geneem. Hipoteseformulering word hierna onder 'n aparte opskrif onder hierdie algemene hoof, Vakkundige Vertrekpunte, behandel.

- Dataversameling:

Dataversameling val in drie hoofaksies uiteen, te wete bronnestudies, dit is geskrewe data; kartografiese studies, dit is gekarteerde data; veldwerk en die probleme met betrekking tot bronopsporing en die bewyse vir die outentiekheid van die versamelde feite.

Bronnestudies word onderverdeel in primêre en sekondêre bronne.

- Primêre bronne wat gebruik is, kan in twee groepe verdeel word, naamlik argivale bronne en meer resente primêre bronne. Albei word egter net onder een hofie, Argivale bronne, behandel.
- Argivale bronne: Die gebruik van argivalia is 'n onontbeerlike hulpbron vir alle studies wat die geografieë van die verlede wil rekonstrueer. Omdat in die verlede gedelf word, was die Instituut vir Eietydse Geskiedenis en die Kaapse en Transvaalse Argief die primêre inligtingsbronne. Die argiewe in Kaapstad, Pretoria, Grahamstad en van die Transkeigebiede (Umtata) is ook besoek en bronne is aldaar bestudeer. Die verskillende katalogusse en inventarisse is deurgegaan vir die opspoor van dokumente wat op die studie betrekking gehad het. Verskeie koerantreekse is ook geraadpleeg. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is alle argivalia oor Naturelle-sake, en dus ook Swart grond, na die Sentrale Argiefbewaarplek in Pretoria gestuur. Dit het beteken dat navorsing ten opsigte van die tydperk na 1910 tot ongeveer 1950 in die Sentrale Argief in Pretoria gedoen moes word. Omdat reëls in verband met die gebruik van argivalia bepaal dat dokumente wat geraadpleeg mag word ten minste dertig jaar oud moet wees, beteken dit dat sekere dokumente nie vir die navorser toeganklik was nie. In sekere gevalle is uitsonderings gemaak, waar die nodige toestemming daarvoor verkry was.

In die Vrystaatse Argief is die rekenaar gebruik om toepaslike dokumente op te spoor. Trefwoorde is ingesleutel ten einde die betrokke groep dokumente te kon herwin.

Behalwe die geskrewe rekords is ook van gepubliseerde hulpbronne in die argiewe gebruik gemaak. Die Unie-Regering en later die Republiek van Suid-Afrika beskik ook oor verskeie publikasies waaronder veral die volgende geraadpleeg is: verslae van byvoorbeeld Gekose Komitees en Kommissies asook die tersaaklike Witskrifte. Die verskillende wette wat in verband met die swart

mense en hulle gebiede uitgevaardig is, is uiteraard onontbeerlik.

Debatte wat in die Volksraad gevoer is, is van groot waarde; dit gee die beleid weer wat die betrokke Regering ten opsigte van die swartes en hulle gebiede volg en wat eersgenoemde vir die toekoms beplan. Staatskoerante verskaf waardevolle inligting ten opsigte van die opruiming van swartkolle en die instelling van owerhede wat normaalweg deur middel van proklamasies of kennisgewings geskied het.

- Sekondêre bronne: 'n Verskeidenheid van sekondêre hulpbronne is geraadpleeg. Dit bestaan uit geselekteerde data wat geneem is uit primêre bronne wat georganiseer en geïnterpreteer is deur die bepaalde skrywer(s). Die biblioteek het 'n sleutelposisie beklee gedurende die navorsing vir hierdie studie. 'n Proses van kontrolering en herkontrolering moes gevolg word om bronnemateriaal vir dié studie te verkry. Baie bruikbare items is verkry gedurende die deurwerk van die kaartkatalogus. Standaard en spesiale naslaanwerke, wat deur kruisverwysings na ander werke verwys het, het addisionele lig op die onderwerp gewerp.

Sekondêre bronne sluit die magister-verhandelings en doktorsale proefskrifte in wat in die biblioteke van Suid-Afrika versprei is. Tydskrifartikels is geraadpleeg, asook artikels en berigte in koerante, sowel as ongepubliseerde bronne.

- Kaartmateriaal: Alle ou en meer resente kaarte wat in die onderskeie argiewe bekom kon word, is bestudeer. Tersaaklike dele is daaruit geneem; veral inligting wat benodig was om 'n eie toepaslike kaartreeks saam te stel. Ou kaarte ten opsigte van die vroeë geskiedenis is skaars maar tog bekombaar. Kaarte oor die meer resente periodes moes self gekonstrueer word om die onderskeie vorme van die gebied deur tyd aan te dui.

'n Eie toepaslike kaartreeks moes saamgestel word wat aan die perspektief van die politieke geograaf kan voldoen. Irrelevante detail moes uitgeskakel word, sodat die hoofobjekte, naamlik territoriale vorm, wins- en verliesgebiede, ruimtelike patroonvorming en patroonverandering deur die tyd heen, en die kompleksiteit van die etniese samestelling, beklemtoon kan word.

Talle kaarte, veral uit sommige Geskiedenisbronne, voldoen weens die tegniese versorging daarvan nie aan die standaard van die geografie nie: lynskale ontbreek in die meeste gevalle; die verwysingsraam is onvolledig; foute met betrekking tot lokalisasie van grenslyne en plekke is selfs teengekom; in enkele gevalle strook data en datums ook nie.

Om 'n kaartreeks sinvol te konstrueer, dit vergelykbaar voor te stel en vir analise aan te wend, was dit nodig om deurgaans dieselfde skaal te gebruik: alle kaarte moes net eenvoudig oorgeteken word.

- Veldwerk: Transkei is gedurende die eerste helfte van 1988 besoek. Ter plaatse ondersoek is gedoen aangesien essensiële terrein- en vestigingsdata in gepubliseerde vorm onvoldoende is. 'n Duidelike beeld van die omgewing moes verkry word om sodoende leemtes in die data aan te vul, maar bo alles om perspektief op die studieterrein te verkry en gemakliker 'n persepsie binne 'n bepaalde tyd en plek van 'n probleem te verkry. Direkte waarneming is onontbeerlik.
- Navorsingsprobleme: Die tydsbegrensing van hierdie studie, die historiese aanloop tot die probleem en die ruimtelike omvang daarvan het uiteraard 'n omvangryke databank genoop. Die spesifieke inligting wat verlang was, was nie noodwendig volgens sekere onderwerpe georden nie: lywige volumes ongeordende materiaal is soms vrugteloos deursoek. Weens die fisiese onmoontlikheid om deur al die dokumente te gaan moes die

rekenaar ingespan word om behulpsaam te wees met seleksies. Skriftelike toestemming was vir sekere bronne-toegang en besoeke nodig. Uitgerekte korrespondensie het kosbare navorsingstyd verswelg.

Die fisiese toestand van die navorsingsmateriaal het soms tydrowing veroorsaak: van die vroegste argivalia was moeilik leesbaar en in Nederlands geskryf.

Die fonds van ou historiese kaarte in die argiewe was teleurstellend skraal. Sommiges se oppervlak was so swak dat afdrucke nie gemaak kan word nie, of dit was onhanteerbaar groot en te lomp vir reproduksie. In sulke gevalle is kleinskaalse natrekke gedoen.

Afgesien van al die normale probleme wat met hierdie tipe navorsing ondervind word, moet dit gemeld word dat hierdie navorser altyd vriendelik en behulpsaam behandel was.

- Evaluering: Omdat primêre bronne "naby die oorspronklike vorm is", is dit vry van redigering, verandering of modifisering. Die outentiekheid van argivale bronne is aanvaar. Sekondêre bronne is met die nodige omsigtigheid en voortdurende evaluering gebruik. Omdat die meeste hiervan deur erkende geskiedskrywers gedoen is, is die outentiekheid daarvan nooit direk betwyfel nie.
- Analise:
Die analise van die versamelde data is onderneem volgens die doenraam van die hierbogestelde eie aangepaste en omskrewe metodologiese ontwerp. Enkele elemente van die analitiese prosedure verdien egter aandag.

Die analitiese sekvensie het deur die volgende stadia verloop:

- Klassifikasie van data deur verwerking in fase -"afbakening", kartografiese afbakening, diagrammatiese strukturering van die

data wat hulle daartoe verleen en ander grafiese voorstellingsmetodes, afgesien van tabulering wat 'n normale prosedure is;

- Die geklassifiseerde data is dan in terme van patrone en patroonvorming, prosesse en strategieë geïnterpreteer;
- Verwantskappe tussen komponente en veranderlikes is bepaal, ondersoek, ontleed, verklaar en verwoord;
- Gevolgtrekkings is gemaak en waar dit enigsins moontlik was, is deur induktiewe argumentering en sillogismes te gebruik, tot inferensies gekom. (Historiese data is feitlik geheel afhanklik van die indirekte metode as 'n metode van ondersoek). Die essensiële stappe in die induktiewe metode is: die hermeneutiese beskouing van die feite en fenomene; die vorming van 'n hipotese of waarskynlikheid gesuggereer deur en afgelei uit die waarnemings; die deduksie van die konsekwensies van die hipotese; die toetsing van hierdie konsekwensies deur die versigtige ontleding van die verskynsels/feite en die uiteindelijke eksakte formulering van die hipotese. Inferensies het dus as kern om tot nuwe waarhede te kom vanuit waarhede wat alreeds aanvaar is. Inferensies is dus 'n verdere stap en volg op gevolgtrekkings: 'n hipergevolgtrekking uit gevolgtrekkings - die afleiding van 'n nuwe waarheid uit reeds-aanvaarde waarhede. (Vergelyk: Welton and Monahan, 1925: 175 - 177; 295; 301 - 302).
- Hipoteses, waar moontlik, is geformuleer en deur die analitiese stappe vir verifiëring blootgestel. Die doel met hierdie analitiese aksies was dus om onder andere wetmatighede en/of kwasi-wetmatighede met betrekking tot tyd-ruimtelike patronering te probeer vasstel.

In die analise is positiewe logika gebruik en in die vaktaal en terminologie van die politieke geografie verwoord.

Siklus van verslagskrywing en struktuur van die verhandeling:

Die siklus van verslagskrywing en die morfologie van die

verhandeling word in figuur 1.1: verbeeld. Alhoewel die verkonseptualisering en die gepaardgaande beskrywing verklarend is, wil die navorser ook 'n beskrywing gee van die struktuur wat tydens die analise gevolg is. Trouens dieselfde raamwerk wat vir die "superstruktuur" gevolg is, is ook in elke hoofstuk toegepas, te wete probleemformulering, hipotese-stelling, kartering en/of verkonseptualisering in modelle. Hierdie drie het die analitiese basis vir probleemoplossing gehuisves, terwyl die herkenning, formulering en interpretasie van patrone, prosesse en strategieë die raamwerk ingevul en verklaar het. Die analitiese struktuur word deur hipotese-toetsing en 'n sintese afgesluit.

Figuur 1.1 word as volg verklaar:


Die buitevierkant, Vlak A, dui die filosofies-teoretiese basis aan waarop die studie begrond is, te wete fenomenologies-hermeneuties. Die hoofparadigma is ruimte-in-tyd (Rt) en in hierdie bepaalde geval chorologies, waarvan laasgenoemde deur die tyd heen verander.

Vlak B, dit is hoofstuk 1, huisves die polities-geografiese metodologiese en die vakkundige morfologie- en tegnieke-basis.

Vlak C stel die polities-geografiese analise en sintese van die ruimte-in-tydprobleem, dit is die Transkei en sy ontwikkelingsgang, voor.

II is die noodsaaklike historiese polities-geografiese agtergrond waarteen die polities-geografiese probleem van 1913 tot 1976 van die Transkei-fenomeen geprojekteer en gerekonstrueer moet word, voordat enige sinvolle akademies-geografiese analise, wat in III - V volg, verstaanbaar en verklaarbaar aangepak kan word.

In gevalle III -IV word die hoofanalitiese komponente van die politieke geografie wat interafhanklik en in onderling wisselwerking aan mekaar geskakel is in terme van tyd-ruimte op só 'n wyse ontleed dat die trajek van ontwikkeling prominensie geniet, maar nie ten koste van die chorologie - wat uit die wesensaard van die geografie ontspring - nie. Binne elke hoofstuk word dus 'n



Figuur 1.1: 'n Drievlakkige voorstelling van die morfologie van hierdie verhandeling en die morfologie van elke hoofstuk.

VERKLARING

- G = Grondgebied/Grense
- PS = Politieke strukture
- BO = Bevolkingsordening
- tR = tyd-ruimte (tyd in periodes)
(Ruimte = Transkei)
- I - V = Hoofstukke
- ↔ = Wisseling/interaksie/prosesse
- = in
- 1913 = jaartal(le)

tematiese benadering gevolg. Soos aangedui bestaan hierdie deel uit drie hoofstukke.

V, wat die sintese voorstel, word op drie subvlakke aangepak, te wete 'n sintese oor die "tyd"-aspek; 'n sintese oor die "ruimte"-aspek van elk van die drie hoofkomponente (Grondgebied, Politieke Strukture, Bevolkingsordening) afsonderlik, sowel as in georkestreerde samehang. Die studie sluit af met 'n prognose.

HIPOTESEFORMULERING:

Dit is nie gebruikelik dat die hipotese-verifiërende metode in politieke geografie of in die historiese geografie gebruik word nie. Tog het die navorser die waagmoed om hierdie metode waar moontlik en waar toepaslik in hierdie studie aan te wend.

Omdat hipotese-stellings in hierdie tipe studies (soos later ook sal blyk) taamlik lang omskrywings noodsaak, word die hipoteses vir elke hoofstuk in elke hoofstuk (of "afdeling" van die analise) gestel.

Die basiese hipotese waarvan vertrek word en inderwaarheid 'n sosio-politieke wetmatigheid is, is na die oordeel van die navorser die volgende:

Die grootte en vorm, die bevolkingskomponent en sy ordening, en die beheer-en bestuurstrukture van state (territoria) is nie staties nie, maar óf in dinamiese ewewig, óf in verval, óf in ontwikkeling.

Bogenoemde wetmatigheid word as volg uitgebrei om ietwat meer inhoud daaraan te gee omdat dit juis hierdie dinamika is wat die primêre hipotese van dié studie onderlê:

Hierdie dinamika beteken implisiet dat prosesse opgewek word, of reeds bestaan wat die ruimtelike politieke ordening rig, beheer, transformeer of stabiliseer. Dit word deur menslike besluitneming gestimuleer, politieke persepsies, behoeftes, norme en

drange gereguleer en word strategieë bedink en geïmplimenteer om daardie politieke behoeftes in tyd- en ruimte te patroneer en te bevredig (sinvol te maak).

SINTESE:

Die probleem van die politiek-geografiese ontwikkeling van Transkei (1913 - 1976) word teen die agtergrond van die pre-1913 periode en met behulp van kartografiese, diagrammatiese en hermeneutiese woordtegnieke nagevors.

'n Studie van die bestaande metodologieë wat in die geskiedenis toegepas word, sowel as die ondoeltreffend geformuleerde metodologieë in die politieke geografie wat spesifiek op hierdie tipe rekonstruksie en analise van 'n polities-geografiese ontwikkelingsstudie betrekking het, was as ontoereikend bevind. 'n Metodologie wat tersaaklik sou kon wees, is "ontwerp". Die kern daarvan moes aan die vereistes voldoen om onder andere 'n tyd-ruimtelike studie van 'n vervloë politieke geografie van 'n eens onbegrensde territorium, bestaande uit 'n veelheid stamme en geen geskrewe politieke organisasie tot 'n afgebakende staat met 'n gemoderniseerde politieke stelsel en 'n besliste bevolkingsordening te huisves.

Die feitemateriaal is uit oorspronklike argivale bronne, maar ook met behulp van reeds geïnterpreteerde outoritêre kontemporêre studies, onttrek.

Die analise, wat 'n studie van die ontwikkelingsgang van die Transkeigrondgebied, die Transkeise politieke strukture en die Transkeise bevolkingsordening beoog, gaan chorologies binne 'n tydruimtelike raam met verskillende tydfases (fasette) geplaas word. Om so objektief moontlik teenoor die studiemateriaal te staan, beoog die navorser om haarself binne die historiese omstandighede te plaas, haar daarmee te identifiseer en dan vanuit 'n hermeneutiese gesigshoek hipoteses te formuleer en die polities-geografiese

situasies van die verlede te interpreteer. Die politiek-geografiese ontwikkeling van Transkei word as 'n tyd-ruimtelike verskynsel (fenomeen) beskou.

Enige ontwikkelingstudie wat datumbegrens is, moet - om in sinvolle perspektief geplaas te word - vanuit die historiese aanloop, prosesse en strategieë en binne die milieu van die pre-aanvangsdatum ontleed en geïnterpreteer word. Daarom begin hierdie studie met die pre-1913 tydvak. Die terugdatering van hierdie tydvak is die eerste kontak tussen wit en swart in die sogenaamde "Oos-Kaap": die botsing tussen twee groepe dominante politiek-geografiese akteurs. Dit was ongeveer teen die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu.

HOOFSTUK 2

BESETTINGSPATRONE, GRENSVERSKUIWING VAN EN BEHEERSTRUKTURE OOR "XHOSALAND" TOT 1913: (Die polities-geografiese totstandkoming van die territorium.)

DOELWITTE EN PROBLEEMSTELLING:

Objektiewe perspektief oor die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei na 1913 is alleenlik moontlik teen die agtergrond van die polities-geografiese totstandkoming van die territorium.

Die probleemstelling en primêre doelwit van hierdie hoofstuk is dus 'n bondige verklarende rekonstruksie van die tyd-ruimtelike patroonvorming van die territorium, die besetting van en die beheerstrukture oor die gebied wat uiteindelik as Transkei bekend sou word.

METODE:

Om bogenoemde doel te bereik en die verwante probleem op te los word die opeenvolging van die vasstelling en verskuiwing van gebiedsgrense wat die tydperk tot 1913 voorafgegaan het, kartografies gerekonstrueer. Beheerstrukture word diagrammaties verbeeld om vergelyking en identifisering van evolusionêre veranderinge te vergemaklik.

Die kartografiese en diagrammatiese rekonstruksies is gegrond op en gerugsteun deur bronnestudies. Elke grensvasstelling word as 'n ruimtelike patroon geïdentifiseer. Opvolgende grensvasstellings resulteer noodwendig in gebiedstoevoeging of gebiedsverlies. Elk van die grensverskuiwings word as die resultaat van 'n proses ('n opeenvolging van beplande gebeure) beskou, wat een of ander strategie ('n beplande en soms versluisde manipulering om die voordeligste doelwit te bereik) impliseer het.

HIPOTESE:

'n Algemene hipotese ten opsigte van grensvasstelling aan

kolonisasiefronte word as volg geformuleer:

Die vasstelling van grense aan kolonisasiefronte lewer talle probleme wat gekoppel kan word, of verwant is aan een of meer van die volgende veranderlikes, te wete menslike persepsies (of gebrek daaraan), fisiese en biologiese omgewingveranderlikes (hoofsaaklik in terme van hulpbronne), kulturele veranderlikes en die onderlinge wisselwerking tussen die drie stelle veranderlikes.

Dus: op kolonisasiefronte word territoriale begrensing waarskynlik geregleer deur:

- Onbeheerde en onbeheerste besetting. Onbetrede of ylbetredesones word deur koloniste as vrye vestigingsgebiede gepersipieer: die wat eerste kom, mag na hulle mening en oortuiging volgens eie vrye keuse op enige terrein vestig.
- As grondregte nie erkenning geniet of afdwingbaar gemaak word nie, of as uiteenlopende menings oor grondregte bestaan, volg die natuurwet van geweld en oorlewing van die sterkste.
- Kolonisasiefrontverskuiwing (en dus "grensverskuiwing") is die gevolg van bevolkingsdruk en/of die aanwesigheid van onbesette terrein waarvoor geen bepaalde staat of regering regspraak het of uitoefen nie. Gewoonlik is die sentrale regering só veraf geleë ten opsigte van die kolonisasiefront dat dit buite die beheervlak van die sentrale regering val.
- Kolonisasiefronte impliseer 'n totale afwesigheid van, of ten beste 'n gebrekkige bestuurs- en beheerinfrastruktuur: Geen polisiemag, geen troepemag en geen regspraak. Wetsgehoorsaamheid is gevolglik moeilik afdwingbaar.
- Botsende staatsideologieë, onassimileerbare etnisiteite, rasverskille, kontrasterende kulturele strukture met kommunikasie probleme as gevolg van taalverskille, godsdiens-, opvoedkundige en ontwikkelingsvlak differensiasies, kontrasterende grondbesit- en grondgebruikpersepsies, is waarskynlik die vernaamste snelleraksies wat tot onafwendbare

en meestal tot gewelddadige konfrontasies lei.

- Waar primêre boerderyaktiwiteite van twee opponerende kolonisasiefrente dieselfde is, word wedersydse aansprake op bestaande natuurlike hulpbronne (grond, water, plantegroei) gemaak.
- Wanneer die sentrale staatsmag wil ingryp en reguleer, het kolonisasiefrentkonflikte reeds sodanig ontwikkel dat vreedsame oplossings bemoeilik en soms haas onmoontlik word. Die uiteinde van fisiese kontak tussen onversoenbare, onassimileerbare groepe lei tot wedersydse plundering, diefstal en uiteindelik tot wapengeweld.
- Grensvasstellings word verder bemoeilik deur verskillende ekonomiese stelsels en ekonomiese persepsies, of die totale gebrek daarvan by een of albei van die twee naderende partye op die kolonisasiefrente. Onderhandelbaarheid oor grondbesetting gaan gewoonlik deur rudimentêre, swak gepersipieerde en onvolledige kapitalistiese beginsels, waarvan geskenktransaksies, ruiltransaksies en onbegronde kooptransaksies die aanvangsfase van die kapitalistiese stelsel verteenwoordig of selfs tipeer.
- Grensvasstellings op kolonisasiefrente is in voortdurende oorgang en beweeg gewoonlik vir 'n onbepaalde tyd en in wisselende tempo's oor 'n sone heen, totdat wedersydse erkenning, eensydige kapitulering of ruimtelike onttrekking tot die afname en uiteindelijke bedaring van konflik aanleiding gee.
- Selfs ná finale grensvasstelling is grensskending nie uitgesluit nie.

In die opvolgende ontleding van die prosesse van vasstelling van die wes-, noord-, en oostelike landgrense van Transkei word dié hipotese aan toetsing onderwerp.

GRENSPATRONE VAN XHOSALAND TOT 1913 MET GEASSOSIEERDE
PROSESSE EN STRATEGIEË:

VRYE SWART KOLONISASIE EN SEMI-NOMADIESE VESTIGING OOR DIE
TERRITORIUM: DIE PRE-1770-PERIODE: (VERGELYK KAARTE 1 TOT 5)

Hierdie periode word onmiskenbaar gekenmerk deur "grensdispute" en "grensverskuiwing" tussen die oorspronklike (voor 1600 n.C.) nomadiesgevestigde inboorlinge, die San (Boesmans) en Gonoqwa, en die suidwaartsbewegende swart groepe, waaronder die Xhosa.

VRYE VESTIGING OOR DIE TERRITORIUM: DIE PRE - 1770 PERIODE

Voor die koms van die swartes in die gebied wat later as Transkei bekend sou word, was dié gebied reeds deur mensgroepe bewoon. Sover as wat vasgestel kon word, het die San (Boesmans) verspreide nomadiese vestigings in die Drakensbergoorspronggebiede en bolope van die Groot Kei- en die Mzimvuburivier gehad, soos wat op Kaarte 1 tot 4 verbeeld word. (Saunders and Derricourt, 1974: 73 - 76).


Geen bepaalde begrensing van die San se territoriums het bestaan nie; hulle was hoofsaaklik 'n "bergvolk" met geen geordende staatsgesag en geen begrensde staatsgebied nie.

San-vestiging het in hierdie onderhawige gebied nog tot in die negentiende eeu geduur, maar hulle het voor die aankomende en verdigtende besetting van die beter georganiseerde swart groepe, met hul pastorale en landboukundige kulture, geleidelik na meer onherbergsame dele van die land uitgewyk.


Die Swart volke, met die mere-gebied van Afrika as "oorsprong" het as gevolg van bloedige stamoorloë, slawehandel en uitgeputte weiveld en landbougrond aldaar, reeds voor die 16de eeu suidwaarts uit Sentraal-Afrika begin beweeg. Twee van die drie hoofgroepe, naamlik die oostelike groep wat as die Nguni bekend geword het, en

VRYE VESTIGING OOR DIE TERRITORIUM: TRANSKEI-GEBIEDE EN CISKEI, 1600 - 1770


Bron: Saunders, C. en Derricourt, R. Beyond the Cape frontier, p. 73-76




Kaart 1: 1600 - 1650



Kaart 2: 1650-1700



Kaart 3: 1700-1750.



Kaart 4: 1750-1770

die sentrale groep van wie die Sotho die bekendste is, het die Limpoporivier in hulle suidwaartse migrasie oorgesteek. (Nel, 1965: 117 - 119).

Die teenwoordigheid van die Suid-Nguni, wat later as die Xhosa, die Tembu en die Pondo identifiseer sou word, is in die gebied wat tans as Transkei bekend is, reeds in 1552 in die omgewing van die Umzimvuburivier (die huidige Port St Johns) en in 1593 sestig kilometer suid, langs die Umtatarivier opgemerk. Dokumentasie is verkry deur skipbreukelinge van die São Jáo en die Santo Alberto (Nel, 1965: 120 - 121). Dokumentasie bestaan ook oor die ylbevolkte voorkoms van swartes in die Basheerivier-omgewing in 1622 ('n verdere 40 kilometer suid van die Umtatarivier en 70 kilometer noord van die Groot-Keirivier) deur oorlewendes van die gestrande skip, die S.Joáo Baptista.

Oorlewendes van die Nederlandse skip, die Stavenisse, wat in die periode 1686 tot 1688 in die "Transkeigebiede" rondgeswerf het, het heelwat gedetailleerde inligting omtrent die swartes in die gebied ten ooste van die Groot-Keirivier en sover noord as Suid-Natal verstrek. (Nel, 1965: 122).

- Net noord van die huidige noordgrens van die huidige Transkei, was die Mbo-stamme gevestig. (Vgl. Kaart 2).
- Noord van die Mzimvuburivier was die Mpondomise; suid van hulle die Thembu (Vgl. Kaarte 2 en 3) en tussen dié twee stamme het die Riligwa, 'n Hottentotstam, gewoon.
- Verder suid is die Xhosa en die Gonaqua aangetref. Die Xhosa was die grootste groep en die wydste versprei. (Vgl. Kaart 2).
- In die bergagtige noordooste was die Boesman aanwesig. (Vgl. Kaart 2).

Die verspreiding van die verskillende groepe het teen 1700 dus

reeds ten dele 'n ruimtelik gedifferensieerde patroon met bepaalde etniese en stamgebied-skeidings begin aanneem.

Hierdie patroon is vir bykans sewe dekades gehandhaaf, behalwe dat dit in geheel suidwaarts beweeg het en 'n "verdigting" van die etniese groeperings op kleinerwordende oppervlaktes tussen 1700 en 1770 tot gevolg gehad het. Die "agterhoede" het die "voorhoede" begin inhaal en ruimtelike druk op laasgenoemde geplaas. (Vgl. Kaarte 2, 3 en 4) (Saunders en Derricourt, 1974: 73 - 76; Nel, 1965: 122 - 123).

Hierdie suidwaartse en weswaartse vertragende kolonisasie van onbesette terrein tussen die jare 1700-1770 met die "opdammingseffek" op die westelike kolonisasiefront moet toegeskryf word aan die naderende blanke kolonisasiefront vanuit die ooste en suidooste. Die voorhoede van hierdie kolonisasiefront was blanke jagters wat reeds in 1702 die onbesette sone en later swakbesette en nog later swartbesette gebiede in die omgewing van die Groot-Visrivier, gevolg deur blanke koloniste met 'n herderskultuur betree het. Teen 1770 was 'n blanke veeboerderykultuur wes van die Groot-Visrivier gevestig. (Vgl. Kaarte 3 en 4).

Samevattend word die besettings- en grenspatrone as volg gestel:

- Die westelike grens van "Xhosaland" was teen 1770 ongedefinieerd en eerder 'n sone as 'n bepaalde fisiografiese grenslyn.
- Die noordgrens was ewe-eens ongedefinieerd: die berglandskap, bewoon deur nomadiese Boesmans, was bepaald nie 'n bewoningsgebied vir die herder- en bestaans- akkerboukultuur van die swarte nie.
- Die oostelike grens van "Xhosaland", ook ongedefinieerd, was 'n besettingsone van die Zulu - die latere Tjaka-ryk - self ook met ongedefinieerde grense.
- Die interne organisasie van ruimte was streng etnies van aard

en onder stambeheer. Ook hierdie grense is vaag en benaderd: Bepaalde opeenvolgende kerngebiede vanaf die wesgrens-sone van Xhosaland was deur die Xhosastam, ongeveer vanaf die Keiskammarivier tot by die Keirivier beset; daarna het die Thembu gevolg, ongeveer tot by die Bashee, oos daarvan die Mpondomise en Mpondo met verskeie tussenliggende groepe, waaronder die Religwa en Gonaqwa. Daarna (dit is noordwaarts) het die Zulu-ryk gevolg.


SOSIO-POLITIEKE EN EKONOMIESE PROSESSE BINNE DIE TERRITORIUM: DIE PRE-1770-PERIODE

Ten einde die polities-geografiese probleme in die ontwikkeling van Transkei tussen 1913 en 1976 in perspektief te plaas is dit nodig om die sosio-politieke en ekonomiese proseskenmerk van die besetters van die onderhawige territorium nou reeds te identifiseer.

Sosio-polities was die swarte ruimtelik, soos reeds hierbo ontleed, in 'n aantal stamme, bestaande uit eksogamiese, patriliniese stamgroepe ("clans" of "sibbes") wat weer uit families bestaan het wat selfonderhoudende eenhede was, georganiseer. (Vgl. Figuur 2.1).

Elke stam het sy eie naam, verbonde aan die stigter of oprigter daarvan, gehad (bv. die Tembu). Elke stam was onafhanklik binne sy eie territoriale gebied. met ten beste, gedeeltelik gedefinieerde ruimtelike grense.

Aan die hoof van die stam was daar 'n hoofman om wie die hele bestaan van die stam gewentel het. Die hoofman het in hom verskeie funksies verenig gehad. Hy was die politieke, regterlike, godsdienstige en ekonomiese leier. By hom was die mag oor lewe of dood gestel. Hy het die land (grondgebied) vir die stam in trust gehou; private besit was onbekend. Binne die stamgrense het almal ewe veel aanspraak op weiding- en landbougrondgebruik gehad; dus,



FIGUUR 2.1 SOSIO-POLITIEKE STRUKTUUR VAN (N) STAMME IN "XHOSALAND, CI770

'n sisteem van gedeelde weiregte. (MacMillan, 1929: 27; Pollock and Agnew, 1963: 73).

Strooptogte en twiste tussen stamme was nie onbekend nie, maar veroweringsveldtogte was geheel-en-al vreemd aan hulle lewenswyse. Met die opkoms van die magtige Zuluryk onder Tjaka en sy militêre regime, begin 'n onkeerbare vloedgolf van geweld waarin een stam die ander in die stryd om selfbehoud en bestaansruimte voor hom uitdryf. Stamme word van hulle territoriale gebiede losgeruk en ten gevolge daarvan stort die een stam-organisasie na die ander ineen; al die stamme in die noordelike "Transkei-gebiede" word in beweging gebring en die voorhoede het nou op die Groot-Visrivier voortgestu. Die proses kan egter nie verder suid-wes as die Groot-Visrivier verloop nie, want die swartes het hier teen die blanke besetting wat reeds ver gevorder het, gestuit. Dit het dus beteken dat hierdie swartes tussen die blanke besetting (wes) en die aanvallende hordes (noord) vasgevang was. Die oorsaak vir die geweldkonfrontasie tussen die swartes en die wittes in die Groot-Visrivieromgewing is dus primêr geleë in die aftakeling van die swarte se sosio-politieke struktuur wat van hom 'n vlugteling gemaak het en wat hom vir selfbehoud, oorlewing en voortbestaan na die assegaai laat gryp het. (Els, 1965: 108). Sulke sosio-politieke en ekonomiese toestande en prosesse is nie bevorderlik vir stabiele grensskeidings tussen naderende, opponerende en verdigtende kolonisasiefronte nie.

Samevattend word dit gestel dat die hoofkomponente van die swarte se sosio-politieke struktuur die volgende is:

- Territoriaal begrensde en gebonde; dominante gesag in die hoofman gesetel; stamgroep ("clan")-georganiseerd; individu het geen inspraak/regspraak in die stamgroepporganisasie nie; kommunale grondbesit.
- In die eerste paar dekades van die jaar 1800 kom dié sosio-politieke strukture onder spanning weens die

Tjaka-omwentelinge vanuit die noord-ooste en die naderende blanke magsdreiging uit die suidweste.

GRENSVASSTELLINGS, GRENSVERSKUIWINGS EN VESTIGINGSTABILISERING OOR DIE TERRITORIUM: DIE PATROONSVERANDERINGFASE: 1770 - 1913:

Die polarisasie tussen naderende kolonisasiefronte was onafwendbaar. Die kontak moes noodwendig tot konflik en botsing lei. Vir meer as 'n eeu sou daar voortdurende patroonsverandering van die territoriums plaasvind. Grensgeskille, grensdispute, grensskending, grensvasstellings, grensverkuiwings met die gepaardgaande gebiedsverliese en gebiedswinste sou 'n onsekere, onstabiele en ploffbare toestand op die wesgrens van Xhosaland skep.

Die witman se boerderysisteem was nie op 'n ko-operatiewe basis nie en sy eksklusiewe eienaarskap van die grond kan nie deur die agtiende-eeuse swartman wat 'n sisteem van gedeelde weiregte gevolg het, verstaan word nie. (Macmillan, 1927: 27).

Maar die redes vir die voortdurende botsings was ook dieperliggend en gesetel in die volksaard, bepaal deur die kultuursoort, van die twee rasse wat in hierdie eens onbesette gebied teenoor mekaar te staan gekom het. Die blanke veeboer het 'n trotse selfstandigheidsin, oordrewe individualisme met 'n streng godsdienstige beskouing gehad: 'n lewensfilosofie met die Bybel en sy Christelike geloof as uitgangspunt, wat as gevolg van sy isolasie nie kontak gehad het met vir hom aan sy volksaard vreemde filosofieë - filantropisme, negrofilisme, naturalisme en liberalisme- van die buiteland nie. (Els, 1965: 110).

Die swarte daarenteen was paganisties met 'n sentripetale geordende lewensuitkyk wat hiërargies bepaal is deur die wet van die natuur (oorlewing van die sterkste) aan die een kant en die tradisionele aan die ander kant. (Els, 1965: 110).

Ten gevolge van die kulturele en godsdienstige verskille was dié

twee groepe dus nie vir mekaar assimileerbare elemente nie. Hierdie teenstellende kulture gee aanleiding tot 'n reeks botsings en oorloë en vanaf 1770 het die Wesgrens van die "Transkei" stelselmatig oor 'n sone van ongeveer 270 kilometer breed, geskuif; soms heen-en-weer met geassosieerde landwins en landverlies.


Hierdie ruimtelike variasie in die "Transkeise" territorium sou oor die volgende eeu-en-'n-half deur 'n reeks van minstens nege grenspatroonveranderinge gaan. Hierdie wesgrens-patroneringe word terstond ondersoek en kartografies (Vgl. Kaarte 5 en 6) en hermeneuties ontleed en verklaar.

Die Groot-Visrivier, die Klein-Visrivier en die Boesmansrivier: 1775:


In 1700 het ylverspreide voorlopers van die Xhosa sowel as ylverspreide blanke trekboere die omgewing van die Gamtoosrivier bereik. Omdat grensvasstelling en grenseerbiediging nie binne die organisatoriese en begripsvermoë van die swartman geval het nie, is alle grensvasstellings deur die blanke regering vanuit Kaapstad geïnisieer en hanteer.

Om die vinnige ekspansie van die trekboere te stuit het die Kaapse Owerheid kort-kort 'n oostelike grenslyn vasgestel en die trekboere wat die grenslyn oorgesteek het, beveel om hulle aan die westekant daarvan te vestig. Die doel met hierdie grense was dus aanvanklik primêr om die blanke territorium te beperk en nie om as grondverdelingslyn tussen twee naderende kolonisasiefronte te dien nie: Die Kaapse Owerheid kon bloot nie sy funksie as owerheid op die verafgeleë en ooswaartstreckende trekboere uitoefen nie. So is die koloniale oosgrens dan telkens verskuif: die Groot-Brakrivier in 1743; die Gamtoosrivier in 1770; Bruyntjieshoogte in 1774. (Hammond-Tooke, 1975: 8).

Inderwaarheid was hierdie grense eintlik "lemietlyne". Die eerste amptelike grens wat veronderstel het om twee "staatsterritoriums" van mekaar te skei, was die Groot-Vis-Boesmansriviergrens



KAART 5: GEBIEDSVERLIESE, 1779-1850



KAART 6: WESGRENSVERSKUIWINGS, 1770-1848

(Vgl. Kaart 6).

- Die Groot-Visrivier: 1780 (Xhosa-verliesgebied: Suurveld): Gedurende 1779 het die Gqunukwebe die Boesmansrivier oorgesteek. Die gebied wat deur hulle "ontruim" is, is deur die Dange en Mbalu beset. Hierdie indringing het wrywing tussen wit en swart veroorsaak. In 1780 word die gebied tussen die Boesmansrivier en die Groot-Visrivier - die Suurveld - deur die Koloniale Owerheid geannekseer en 'n blanke kommando verdryf alle swartes teen Julie 1781 terug oor die Groot-Visrivier. (Nel, 1965: 129). Hierdie grondverlies het met die "goedkeuring" van 'n aantal Xhosa-kapteins plaasgevind.

- "Neutrale Gebied": Tussen die Groot-Vis en Keiskammarivier: 1819:

Vir bykans 40 jaar (1780 - 1819) is die Groot-Visrivier as grens nie eerbiedig nie. Wedersydse grensskendings het voortdurend plaasgevind. Die paaibeleid van die Nederlandse bewind was vrugteloos, die Britse beleid van onderhandeling het misluk, die fortifisering deur die Kaapse bewind langs die Xhosa-wesgrens was ewe-eens onsuksesvol. Tussen 1780 en 1819 vind vyf bloedige grensbotsings op hierdie dubbele kolonisasiefront plaas: 1779-1781; 1789-1793; 1799-1803; 1809-1812 en 1818-1819. (Nel, 1965: 129 -131; Hertslet, 1967: 163).

Die Groot-Visrivier as grens was onsuksesvol. Die Xhosa wou die Suurveld, 'n verliesgebied by die 1780 grensvasstelling, herbeset.

In 'n poging om die dreigende grensbotsing af te weer het die destydse goewerneur aan die Kaap, Lord Charles Somerset, besluit om 'n ander strategie as die onsuksesvolle onderhandelingsbeleid, paaibeleid en magsgeweld te beproef. Hy het die Xhosa-wesgrensgebied (Groot-Visrivieromgewing) persoonlik besoek en Gaika, opperhoof volgens die opvolgingsreg van die westelike Xhosa as stamhoof van alle Xhosa, wes van die Keirivier aangewys.

Juis hierdie strategie van Somerset het die vyfde grensoorlog tot gevolg gehad: Gaika is nie deur die westelike Xhosa as opperhoof erken nie. (Nel, 1965: 131). Die aantasting van die patriliniese stambeheer was primêr en fataal. (Vgl. Figuur 2.1: Sosio-politieke struktuur). Oorlog breek tussen die Ndlambi- en Gaikavolgelinge uit. Gaika, aan die verloorkant, beroep hom op Somerset. 'n Troepemag verdryf Ndlambi tot oor die Keiskammarivier. Somerset besluit om die gebied tussen die Groot-Visrivier en Keiskammarivier tot niemandsland te verklaar. (U.G. 61 van 1955: 6; Vgl. ook Nel, 1965: 131 - 132).

Die grenslyn word 'n landstreek: waarskynlik 'n fatale strategie. Aan weerskante daarvan is 'n herderskultuur wat gesogte weiveld as 'n basiese hulpbron vir rykdom - die beestroppe - beskou.

- Die Keirivier: 1835 (Verliesgebiede: Keiskamma- tot Keirivier):

Tussen 1819 en 1835 het tallose gewettigde en ongemagtigde besetting en insypeling van blankes sowel as swartes in die sogenaamde neutrale gebied plaasgevind.

Blankes het met die owerheid se goedkeuring die niemandsland vanuit die suidweste beset en die gebied tot noord van die huidige Adelaide bewoon; swartes het vanaf die noordooste die Keiskamma oorgesteek, waaronder Makoma (Gaika se seun) wat in 1821 die Katriviergebied beset; Tjali het die Mangazanagebied - die suidoostelike gebied langs die Katrivier - en Botman het aan die westelike oewer van die Tyhumi-rivier gevestig en die Gqunukwe beslaan die suidelike gebied van die neutrale gebied, dit wil sê die westelike oewer van die Keiskamma. (Nel, 1965: 134). Die niemandsland-strategie was 'n mislukking.

Aangesien veediefstalle deur die swartes onrusbarend toegeneem het, is Makoma, Tjali en die res in 1833 uit die neutrale gebied verdryf. Makoma het vir 'n oorlog voorberei en op 21 Desember 1834

het 15 000 Xhosas die Kaapkolonie vir die sesde keer binnegeval (Van der Walt et al., [s.a.]: 180) en verwoesting gesaai tot sover as Algoabaai en Somerset-Oos.


In 1835 het Kolonel Smith, bygestaan deur boerekommando's daarin geslaag om al die vreemde en vyandige elemente oor die Groot-Visrivier terug te dryf. In reaksie op die Britse Owerheid se onvermoë om die Xhosa-wesgrens gestand te doen, het die blanke veeboere 'n vreedsame rebellie begin, naamlik die Groot Trek. (Van der Walt et al., [s.a.]: 180 - 182). Hierdie optrede sou later verreikende implikasies op die wesgrensvasstelling en later ook op die oosgrens van Xhosaland hê. (Vgl. Kaart 7).

Op 10 Mei 1850 is 'n vergadering tussen Kolonel Smith en Hintsa belê en is die gebied tussen die Groot-Visrivier en die Keirivier by die Kaapkolonie ingelyf. (Nel, 1965: 145). Al die swartes in hierdie gebied gevestig, te wete die Rarabe en Hintsa se volgelinge, die Gcaleka, het Britse onderdane geword. Die Keirivier het die wesgrens van Xhosaland gevorm. Die gebied tussen die Groot-Visrivier en die Keiskammarivier is tot die Provinsie van Queen Adelaide verdoop en as 'n provinsie van die Kaapkolonie ingelyf.

Kreli, die opperhoof van die Gcaleka, en opvolger van Hintsa is ook erken as die opperhoof van alle Xhosa ten ooste van die Keirivier, tot aan die Bashee. (Vgl. Kaart 6). Die wesgrens van Xhosaland is noordwaarts verleng, oor die Stormberge tot aan die Kraairivier, 'n sytak van die Oranjerivier. Hierdeur is een van die Thembu-kapteins, Mapassa, en sy volgelinge ook as Britse onderdane ingelyf. (Nel, 1965: 145 - 146).

- Die Keiskamma-, Tyhume- en Klipplaatrivier: 1836.
(Winsgebied: Keirivier tot Keiskamma):

Die Keirivier as wesgrens van Xhosaland was van korte duur, want die Britse Regering het nie die nuwe grens en reëlins goedgekeur nie. Stockenström, die destydse Luitenant-Goewerneur, het in sy



KAART 7: BLANKE KOLONISASIE- EN EMIGRASIEPATRONE, 1652-1835-1910

proklamasie selfs vrye vestiging van Xhosa tussen die Keiskamma- en die Groot-Visrivier gesanksioneer. 'n Verdere toegewing aan Xhosalandgrense. Dié gebied het darem onder Koloniale Regering geressorteer. (Nel, 1965: 146).

- Die Keiskamma-, Tyhume-, Swart-Keirivier, oor die Stormberge en al langs die Kraairivier tot by die sameloop met die Oranjerivier: 1846. (Winsgebied Swart-Kei- tot Kraairivier):

Daar was geen blywende vrede meer aan die Xhosa-wesgrens nie, as gevolg van die dekolonisering van die blanke kolonisasiefront deur die emigrasie van duisende Afrikaners, en die Lord Glenelg-strategie wat onder andere die afskaffing van die blanke kommandostelsel, die erkenning van inboorling soewereiniteit en verdragsluiting van bondgenootskap met sogenaamde soewereine onafhanklike opperhoofde, ingesluit het. (Van der Walt, et al., [s.a.]: 182).

Die Glenelg-strategie moes in 1844 noodgedwonge verander na 'n strategie van militêre besetting van die gebied tussen die Keiskamma- en die Groot-Visrivier deur die Koloniale Regering. Hierdie besetting was in stryd met die vorige ooreenkoms tussen Stockenström en die Xhosa-kapteins. Grenstoestande het verder versleg. In 1846 breek die sewende grensoorlog tussen die westelike Xhosa en die Koloniale Regering uit. 'n Verenigde aanvalsfront is deur die swartes georganiseer, te wete die westelike Xhosa, die Thembu onder Mapassa, en indirek gesteun deur die Gcaleka onder Kreli. (Nel, 1965: 147).

Na 'n hele aantal skermutselinge tussen die Koloniale troepe en die invallers, het die swartes wes van die Keirivier besluit om Britse gesag te aanvaar. Die Xhosagrens het weereens verskuif. (1847):

- Die gebied ten weste van die Swart-Keirivier en die Groot-Keirivier is deur die Kaapse Regering geannekseer.

(Vgl. Kaart 6).

- Die gebied tussen die Keiskamma- en die Groot-Visrivier is by die Kolonie ingelyf en tot Victoria herdoop.
- Die gebied tussen die Keiskamma- en die Keirivier is onder Kroonregering geplaas en het die naam Brits-Kaffraria gekry. (Nel, 1965: 148).

Op 17 Desember 1847 is die nuwe wesgrens van die Xhosa (en dus die oosgrens van die Kaapkolonie) geproklameer wat geloop het langs die Keiskamma-, die Tyhume-, die Swart-Kei, noord oor die Stormberg, al langs die Kraairivier tot by die sameloop met die Oranjerivier. (Van der Walt et al., [s.a.]: 183). (Vgl. Kaart 6).

In 1848 is die grenslyn ten noorde van die Stormberge ook tot by die Wilgespruit in die noordooste en die Drakensberge in die ooste verskuif, wat beteken het dat die gebied tussen die Kraairivier en die Wilgespruit 'n verdere verlies vir Xhosaland beteken het. (Vgl. Kaart 6).


- Territoriale Verliese 1779 - 1850 - 'n Sintese:

Op hierdie stadium van die rekonstruksie van die wesgrensmigrasie van Xhosaland, en vóór die ontstaan van die amptelike benaming, Transkei in 1852 (Nel, 1965: 150), is dit nodig om 'n sintese te gee van die progressiewe verkleining van die territorium.

Die ooswaartse "migrasie" van die Xhosalandse wesgrens word visueel voorgestel in Kaart 8. Hierdie kartografiese sintese benodig geen verwoording nie.

- Vestiging oor die territorium: Die 1770 - 1820 periode:

Op dié stadium van die ruimtelike rekonstruksie van die ontwikkeling van die Xhosa-territorium, is dit ook van pas en nodig



KAART 8: DIE SWART VESTIGINGSPROSES -'N SINTESE

om die hoofmomente van die swart vestigingspatrone tussen 1770 tot ongeveer 1820 na te gaan.

Byna 'n halfeeue van gedeeltelik gereguleerde (deur oorloë en blanke beïnvloedende besluitneming) swart besettingspatrone word in kaarte 9 en 10 vir die periode 1770 - 1779 en 1779 - 1820 aangedui:

- Wes van die Kei het die Rarabe as hoofstam geleidelik gevestig geraak en selfs gebiede noordoos van die Groot-Visrivier bewoon.
- Die Gcaleka (onder Kreli) het oos van die Kei gevestig, gevolg deur die Thembo noord en oos van hulle en die Gonaqua het die terrein in die omgewing van die Umzimvuburivier beset.

Voortdurende grensprobleme en grensoorloë het tot 1820 en daarna tot ongeveer 1850 'n vloeibaarheid in vestigingsordening en besettingspatrone veroorsaak weens vlugtelingte voor blanke oorlogsgeweld en hervestiging-strategieë deur die Kaapse Koloniale Bewind geïnisieer. Soos wat later ontleed sal word, het 'n meer permanente besettingspatroon in die Transkei ná 1853 tot stand gekom en het die verskillende stamme min of meer permanente territoriums begin bewoon. Bevolkingsvloei het feitlik geheel tot stilstand gekom.

- Die wesgrens van Transkei - die Groot-Keirivier, 1852 en finale verliese, 1853 en 1857, en stabilisering tot 1913:

Gedurende die periode c 1850 - 1853 neem die Transkeise oosgrens semi-permanente ruimtelike dimensies aan wat tot 1976 byna onveranderd sou bly. Dit impliseer egter nie dat aanvanklik voortdurende en later sporadiese grensskendings of grensdispute nie sou plaas vind nie.


Die grenslyn, soos vasgestel op 17 Desember 1847 (Vgl. Kaart 6 en omskrywing hierbo), was om drie besondere redes onsuksesvol:

- Die swartes wes van die Keirivier kon hulle nie vereenselwig


GEDEELTELIK-GEREGULEERDE VESTIGING : 1770-1819

VERSPREIDING VAN BEVOLKING IN TRANSKEI-GEBIEDE EN CISKEI

Bron: Saunders, S. en Derricourt, R. Beyond the Cape frontier, p. 77-78



Kaart 9: 1770-1779



Kaart 10: 1779-1819

met die Britse anneksasie van 'n gedeelte van hulle territorium nie.

- Die inkorting en versteuring van die swarte se sosio-politieke magte - Xhosakapteins (stamhoofde) se magte is aan bande gelê deur die Britse en Koloniale Owerhede - het groot ontevredenheid veroorsaak.
- Daar het in 1850 'n teisterende droogte oor die oostelike grensgebiede geheers wat die swartes genoop het om weiveld vir hulle beestroppe te soek. (Nel, 1965: 149).

Hierdie faktore het die dwingende behoefte by die swarte geskep om die wittes weer weswaarts te verdryf en in 1850 word die Kolonie deur hulle binnegeval - 'n strategie van wapengeweld.

- Gebiedsverlies: Glen Grey 1853:

Die Koloniale Owerheid het tot offensief oorgegaan. Kreli, die Gcaleka - stamhoof en direk ten ooste van die Keirivier gevestig (Vgl. Kaart 10) het aktief aan die swart inval deelgeneem. Koloniale strafekspedisies is gevolglik ook oor die Keirivier binne sy gebied gestuur. Kreli het teen 1853 besef dat sy inval in die Kolonie misluk het en het om vrede gevra. Die Koloniale Owerheid het tot vrede ingestem op voorwaarde dat die Keirivier en die Indwerivier as westelike grens van Xhosaland aanvaar en eerbiedig word. 'n Paar duisend Mfengu is uit Gcalekaland weswaarts na die Peddie-distrik verskuif. (Nel, 1965: 149).

Ander verskuiwings vanuit Xhosaland - oos van die Keirivier - het ook gevolg:

- Die Thembu onder Nonesi, wes van die Indwerivier is in Glen Grey, oos van die Indwerivier hervestig;
- Mapassa wat in die oorlog gesneuwel het, se gebied is verbeurd verklaar en sy oorblywende volgelingen moes ook na Glen Grey verhuis.

Na oorgawe van die Xhosa ten weste van die Keirivier is daar weer grondgebied in Brits-Kaffraria toegestaan. Direk ten weste van die Keirivier en suid van die Thomasrivier is Sandile en Ngqika, twee Xhosa stamhoofde en hulle volgelinge gevestig. (Nel, 1965: 149 - 150).


Die benaming, Transkei, het in 1852 ontstaan toe die gebied, wat ten ooste van die Keirivier tot aan die Basheerivier strek, amptelik so genoem is. Vir die eerste keer kan dit gestel word dat die wesgrens van die Transkei dieselfde grenslyn is as die oosgrens van die Kaapkolonie.

- Gebiedsverlies: Herschel, 1857: (Vgl. Kaart 11):

Na die Xhosa-selfmoord van 1857 is groot dele van Brits-Kaffraria vir wit nedersetting oopgestel. In die noord-oostelike deel van die Kolonie is die grenslyn vanaf die Kraairivier tot aan die Telierivier verskuif. Op hierdie wyse het die Witteberg-reservaat, die huidige Herscheldistrik, deel van die Kaapkolonie geword. In 1865 is Brits-Kaffraria ook by die Kolonie ingelyf wat dus 'n einde aan Brittanje se direkte beheer oor dié gebied sedert 1847 gemaak het. (Nel, 1965: 152).

BINNE-TERRITORIALE STAM- EN ETNIESE VESTIGINGS- EN POLITIEKE STRUKTURELE PATRONE IN TRANSKEI: c.1870 - 1913:

Die periode 1600 - 1770 en 1770 - 1819 van ongestadigde, skuiwende, vloeibare en ruimtelike moeilikafbakenbare stamvestigings oor die hele kontakzone vanaf die Groot-Visrivier tot aan die Groot-Keirivier is by twee geleenthede hierbo reeds beskryf. Hierdie genoemde ontleding het vir die hele sone waaroor die Xhosa wesgrens geskuif het, gegeld. Verdere ontleding hiervan in die kontakzone, is irrelevant na 1853/'57 omdat die Transkei se oosgrens gestabiliseer het.



KAART II: DIE TWEË VOORLAASTE EN FINALE WESGRENSVASSTELLING, 1852-1853-1857

Die klem verskuif dus nou na die binneterritoriale stam- en etniese vestiging. Naas grense en politieke strukture, is die bevolkingskomponent en meer in besonder die etniese- en stamsamestelling daarvan in ruimtelike perspektief van kardinale belang in die rekonstruksie van polities-geografiese ontwikkeling binne 'n begrensde gebied.

STAMVERSPREIDING IN TRANSKEI: C.1872 - 1880:


(Informele ruimtelike organisasie met informele grense.)

Skerpgebakende grense tussen etniese en stamstelsels het nie bestaan nie, daarom is die territoriale gebiedsbepaling soos op Kaart 12 gerekonstrueer, slegs benaderd.


Die beleid van geen inmenging deur die Kaapse Owerheid in die gebied en gebeure oos van die Groot-Keirivier het tot 1877 voortgeduur.

Die Gcaleka bevolking onder Kreli het aansienlik toegeneem en daarmee saam die druk vir meer grondgebied. Al uitweg was dus gewelddadige uitbreiding in die rigting van die ylbevolkte Mfengugebied wat oorspronklik wel aan die Gcaleka behoort het. Die stryd het in 1877 ontvlam. (Brownlee, 1923: 10 - 11).

Die Kaapse Owerheid, wat moreel verplig was om die Mfengu te beskerm (weens gedwonge vestiging in die gebied) het 'n troepemag na die gebied oos van die Groot-Keirivier gestuur en Kreli en sy volgelinge oor die Basheerivier verdryf. Hierdie Koloniale inmenging en Kreli se nederlaag het die gemoedere onder die westelike Xhosa van Sandili laat opvlam en hulle het die wapens teen die Owerheid opgeneem. Na verskeie skermutselings is die Nggika onder Sandili en die Gcaleka onder Kreli wat intussen weer die Basheerivier weswaarts oorgesteek het in 1878 by Kentani verpletterend verslaan. (Vir ligging van Kentani en andere kyk Kaart 13.) Die oorblywende Gcaleka het oor die Basheerivier gevlug



KAART 12: VERSPREIDING VAN STAMME IN TRANSKEI-GEBIEDE, c 1872-1880 EN BINNE-TERRITORIALE BOTSINGS. (Informele ruimtelike organisasie en informele grense).



KAART 13: DIE TRANSKEI-GEBIEDE: POLITIEKE VERDELINGS 1880'S
(Informeel ruimtelike stamorganisasies maar met formele grense)

en herberg onder die Mpondo en Mpondomise verkry. (Nel, 1956: 156).

Buite-territoriale politieke strukture en blanke dominerende besluitneming het dus reeds in 1878 'n rol in die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei begin speel. Alhoewel gebiedskeiding deur 'n besliste grenslyn, die Groot-Keirivier, afgebaken was, het Britse en Koloniale politiekery geen momentum verloor nie en oor die grensmigrasiesone van meer as 'n eeu, oorgespoel en tot inmenging in Transkei se stambeheer en stamstelsels oorgegaan. 'n Sprekende bewys vir hierdie stelling is die volgende:

Die Kaapse Owerheid - 'n dominante politieke struktuur, gerugsteun deur die staatsmag van 'n oorsese Britse moondheid en deur 'n eie Kaapse militêre organisasie, het ná die verowering beslag op Kreli se grondgebied gelê. Die gebied is in twee distrikte verdeel, te wete Kentani en Willowvale. (Kyk Kaart 13). Ongeveer 8 000 lojale Ngqika is in die Kentani-distrik gevestig. In Willowvale-distrik is 'n aantal lojale Gcalekas gevestig. In 1879 is 'n klompie Gcaleka-vlugtelinge toegelaat om terug te keer en is hulle tussen die Qorarivier en Shizenirivier, ook in die Willowvale-distrik, geplaas. (Nel, 1965: 157).

Blanke politieke penetrasie in die Transkei sou met hierdie eerste intrede in 1879 in krag en momentum tot en met 1913 progressief toeneem, soos wat later ontleed word.

Die Gcaleka bevind hulle dus in 1880 min of meer tussen die Groot-Keirivier, die Basheerivier, die Indiese Oseaan en die Mfengu (Fingo) in die noordweste, vasgedruk in die Kentani en Willowvale-distrikte. Laasgenoemde is skeppinge van die Kaapse Owerheid. Die Gcalekaterritorium is deur die vestiging van die blank-lojale Ngqika en Mfengu verklein.

Die Mfengu, oorblyfsels van onder andere die Bele- en Zizistam wat

in die vlug van die Ngwana voor die herhaalde aanvalle (1819 en 1821) van Tjaka, verpletter is, het suidwaarts uitgewyk na Gcaleka-land en later in 1835 in Peddie vlugtelingsherberg (asiel) verkry. (The Republic of Transkei, 1976: 37 - 39). Die Kaapse Owerheid het in 1865 nagenoeg 40 000 Mfengu uit die oorbevolkte Peddie-distrik in die tussengeleë onbewoonde gebied tussen die Gcaleka en die Thembu in Transkei as 'n buffer tussen laasgenoemde twee vyandige stamme gevestig. Dié gebied het later as Fingoland bekend geword. (Saunders and Derricourt, 1974: 121).

Die Thembu het voor die suidwaartsbewegende en magtige Bhacastam geswig en hulle in die huidige distrikte van Zalanga en Glen Grey gevestig. (Soga, 1930: 449; Vgl. ook Nel, 1965: 142). Saam met die Mfengu en die Gcaleka het hulle dus die mees westelike terrein van Transkei - tussen die Groot-Kei- en die Umtatarivier beset.

Die Mpondo onder Faku was voor 1820 reeds gevestig tussen die Umtata- en die Umtamvunarivier, latere deel van die noordgrens van die Transkei.

Faku het die Xesibe, wat in 1820 skuiling by hom kom soek het in hulle voortvlugting voor die Tjaka-verskrikking in Natal, in die gebied tussen die huidige Kokstad en die Umzimvuburivier geplaas. (Vgl. Kaart 12 en Kaart 13 vir lokalisering van Xesibe-land).

Hulle was vasale van die Mpondo. Die Xesibe het egter mettertyd verstrooi geraak. Onderlinge geskille het veroorsaak dat groepe afgeskilfer het: sommiges het via Basoetoeland as vasale in Temboeland geland, ander het ná die dood van Tjaka na Natal teruggekeer (\pm 1825), terwyl die Xesibe onder Mgubudzeli na 'n gebied tussen die Bashee- en die Umtatarivier migreer het. (Brownlee, 1923: 42 - 43). Die Xesibe wat in Pondoland agtergebly het, is tans in die Mount Ayliff-distrik en 'n gedeelte van Mount Frere-distrik woonagtig. Al was hulle vasale van Faku, het hulle hul identiteit behou.

Die Bhaca onder Madzikane het ook weens die Tjaka-ekspansie 'n veilige tuiste gesoek, (Hammond - Tooke, 1962: 4 - 5) en na vele swerftogte deur Transkei en Basoetoeland eindelijk 'n tuiste tussen die Roderivier en die Mganuberge gekry. Madzikane is omstreeks 1826 deur die Thembu vermoor. Sy seun, Ncapayi, het hom opgevolg. Hy het daarin geslaag om baie van die vlugtelinge uit Natal om hom te skaar. Die Bhaca het tot 'n magtige stam ontwikkel. Na Ncapayi se dood het die Bhaca-eenheid verbrokkel: sy seuns het die ryk verdeel en verstrooi geraak. Hulle het egter weer in die distrik van Mount Frere 'n permanente tuiste gevind. Die grense van dié distrik was in 1872 deur die Griffiths-Ayliff-Grant Kommissie neergelê. In die suidweste van dié gebied is enklaves van Zizi, Mpondomisse, Xesibe en Hlubi, maar afgesien hiervan word die hele distrik slegs deur Bhaca beset. (Hammond - Tooke, 1962: 6 - 8). (Vgl. Kaart 12).

Die Hlubi onder Mehloakulu het die Herschel-gebied beset. Hulle nakomelinge word tans nog in dié gebied en ook in die distrik van Mount Frere aangetref. (Soga, 1930: 420).

Blankes is in klein getalle in Transkei gevestig; die belangrikste poging tot blanke vestiging was die koms van 'n aantal Skotse immigrante wat in die Butterworth-dorpsmeent ingevolge Akte 33 van 1879 gevestig is. (Nel, 1965: 158). Die doel hiermee was weer om 'n buffer tussen die Mfengu en die Gcaleka te skep.

Teen 1880 het die politieke verdeling van Transkei geleidelik gevestigde grense begin aanneem en is die vestiging van stamme en etniese groepe redelik sterk georden. Die vestigingspatroon word in Kaart 13 verbeeld.

Samevattend word dit gestel dat 'n mengsel van baie sterk tot redelik swak stambeheer en stamstelsels teen 1880 in Transkei aangetref word. Die stamstelsels was in enkele gevalle nie meer so sterk in die tradisionele patriliniese gevestig nie, daarvoor

het te veel aftakeling plaasgevind weens die verbrokkeling van stameenheid van voortvlugtiges voor die Tjaka-terreur en die geleidelike indringing van blanke politieke strukture en substrukture deur die Kaapse Owerheid geïnisieer. Die groot diversiteit van stamme en stamoorblyfsels het uiteraard die moontlikheid van interne swart territoriale beheer oor Transkei as 'n gekonsolideerde staat in die laaste paar dekades van die negentiende eeu bemoeilik, indien nie onmoontlik gemaak nie. So 'n diversiteit van die bevolkingskomponent het egter die penetrasie van eksterne gesagsliggame en gesagstrukture deur 'n eksterne dominante groep vergemaklik.

Retrospektief gesien moet die hipotese oor die plastisiteit van grense en grensvasstellings op kolonisasiefronte in al sy fasette aanvaar word, wanneer die Transkei-wesgrens as empiriese navorsingsterrein gebruik word.

POLITIEKE PENETRASIE DEUR 'N EKSTERNE DOMINANTE GROEP IN DIE RUIMTELIKE ORDENING EN IN DIE SKEPPING VAN POLITIEKE BESTUURSTRUKTURE IN TRANSKEI: C.1870 - 1913:

Die analise van grensverskuiwings binne 'n sone van bykans 200 kilometer wyd, in 'n bestek van 100 jaar en oor 'n gebied (territorium) met heterogene ras, etniese en kulturele samestellings, noop die navorser om 'n verdere hipotese te formuleer wat prognosties en waarskynlik algemeen geldend ook vir die Transkei, 1870 tot 1913 sal wees.

Voorafgaande geval word gekenmerk deur die onstabiliteit van politieke-strukture, sowel as die onsuksesvolheid in die implementering daarvan. Die ontleding van stamverspreiding in Transkei, 1872 tot 1880, het ook bewys dat 'n baie sterk tot redelik swak sosio-politieke stelsel onder die talle verskillende stamgroepe nog in swang was.

Die eerste aanduidings dat 'n soortgelyke of gelykluidende politieke-geografiese lot die Transkei, as wat die geval in die

gebied tussen die Groot-Visrivier en die Groot-Keirivier tot 1853 was, sal tref, word reeds uit die Gcaleka-Mfengu-stryd in 1877 opgemerk: 'n Eksterne politieke akteur, die Kaapse Owerheid, het met wapengeweld ingemeng; die territoriale wesgrens van Transkei geskend, sowel as die stamgrense en stamgebiede binne die Transkei geweld aangedoen; vanuit die dominante posisie van oorwinnaar, polities-geografiese voorskrifte en bestuursliggame afgedwing, en hervestiging en vestiging van inboorlinge geforseer.

DIE VERWAGTE POLITIES-GEOGRAFIESE ONTWIKKELING VAN TRANSKEI TOT 1913: TWEE HIPOTEESES:

- Hipotese 2:
- Dit is te wagte dat die polities-geografiese sisteem van die dominante eksterne akteurs sonder die uitwissing van die polities-geografiese sisteme van die interne akteurs - die onderhoriges - oor laasgenoemde gesuperponeer gaan word.
- Dit is dan ook te wagte dat twee onversoenbare politieke stelsels, die een 'n demokratiese bloudruk van 'n ontwikkelde Europese supermoondheid in die noordelike halfmond en die ander 'n tradisionele patriliniese sosio-politieke stelsel van 'n laagontwikkelde inheemse inboorling-stambeheer aan die suidpunt van die donker kontinent dan gelyktydig oor dieselfde territorium tot stand sal kom en vir 'n onvoorsiene periode so dualisties sal voortbestaan. Die een "wettiglik" en die ander "onwettiglik".
- Die dominante eksterne en interne politieke beheerstrukture sal waarskynlik 'n reorganisasie van ruimte in administratiewe "blokke" (distrikte) tot gevolg hê wat nie noodwendig met die inheemse onderhorige territoriale stamruimtes ooreen sal stem nie, alhoewel alle voorsorg getref sal word om afwykings daarvan uit te skakel.
- Om die dominante staatsisteem te vestig en gedwonge afswering

van die tradisionele en onderhorige staatsisteesem te verseker, sal anneksasie, inlywing en oorname waarskynlik die logiese strategieë wees.


- Twee totaal onversoerbare stelsels werk kontraproduktief op politieke ontwikkeling en resulteer ten beste in vertraging in die ontwikkeling van albei. Perspektuele aanpassings moet voortdurend deur volgelinge van die onderhorige stelsel gemaak word - dit is 'n tydsame proses en sukses deur die dominante groep kan slegs geskied deur opleiding, opvoeding en/of kondisionering. Om gevestigde tradisies by inboorling-bevolkings uit te wis is in elk geval 'n mite.

Hierdie vyftal sub-hipoteses kan samevattend as volg gestel word: "Dit wil voorkom dat Transkei tot 'n tipiese Derde-Wêreld politieke model gaan ontwikkel waarin 'n aantal stamme en stamgroepe saamgevoeg gaan word binne een administratief-georganiseerde en administratief-gekonsolideerde gebied met 'n moontlike eiesoortige, ontwikkelende staatstelsel." (Vgl. onder andere Kaart 12 - Informele ruimtelike organisasie en informele grense; Kaart 13.- Informele ruimtelike stamorganisasies, maar met formele grense; Kaart 14 - Formele ruimtelike organisasie onder magistrate met formele magistraatsgrense, bekend as magistraatsdistrikte.)

- Hipotese 3:

Die derde hipotese stel die waarskynlike volgorde waarin stamgebiede voor eksterne politieke penetrasie van dominante politieke bestuurstelsels, of opsies ten opsigte van alternatiewe politieke strukture sal swig:

- a) Die eerstes (politiek-geografiese gebiede) wat waarskynlik besal sal gee, of selfs op eie aanvraag onder die dominante staatstelsel sou ressorteer, sal waarskynlik die volgende kenmerke openbaar of die volgende politieke bestuursattribute vertoon:



KAART 14: EERSTE DISTRIKSVERDELING IN DIE SWART GEBIEDE OOS VAN DIE GROOT-KEIRIVIER, 1878. (Formele ruimtelike organisasie onder magistratate met formele distriksgranse)

- dié sonder 'n sterk ontwikkelde stamgevoel, en/of met die swakste ontwikkelde stamstelsel, en/of met 'n totale gebrek daaraan;
 - dié groepe wat die grootste lojaliteit teenoor die dominante staats- en politieke beheer openbaar;
 - daardie territorium/gebied wat die mees heterogene bevolkingsamestelling vertoon.
- b) Die tweede groep sal waarskynlik daardie wees waarin die blanke 'n sterk faktor sou wees, en/of waar sprei-effekte van vreemdsortige politieke indringing en oornames maklik sou kon geskied en 'n bedreiging vir die bestaande dominante akteurs kon word.
- c) Die voorlaaste groep mag waarskynlik daardie staatsgroepe wees wat wel 'n sterk ontwikkelde stamstelsel het, maar wat arrogante opstokers, aanhitters en magsugtiges is en wapengeweld uitlok en wat dan deur die dominante groep deur middel van magsgeweld oorrompel en/of deur oorlogverliese gedwing sou word om bes te gee.
- d) Stamgebiede wat heel laaste, en indien wel, sal toegee tot inlywing of kapitulasie voor die aanslag van 'n eksterne dominante staatstelsel, behoort daardie te wees met die mees stabiele en die sterkste ontwikkelde tradisionele gefundeerde en trotse patriliniese stambeheer.

Hierdie hipotese word as volg gekondenseer:

"Hiërargiese weerstandsvlakke wat ten nouste verbonde is aan die graad van tradisionalisme en gebondenheid aan stamgroepstelsels en kultuur, sal in die toegewing aan en oorname van dominante staatstelsels voorkom."

HERORGANISASIE VAN POLITIEKE STRUKTURE EN POLITIEKE RUIMTES VAN TRANSKEI TOT 1913:

Die tydvak 1877 - 1913 in die politieke ontwikkeling van Transkei behoort in die annale van die geskiedenis bekend te staan as dié waarin talle strategieë deur die Kaapse Owerheid gevolg was om ruimtelike orde in die gebied oos van die Groot-Keirivier te verkry. Die uitdaging waarvoor die Kaapse Owerheid te staan gekom het, was om 'n byna twintigtal onassimileerbare stamgroepe in ruimtelike en politieke harmonie binne een gebied te snoer.

Soos reeds genoem, was die eerste eksterne politieke indringing deur die Koloniale Owerheid in die Transkei, die Gcaleka-Mfengu-geval van 1877. Toe reeds het die eerste basiese verandering in Transkei se polities-geografiese orde sigbaar geword: die verdrywing van 'n stam deur magsgeweld; die ontwrigting van 'n ander ten gevolge van die destabiliserende effek van vlugtelingsherberg; die hervestiging van "lojale" onderhoriges; die uitruiling van gebiede om konsolidasie te vergemaklik; die instelling van die konsep, 'distrikte', onder die beheer van 'n magistraat (Kyk Kaart 14). Laasgenoemde is 'n beheerstelsel wat aan inboorlinge totaal onbekend is. (Kontrasteer met Figuur 2.1: Sosio-politieke struktuur van stamme in "Xhosaland").

Op hierdie stadium van die ontleding en beoogde ontleding is dit nodig om die politieke beheerstrukture van Transkei na te gaan.

Politieke beheerstruktuur oor Transkei, 1872:

Op 28 November 1872 is Verantwoordelike Bestuur in die Kaapkolonie ingestel. Met die aanvaarding van "The Constitution Ordinance Amendment Act, 1872" is die Britse kabinetstelsel van uitvoerende gesag ingevoer en het die Kaapkolonie dus volkome koloniale selfregering verkry. (Nieuwoudt, et al., 1981: 69).


Die gedagte van afsonderlike ontwikkeling het prakties na 1870 beslag gekry in die Transkei. Die Transkei is nie by die Kaapkolonie ingelyf nie, maar as 'n outonome gebied beskou. Wette van die Kolonie was byvoorbeeld nie daar van toepassing tensy uitdruklik so bepaal is nie. (Nieuwoudt, et al., 1981: 235).

Figuur 2.2 is 'n breë modellering van die eksterne en interne gesagstrukture van Transkei, 1878. (Die diagram is selfverklarend en word later in die teks in die logiese rasioneel by gevolgtrekkings betrek). Op hierdie stadium is dit vir later analise insiggewend om daarop te let dat die Stambeheerstelsel (Vgl. figuur 2.1) geleidelik gedereguleer is vanaf 'n Dominante Sisteem voor die begrensing van Transkei, tot 'n Onderhorige Subsisteem wat onder die "plaaslike bevolking" ressorteer: die plaaslike bevolking, w.o. stam en stamgroep, word distriksgewyse onderhorig aan 'n goewerneur-aangestelde hoof-magistraat en magistrate (Engelsprekende onderdane) uit die Kaapkolonie. Dit impliseer 'n totale regering van inboorling-selfbeskikking onder 'n politieke stelsel wat eintlik partisie as strategie verkondig het.


Politieke ruimtelike ordeningspatrone oor Transkei na 1872:
(Eksterne polities-geografiese penetrasie):

Sewe jaar na die Transkei as 'n outonome gebied deur die Britse imperiale gesag via die Verteenwoordigende Bestuur-stelsel soos in die Kaapkolonie ingestel, beskou is (1872), het Griekwaland-oos en Fingoland (in 1879) deur inlywing deel van die Kolonie geword. (Kaart 15).

- Ongeveer elf jaar daarna het Butterworth (Gouwa) en Port St Johns gevolg (Kaart 16),
- dertien jaar daarna Gcalekaland en Temboland (Kaart 17).
- veertien jaar daarna Mt Ayliff (Maxesibeni - Kaart 18) en
- twee-en-twintig jaar daarna Pondoland (Kaart 19). (Vir totale sintese kyk Kaart 21).



Figuur 2.2: Politieke struktuur van Transkei; 1872 - 1894 met eksterne en interne akteurs. In 1894 word die Bunga deur die Glen-Grey-wet ingestel. (Word later, wanneer dit relevant word, in besonderhede gestruktureer).



KAART 15: ANNEKSASIES IN 1879 EN VERLIESGEBIEDE UIT GRIEKWALAND-OOS

In 1894, nadat die laaste inboorlingstamgroep in die Koloniale bestuur opgeneem is, is 'n nuwe gewysigde bestuurbestel, by name die Glen Grey-wet, deur die eksterne politieke akteurs, vir Transkei ingestel. (Word later, wanneer dit chronologies pas, geanaliseer).

Bogenoemde opeenvolging van ruimtelike ordeningspatrone word nou in 'n weinig meer besonderhede ontleed, om onder andere die laasgenoemde twee hipoteses aan toetsing bloot te stel.


ONDERSOEK VAN HIPOTESE 3(A): (GEBIEDE SOOS AANGETOON OP KAART 15):

Die heterogeniteit van die inboorlingsamestelling (Basuto, Kwena, Hlubu, Tlokwa, Griqwa, Bhaca, oorblyfsels van die Khoi - Vergelyk Kaart 12 - in 'n uiters gebroke berglandskap waar beheer moeilik is en hegte stamontwikkeling belemmer is) en die "losse tradisionalisme" van stambeheer en stamgroep - of sibbe-beheer, word terstond ondersoek. 'n Loodsopname van historiese feite het Griekwaland-oos en Fingoland (laasgenoemde ook 'n konglomeraat van bevolkingsamestelling, waaronder Mfengu - voortvluggende hervestigde oorblyfsels van die Bele - en Zizistamme - Vergelyk Kaart 13 en Figuur 2.3) as territoriums waar heterogeniteit 'n heersende praktyk of ontwikkelende praktyk was, uitgewys.

Griekwaland-Oos (Ingelyf: 1879 - Kyk Kaart 15 en Figuur 2.3):

Sover terug as 1844 is Faku, die opperhoof van die Mpondo, deur die Maitlandverdrag aangestel om as hoof oor die totale gebied tussen die Umtatarivier in die weste, die Umzimkulurivier in die ooste, die Drakensberge in die noorde en die Indiese Oseaan in die suide te heers. Dit het hom in beheer geplaas van minstens sewe ander onafhanklike stamme en talle ander stamgroepe (sibbes).

Om wet en orde oor so 'n groot gebied (wat die latere Griekwaland-Oos sowel as Pondoland sou insluit) met so 'n verskeidenheid van stamme en stamgroepe te handhaaf, het hy nie



Figuur 2.3: Griekwaland-oos: Bevolkingsamestelling, distriksverdeling, datums van eerste magistrats-beheer. (Let op na die buitengewoon heterogeniteit van die stamgroepsamestellings (>16); Oorblyfsels van vorige stamgroepe in lokasies (6); in drie distrikte geen Blankes; in nog drie omtrent geen Blankes nie; en die orige twee waar Blankes oorwegend was, het later deel van die Blanke Kaapkolonie geword). (Bronne: Brownlee, 1923: 59 - 61 en 127; Nel, 1965: 176 - 193; U.G. 22 van 1916, Aanhangesel XI: 25)

voor kans gesien nie. Trouens Faku het volgens die tradisionele swart stambeheerstelsel seggenskap oor slegs sy eie mense wat in die omgewing van die laer lope van die Umtata- en Umzimvuburivier en na aan die kus gewoon het (die latere Pondoland) gehad. Nadat hy skadevergoeding moes betaal vir vee wat in 1850 deur 'n aantal Boesmans in Natal gesteel is, het Faku geweier om verder gesag oor die noordwestelike gebied (latere Griekwaland-Oos) te voer.

In 1861 is Sir Walter Currie na die streek tussen die Umtatariviër en die Umzimkukurivier gestuur om ondersoek na 'n moontlike plek vir vestiging vir die "hawelose" Griekwas in te stel. Tydens hierdie ondersoek het Faku hom versoek om die sogenaamde "Niemandslan" onder Kaapse jurisdiksie te plaas, aangesien hy nie meer kans gesien het om die vreemde bevolkingselemente in bedwang te hou nie.

Die strategie van dominante swart beheer binne die swart onderhorige sisteem het klaaglik misluk. Beheer is toe "voorlopig" na die betrokke stamkapteins in dié gebied oorgedra. Weens die relatiewe onsuksesvolheid daarvan het die Kaapse Owerheid sedert 1876 stelselmatig dié gebied in distrikte begin opdeel, onder magistraatsbestuur geplaas en ruimtelike orde binne elke distrik afgedwing.

Die enigste oplossing om effektiewe beheer oor die swart onderhorige subsysteme suksesvol te ontwikkel, was om die bestuur, beheer en gemeenskaps- en ruimtelike ordening van dié subsysteme deur 'n eksterne blanke dominante sisteem van buite die tradisionele gemeenskap te laat organiseer en dit op die swart territorium te superponeer.

Die heterogeniteit van die gebied waaroor Faku sedert 1844 beheer moes uitoefen, het in die volgende drie dekades vermeerder en verdiep en word in Figuur 2.3 skematies voorgestel. Die bestuur en beheer oor hierdie gebied het dus toenemend moeiliker geword. Bevolkingsheterogeniteit is nog verder deur die Kaapse Owerheid

gekompliseer deurdat 4143 km² (1600 vk myl) vir blanke nedersetting in die distrikte Matatiele, Qumbu en Tsolo gereserveer was. Die plan is slegs ten opsigte van Matatiele ten uitvoer gebring en blanke en lojale swartes is daar gevestig. Die beplande wit korridor vanaf Maclear tot in die Umzimkuludistrik is later laat vaar.

Sonder om verder in gedetailleerde historiese verwoording te verval, is Figuur 2.3 en Kaart 15 uit die geskiedkundige data saamgestel.

Om die eerste deel van hipotese drie aan toetsing te onderwerp, word enkele uitstaande kenmerke van die bevolking- en ruimtelike samestelling geïdentifiseer en kommentaar oor die graadsterkte van tradisionele stambestuur in Griekwaland-Oos gelewer. Die krag van die tradisionele stamstelsels het einde ten laaste só verwater en só 'n warboel van bestuurs- en beheerstelsels oor 'n veelheid van versnipperde en relatief kleinerwordende stamgebiede gelei, dat die enigste logiese oplossing sou wees om die heterogeniteit van mens en gebied onder 'n gemeenskaplike tipe van beheerstelsel, naamlik distriksbeheer gekoppel aan 'n soort tradisionele stambeheer (die instelling van "lokasies") - 'n strategie ontwerp deur 'n eksterne dominante akteur, te wete die Kaapse Owerheid - te probeer orden. Binne die aard en wese van die Geografie en die veld van die Politieke Geografie, is die navorser nou verplig om die historiese chronologiese feite binne 'n chorologiese raamwerk te interpreteer. 'n Sinteseinterpretasie van die analitiese elemente van Griekwaland-Oos soos in figuur 2.3 en Kaart 15 aangetoon, lei tot die identifisering van die volgende kenmerke en afleidings:

1. Die opvallendste kenmerk van Griekwaland-Oos is:

- die heterogeniteit van die stamgroepsamestelling met 'n twintigtal of meer stamhoofde;
- die opstandigheid van sommige stamgroepe, waaronder Mpondomise, Batloka (Sotho) en Monakeng (Sotho);
- die lojaliteit teenoor die Kaapse Owerheid van die meeste

stamgroepe en veral ontredderde oorblyfsels van stamgroepe weens hulle dankbaarheid vir grondtoekennings (waaronder lojale Basothos, Hlubi, Bhaca, Phuti, Sibi, Zizi, Mfengu en Griekwas) en/of beskerming teen opstandiges en bereddering van swak en sukkelende stamgroepe, waaronder veral die Griekwas, 'n stamgroep wat eens "haweloos" was en selfs "in ellende gedompel was weens die ontmoedigende faktore van klimaat en plantegroei in Niemandslan". (Brownlee, 1923: 124 - 127).

2. Om hierdie byna onbeheerbare en onbestuurbare ruimtelike "chaos" op te los, om orde te verkry en om beskerming aan ontredderdes te verleen, het die Kaapse Owerheid 'n strategie van stamgroepkonsolidasie en ruimtelike afsonderlikheid (partisie) gevolg:*

Verskeie stamme is verskuif (waaronder Hlubi, Zizi, Hottentotte onder Pommei, Griekwas onder Adam Kok III); stamgroepe is ruimtelik saamgegroepeer (waaronder Mfengu van Mt Frere en hervestigde Mfengu van Tsolo); grondruil is aangewend om stamkonsolidasie te fasiliteer (waaronder Hlubi en Zizi) en om sommige distrikte te verblank (waaronder Matatiele en die "nuwe" Maclear); grensverskuiwings is gedoen om ruimtelike beheer oor groeperings te orden; deur grenswysigings tussen die distrikte van Maclear, Matatiele en Mount Fletcher te wysig, is laasgenoemde distrikte uiteindelik in 'n swart gebied omskep, en die onderverdeling van distrikte om gebiedsskeiding (afsonderlikheid / partisie / apartheid) tussen blankes en swartes te bewerkstellig, waaronder Maclear en Mt Fletcher in 1873, Matatiele en Maluti in 1876 en gedeeltelik ook Mt Currie (Kokstad en Cedarville) in 1876. In laasgenoemde gevalle is Matatiele, Maclear en Mt Currie verblank en later dan ook by blanke gebiede (Kaapkolonie en Natal) ingelyf en het dus tot verliesgebiede van Griekwaland-Oos aanleiding gegee. (Vgl. Bronverwysings by Figuur 2.3).


* Die aksies (prosesse) wat toegepas is, is onderstreep.

'n Mikro-analise van die chronologiese volgorde waarin stamgroepe onder besliste distriksbestuur deur die aanstelling van 'n magistraat deur die Kaapse Owerheid geplaas is lei tot die volgende opvallende hiërargie:

- # Die eerste distrikte wat onder magistraatsbeheer geplaas is (1873) was Mt Fletcher en Maclear wat die volgende mikro-kenmerke openbaar:
 - Mees heterogene bevolkingsamestelling; gedegradeerde en verswakkende stamstelsel; gebiede wat die mees lojale swartes gehuisves het; en met die meeste blankes.
- # Die tweede groep wat bes gegee het, was Matatiele en Mt Frere, Umzimkulu en Mt Currie (1876). Ook hulle het 'n hoë graad van heterogeniteit van stamgroepsamestellings openbaar; hoë graad van lojaliteit en dankbaarheid vir grondgebied-gunste waaronder die Bhaca en Mfengu; baie swak ontwikkelde stamstelsel, waaronder die Hottentotte in Umzimkulu en die Griekwa van Mt Currie; in hierdie gebiede was baie min blankes gehuisves.
- # Die gebiede wat laaste tot magistraatsbeheer omskep is (1878), was Qumbu en Tsolo. Alhoewel die twee distrikte ook in die kenmerk van heterogene bevolkingsamestelling gedeel het, was hier tog 'n redelik ontwikkelde tradisionele patriliniese stamstelsel onder die Hlubi, Mpondomise, Mfengu en Tsolo, ongeag die voorkoms van heelwat lokasies (ses) met oorblyfsels van vorige stamme. In hierdie twee distrikte was baie min blankes.

Gevolgtrekking: Reeds in die mikroskaalse ontleding van Griekwaland-Oos se opvolging, 1873, 1876, 1878 van distriksvorming en begrensing onder magistraatsbeheer, lyk dit asof die formulering van hipotese 3 (a) reeds positief aanvaarbaar is.

Fingoland (Ingelyf: 1879 - Kyk Kaart 15 en Figuur 2.4):
(Die besetting van Fingoland is reeds onder die opskrif



Figuur 2.4: Fingoland: Bevolkingsamestelling, distriksverdeling en datums van eerste magistraatsbeheer. Die buitengewone omvang van die hervestigingsaksie wat deur die Koloniale owerheid in Fingoland uitgevoer is, is opvallend. Blanke magistrate in elke distrik.
(Bronne: Nel, 1965: 138 en 160; Brownlee, 1923: 5 - 6; Saunders and Derricourt, 1974: 37)

"Stamverspreiding in Transkei: c.1872 - 1880" onder die subhofie "Die Mfengu" behandel".)

Meegaande figuur 2.4 en Kaart 15 stel die historiese data met betrekking tot Fingoland (1879) voor.

Fingoland en die Idutywa Reserwaat is deur Wet No. 38 van 1877 deur die Kaapse Owerheid geannekseer, maar het eers in 1879 deur 'n proklamasie van die Kaapse Goewerneur van krag geword. (Nel, 1965: 160).

Die uitstaande kenmerk van Fingoland is die oorweldigende gevoel van lojaliteit en dankbaarheid van die stamgroepe met betrekking tot hervestiging van hawelose groepe en ook van die Mfengustam wat eens in die oorbevolkte Peddie-gebied (in die Ciskei) gewoon het. Vestigingsgebied en beskerming is ook aan swart splintergroepe onder Kolonel Gawler voorsien, terwyl die Kaapse Owerheid ook militêre hulp en beskerming aan die Mfengu teen die vyandige Gcaleka verleen het. In die Fingo-lokasies is 'n beleid van individuele grondtoekenning gevolg en dit het ontstamming versnel.

Hierdie gebied wat reeds sover terug as 1865 'n Britse verteenwoordiger gekry het en wat deur finansiële implikasies verhoed is dat dit toe reeds deur die Kaapse Owerheid oorgeneem is, het dus baie geredelik tot anneksasie ingestem. Dit het gelyktydig met die beheeroorname deur die Kaapse Owerheid van Griekwaland-Oos deur Wet No. 38 van 1877, in 1879 plaasgevind.


Die ontleding van die lojale gesindheid van die Mfengu en ander groepe in Fingoland bewys Hipotese 3 (a), waarin dit gestel was dat een van die eerste groepe wat sou bes gee tot anneksasie ('en inlywing by die Kaapse Owerheid) daardie onderhorige gebiede en stamgroepe sou wees wat die grootste mate van lojaliteit teenoor die dominante staats- en politieke beheer sou openbaar.

Gevolgtrekking: 'n Ontleding van die stamgroepsamestellings- en

ruimtelike ordeningskenmerke van Griekwaland-Oos en Fingoland se polities-geografiese ontwikkeling dui reeds daarop dat die Transkei-gebiede vanaf 'n eens dominante swart tradisionele patriliniese staatstelsel sedert 1879 in die proses van oorskakeling is na 'n onderhorige posisie in 'n verwesterende staatsisteem wat aan twee byna onversoenbare staatsideologieë reg wou laat geskied. Dit het beteken: Etniese partisie, onderhorigheid aan 'n gesuperponeerde distriks- en magistraatsbeheer, terwyl die tradisionele stamregte en hoofman/kapteenskap voortgesit is. Dit moes vanuit die swartman se gesigshoek en persepsie 'n onlogiese dubbele onderdanigheid wees. Geen wonder dat so 'n stelsel nie onbepaald sou kon voortduur nie en 'n eeu later tot onafhanklikheid en tot die beëindiging van onderhorigheid sou lei.

Na die inlywing van Griekwaland-Oos en Fingoland in 1879 het bykans vyftien jaar verloop voordat die volgende grootste gebied, Pondoland, geannekseer is. Intussen het relatief klein stamgroepgebiede, te wete Temboland, Gcalekaland, Bomvanaland en gebiede van distriksgrootte, naamlik Butterworth, Port St Johns, Xesibeland en die Rodevallei in die bestek van vier jaar, 1883 tot 1886 geannekseer geraak. Daarna sou agt jaar verloop voordat Pondoland sou bes gee en die Transkeigebiede dus as geheel geannekseer was.

Butterworth en Port St Johns (Ingelyf: 1883, 1884 - Kyk Kaart 16): Soos reeds onder die hofie "stamverspreiding in Transkei: c.1872 tot 1882" met die subhofie "Blankes", het die Kaapse Owerheid 'n strategie van "verblanking" in 'n gebied tussen die vegtende en vyandige Mfengu- en Gcalekastamgroep probeer volg om sodoende die twee onassimileerbare groepe territoriaal te skei. Ingevolge Akte 33 van 1879 is 'n aantal Skotse immigrante op die Butterworth-dorpsmeent gevestig en is die blanke amptenaredom en handelaars op die dorp en in die distrik aansienlik aangevul. Hierdie "blanke" distrik sou dan binne vier jaar na die "verblankings-strategie" om inlywing by die Kaapkolonie kom aansoek



KAART 16: ANNEKSASIES TUSSEN 1883-1884

doen.

Die Butterworth-geval bevestig die aanname in hipotese 3 (b) dat "... die tweede groep sal waarskynlik daardie wees waarin die blanke 'n sterk faktor sou wees...".

Die Port St Johnsgeval sou 'n bevestiging blyk te wees van die tweede deel van hipotese 3 (b), te wete "...waar spreid-effekte van vreemsoortige politieke indringing 'n bedreiging vir die dominante sisteem (die Kaapse Owerheid) kon wees."

Behalwe vir die aktiewe verblankingstrategie van Butterworth, was Port St Johns die enigste ander relatiewe groot blanke vestiging in die Mpondo-gebied. Maar die rede vir hierdie belangstelling en oornome deur die Kaapse Owerheid was die bedreiging deur Duitsland wat ook in die Mpondostamgebied belanggestel het. Die Kaapse Owerheid het gevrees dat daar deur die bou van 'n hawe in die Umzimvuburivier-mond deur die Duitsers goedere Pondoland sou binnekom sonder dat belastings en invoertariewe daarop gehef kon word. (Brownlee, 1975: 129; Vgl. ook Bellwood, 1964: 24).

Port St Johns is na onderhandelinge in 1878 by die opperhoof van Wes-Pondoland vir 'n bedrag van £2 000 (ongeveer R4 000) deur die Kaapse Owerheid gekoop en anneksasie deur Wet No. 35 van 1884 van die Kaapse Parlement bekragtig. Behalwe vir die amptenare en sakelui het selfs 'n klein aantal blanke boere hulle mettertied daar gevestig.

Temboeland en Bomvanaland (Geannekseer: 1885):


Temboeland en Bomvanaland se distriksgrensafbakening en die bevolkings- en stamgroepe wat teen 1885 effektief was, word in figuur 2.5 en Kaart 17 verkonseptualiseer.

a) Temboeland:

Sinoptiese beskrywing van histories-feitelike situasie:


Teen 1864 het vier Tembukapteins, naamlik Matanzima, Stokwe,

Gebied



Bomvanaland (Xhora): 1885
. Bomvana -----
. Later beset deur Kaapse troepe vir beskerming

Figuur 2.5: Temboland: Bevolkingsamestelling, distriksverdeling, magistratsbeheer.
(Bronne: Nel, 1965: 166 - 172; Brownlee, 1923: 39; Soga, 1930: 482; U.G. 22 van 1916, Aanhangsel XI: 24)



KAART 17: ANNEKSASIES IN 1885 MET LATERE VERLIESGEBIEDE UIT TEMBOLAND

Gcelo en Doraba met hulle stamgroepe ongeveer tussen die Indwe- en Tsolorivier gaan woon. Hulle het uit die Queenstown-omgewing geëmigreer nadat hulle in 1828 juis daarheen migreer het, omdat dit as 'n veiliger tuiste teen die Ngwane beskou was.

Teen 1872 het die Kaapse Owerheid volle beheer oor begrensende grondgebied uitgeoefen. Die gebied het rofweg oor die latere distrikte Elliot, Cala, Cofimvaba en Engcobo gestrek; dit was as Emigrante Temboeland bekend. (Kyk Kaart 17 en figuur 2.5).

Eintlike Temboeland, dit is die latere Umtata- en Mqandulidistrik, se Temboes het nooit met die witman op die Koloniale Oosgrens in aanraking gekom nie. Die redes hiervoor is in die volgende kenmerke van hierdie Thembu geleë:

- Hulle was nooit in oorlog met die wittes nie;
- Hulle was nooit in oorlandverbinding met die Kolonie nie;
- Die Thembu was nooit tot eendragtige optrede instaat nie weens hulle heterogene en swak samehorigheid;
- Eintlike Temboeland (Umtata en Mqanduli) was tussen Pondoland en Gcalekaland, albei deur arrogante stamgroepe beset, vasgedruk;
- Om ekspansiedrange van hulle bure (Mpondo en Gcaleka) te bedwing is vestigingsregte aan vreemde elemente in hulle gebied gegee en dit het verder heterogeniteit en swak samehorigheid bevorder;
- Selfs wit vestiging is deur Ngangélizwe gereël weens sy probleme met Mpondo en Gcaleka.

Voorgenoemde eienskappe maar ook in hoofsaak oor die feit dat hulle op goeie voet met die Koloniale Owerheid was, het meegebring dat Ngangélizwe wat in 1863 opperhoof geword het, die Kaapse Owerheid in 1872 versoek het om sy gebied in te lyf. (Nel, 1965: 166 - 172; Vgl. ook Soga, 1930: 482). Aan hierdie versoek is eers in 1875 voldoen toe die eintlike Temboeland deel van die Kaapkolonie geword het.

Bogenoemde historiese feitlikheid is 'n byna onomstootlike bewys

vir die Hipotese dat "dié groepe wat die grootste lojaliteit teenoor die dominante staats- en politieke beheer openbaar", van die heel eerstes sal wees om self te vra om by die dominante sisteem geherberg te word.

In 1878 is Emigrante Temboeland en eintlike Temboeland verenig. In 1880 het 'n aantal stamme in Temboeland egter teen die owerheid in opstand gekom. Hierdie opstandelinge is in 1888 deur die Koloniale troepe uit hulle vestigingsgebiede verdryf en het daar dus onbewoonde gebiede in Temboeland ontstaan. Die gebied van Gcelo, een van die vier kapteins in Emigrante Temboeland, is verbeurd verklaar en vir wit besetting oopgestel. Hieraan is in 1883 - 1884 uitvoering gegee. (Dit is die latere Elliotdistrik wat in 1913, Proklamasie 297, uit Transkeigebiede uitgesny is.)

'n Deel van die Qwati-gebied, hoofsaaklik in Engcobo-distrik, is ook vir wit vestiging gereserveer. Die opstand van 1880 tot 1881 het dus tot gevolg gehad dat die effektiewe grootte van Temboeland vir die swart bevolking verklein is. (Nel, 1965: 166 en 168).

Die politieke penetrasie van Temboeland het tot gevolg gehad dat die Kaapse Owerheid wit staatsamptenare aldaar moes vestig. Sodoende het in elke distrik 'n administratiewe sentrum tot stand gekom, waar ook mettertyd persone van ander beroepe hulle gevestig het om in die behoeftes van 'n beskaafde gemeenskap te voorsien. Teen 1882 was Umtata alreeds 'n vooruitstrewende dorpie en is volgens Proklamasie 192 van 1882 as munisipaliteit gekonstitueer. (Nel, 1965: 171).

b) Bomvanaland (Xhora) :

Bomvanaland, geleë noord van die benedeloop van die Basheerivier, tussen Gcalekaland en Pondoland, het ontstaan toe die Bomvana uit Pondoland gevlug het en asiel met vasale status van Kawata, die Gcaleka-opperhoof, verkry het. In teenstelling

hiermee het die Thezi-seksie van die Bomvana asiel in Temboland gekry en is in die Mqanduli-distrik geherberg.

Bomvanaland is in 1878, na die Gcaleka-opstand teen die Mfengu (Vgl. Kaart 12) deur 'n troepemag van die Kaapkolonie beset.

Finale anneksasie van Temboeland en Bomvanaland:

Alhoewel die Temboeland-magistratuur na 1875 prakties deel van die Kaapkolonie was, is daar met wetlike anneksasie tot in 1885 gesloer. Met die aanname van die Temboeland Anneksasie-Akte, 1885, het Temboeland, Emigrante Temboeland en Bomvanaland werklik deel van die grondgebied van die Kaapkolonie geword. (Nel, 1965: 171).


Gevolgtrekking: Dit was reeds in 'n vorige paragraaf gestel dat die stamgroep- en heterogeniteits-kenmerke van die Temboeland-bevolking, sowel as die absolute lojaliteit teenoor die Koloniale Owerheid eintlik 'n vanselfsprekendheid sou wees dat hulle uit eie beweging en geledere om inlywing by die Kaapkolonie sou vra. 'n Versoek wat eers 10 jaar later toegestaan is. 'n Soortgelyke lot het ook Xesibeland getref.

Xesibeland (en die Rodevallei). (Geannekseer: 1886). (Kyk Kaart 18):

Die inlywing van Xesibeland (tans bekend as Maxesibeni, en voorheen as Mount Ayliff) het eintlik twee fases beleef: dit was eers onder die jurisdiksie van Griekwaland-Oos voordat dit later "gekoop" is en toe by die Kaapkolonie as deel van die Transkeigebiede ingelyf is.

Met die verdeling van Faku, die Mpondo-opperhoof, se grondgebied in 1872, is die Xesibestamgroep onder beheer van Faku geplaas, omdat hulle destyds vasale van die Mpondo-opperhoof was.

Botsings tussen die Xesibe en die kragtige Mpondo het eersgenoemde gedwing om die Kaapse Owerheid te versoek om hulle gebied in te



KAART 18: ANNEKSASIES IN 1886

lyf. Hieraan is eers drie jaar later, 1875, gehoor gegee en is die gebied toe onder die jurisdiksie van die hoofmagistraat van Griekwaland-Oos geplaas.


Na besware deur die destydse Mpondo-opperhoof is Xesibeland toe vir £1 000 (ongeveer R2 000) en die Rodevallei vir £600 (\pm R1 200) gekoop en tot die Mount Ayliff-distrik gevorm. Statutêre inlywing het eers in 1886 deur wette nommer 37 en 45 plaasgevind. (Brownlee, 1923: 62 en 136).

Gevolgtrekking: Die noodversoeke van klein stamgroepies om "inlywing" by die Kaapse Owerheid as "beskerming" teen die kragtiger en arroganter stamgroepe, word deur die Xesibe-geval bewys, soos ook voorheen die geval met onder andere die Bomvana, Emigrante Thembu en die Ngqika was. (Vgl. Hipotese 3 (a)).


Pondoland (1894). (Sien figuur 2.6 en Kaart 19):

Die stamgebiede wat die langste teen inlywing sou verset, was daardie met 'n eens sterk ontwikkelde, tradisioneelgefundeerde en trotse patrilineiese stambeheer. Só 'n voorbeeld (om die gestelde hipotese te toets en te verifieer), was die Mpondo onder die hoofmanskap van Faku. Om die aanvanklike hegtheid van die Mpondo as stamgroep te toets, moet 'n wyle aandag aan Faku se magskonsolidasie gegee word:

Tydens Tsjaka se omwentelinge en skrikbewind het die Mpondo-opperhoof met sy volgelinge na 'n gebied ten weste van die Umzimvuburivier gevlug. Daarna het verskeie vlugtelingstamme, waaronder veral die Abambo-groep, hulle ten ooste van die Umzimvuburivier gevestig. Ná die oordrag van Niemandslan - later deel van Griekwaland-Oos aan die Kaapse Owerheid in 1861 was Faku in staat om sy mag in 'n groot mate in die oorblywende gebied tussen die Umtatarivier en die Umzimkulurivier te konsolideer. Faku se status het hom in die posisie geplaas om ook die verskillende vreemde elemente, waaronder die Abambo, ten ooste van



Figuur 2.6: Pondoland: Stambeheer, bevolkingsamestelling en distrikverdeling na 1894. (Bronne: Nel, 1965: 194 - 198; Soga, 1930: 302; Brownlee, 1923: 43 en 66).



KAART 19: ANNEKSASIES IN 1894 MET VERLIESGEBIEDE REEDS IN 1866

die Umzimvuburivier te assimileer. (Brownlee, 1923: 43 en 66; Soga, 1930: 302; Nel, 1965: 194 - 195).

Weens die byna tweehonderd kilometer skeiding tussen die Mpondo en die Oos-Kaapse wittes was wrywing tussen dié twee rasgroepe uitgeskakel. Die afwesigheid van botsing tussen wittes en Mpondo het die patroon van tradisionele vestiging in Pondoland gestabiliseer. Dit het as 'n ongeskonde stambeheerde gebied behoue gebly.

In 1886 moes Faku egter die gebied tussen die Umzimkukurivier en die Umtamvunarivier aan Natal afstaan; dit is geannekseer en as die Alfred-distrik by Natal ingelyf. Deur hierdie verlies aan gebied, is Pondoland verklein en is die noordgrens daarvan suidwes na die Umtamvunarivier verskuif. (Kyk Kaart 19).

Die verouderende Faku het die gebied ten weste van die Umzimvuburivier onder beheer van sy oudste seun, Ndamasi, geplaas. Hierdeur verkry die Wes-Pondolandse Mpondo na Faku se dood in 1867 onafhanklike status. In die oorblywende deel, dit is Oos-Pondoland, word Faku deur sy hoofvrou se seun, Umqikela, opgevolg. (Brownlee, 1923: 77 - 78).

Teen 1894 het die Pondolandse grondgebied en stamsamestelling ongeveer soos in figuur 2.6 voorgestel, daar uitgesien.

Na Faku se dood (1867) het veral Oos-Pondoland as gevolg van hulle arrogante houding teenoor buurstamme en swak stambeheer oor 'n heterogene etniese samestelling in anargie verval. Die ekspansiedrange van Umqikela, die onuitgelokte aanvalle op omliggende stamme wat toe reeds onder die beheer van die Kaapse Owerheid was, en omdat Umqikela weer begin heul het met die Duitsers, het Rhodes, wat in 1890 Eerste Minister van die Kaapkolonie geword het, voorgestel dat die gebied geannekseer en by die Kaapkolonie ingelyf moet word. (Nel, 1965: 195 - 196; Brownlee, 1923: 77 - 78).

Ondanks heelwat bedenkinge is nie net Oos-Pondoland nie, maar ook die meer stabiele Wes-Pondoland in September 1894 deur Wet 5 van 1894 van die Kaapse Parlement geannekseer. (Hammond-Tooke, 1975: 23; Brownlee, 1923: 136).


Gevolgtrekking: Die aanvanklike sterk patrilineiese stambeheer van Pondoland het in die twee dekades wat anneksasie voorafgegaan het, verswak en in Oos-Pondoland selfs tekens van arrogansie, heuling en verbrokkeling begin toon. Só 'n toestand binne die grootliks-gekonsolideerde Transkeigebiede onder Kaapse Bewind kon nie deur die dominante beheerstelsel geduld word nie. Pondoland was dan die laaste van die Transkeigebiede wat deur die Kaapse Owerheid geannekseer was. Die Pondoland-geval bewys hipotese 3 (c) en (d).

Die stameenhede en stamstelsels was nou so verswak dat die blanke ekonomiese en politieke beïnvloeding nou maklik deurgedring het deur die Transkeigebiede tot aan die blankbeheerde Natal.

Voordat tot 'n finale hipotesetoetsing van hipotese 2 en 3 oorgegaan word, is dit nou eers tersake om die beheerstruktuur wat in 1894 oor 'n gedeelte van die Transkeigebiede totstand gekom het, te rekonstrueer. Sodoende kan die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei voor 1913 in finale perspektief geplaas word.

Politieke beheerstrukture oor Transkei, 1894:

Die patroon van die polities-geografiese struktuur van Transkei, 1894, word in Figuur 2.7 diagrammaties voorgestel en volg die struktuur van die bekende Glen Grey-Wet van 1894. Hierdie wet is aanvanklik vir die Glen Grey-distrik van die Ciskei ingestel, maar daarna na die Transkeise distrikte Butterworth, Idutywa, Nqamakwe en Tsomo deur middel van Proklamasie No 352 van 1894 uitgebrei. (Nieuwoudt, et al., 1981: 235). (Vgl. Kaart 20).



Figuur 2.7: Die polities-geografiese strukture van Transkei - 1894. (Vergelyk Figuur 2.2 "Bunga onder "Transkei")

Die primêre strategie van hierdie Glen Grey-Wet was om te poog om die tradisionele stamstelsel met die vereistes van 'n beskaafde gemeenskap te versoen. Die essensie van die wet was dus om te beskaaf en in 'n veranderde regeeringsvorm op te voed. Dit was die eerste poging tot die skepping van 'n geïntegreerde en volwaardige politieke en administratiewe struktuur vir swart mense binne afsonderlike gesegregeerde gebiede en kan as die voorloper vir die latere stelsel van Bantoe-owerhede beskou word. (Vgl. Nieuwoudt, et al., 1981: 235). Dus: stambeheer en streeksbeheer staan nie nou langer langs mekaar nie, maar 'n doelbewuste poging is aangewend om stambeheer geleidelik te laat verdwyn en met streeksbeheer (distriksbeheer) te integreer.

'n Sekondêre strategie van hierdie wet was die volgende: Die stameenhede en stamstelsels was nou só verswak dat blanke ekonomiese beïnvloeding maklik deur die hele Transkei, tot aan die Natalse grens, sou kan dring. Die mikpunt was om die Xhosa in die rigting van die Westerse ekonomiese leefwyse te voer en hulle nuwe behoeftes die dryfveer te maak tot inskakeling in die arbeidsmark. (U.G. 61 van 1955: 9). (Tomlinsonverslag).

Dit dien egter daarop gelet te word dat bogenoemde beheerstruktuur eers net op die eintlike Transkei van toepassing gemaak is, en nog nie op die res van die Transkeigebiede nie.

Die finale begrensing van Transkei en die Transkeigebiede voor 1913:

Transkei as 'n politieke eenheid, het sy beslag in 1894 verkry nadat die laaste van die ou Transkeigebiede by die Kaapkolonie ingelyf is. Die ander gebiede was Transkei, Oos-Pondoland, Temboeland en Griekwaland-Oos. Dus kan met reg gesê word dat die grootste grensgeskille en grensaanpassings reeds in die negentiende eeu afgehandel is.

In 1894 was die grenslyne van Transkei dan ook as volg:

Die westelike grens met Basoetoland (tans Lesotho) was die oostelike eskarp van die Drakensberge wat ook deel van die grenslyn met die Kaapkolonie tot by die Indwerivier was. Die noordelike grenslyn met Natal was die Umtamvunarivier tot by die Drakensberge. Die oostelike grenslyn was die Indiese Oseaan en die suidelike grenslyn met die Kaapkolonie was die Groot Keirivier tot by die samevloei van die Indwerivier en die Swart Keirivier en vandaar was die Indwerivier die grens tot by die oostelike eskarp van die Drakensberge. Die Transkeigebied strek vanaf die Keirivier tot by die Bashee; Temboeland lê noord en oos; en die see aan die suidekant. Dit sluit Fingoland, Idutywa Reserwaat en Gcalekaland in. (Henkel, 1903: 14).

Die Republiek Natalia se grense is vasgestel tussen Zoeloeland, die Drakensberge en die Umzimvuburivier. (Muller, 1975: 171). Die grense van Natal is in 1845 vasgestel as die Tugelarivier met sy sytak die Buffelsrivier in die noorde, die Drakensberge in die weste, die Umzimkulurivier in die suide en die Indiese Oseaan in die ooste. In 1866 het Natal 'n deel van Pondoland as die distrik Alfred ingelyf. (Muller, 1975: 231).

HIPOTESE TOETSING:

Hipotese 1 - Grensvasstelling:

Die ontleding van die historiese feite met betrekking tot grensvasstelling tussen twee naderende kolonisasiefronte, hulle uiteindelijke kontak en gevolglik onafwendbare wrywing, soos wat dit op die westelike grens van Transkei gedurende die negentiende eeu manifesteer het, bewys die hipotese in sy totaal as korrek en aanvaarbaar.

Die kaartreeks (Kaarte 5, 6, 8, 11 en 12) verbeeld die essensie van hipotese 1, waaronder eens benaderde en vae grenslyne; grensverskuiwings met geassosieerde wins-, verlies- en neutrale gebiede; terugwyking daarvan in die rigting en ten koste van die onderhoriges, met gevolglike territoriumuitbreiding van die

dominante groep; die breë sone waaroor grensmigrasie plaasgevind het; die geleidelike progressie tot 'n meer akkurate afbakening en grensomskrywing deur ooreenkomste en verdrae. Die finale fase is dan die uiteindelijke stabilisering van 'n besliste territoriale grens en die permanente en wedersydse eerbiediging daarvan. 'n Veelheid van gepaardgaande strategieë het onder andere tussen 'n paabeleid, geskenke-, grondkoop- en gronduitruiltransaksies, onwettige besetting, oorloë en verdrae gewissel.

Hipotese 2- Politieke beheerstrukture:

Die analise van die historiese feite met betrekking tot politieke beheerstrukture van en oor die onderhorige groepe is in 'n drietal vertakkingsdiagramme, Figuur 2.1, 2.2 en 2.7 voorgestel, wat die strukture in drie tydvakke - voor 1878, 1878 - 1894 en na 1894 - verteenwoordig, asook die inherente evolusie en strukturele oorgange daarvan vanaf 'n eens tradisionele stamstruktuur tot 'n tweede - en derde vlak "streeks- en distriksbestuur". Die politieke beheerstrukture het algaande 'n duideliker stempel van die dominante akteurs begin aanneem. Die strategie was die geleidelike opheffing, uitskakeling en vervanging van die tradisionele stamstelsel deur voorbeeldstelling van en ontwikkeling na 'n westerse beheerstelsel. Selfs maar 'n oppervlakkige interpretasie en evaluering van die drie figure bewys hipotese 2, in totaal as bewese en aanvaarbaar.

Hipotese 3 - Wetmatighede in orde van anneksasies:

Die mikro-ontleding en die karakterisering van die stamgroepe in terme van hulle ruimtelike kenmerke, die krag van hulle sosio-politieke weefsel, hulle onderlinge gesindhede en hulle lojaliteit, dank en onderdanigheid teenoor die dominante staatsisteem (Kaapse Owerheid), is in 'n reeks kaarte voorgestel en in woord vertolk. Die wetmatigheid in die hiërargiese orde van oorgawe aan die dominante sisteem, wat deur hierdie hipotese veronderstel was, is bewys.

Die hipotese dat: "hiërargiese weerstandsvlakke wat ten nouste

verbonde is aan die graad van tradisionalisme en gebondenheid aan stamgroepstelsels en kultuur, sal in die toegewing aan en oornam van dominante staatstelsels voorkom", word aanvaar. Kaart 21 is 'n sintese van hierdie hipotese en van die ruimtelike gebeure.

SINTESE: DIE PRE - 1913-PERIODE:


Die voorafgaande ontleding van 'n eeu van politieke-geografiese ("grense", "mense" en "beheerstrukture") ontwikkeling van die gebied tussen die Boesmansrivier in die weste en die Umzimvuburivier in die noordooste het in terme van staatsverhoudinge, strategieë, prosesse en patrone die volgende opgelewer:

Die dominant-onderhorige staatsverhouding:

Die rol wat deur die blanke se georganiseerde en geformuleerde politieke-strukture en staatsmag gespeel is, is onmiskenbaar: Dit het die Britse en Kaapse regerings in 'n magposisie ook ten opsigte van politieke en geografiese besluitneming geplaas. Hierdie rol het in 'n dominant/onderhorige politieke-geografiese verhouding tussen wit en swart geresulteer; dit was beslis nie op rasseverskille gefundeer nie, maar eerder in die kontras tussen die primitiewe tradisionalisme van patriliniese staatsbeheer en die "gemoderniseerde" demokraties ontwikkelende westerse staatsbestel wat teen die einde van die agtiende eeu, ná die Franse Revolusie op die Europese Vasteland, maar veral in die Britse Eilande momentum gekry het.

In dominant/onderhorige terme, word die ontwikkeling van Transkei as volg in twintigjaarperiodes opgesom:

- c 1850 -1870: Dominant: Stamstelsel
- c 1870 -1890: Dominant: Koloniale Owerheid
Semi-dominant: Die ontwikkelende distrikstelsel
Semi-onderhorig tot onderhorig: Stamstelsel
- c 1890-1910: Dominant: Koloniale Owerheid



KAART 21: EKSTERNE POLITIEKE PENETRASIE D.M.V. ANNEKSASIE EN INLYWING.

Semi-dominant: Interne gesuperponeerde Koloniale strukture op distriks- en dorpsvlak
 Semi-onderhorig tot onderhorig: 'n Uitrafelende stamstelsel verloor sy openbare aansien en impak, maar bly nog steeds op stamlede-vlak 'n faktor om nie uit die oog te verloor nie.

Die eens dominante posisie van die stam in die pre-1870 tydvak, is gereligeer tot 'n onderhorige lokasie in die post-1890 periode. (Vgl. weer figuur 2.7).

Strategie:

Om 'n ewewigstoestand en harmonie tussen opponerende en tot mekaar naderende kolonisasiefronte te verkry, botsings te minimaliseer, geordende vestiging te probeer bereik en stabiele gesag oor territoriums te verkry, is 'n wydlopendheid van strategieë gevolg wat die volgende ingesluit het: Paaiing deur geskenke, onderhandeling, magsgeweld (van beide kante), segregasie, partisie, gebiedskeiding deur bufferstate, vrye vestiging, onderdaanskap, strategieë van wyfeling en vertwyfeling, diplomاسie soms met slinkse motiewe (van beide kante), erkenning van inboorling-soewereiniteit, koop- en ruil, verdragsluiting (Glenelg-strategie), militêre besetting, anneksasie en inlywing.

Prosesse:

Prosesse wat in werking gestel was om die doelwitte van die veelheid van strategieë te bereik, was onder andere magsgeweld en oorlog, byna massale hervestiging van bepaalde inboorlingstamme, migrasie en gebiedsontruiming, om maar enkele van die harde prosesse te noem. Maar sagter prosesse is ook in werking gestel, waaronder die beplande geleidelike verkrummeling van die stamstelsel van patriliniese opvolgingsreg, die voortdurende verandering van die territoriale basis met die noodwendige ruimtelike en omgewingsaanpassings, magistratuning van afgebakende distrikte, dubbele beheerstruktuur-erkenning (koloniaal en stam), proklamasie en parlementêre wetgewing, sowel as verswartings- en verblankingsprosesse.

Patrone:

Territoriale patrone ten opsigte van al die patroonkomponente, waaronder, ligging (absoluut en relatief), grootte, vorm en digtheid, was vir bykans 'n eeu op die Transkeise wesgrens en ook binne-territoriaal in dinamiese verandering. Besettings- en vestigingspatrone het aanvanklik voortdurend verander. Relatiewe liggingspatrone van etniese groepe en stamgroepe het selfs tot en met die anneksasie van Temboeland, 1885 (vergelyk die Emigrante Thembu se massale verskuiwing vanaf Lady Frere na Emigrante Temboeland) op groot skaal plaasgevind.

Tradisionele sosio-politieke patrone het ook begin wankel. Patroonverandering in die politiekstrukture wat oor die stamstrukture gesuperponeer was, was in oorgang. Nie net het patroonverandering binne die swart strukture voorgekom nie, maar selfs die politieke struktuur van die Kaapse Owerheid het in die periode 'n proses van verandering ondergaan, naamlik vanaf Britsgedelegeerde goewerneursgesag in 'n Kroonkolonie-regering (1806 - 1854) na Verteenwoordigende Bestuur (1854 - 1872) en Verantwoordelike Bestuur (1872 - 1910).

PROGNOSE:

Bestuursontwikkeling: Die Kaapse Regering sal self op 'n trajek van ontvoogding vanaf die Britse superdominansie en politieke beheerstrukture ontwikkel. Trouens, die Kaapkolonie self is in 'n groter politieke sisteem, naamlik die Unie van Suid-Afrika, in 1910 opgeneem.

Grensontwikkeling: Dit is ook waarskynlik dat Transkei se territorium 'n maksimum ontwikkeling bereik het: die ontruimde gebied van Lady Grey waar die Emigrante Thembu eens gevestig was en die Sterkspruit gebied (Herschel) mag in latere ruimtelike ontwikkelings waarskynlik toevoegings tot Transkei word. Uitsluitlike blanke distrikte, waaronder Elliot, sou bepaald uit

die Transkei gebied uitgesny word en tot die Kaapkolonie toegevoeg word.


HOOFSTUK 3RUIMTELIKE EN BESTUURSORDENINGSONTWIKKELING VAN TRANSKEI, 1913
TOT 1957DOELWITTE EN PROBLEEMSTELLING:

In die vorige hoofstuk is die evolusiegang (tyd) van begrensing ('n ruimtelike attribuut van die territorium) as 'n komponent van die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei aan die hand van die prosesse wat daarvoor verantwoordelik was, gerekonstrueer, ondersoek, ontleed en verklaar.

Die politiek-geografiese ontwikkeling van Transkei en die analise daarvan vertrek vanaf die territorium soos wat dit in 1903 ruimtelik gemanifesteer het en katografies in Kaart 22 voorgestel is.

Nou dat die territorium afgebaken is, is dit (eers) moontlik om die probleem van die ontwikkelingsgang in interne ruimtelike ordening, dit is die patroonvorming, te rekonstrueer, wat met verdeling en vestiging binne die begrensde territorium geassosieer word, en die prosesse - ekstern en intern - wat daarvoor verantwoordelik is en/of daarop ingewerk het, te ondersoek, te ontleed en te verklaar.

In hierdie hoofstuk gaan die navorser onder andere die invloed van wetgewing deur die eksterne dominante akteur, die Unie van Suid-Afrika, gedurende 1903 tot 1957 op die politieke ontwikkeling van die Transkei-territorium na.



KAART 22: DIE VERENIGDE TRANSKEIGEBIEDE MET DISTRIKTE, DORPE EN DORPSMEENTE (Later as "wit kolle" bekend), 1903

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld is, word ook in hierdie hoofstuk die drie struktuurelemente (komponente), naamlik grondgebied, sosio-politieke weefsel van die bevolking en die politieke beheerstelsels, van die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei, vir die periode 1903 tot 1957 afsonderlik, maar ook in georkestreerde onderlinge samehang ontleed. Verder word die ruimtelike komponente en polities-institusionele veranderlikes ook geanaliseer wat in sigself deur mensgeïnisieerde en mensgeïnspireerde beslissings en prosesse getransformeer word om 'n berekende, beplande en 'n ruimtelike en institusionele opbrengs te lewer.

In hierdie hoofstuk word ook ondersoek ingestel na die ontwikkeling vanaf 1903 tot 1957, en uiteindelik (in die volgende hoofstuk) na onafhanklikheid; na die prosesse wat in hierdie tydperk meegewerk het dat Transkei tot 'n staatsterritorium ontwikkel het; dat Transkei uit 'n veelheid van etnisiteite en stamgroepe tot 'n politiese eenheid gesmee is en dat Transkei 'n aanvaarbare beheer- en bestuurstruktuur daargestel het. Hier word in besonder gelet op die opvolging van patrone en prosesse, asook strategieë wat gedurende 1913 tot 1957 gevolg was en wat veroorsaak het dat 'n primitiewe stamgroep wat inderwaarheid geen permanente staatsgrense oor homself of van ander stamgroepe erken het nie, tot gesetenheid en permanente territoriale grense beperk is en dit later selfs erken het.

Soos in hoofstuk 1 gestel, word in hierdie hoofstuk 'n chorologiese en chronologiese rekonstruksie van die evolusie (dit is in tydsperspektief) van die komponente in ruimtelike perspektief vir die tydvak 1903 tot 1957 gedoen.

Die studie beoog om, soos voorheen vermeld, aan te toon dat die grootte en vorm, die bevolkingskomponent en sy ordening, en die beheer- en bestuurstrukture van Transkei gedurende die periode 1903 tot 1957 deur fases van ontwikkeling gegaan het, wat impliseer dat prosesse opgewek is, of reeds bestaan het wat die ruimtelike politieke ordening rig, beheer, transformeer of stabiliseer. Politieke ordening word deur middel van wetgewing en menslike besluitneming gestimuleer, deur politieke behoeftes, norme en drange gereguleer en strategieë word bedink en geïmplimenteer om daardie politieke behoeftes in tyd en ruimte te patroneer en sinvol te maak.

Die navorsing word gerig op die territoriale beheer oor Transkei wat deur eksterne en interne wetgewende magte georden is; dus sentripetale en sentrifugale kragte en prosesse wat die Transkei ruimtelik en polities-organisatories vorm.

Afsonderlike Ontwikkeling as ruimtelike devolusie het veral na 1910 die ruimtelike beplanningstrategieë van die dominante akteur, die Unie van Suid-Afrika, geword. Of en hoe hierdie strategie wel aan die verwagtinge ten opsigte van Transkei voldoen het, is een van die sekondêre doelwitte van hierdie analise.

Vir die Blanke besluitnemersakteurs in die Unie van Suid-Afrika was die perseptuele oplossing van die rassevraagstuk geleë in die verdeling van die nasionale ruimte in 'n Blanke en Swart gedeelte. Volgens hierdie strategie sou die ideaal wees dat alle of die meerderheid Swartes, in Swart gebiede moet woon en werk, of ten minste daar moes woon. Die sogenaamde "Swart probleem" van die land kon opgelos word, so is geglo, as hierdie gebiede polities vanuit die Suid-Afrikaanse politiek-ruimtelike struktuur ontkoppel kon word. Sodoende sou onafhanklike etnies-homogene nasiestate gevorm word waarbinne alle Swartes polities geakkommodeer moes word. (Krige, 1988 : 20).

HIPOTESEFORMULERING:

Ten einde skakeling tussen die vorige hoofstuk en die hiervolgende studie te verkry, word die volgende twee hipoteses gestel.

Dit is waarskynlik so dat 'n nuutgekoloniseerde gebied wat deur heterogene gemeenskappe wat uit verskillende rasse, verskillende etniese groepe, 'n verskeidenheid van stamme en/of stamgroepe, elk met 'n eiesoortige en daarom verskillende bestuurstelsels, stamstelsels en grondbesitpersepsies beset word, tot eksterne en interne grensdispute, oppervlakte-aanpassings en ruimtelike spannings aanleiding sal gee.

Dit word ook verder gestel dat sulke dispute oor grondverdelings, grondbesit en permanente vestiging gewoonlik nie onderling besleg word nie, maar dat 'n oorhoofse wetgewende liggaam, hetsy intern oorhoofs, of ekstern van aard, deur wetsmagtiging ruimtelike patroonvorming - óf deur territoriale skeiding, óf deur gedwonge integrasie ("eenwording") - afdwingbaar moet maak. Indien 'n "eksterne" dominante wetgewende en uitvoerende gesag - gewoonlik van 'n meer gevorderde koloniale mag - reeds bestaan, sal inisiatief uiteraard deur so 'n mag geneem word om 'n pasbesette gebied - of "kolonie" - deur middel van oorhoofse wetgewing te orden.

Dit is waarskynlik so dat waar 'n superdominante of dominante politieke sisteem 'n dominante, kolonialistiese en/of anneksasiebeleid teenoor 'n onderhorige - in hierdie geval 'n swart paganistiese kommunale patrilineiese en ruimtelik swak gedefinieerde (omlynde) - politieke sisteem inneem, die onderhorige gebiede deur 'n hiërargie van geleidelike opvolging of sekvensie van "gebieds"beheer sal gaan. Die tempo word bepaal binne die raamwerk van ontwikkeling waarin die dominante sisteem homself ook bevind.

- Swart stambeheer is die oorspronklike stelsel waarvandaan die latere ontwikkeling volgens die norme en idees en besluitneming

van die superdominante en dominante groep sal vertrek.

- Na die stambeheer volg 'n meer gesofistikeerde en ontwikkelde "streeks" beheer wat in verskillende ruimtelike en organisatoriese skaalvlakke moet manifesteer: Die "streek" word beslis begrens ; dit word verdeel in "substreke" of distrikte wat die oorspronklike stamruimtes vervang of naastenby vervang. Die strategie is om meer effektiewe en gedefinieerde lokale (plaaslike) beheer oor vestiging, bodembenuutting, bestuur en beheer te verkry. Streeks - en/of distriksbeheerrade word onder 'n streeks- of distrikshoof aangestel. Hulle is verteenwoordigers van die dominante (dominiale) stelsel en aan laasgenoemde verantwoordelik, terwyl die stamhoof(de) "verdwyn". Distriksnodusse (dorpe) word onder dorpsbestuur geplaas; munisipale rade kom dus tot stand. Namate infrastrukture ontwikkel of moet ontwikkel, word sulke tersaaklike rade, soos byvoorbeeld weërade gestig.
- Namate verskeie streke gekoloniseer en/of geannekseer word of onder beheer van die dominante sisteem kom, word streke (wat elk uit distrikte en munisipaliteite bestaan) tot gebiede gekonsolideer. Die bestuurstelsel brei uit. Oorkoepelend oor die munisipale -, distriks - en streeksrade kom 'n gebiedsowerheid tot stand. Die strategie is nou om die onderhoriges in die bestuurstyl en beheerstrukture van die dominante sisteem op te lei en op te voed en vir verdere politieke ontwikkeling gereed te maak.

Hipotese 1 met sy ingeboude idee van 'n evolusie in bestuursvorme en bestuursoorgange is reeds gedeeltelik in die vorige hoofstuk bewys. Die bestuursevolutiehipotese word nou verder aan verifiëringe blootgestel.

- # Die eksterne akteur (Blanke Unie van Suid-Afrika) sou waarskynlik die beleid van segregasie wat reeds in die vorige eeu onder die Kaapse Koloniale Bewind gestalte begin kry het

(territoriale afbakening van die Transkei) in die nuwe Uniale Regering voortsit en selfs verder ontwikkel totdat die Transkei as totaal afsonderlike onafhanklike Swart Staat vanuit die Blanke Unie van Suid-Afrika ontkoppel kon word. Dat só 'n strategie nie onmiddellik bereik sou kon word nie, maar geleidelik deur verskillende fases van politieke en bestuursopvoeding en ontwikkeling sou evolueer en dat die dominante akteur die tempo van evolusie sou dikteer, is hoogs waarskynlik. Hierdie hipotese impliseer dat Transkei en sy mense deur verskillende fases van bestuursvorme en territoriale begrensinge sou moes gaan.

In navolging van die teoriekonstruksie en die hoofkomponente van politiekgeografiese studie, word die bestuurstrukture, die territorium en die onderdane (gemeenskap) vervolgens afsonderlik bestudeer en geanaliseer.

'N CHOROLOGIESE EN CHRONOLOGIESE ANALISE VAN DIE EVOLUSIE VAN BESTUURSTRUKTURE, POLITIEKE INSTELLINGS EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING VAN TRANSKEI, 1903 TOT 1957:

DIE PROBLEMATIEK VAN DOMINANT/ONDERHORIGE VERHOUDINGS:

C.F. Nieuwoudt wys daarop dat die politieke strukture in 'n bepaalde gemeenskap slegs van waarde kan wees indien dit die aard en kenmerke van die gemeenskap waarvoor dit ontwerp is en waarbinne dit moet funksioneer, in ag neem. In die verlede het baie politieke strukture en instellings in verskeie gemeenskappe tot niet gegaan aangesien dit van buite af (ekstern) op hulle af gedwing is en nie spontaan van binne ontwikkel het nie. Die instellings in 'n gemeenskap en die wyse waarop hulle funksioneer, moet dus binne die raamwerk van die gemeenskapstruktuur van 'n spesifieke staat bestudeer word, want elke bevolking beskik oor sy eie unieke waardes en norme en gee in hulle politieke instellings daaraan gestalte. Die gemeenskap is egter 'n dinamiese eenheid en verkeer gedurig in 'n proses van omvorming en verandering, en die instellings in enige gemeenskap kan gevolglik slegs na behore

in hulle historiese verband verstaan word. So ook die instellings in die Suid-Afrikaanse politieke gemeenskap wat die beleid van afsonderlike ontwikkeling as fondament het. In Suid-Afrika word die bevolking veral deur heterogeniteit op feitlik elke lewensterrein, maar veral ook op die etniese terrein, gekenmerk. (Nieuwoudt, 1981: 226).

Met die Vrede van Vereeniging het die Imperiale Regering tot die besef gekom dat 'n besliste beleid ten opsigte van die swarte geformuleer sou moes word en daarby ook met groot omsigtigheid aangepak moes word, aangesien hulle ruimtelik 'n integrale of samestellende deel van die vier "blanke gebiede" was. Op 'n Tolkonferensie wat op 10 Maart 1903 te Bloemfontein gehou was, was die Kaapkolonie, Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal, asook die destydse Basoetoland en Rhodesië verteenwoordig en is die volgende belangrike besluit geneem: "That in view of the coming Federation of South African Colonies it is desirable that a South African Commission be constituted to gather accurate information on certain affairs relating to the Natives and Native Administration and to offer recommendations to the several Governments concerned with the object of arriving at a common undertaking on questions of Native policy." (Van Biljon, 1947 : 417)

Die Kommissie waarna hierbo verwys is, het bestaan uit twee verteenwoordigers van elke Provinsie en een verteenwoordiger elk van Suid-Rhodesië en Basoetoland. Die Kommissie moes onder andere rapporteer oor: "The status and condition of the Natives; the lines on which their natural advancement should proceed; their education, industrial training and labour..." en "...the tenure of land by Natives and the obligations to the state which it entails." (Van Biljon, 1947 : 418).

Dit is dus duidelik dat 'n algemene dominant-onderhorige politieke situasie in die Unie van Suid-Afrika gaan ontwikkel, soos wat trouens reeds ten opsigte van die Koloniale Regering en die Transkei die geval was.

DIE RUIMTELIKE SPREIDING VAN DIE BUNGA OOR DIE TRANSKEIGEBIEDE,
1903 EN DAARNA:


Om die trajek tot 1936 en fase-opvolging van die evolusie van politieke ontwikkeling in Transkei te verkonseptualiseer en die hiervolgende verwoording en die begrip daarvan te vergemaklik, is dit in figuur 2.8 in die vorm van 'n takdiagram voorgestel.

DIE AANLOOP TOT 1903: (Vergelyk figuur 2.8)

Met betrekking tot Transkei, het die gedagte van afsonderlike ontwikkeling al sedert 1870 beslag gekry, alhoewel elemente daarvan reeds vroeër onderskeibaar was. Die Transkei is nie, soos die geval met Basutoland (1871) was, by die Kaapkolonie ingelyf nie, maar as 'n outonome gebied beskou. Wette van die Kolonie was byvoorbeeld nie daar van toepassing tensy uitdruklik so bepaal is nie. Hierdie beleid het ook toepassing in die bekende Glen Grey-wet van 1894 gevind. Die Glen Grey-wet het gepoog om die tradisionele stamstelsel met die vereistes van 'n beskaafde gemeenskap te versoen. Dus was die essensie van die wet om te beskaaf en nie slegs om die status quo te handhaaf nie. 'n Stelsel van rade was in die lewe geroep waardeur die betrokke gebiede bestuur sou word, byvoorbeeld lokasierade en distriksrade. Verteenwoordigers van elk van die distriksrade, die hoofmagistraat van die Transkei en die magistrate van elk van die distrikte het op die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebiede, die Bunga, geding. Die Bunga was die eerste poging tot die skepping van 'n geïntegreerde en volwaardige politieke en administratiewe struktuur vir Swartmense binne afsonderlike gesegregeerde gebiede en dit kan as die voorloper vir die latere stelsel van Bantoe-owerhede beskou word. (Nieuwoudt, 1981 :235).

Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899 - 1902) het sake aangaande die Transkei die status quo van 1894 gehandhaaf.

Die Glen Grey Distriksraad het onder die bepalings van die Glen Grey Wet, No 25 van 1894 tot stand gekom. Die Glen Grey Raad wat later as model vir die Transkei Rade geding het, het bestaan uit



Figuur 2.8: 'n Diagrammatiese verkonsentualisering van die politieke strukture in Transkei, 1903 tot 1936. (Stelsels en ruimtelike spreiding.)

die magistraat van Lady Frere as voorsitter en twaalf naturelle lede, ses benoem deur die Goewerneur-Generaal en ses verkies deur die Lokasie Rade ook deur die wet ingestel; dus 'n gelyke getal verteenwoordigers uit die dominante en onderhorige groepe. Proklamasie 352 van 1894 het vir die uitbreiding van die raadstelsel na die Transkei voorsiening gemaak (Laurence, 1976: 22). Maar in die Transkei het distriksrade slegs ses lede gehad, vier wat deur die hoofmanne genomineer was en die ander twee deur die goewerneur. (Van der Walt, Februarie 1963: 14; Vgl. ook U.G. 7 - '19:21).

Die inkomste was verkry uit belastings wat in terme van die Wet gehef is en is in belang van die Naturelle van die distrikte vir onderwys, dippe, paaie, die aanmoediging van die landbou, besproeiing en openbare gesondheid bestee. As 'n middel van uiting van die openbare mening onder die naturelle was hierdie instelling van groot diens by die beheer van die naturellesake in die distrikte. (Laurence, 1976: 22).

Die instelling van die Naturellerade in die Transkei Gebiede onder 'n formele konstitusie dateer dus van die begin van 1895. Daarna is die werksaamhede van die Glen Grey Wet na die Transkei-Gebiede uitgebrei en is distriksrade ook in die volgende distrikte, naamlik Butterworth, Idutywa, Nqamakwe en Tsomo ingestel. Hulle het onder die algemene toesig van die Transkeise Algemene Raad, wat jaarliks in Butterworth vergader het, gestaan. (U.G. 7 - '19 : 23; Vgl. ook Laurence, 1976: 23). (Vergelyk Kaart 23). In 1899 is die distrik Kentani ook in die stelsel opgeneem. (Laurence, 1976:23). In 1897 was bevredigende verslae ontvang vanaf Idutywa, Butterworth, Nqamakwe en Tsomo. Mnr. W.T. Brownlee, Resident-landdros, van Butterworth het die volgende gesê: "Election to membership in the Council is regarded as a great honour. The various members are as a rule most exemplary in their attendances at Council meetings, where all matters brought forward are carefully and intelligently discussed and the proceedings are carefully watched by the Natives generally. Much good is being


done. Wattle plantations have been started in each of the four districts, and wattle planting is progressing apace. Extensive road works have been undertaken, and the control of all schemes has been taken over by the Council. A bridge is to be built over the Butterworth River. The extermination of burr-weed has been taken in hand." (U.G. 61 - 1955 : Hoofstuk 48 : 187 - 190).

SPREIDING VAN DIE BUNGA OOR TRANSKEIGEBIEDE:

(Vergelyk figuur 2.8 en Kaart 23):

Kaart 23 is 'n chorografiese voorstelling van die interne ruimtelike ordening van die Transkei in distrikte en van die diffusie of spreiding van die sogenaamde Bungastelsel oor Transkei, soos in figuur 2.2 verkonseptualiseer is. Dié manifestasies van die spreidingsproses word vervolgens verwoord: (Vgl. ook figuur 2.2 en 2.7).

In 1903 was die hele gebied bekend as die Verenigde Transkeise Gebiede en was onder 'n Hoofmagistraat wat sy setel in Umtata gehad het. Umtata het die hoofstad van die hele Naturelle reservaat geword. Die Transkeise Gebiede was toe in sewe-en-twintig distrikte verdeel. Elkeen was onder die beheer van 'n magistraat met 'n naturelle kommissaris, wat verantwoordelik was aan die Hoofmagistraat vir beide administratiewe en geregtelike sake. Die distrikte was verdeel in areas bekend as lokasies, elkeen onder 'n regeringsaangestelde en -betaalde hoofman. (Pienaar, 1979: 125). In 1903 is die Transkeise Algemene Raad uitgebrei tot by Umtata, Mqanduli, Engcobo, Tsolo, Qumbu, Mount Frere, Mount Fletcher en Umzimkulu. In 1911 was die raadstelsel na Pondoland uitgebrei; distriksrade was vir Port St. Johns, Libode en Ngqeleni ingestel, sodat die Pondolandse Algemene Raad terselfdertyd gevorm was. In die opvolgende dertien jaar (tot 1924) is hierdie administratiewe stelsel na Willowvale (Gatyana), Elliotdale (Mqanduli), Mount Ayliff (Maxesibeni), St. Marks (Cofimvaba), Matatiele (Maluti) en Xalanga uitgebrei. Die distrikte van Bizana, Flagstaff, Lusikisiki en Tabankulu was in 1927 as Oostelike Pondoland geïnkorporeer.



KAART 23: DIFFUSIE OF VERSPREIDING VAN DIE "BUNGA-STELSEL" IN TRANSKEI: 1903 - 1927

Die Transkei-gebiede het uit drie hoofmagistraatsdistrikte bestaan; naamlik Die Eintlike Transkei (hoofstad in Butterworth); Tembuland (hoofstad in Umtata) en Oos-Griekwaland wat tesame met Pondoland vanaf Kokstad geadministreer is.

Reeds in 1905 het die Lagden-kommissie, ook bekend as die Suid-Afrikaanse Naturelle-Kommissie, aanbeveel dat die koop en huur van grond deur Swartes en Blankes beperk moes word tot afsonderlike gebiede, maar dit is nie tydens die Koloniale tydperk ten uitvoer gebring nie. (Hammond - Tooke, 1968:391). Dus: die beginsels van territoriale skeiding tussen Swart en Wit in die Naturelle Grond Wet van 1913, was reeds gedurende die Koloniale tydperk deur die Lagden-kommissie se aanbevelings onderlê. (Tatz, 1962: 7). Die verslag oor die kwessie van grondtoekenning was deur die Britse regering baie hoog aangeslaan, want hulle wou die Kommissie se aanbevelings as grondslag vir hulle toekomstige swartbeleid gebruik. (Van Biljon, 1947: 418).

Teen die einde van 1924 was 'n proklamasie uitgevaardig wat Xalanga vanaf 1 Januarie 1925 by die distrikte wat onder die Algemene Raad se jurisdiksie geval het, ingesluit het. In 1927 is die Naturelle-Administrasiewet aanvaar. In laasgenoemde wet is die beginsel van Naturelle-owerhede vervat, terwyl die uitbreiding van die Naturelleraad-stelsel, wat alreeds in die Transkei van toepassing was, beoog is. (Nieuwoudt, 1981: 238).

POLITIEKE STRUKTURE IN TRANSKEI, 1936 TOT 1957:

'n Algemene oorsig van die politieke verwantskap en politieke prosesse tussen die Unie van S.A. en Transkei:

Die aanvang van hierdie fase word gekenmerk deur 'n meer substansiële verbinding tussen die Transkei en die Uniale Regering weens die Senaatsverteenvoordinging (deur die Naturelle Verteenvoordingingswet geskep) wat Transkei verkry het: 'n skakel tussen die onderhorige en die dominante.

Die res van hierdie fase word weer gekenmerk deur die ontwikkeling van beleid deur die dominante akteur - die Uniale Regering - ten opsigte van strategieë wat teenoor die onderhorige akteurs, waaronder die Transkei, beoog en gevolg moes word.

In 1936 is twee verdere wetsontwerpe deur die Uniale Parlement geloods wat die verwantskap tussen Transkei en die Unie, en die interne beheer oor Transkei sou reël. Ingevolge die Wet op Naturelleverteenvoordinging het die hele Swart bevolking van die Unie vier Blanke verteenwoordigers in die Senaat gekry, wat op onregstreekse wyse deur kieskolleges aangewys is. (Nieuwoudt, 1981: 238) Die Algemene Raad van die Verenigde Transkeise Gebiede kon een Blanke tot die Senaat verkies om die Transkeise bevolking te verteenwoordig. (Mears, 1947: 60)

Wet No. 12 van 1936 het ook bepalings bevat wat die Verteenwoordigende Naturelleraad in die lewe geroep het en wat gepoog het om al die etniese groepe in te sluit. Van die drie-en-twintig lede was sewe amptenare, maar sonder stemreg. Ongelukkig het hierdie Raad, wat net adviserend was, hom slegs op die onderwys toegespits en nie belang in die algemene politieke ontwikkeling van die Swartgebiede gestel nie. (Botha, 1981: 14 - 15)

Wet No. 12 van 1936 het voorsiening gemaak vir 'n tweevoudige spesiale verteenwoordiging vir die Naturellebevolking as 'n geheel, wat bestaan het uit verteenwoordiging in die Senaat (van die dominante akteur, die Unie-regering), en 'n Spesiale Verteenwoordigende Naturelleraad. (U.G. 41 - 37: 22 - 23; Vgl. ook Mears, 1947: 61). Die Naturelle-Verteenwoordigingswet het verder ook voorsiening gemaak vir die verkiesing van vier addisionele senatore, wat elk een van die vier kiesgebiede waarin die Unie vir hierdie doel opgedeel is, sou verteenwoordig. Die kiesgebiede is:

- # Die Provinsie Natal;
- # die Provinsie Transvaal en Oranje-Vrystaat;
- # die Transkei Gebiede; en
- # die Kaapprovinsie met uitsluiting van die Transkei Gebiede.
(U.G. 41 - '37: 22 - 23; Vgl. Wet No. 12 van 1936 : 41 en 43)

Indien die magsgebied van die Verenigde Algemene Raad van die Transkei Gebiede op enige tydstip sou verander, moes die Goewerneur-generaal deur proklamasie in die staatskoerant so 'n herskikking van die grenslyne van kiesgebiede aanbring soos wat dit as gevolg van die verandering nodig geword het. (Wet No. 12 van 1936: 43)

Artikel twintig van die Wet het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Verteenwoordigende Naturelle Raad, bestaande uit ses Blanke amptelike lede, die sekretaris van Naturellesake en die vyf Hoofnaturelle Kommissarisse, vier Naturel genomineerde lede en twaalf Naturel verkose lede. Die sekretaris van Naturellesake het as voorsitter opgetree. Die vier genomineerde Naturellelede moes deur die Goewerneur-generaal aangewys word, een vir elke kiesarea. Die twaalf verkose lede sou as volg gekies word:

- # drie lede moet deur die kieskollege van die Transkeise Gebiede gekies word, d.w.s. die lede van die Verenigde Algemene Raad van die Transkeise Gebiede behalwe die Magistrate;
- # twee lede moet gekies word deur die kieskollege vir elk van die ander kiesgebiede, maar wat betref die verkiesing van hierdie twee lede word die adviserende Naturellerade nie beskou as kieseenhede van die kieskolleges nie;
- # een lid moet gekies word vir elke kiesgebied, behalwe die Transkeise Gebiede, deur die adviserende Naturellerade daarin.
(U.G. 41 - 37: 24 : Vgl. Wet No. 12 van 1936 : 53).

Die Tweede Wêreldoorlog het slegs tydelik die aandag van nasionale na internasionale aangeleenthede verskuif. Gedurende hierdie periode het verandering op rassegebied nie agterweë gebly nie,

veral nie sover dit die ontstaan van nuwe aspirasies by die Swartmense betref het nie. Hertzog se segregasiebeleid wat 'n verlengstuk van die vorige eeu se Britse beleid was, kon nie die aspirasies van Swart nasionalisme tevrede stel nie, veral indien in ag geneem word dat die grondslag van die beleid permanente voorgdyskap van die Blanke oor die Swartman was. Verder het dit ook die toenemende kontak tussen Blank en Swart, veral in die stedelike gebiede, waar dit wrywing veroorsaak het, nie doeltreffend beperk nie omdat die Naturelle-Trust- en Grondwet uiters stadig in werking gestel is. (Nieuwoudt, 1981: 239).

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar op die internasionale terrein 'n reaksie teen kolonialisme en imperialisme ontstaan. Die idee het posgevat dat aan Nie-Blankes dwarsoor die wêreld gegee moes word wat hulle toekom. Ook in Suid-Afrika is besef dat 'n nuwe beleid geformuleer sou moes word wat met hierdie faktore rekening hou, en veral met die onmoontlikheid van permanente Blanke voorgdyskap oor die Swartmense. (Nieuwoudt, 1981: 239)

Dr. D.F. Malan, destyds die leier van die Opposisie, het reeds in 1943 verklaar dat territoriale skeiding as beginsel aanvaar moes word en dat die uitoefening van maatskaplike en politieke regte afsonderlik moes plaasvind. Gedurende 1945 is apartheid as die Herenigde Nasionale Party se amptelike beleid aanvaar. (Nieuwoudt, 1981: 239).

Volgens die Nasionale Party in 1948 was die keuse vir Suid-Afrika tussen apartheid en integrasie. (Arnheim, 1979: 6). Die doel van die beleid van apartheid was om die identiteit van alle rasse as afsonderlike rassegroepe te beskerm, "with opportunities to develop into self-governing national units." (Tatz, 1962: 124). Die Nasionale Party het gevoel dat dit slegs bereik kon word, "by accepting apartheid as the fundamental, guiding principle of its policy." (Tatz, 1962: 125).

Die uitslag van die algemene verkiesing in die Unie van Suid-Afrika

van 26 Mei 1948 het dan ook gelei tot die aanvaarding van die beleid as amptelike regeringsbeleid. (Nieuwoudt, 1981: 239).

Die volgende aanhalings uit die verkiesingsmanifes van 1948 van die Nasionale Party, gee die kern van die nuwe regering se beleidsbenadering weer:

"In hul eie gebiede sal die Nie-blanke rassegroepe op elke gebied volle geleentheid van ontwikkeling kry en sal hulle hul eie inrigtings en maatskaplike dienste kan ontwikkel waardeur die kragte van die progressiewe Nie-blankes tot eie volksopbou ingespan sal word


Die naturellereserwes moet die ware vaderland van die naturel word.....

Onder hierdie stelsel sal die naturel uiteindelik uiting vind vir sy politieke aspirasies in die reserwes in plaas van politieke regte in die Blanke gebiede..." (Botha, 1981: 20) "The South African policy of 'Apartheid' is based on the conviction that the greatest measure of peace, order and wealth can be maintained and promoted on the basis of separate development of the races in view of the discrepancy in numbers between the Whites and the Bantu and the differences in their ways of living, in their culture, stage of development, physical appearance and national ideals." (Constitutional Developments in the Transkei, February 1964: 54.)

DIE VERENIGDE ALGEMENE RAAD VAN DIE TRANSKEIGEBIEDE: DIE BUNGA SE WERKSAAMHEDE: 1903 TOT 1936:

Die fase 1903 tot 1911: (Vergelyk figuur 2.8 en 2.9):

In 1903 het 'n Gekose Komitee van die Kaapse Volksraad wat aangewys was om ondersoek in te stel na die werk en administrasie van die Glen Grey Wet, die volgende gesê: "Speaking generally ... your Committee are convinced that the operations of the Act have been, as they were intended to be, most beneficial to the Natives concerned. Individual tenure and local self-government have done much, and will in the future do more to lead the aboriginal Natives



Figuur 2.9: 'n Takdiagram van die Interne Beheerstelsel van Transkei.

in the path of improvement." (Brookes, 1974: 88). Later is dit in beide Oos- en Wes-Pondoland ingestel. Die distriksrade het drie lede vanuit hulle eie geledere verkies om op die Algemene Raad of Bunga te dien. (Pim, 1933: 40 - 41). Kaart 23 dui die uitbreiding van distriksrade van Transkei aan; die diffusie of spreiding van die "Bunga-stelsel" in Transkei : 1903 tot 1927. Opvallend van hierdie diffusieproses is die "naburigheidseffek", daarvan. In der waarheid is dit 'n voorbeeld van afstandsgewone aansteeklikheid van vernuwing.

In 1906 het nog 'n verdere verandering plaasgevind met die besluit om voorsiening te maak vir die verkiesing van sommige lede van distriksrade, wat gekom het na 'n pleidooi reeds drie jaar vroeër deur E. Mamba, Voorsitter van die Transkei Waaksaamheids Vereniging, vir die verkiesingsbeginsel. Hy het aan 'n Gekose Komitee van die Kaapse Parlement die volgende vertel: "The councils in the Transkei are appointed by the headmen and not the people (and) they ask for certain laws to be made for the Transkei about which the people know nothing." (Laurence, 1976: 23) Proklamasie 322 van 1906 het voorsiening gemaak vir die verkiesing van drie verteenwoordigers deur geregistreerde grondeienaars in elke lokasie en vir daardie verteenwoordigers om vier lede te verkies uit hulle eie geledere om op die plaaslike distriksraad te dien; maar distriksrade was nie dwarsdeur die hele Transkei op dieselfde wyse saamgestel nie, want in Pondoland is slegs twee lede verkies en die hoofmanne het die ander twee genomineer. In beide Pondoland en die res van Transkei, het die goewerneur die reg behou om twee lede vir die distriksrade te benoem. (Laurence, 1976: 23). *

* Die eerste klein begin van die ontwikkeling van plaaslike selfbestuur in die Transkei het so ver terug as 1894 sy oorsprong gehad. In daardie jaar het Wet No. 25 van 1894, die Glen Grey Wet (soos reeds in hoofstuk 2 behandel), vir 'n stelsel van plaaslike selfbestuur deur middel van naturellerade vir die Glen Grey-gebied voorsiening gemaak. (Laurence, 1976: 22).

Alhoewel raadslede in die Bunga veronderstel was om hulle aandag tot plaaslike sake te beperk, het hulle tog definitiewe sienings gehad oor sake van nasionale belang en het hulle hulle soms op onmiskenbare wyses daaroor uitgespreek. Professor G. Carter wys op 'n saak wat herhaaldelik in Bunga-debatte voorgekom het, naamlik die vraag na die reg van Swartes om te stem in verkiesings in die Sentrale Parlement in Kaapstad. In terme van die ooreenkoms wat tussen die vier Suid-Afrikaanse provinsies in die tyd van die Unie bereik is, het die Swartes in die Kaap die reg behou om te kwalifiseer om te stem. Die Bungaraadslede wou daardie reg verdedig en wou dit verder uitbrei na Swartes dwarsdeur Suid-Afrika. (Laurence, 1976: 23).

'n Distriksraad bestaan uit 'n 'Resident Magistraat' en ses lede word gekonstitueer op die volgende wyse. By die vorming hiervan en elke drie jaar daarna word vir nominasies vir lidmaatskap gevra. Twee van die nominasies word gedoen deur die Goewerneur-Generaal en vier deur die plaaslike verteenwoordigers van die belastingbetalers.

Elke distriksraad kom al om die derde maand bymekaar of meer dikwels as dit byeengeroep word deur die 'Resident Magistraat' en by elke November-vergadering nomineer die vergadering twee van sy lede as lede vir die Algemene Raad vir die volgende jaar; die Goewerneur-Generaal benoem 'n ander lid, gewoonlik, alhoewel nie noodsaaklik nie, een Distriks Raadslid. Hierdie lede van die verskillende distrikte, tesame met die Magistraat vorm die Transkeise Territorieën Algemene Raad wat bestaan uit die Hoofmagistraat van die Transkeise Territorieën as voorsitter, agtien 'Resident Magistraten' en vier-en-vyftig Naturelle lede." (U.G. 7 - '19: 21).

Hierdie Distriks-en Algemene Rade vorm 'n adviserende liggaam vir die administrasie, "verbinden het volk met de kontrôle van plaatselike fondsen, geven hun een stem in de beschikking over zaken die zeer van nabij hun eigen belangen raken, leren hun om

volgens konstitusionele wizen hun wensen kenbaar te maken met betrekking tot algemene en plaatselike politiek en houden tevens de Regering en de ambtenaren onmiddellik belast met de administratie van de Transkeise Territorieën op de hoogte van de gevoelens van de naturellen." (U.G. 7 - '19: 21). Die debatte word oor 'n verskeidenheid onderwerpe gehou, waaronder die hersiening van wette wat hoofsaaklik op die naturelle bevolking betrekking het, soos Naturelle huwelike en erfenisse, opvoeding, siekte onder die vee, beheer van algemene weiding, bosse, ens. Vrae word direk aan die Algemene Raad voorgelê en deur magistrats of lede as mosies bekendgemaak, of dit kan voorgelê word deur die Distriksrade of kom van die Regering, Daar is veelvuldig gebruik gemaak van die Komiteestelsel. Nadat die Rade, Distrikte - of Algemene Rade, 'n besluit oor die voorgelegde onderwerp geneem het, berus die verantwoordelikheid vir die volgende stappe by die Magistraat, Penningmeester, Hoofmagistraat, Minister of Goewerneur-Generaal, afhingende van die belangrikheid van die saak. (U.G. 7 - '19: 21).

In die plaaslike administrasie staan die onderskeie Distriksrade en Besturende Komitees van inrigtings teenoor die Algemene Raad in die verhouding van individuele dele teenoor 'n hele liggaam. Hulle vorm die uitvoerende orgaan van die Algemene Raad waaronder die pligte soos instandhouding van die weë, toesig oor die dippe, bestuur van landbou en industriële instellings, en toesighouding oor gemeentelike weigronde, en ook finansiële aanspreeklik bly vir hulle handeling. (U.G. 7 - '19: 21 - 22).

Die fase 1911 tot 1930: (Vergelyk figuur 2.8):

Teen 1911 het die Transkeise stelsel van rade reeds agtien distrikte ingesluit. In 1911 het daar in westelike Pondoland 'n parallelle stelsel van rade tot stand gekom en is na die distrikte Libode, Ngqeleni en Port St. Johns uitgebrei. (U.G. 7 - '19: 22). Dus: drie Distriksrade en 'n Algemene Raad as die Westelike Pondoland Algemene Raad bekend, en gekonstitueerd op gelyke voet

as dié van die Transkeise Territorieën Algemene Raad. Die vernaamste verskil in die samestelling is dat waar in die geval van die Transkeise Territorieën Raad die lede verkies word, word hulle in die geval van die Westelike Pondoland Algemene Raad deur die Hoofman benoem. Die werksaamhede van die Westelike Pondoland Algemene Raad is meer beperkend van aard as dié van die 'Transkeise Territorieën Algemene Raad.' (U.G. 7 - '19:23; Vgl. ook U.G. 41 - '37: 27). Teen 1925 was nog net Pondoland en Mt. Currie nie ingeskakel nie. (U.G. 7 - '19: 23).

Die Transkeigebiede Algemene Radestelsel is sedert die verslag uitgebring is deur die inlywing van die distrik van Xalanga, wat lank teenstand gebied het, uitgebrei.

Die Transkeise stelsel van Rade is deur Proklamasie No. 166 van 1927 uitgebrei tot Oostelike Pondoland (soos reeds vroeër vermeld) en in hierdie jaar het die Pondolandse Algemene Raad bestaan uit die hoofmagistraat van die Transkeise Gebiede as voorsitter, die magistrate van die sewe Pondolandse distrikte en 23 naturelle. (Wessels, 1962: 144). Die stelsel van die Algemene Raad van die Transkeise Gebiede en die Algemene Raad van Pondoland, het vir die volgende paar jaar langs mekaar bestaan, maar dit was duidelik dat 'n verdeling in die stelsel van rade in 'n gebied wat hoofsaaklik 'n eenheid is, onwenslik was. Die kapteins in Pondoland, waar die stamstelsel sterk is, was nie bereid om enige van hulle bevoegdhede prys te gee nie, terwyl daar geen plek vir die kaptein in die stelsel van rade soos in ander gebiede toegepas, was nie.

Die fase 1930 tot 1935: (Sien figuur 2.8):

Teen 1930 het die Algemene raad vir die Transkeise gebiede bestaan uit die hoofmagistraat, 19 magistrate en 57 naturelle. As gevolg van die bekwame handelswyse van die plaaslike amptenare onder leiding van W.T. Welsh, oud-hoofmagistraat van die Transkeise Gebiede, is daar tot 'n vereniging ooreengekom en kragtens Proklamasie No. 279 van 1930 het die Verenigde Algemene Raad van

die Transkeise Gebiede 'n voldonge feit geword. (U.G. 41 - '37: 27; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 14).

In 1931 is die Algemene Raad vir die Transkeise Gebiede en die Pondolandse Algemene Raad saamgesmelt op versoek van 'n konvensie wat bestaan het uit raadslede van altwee Algemene Rade, om die Verenigde Algemene Raad vir die Transkeise Gebiede te vorm, wat 26 distrikte ingesluit het. Mount Currie, die sewe-en-twintigste distrik met 'n klein Naturellebevolking, het geen raad nie. (Mears, 1947: 57). Saam met die stelsel van direkte beheer deur magistrate, was 'n netwerk van distriksrade, wat hul hoogtepunt bereik het in die Verenigde Transkeise Gebiede se Algemene Raad of Bunga. (U.G. 41 - '37: 26). Die Bunga was die koördinator van alle ondergeskikte rade. (U.G. 41 - '37: 27; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 14).

Die Algemene en Distriksrade was adviserend aan die Administrasie en

- "1) Associate the people with the control of local funds.
- 2) Give them a vote in matters intimately affecting their local interests.
- 3) Train them in constitutional methods of expressing their views.
- 4) Keep the Union Government in touch with Native feeling throughout the Territories." (Pim, 1933: 41 - 42).

In al die handelinge is die komiteestelsel algemeen gebruik. Besluite is geneem, verantwoordelikheid vir aksie het by die magistrate, tesourier, hoofmagistraat, die minister van Naturellesake of die Goewerneur berus, afhangende van die belangrikheid van die sake. Die Distriksrade het ses keer per jaar vergader en is die uitvoerende organe van die Algemene Raad wat 'n gemeenskaplike sentrale tesourie gehad het, maar het onder hulle sy plaaslike pligte versprei soos byvoorbeeld die onderhoud van paaie, beesdip-operasie, grondbewaring en die maak van

suipdamme. Hulle het finansieel verantwoordelik gebly vir hulle verrigtinge, maar die Algemene Raad het alle plaaslike belastings ontvang. Die Distriksrade is verantwoordelik vir die voorstel van uitgawe-voorstelle, wat dan voor 'n vergadering van die Algemene Raad gelê is. Na hersiening deur die Sentrale Tesourier, is daarvoor gestem. Indien dit geslaag het, is dit vir goedkeuring na die Goewerneur-Generaal deurgestuur. Dit het eweredigheid en spaarsaamheid in die besteding van geld teweeggebring en sodoende finansiële beheer moontlik gemaak. (Pim, 1933: 42; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 15)

Die Distriksraad het bestaan uit 'n magistraat, wat as voorsitter opgetree het, en ses raadslede wat vir drie jaar benoem was. In die gebied wat onder die Algemene Raad vir die Transkeise Gebiede geval het, is twee van die raadslede deur die Goewerneur-Generaal benoem en vier deur 'n kieskollege, wat saamgestel is uit verkose lede uit elke wyk. In Pondoland is twee raadslede deur die Goewerneur-generaal benoem; twee deur die betrokke opperhoof en twee volgens die stelsel van indirekte verkiesing. Die Algemene Raad (Bunga) het uit die hoofmagistraat, die magistrate van die verskillende distrikte en drie naturellede van elke distriksraad, waarvan twee verkies is en een deur die Goewerneur-generaal benoem is, behalwe in Pondoland waar een verkies, een deur die betrokke opperhoof benoem is en een deur die Goewerneur-Generaal benoem is. 'Tembuland, Oos- en Wes-Pondoland se opperhoofde het ampshalwe sitting gehad. (Pim, 1933: 42 - 43) Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 15).

In 1932 is 'n nuwe konstitusie opgestel deur 'n reseskomitee van die nuwe Verenigde Raad, wat uit vier magistrate en agt naturelle raadslede bestaan het. Dit is deur die Suid Afrikaanse Regering goedgekeur en volgens Proklamasie No 191 van 1932 uitgevaardig. (Van der Walt, Februarie 1963: 14; Vgl. ook U.G. 41 - '37: 27). Goewermentskennisgewing No. 1716 van 1935 het die regulasies gepubliseer vir die prosedure en bedrywighede van die Algemene Raad en die verskillende Distriksrade. (U.G. 41 - '37: 27).

Die funksies van die Bunga was oorspronklik beperk tot bespreking en formulering van siening oor sake wat die plaaslike bevolking raak. Later is dit uitgebrei tot die bespreking van enige voorgestelde wetgewing deur Swartes vasgelê. Hulle voorleggings en voorstelle was deur 'n konferensie van amptelike lede (die magistratekonferensie) beoordeel voordat dit aan die Goewerneur-Generaal vir sy kennisname voorgelê was. Sy kontrole was beperk tot jurisdiksie oor plaaslik gevorderde fondse, plaaslike padbouery, openbare werke, landbou verbeterings en studiebeurse. Die mense van Transkei het waardevolle ondervinding opgedoen deur die deelname in 'n raadstelsel wat dikwels deur wit magistrats oorheers was. (Pienaar, 1979: 165). Dus: Na afloop van elke vergadering is die besluite van die Algemene Raad deur 'n magistratekonferensie oorweeg wat die besluite en hulle aanbevelings voorgelê het aan die Minister van Naturellesake vir sy oorweging en beslissing.

In sy breedste verband was die Algemene Raad slegs 'n adviserende liggaam; maar hy het tog ten opsigte van bepaalde plaaslike aangeleenthede ook uitvoerende bevoegdheid gehad. Voor 1932 was die hoofmagistraat die hoof-uitvoerende beampte, maar daarna is die Uitvoerende Gesag aan 'n Uitvoerende Komitee toevertrou, wat bestaan het uit die hoofmagistraat, drie distriksmagistrate wat deur hom benoem is, en vier naturellelede, wat deur die Raad benoem is en deur die Goewerneur-generaal aangestel is. Die institusionele ontwikkeling van die Raadstelsel is voltooi met die instelling van die amp van sekretaris en tesourier-generaal vir die Verenigde Transkeise Algemene Raad. Hierdie amptenaar moes aan die hoofmagistraat verantwoording doen oor die insameling van alle inkomste wat aan die Raad toegeval het, oor die besteding van die fondse en verder ook oor die behartiging van die sake onder beheer van die Raad. (Van der Walt, Februarie 1963: 15).

By die algemene stemming van die plaaslike belasting- en erfpagbetalers van die distrikte, is verteenwoordiging op die

Distriksrade van die Transkei, Temboland en Griekwaland-Oos vir die doel in vier wyke verdeel; twee lede word deur die Goewerneur-generaal genomineer en die volk nomineer twee lede in Pondoland. Die kapteins van Oostelike en Westelike Pondoland nomineer vir elke Raad twee plaaslike lede binne hulle gebied, terwyl hulle self addisionele lede is van die Lusikisiki- en Libode - distriksrade. Die kaptein van die Temboes is ook 'n addisionele lid van die Umtata-distriksraad. Dit is die funksie van die Algemene Raad om te besluit oor die bedrag wat onder elke hoof uitgegee moet word en om die bedrae en werke, wat vir hulle distrikte goedgekeur is, aan Distriksrade toe te wys. Na nominasie deur elke Distriksraad, of soos in die geval van Pondoland, deur die kaptein en Distriksraad, benoem die Goewerneur-generaal twee lede van die Algemene Raad, terwyl die Goewerneur-generaal een ander lid van elke Distriksraad nomineer en benoem. Die voorsitters van alle Distriksrade is verder ook lede van die Algemene Raad en hulle mag aan die debat deelneem, maar het geen reg om te stem nie. 'n Aansienlike vooruitgang is die instelling van 'n Uitvoerende Komitee waarop Naturellelede sowel as offisiële lede diens gedoen het. (U.G. 41 - '37: 27).

Die Algemene Raad is onder die voorsitterskap van die hoofmagistraat, wie se hoofklerk die posisie van sekretaris en tesourier van die Raad beklee het. Hierdie twee amptenare is die skakel tussen die hoofkantoor van die Algemene Raad en die kantoor van die hoofmagistraat en weer deur hierdie kantoor die skakel met die hoofkantoor van die Departement. Verder hou die Algemene Raad sy eie hoofkantoor, personeel van administratiewe, rekeningkundige, landbou- en ingenieursafdelings in stand. (U.G. 41 - '37: 27).

Die Algemene Raad hou een sitting per jaar in Umtata om sake op sy agenda af te handel, wat gemiddeld veertien tot een-en-twintig dae duur, waarby mosies bespreek word wat van verskillende Distriksrade ontvang word en elke aspek van Naturelle-administrasie en welsyn word by byna elke sitting bespreek.

Finansiële Sake: Aangesien die Algemene Raad 'n reserwefonds opgebou het sodat dit in staat is om spesiale noodlenigingswerke te onderneem, afgesien van sy normale program van ontwikkeling, wys dit hoe distrikte bevoordeel is deur hulle middele bymekaar te voeg. Kragtens Wet 41 van 1925, wat belasting op Naturelle lê, moet 'n plaaslike belasting van 10 s (sjielings) per hut deur elke manlike Naturel, wat die eienaar van so 'n hut is en in 'n lokasie woonagtig is, jaarliks betaal word. . Elke getroude Naturel, wat in 'n geproklameerde lokasie woon, moet 10 s (sjielings) betaal vir elke vrou wat hy het, onderworpe aan 'n maksimum van twee pond. Diegene wat erfpag vir persele wat behou kan word, betaal, is van hierdie belasting vrygestel. Kragtens artikel elf van die Wet moet plaaslike belasting of erfpag ingevorder word in die regsgebiede van die Verenigde Algemene Raad van die Transkeise Gebiede, die Glen Grey Distriksraad, die Plaaslike Rade, en enige ander plaaslike liggaam wat in die artikel genoem is, kragtens die Naturelle zaken Wet, 1920 aan die Raad of liggaam wat in die gebied regsmag het, betaal word. (U.G. 41 - '37: 27 - 28).

Sintese, evaluering en hipotesetoetsing:

In die voorafgaande analise is die ruimtelike spreiding van die Bungastelsel oor Transkei, sowel as die samestelling, ontwikkeling en werking daarvan nagegaan. Die ontwikkeling in samestelling en werking van die Streeksraad, Gebiedsrade, Distriksrade en Lokasierade is ondersoek. In oorleg met die ontwikkeling van die interne struktuur, is die eksterne struktuur, waaronder die inspraak in en die verteenwoordiging op die bestuursliggame deur die Unie Regering, ook ontleed.

Die Bunga was die eerste stap op die pad na selfregering. (Brownlee, 1975: 137). "Today the Bunga is of world-wide reputation as an instance of successful administration - a credit both to the officials administering and to the people over whom they administer." (Brownlee, 1975: 147 - 148). Die Bunga was dus 'n soort van parlement waar die hoofde en leiers van stamme vergader het as 'n raadgewende liggaam om besprekings te voer en

aanbevelings te maak vir die behoeftes van die gebiede; dit wil sê 'n: "place for discussion." (Bellwood, 1964: 103).

Die Algemene Raadstelsel het 'n geleentheid geskep: "for the more progressive tribesmen to take part in local affairs. It was quite explicitly designed to encourage what might be called non-traditional leadership." (Hammond - Tooke, 1968: 466).

Die hoofpunt van wrywing was as gevolg van die ontwikkelingswerk van die Algemene Raad, veral die landbou en herstellingskemas, wat ongewilde maatreëls bevat het. Die Raadslede het grootliks daarin misluk om leierskap te voorsien en was nie effektief genoeg in verbinding met hulle kiesers nie.

Daar was goeie punte ook in die stelsel: "It gave a valuable training in the problems and conduct of local government and in the procedure of meetings. Generally debate was at a high and responsible level, and it did provide a forum for African opinion, however moderately presented in practice, which transcended tribal differences and went a long way to inculcate a sense of Transkeian citizenship. There were, for instance, small groups in the Transkei, such as the Mfengu, who had lost their chiefs a hundred years before, and a means was thus provided for such groups to voice their point of view." (Hammond - Tooke 1968, 473).

Die voorafgaande analise het die gestelde hipoteses bewys, naamlik dat:

- # die stambeheer in sy oorspronklike vorm grootliks verdwyn het en volgens die idees en besluitneming van die dominante groep (dit is die Unie Regering) aansienlik gewysig is;
- # die tradisionele stambeheer opgevolg is deur 'n meer gesofistikeerde en ontwikkelde gebiedsbeheer en streeksbeheer wat in verskillende ruimtelike en organisatoriese skaalvlakke gemanifesteer het, waaronder die Bunga oor die Transkeigebied,

Streeksrade oor gedefinieerde streke soos byvoorbeeld Pondoland, en Distriksrade oor die distrikte wat die oorspronklike stamruimtes vervang het;

- # die strategie bereik is om die onderhoriges in die bestuurstyl en beheerstrukture van die dominante sisteem op te lei en op te voed en vir verdere politieke ontwikkeling gereed te maak;
- # die Unie Regering die beleid van segregasie en swart selfontwikkeling op die Transkei gesuperponeer het en die Transkei as so 'n "model" begin ontwikkel het, dat dié strategie nie onmiddellik bereik sou kon word nie, maar geleidelik deur verskillende fases van politieke en bestuursopvoeding sou evoluer en na 1936 nog verder sou ontwikkel.

Aanloop tot die ontbinding van die Bunga in 1955:

Gedurende die 1943-sessie van die Algemene Raad van Transkei is die volgende toegewings gevra: "... that the pass laws' restrictions on free movement to the labour centres be relaxed for Natives in good standing, that the liquor laws be relaxed, that African trade unions be recognized, that the Native Representative Council be a legislative and not an advisory body, that election to this body be by individual franchise and not by electoral colleges, that the franchise be extended to women." (Hammond - Tooke, 1968: 471).

Hierdie oënskynlik skadelose versoek dat die Verteenwoordigende Raad ook wetgewende magte moes bekom, toon dat daar sedert 1936 'n groeiende begeerte by gedeeltes van die bevolking was om tot selfregering te kom.

In die daaropvolgende jaar is selfregering deur die Transkeise Bunga in geen onduidelike terme versoek. Die mees ingrypende mosie wat in die 1944 - sitting van die Bunga gestel was, is dié van Raadslid Qamata van Emigrante-Tembuland, moontlik met die goedkeuring van Kaiser Matanzima, later Hoofminister van Transkei,

wat pertinent voorgestel het dat: "as a post-war reconstruction measure this Council requests the Government declare the Transkeian Territories a Union Native Province or State with sovereign rights in the administration of government and its affairs and people." - (Carter, 1979: 108).

Beide die duidelike versoek vir 'n selfregerende staat en die feit dat dit van Emigrante-Tembuland gekom het, is insiggewend en belangrik, want dit bewys dat die mense in daardie gebied reeds voor 1944 die idee van 'n 'state with sovereign rights' gehad het.

Maar nie net van binne Transkei self het 'n groeiende versugting tot ontwikkeling van groter staatsmag ontstaan nie; ook vanuit die Dominante Akteurs-posisie het die Unie-Regering aan nuwe strategieë en bestuurstelsels vir die Swart gebiede onder sy sorg aandag begin gee. Dit het op die sogenaamde Bantoe Owerhedestelsel uitgeloop.

In 1951 het die Unie-Regering die stelsel van Bantoe Owerhede ingestel, wat 'n nuwe tendens in die administrasie van die Swartes was. In 1952 was die Bunga se standpunt 'n onvoorwaardelike verwerping van Bantoe Owerhede; wat weer in 1953 versterk was toe die Bunga gevra het dat die Suid-Afrikaanse regering Swartes van Suid-Afrika verteenwoordiging in die Unie-parlement moes gee wat deur hulle eie mense en in verhouding met hulle getalle verkies is. (Laurence, 1976: 25). Die burgerlike regte wat die Bunga gespesifiseer het was; "freedom of occupation, freedom of movement and the rights of free nations under the British flag so that people can discuss their matters freely." (Carter, 1967: 99).

Die radestelsel in die Transkei het egter ernstige gebreke gehad. Dit het sy wortels gehad in die politieke integrasiegedagte van Sir George Grey en was in geheel gebaseer op Westerse Blanke organisasie-metodes. Dus het die tradisionele metodes van Bantoe-stamadministrasie en van Bantoe-reg en -gebruik geen rol

daarin gespeel nie. Die hoofverantwoordelikheid vir die behartiging van aangeleenthede van die Algemene Raad en die Distriksrade was in die hande van blanke amptenare, wat verantwoordelik was vir die administrasie en finansiële beheer van die sake van die stelsel; dus was daar min geleentheid vir die Bantoe om eie plaaslike sake te behartig. Die Transkeise Bantoe het self die leemtes besef en daarom het die Algemene Raad eenstemmig in November 1955 besluit om oor te skakel na die Bantoe Owerhede. (Van der Walt, 1963: 15).

In April 1955 het die Bunga ingestem vir die aanstelling van 'n reseskomitee om ondersoek in te stel hoe om die raadstelsel met die Bantoe Owerhede beleid te integreer. (Laurence, 1976: 30). Die onder-sekretaris, mnr. Young, het gesê: "We are assembled here to-day at the dawn of a new era for the Transkeian Territories. We are endeavouring to formulate a new constitutional organisation which we, on our side, firmly believe will be the child which will grow to a manhood of strength, productivity and happiness. You are to-day making history in the development of the Bantu people." (Young, 1956: 84).

Hammond-Tooke som die Transkeise politieke bestuursituasie van die eerste helfte van die twintigste eeu as volg op: "for sixty-one years, from 1895 to 1955, the area known as the Transkeian Territories was the scene of an 'experiment' in local government based on district councils of elected members under the chairmanship of White magistrates." (Hammond-Tooke, 1968: 476).

Dus: 'n Onderhorige posisie van die Transkei teenoor die Dominante Akteur, die Unie van Suid-Afrika, met sy strategie van ruimtelike apartheid met politieke opvoeding in beheerstrukture van die onderhorige territorium. Dit het waarskynlik tyd geword om die onderhorige sisteem na 'n hoër vlak van selfbestuur oor te skakel.

Met sy ontbinding in 1956 het die Bunga uit 109 lede bestaan, onder 'n blanke voorsitter, waarvan 45 deur die distriksrade genomineer is, sewe deur Pondoland se distriksrade en 26 lede is deur die


Goewerneur-generaal uit die distriksrade aangestel. Die opperhoofde het 'ex official' sitting gehad en verder ook die 26 Bantoe-kommissarisse van die Transkei. (Wessels, 1962: 144).

Doelwitte met en die instelling van Bantoe-owerhede in Transkei, 1956:

Om die instelling, die struktuur die beheer en die beleid van Bantoe-owerhede in Transkei tot en met 1956 te verkonseptualiseer, is figuur 2.10 saamgestel.

Die Wet op Bantoe-owerhede (Nr. 68 van 1951) het die fondament vir die afsonderlike konstitusionele ontwikkeling van die Transkei gelê.

Daar bestaan 'n noue verwantskap tussen die politieke ontwikkeling van 'n bevolking en die gebied waarin hulle woon. Die ontwikkeling van 'n gebied en die gesagstruktuur wat die gebied beheer, is nie losstaande entiteite nie. (Pieterse, 1979: 131 en 152). Die rade wat as bestuursliggame moes dien het nie in die praktyk aan die verwagtinge voldoen nie, aangesien die raadstelsel 'n instelling van die Blanke was en nie 'n uitvloeisel van die Swart gemeenskap nie. Die gesag van die kaptein en sy rade is in 'n groot mate oor die hoof gesien aangesien die voorsitter van die raad die Naturellekommissaris ('n Blanke) was, terwyl die sekretaris/tesourier ook 'n lid van die blanke personeel van die kommissaris was. Die hele stelsel was dus kunsmatig en volksvreemd, daarom is daar besluit om die bestuurstelsel na die stam met sy kaptein en raad van hoofmanne te verskuif. Gevolglik is die tradisionele politieke instelling van die Swartes erken en uitgebou. (Pieterse, 1979: 153). Hierdie aksies dui op 'n proses waarin die inspraak van die eksterne akteur geleidelik verminder en gedeeltelik uitfaseer word en deur toenemende magte en beheer deur die onderhorige akteur vervang word.



Figuur 2.10: Beheerstruktuur, Transkei, 1956 (Blanke amptenare gee leiding en advies by Stam-, Distriks- en Streeksowerhede met doel om Bantoe voor te berei vir Selfregering en om verantwoordelikheid met bestuursake te dra. Die uitgangspunt is die tradisionele vorm van regering wat aan die Bantoe bekend is).

Met die aanvaarding van die Wet op Bantoe-Owerhede (Wet No. 68 van 1951) deur die Unie-regering (die dominante akteur) begin 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van die bestuur van die Bantoe-tuislande in Suid-Afrika. Die Wetsontwerp is op 17 Julie 1951 uitgevaardig as die Wet op Bantoe-Owerhede, Wet No. 68 van 1951, en goedgekeur op 27 Junie 1951 met die doel: "Om vir die instelling van sekere Bantoe-owerhede voorsiening te maak en hul werksaamhede te omskryf, om die Naturelle Verteenwoordigende Raad af te skaf, om die Naturellezaken Wet, 1920, en die Naturelle Verteenwoordigings-Wet, 1936, te wysig, en om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak." (Wet No. 68 van 1951: 1153; Vgl. ook U.G. 30 - 1953: 12).

Met die skepping van Bantoe-Owerhede is daar gepoog om die tradisionele Swart regeringstelsels binne die raamwerk van die Swart kultuur so uit te bou dat dit ook doeltreffend sal funksioneer onder Westerse ekonomiese omstandighede en daarmee is die voorbereiding in die rigting van selfbestuur reeds aangeneem. (U.G. 30 - 1953: 5). Alexander Hepple sê: "The process of implementing the grand design of separate development began with the Bantu Authorities Act which Verwoerd put through parliament in 1951." (Laurence, 1976: 28).

'n Belangrike beginsel was dat administratiewe, uitvoerende en geregtelike mag aan hierdie Bantoe-Owerhede gegee sou word. 'n Ander baie belangrike eienskap van hierdie stelsel was dat: "It is also important that the authority will be exercised according to Native law and Native custom. Here again we have a restoration of the prestige, the authority and also a restoration of Native law and custom." (Tatz, 1962: 150).

Van Vuuren evalueer Wet No. 68 van 1951 as volg: "... laid the foundation for the development of a new system of self-government for Blacks, based on traditional tribal government but with opportunities for development (which in fact come to pass) in the direction of constitutional structures that could meet the demands

of modern government." (Van Vuuren, et al., 1983: 5).

Toe dr. H.F. Verwoerd, die destydse Minister van Naturellesake en later Eerste Minister, die wetsontwerp op 18 Junie 1951 by die Volksraad ingedien het, het hy gesê: "Ek wil ook graag daarop wys dat 'n mens hier te doen het met 'n herstel van die natuurlike Bantoe-demokrasie. Waar ons tot nog toe wel kapteins en hoofmanne het wat gesag uitoefen, is daar nie voorsiening gemaak dat hulle dit uitoefen 'inrade' nie, terwyl in hierdie wetsontwerp 'n mens wegkom van daardie onnatuurlike outokrasie wat nie in die Bantoe-stelsel natuurlikerwys inheems is nie. Ons keer terug na die gesag-in-rade." (Suid-Afrika se Bantoe op die weg na selfbestuur, April 1964: 147).

Kragtens artikel 2 en 3 maak Wet No. 68 van 1951 voorsiening, na behoorlike raadpleging met die betrokke naturelle, vir die instelling van stam -, streeks en gebiedsowerhede, aan die hoof waarvan onderskeidelik staan die betrokke stamhoof en die verkose voorsitter van die streeks- en gebiedsowerhede, wat naturelle moet wees. (Van der Walt, Februarie 1963: 16; Vgl. ook Wet No. 68 van 1951, Artikels 2 en 3: 1155). Die stamowerheid bestaan uit die stamhoof en sy raad; die streeksowerheid bestaan uit twee of meer stamowerhede waarvan die voorsitter en lede uit die stamhoofde en raadsmanne gekies word en 'n gebiedsowerheid as die hoogste oorhoofse gesag oor al die ingeskakelde streeks- en stamowerhede in die gebied van die volk. (U.G. 53 - 1956: 12).

'n Stamowerheid kan met siviele en kriminele jurisdiksie beklee word en moet die stamsake administreer asook die onderskeie Gebiedsowerheid waaronder hulle mag val, adviseer en bystaan ten opsigte van die algemene welstand van die stam. Die Wet maak ook voorsiening vir die heffing van stamgelde deur die owerheid, wat dan aangewend moet word om die stamgebied op te bou en te verbeter. Die owerhede mag in die uitvoering van hulle pligte sekere veranderings uitvaardig en belastings hef. (U.G. 53 - 1956: 12). Dit blyk dus dat die instelling van swart-owerhede daarop

gemik was om 'n groter mate van eie bestuursreg aan die Swartes te gee sodat hulle 'n aandeel in hulle eie ontwikkeling en die ontwikkeling van hulle gebiede kan hê. Die tradisionele Swart bestuursvorme is as basis geneem om hierdie ideaal te bereik. (RP 78 - 1964: 10; Vgl. ook Kitching, 1984: 201).

Die Naturellekommissaris het bly funksioneer, aangesien die hele stelsel opvoeding in bestuursverantwoordelikhede beoog, maar die naturellekommissaris sou voortaan toesighoudend en raadgewend optree en nie as deel van die owerhede nie. Wanneer die Bantoe die nodige ryphed en verantwoordelikhedspeil bereik het vir volkome selfbestuur, sal dié amp teruggetrek word. (Van der Walt, Februarie 1963: 16).

Die Bantoe-owerhedestelsel in Transkei:

Die Bantoe Owerhede-stelsel is egter nie in 1951 in Transkei ingestel nie, maar eers vyf jaar later, want pas na die aankondiging van die Wet het die Verenigde Raad van Transkei 'n mosie aanvaar waardeur hulle verklaar dat die gebied bevredigend deur die bestaande radestelsel bedien word. Die werklike betekenis vir die bevordering van selfbestuur is eers later ingesien. In 'n spesiale sifting van die Verenigde Raad van Transkei in November 1955 is besluit om die stelsel van Bantoe-owerhede te aanvaar, met die gevolg dat die Wet op Bantoe+owerhede kragtens Proklamasie 180 van 1956 ook op die Transkei van toepassing gemaak is. Die oordrag van die funksies van die naturellerade na die nuwe owerhede het geleidelik plaasgevind. (Van der Walt, Februarie 1963: 16 - 17).

Proklamasie 180 van 1956 het voorsiening gemaak vir:

- # Die ontbinding van die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebied en sy samestellende distriksrade op 31 Augustus 1956.
- # Die vervanging van hierdie Transkeise rade vanaf September 1956

deur die volgende owerhede in stygende orde: swart stam of gemeenskapsowerhede wat ook as distriksowerhede kan optree, swart distriksowerhede, swart streeksowerhede vir 'n aantal distrikte en die Transkeise gebiedsowerheid vir die hele Transkei.

- # Die instelling, funksies en werksaamhede van 'n uitvoerende komitee van die gebiedsowerheid wat die voorsittende gebiedskaptein-in-rade genoem word.
- # Die aanstelling van die voorsittende gebiedskaptein as die hoofuitvoerende amptenaar van die gebiedsowerheid.
- # Toesighouding oor en raadgewing aan die verskillende owerhede in die Transkei, en die aanstelling van 'n toesighoudende amptenaar vir die doel.
- # Die ouditering en finansiering van die verskillende owerhede en die instelling van tesourieë vir elk van hierdie owerhede wat hulle gelde deels van die owerheid net bo hulle ontvang." (Wiechers, 1981: 507). Hierdie stelsel word in figuur 2.10 verkonseptualiseer.

Die ontbinding van die Bunga, 1956-08-31 / Instelling van Transkei Gebiedsowerheid, 1956-09-01:

Die Algemene Raad van die Bunga en die 26 distriksrade is op 1 September 1956 ontbind. Terselfdertyd is daar voorsiening gemaak vir die instelling van die Transkeise Gebiedsowerheid, streeksowerhede, 26 distriksowerhede en die samestelling van die stam- en gemeenskapsowerhede in die Transkei. As gevolg van die ondervinding wat die Xhosas oor baie jare deur middel van die radestelsel opgedoen het, het die organisasie van Bantoe Owerhede in Transkei besonder snel verloop. Teen Maart 1959 was die proses voltooi en het daar reeds 126 stamowerhede, 26 distriksowerhede, 7 streeksowerhede en 'n sentrale gebiedsowerheid gefunksioneer. (Van der Walt, Februarie 1963: 165, Vgl. ook Constitutional development of the Transkeian Territories, March 1962: 157). Die ou distrikte is erken en tussen die stamowerhede en streeksowerhede ingeskuif. Met die vervanging van die

radestelsel in die Transkei deur die stelsel van Bantoe Owerhede, is gepoog om die tradisionele vorme van Xhosabestuur te herstel deur aansluiting te vind by die tradisionele sosiaal-politieke struktuur. Funksies wat voorheen deur Blanke amptenare vervul is, sou voortaan deur die Xhosas self vervul word, aanvanklik onder die toesig van Blanke raadgewers. So is die weg in Transkei gebaan vir verdere stappe op die pad van selfregering. (Strauss, Oktober 1966: 26; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 17).


Die struktuur van die Bantoe-Owerhedestelsel:

Die ruimtelike struktuur van die bevolkingskomponent:

Om die ruimtelike patroonvorming van die Bantoe Owerhede-stelsel beter te verstaan en om moontlike strategieë wat deur die Unie-Regering beplan was af te lei, is dit nodig om eers 'n kort oorsig van die bevolkingskomponent van die Transkei teen ongeveer die middel van die 20ste eeu te gee. Die ruimtelike patrone van bevolkingsamestelling op etniese/stamgrondslae, word in Kaart 24 veraanskoulik.*

Volgens die Tomlinsonverslag was die stamgroepe min of meer as volg in die Transkei versprei: Mpondo, met kernpunte te Bizana en Libode; Xesibe, met kernpunt Mt. Ayliff; Thembu, met Umtata as middelpunt en Gcaleka met Willowvale in die kern.

* Vir 'n vollediger uiteensetting van die bevolkingskomponent word die leser terug verwys na die ontleding van dié komponent in Kaarte 15, 17, 18, 19 in Hoofstuk 2. Die ruimtelike patroon van stammedersetting was reeds teen die einde van die vorige eeu vasgelê. Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu het geen waarneembare verandering in hierdie patrone plaasgevind nie. Dit het min of meer permanente grense aangeneem. Daarby het die kolonisasiefronte reeds in die vorige eeu tot stilstand gekom en was die landsgrense van die territorium bepaal. 'n Bevolking wat in hierdie fase van demografiese oorgang en politiekruimtelike ontwikkelingsfase is, openbaar min interne migrasie en mobiliteit.



KAART 24: BEVOLKINGSKOMPONENT: BENADERDE VERSPREIDING VAN HOOFSTAMME, C 1950/55. (Alle grenslyne moet as sones beskou word. Kerngebiede is in blok-vorm. Bronne: Kaarte 15, 17, 18, 19 - Hoofstuk 2).

Benewens hierdie groter groepe is daar onder andere die Bomvana tussen die Umbhashe- en Umtatariviere, die Mpondomise van die Tsolo-Qumbugebied en Sotho-elemente op enkele punte vanaf Herschel al langs die grens van Basoetoland en op enkele punte in die Midde-Transkei. (U.G. 61 -1955: 183). (Vergelyk Kaart 24 vir die benaderde verspreiding van hoofstamme.)


Stamowerhede (of Gemeenskapsowerhede):

(Vergelyk kaart 25 vir die verspreiding van stamowerhede.)

Kragtens artikel 2 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, het die Goewerneur-generaal die reg, nadat die Minister die betrokke Swartes geraadpleeg het, om 'n stamowerheid ten opsigte van 'n stam in te stel. So 'n stamowerheid word dan ingestel ten opsigte van die gebied wat aan die betrokke stam se kaptein of hoofman toegewys is. (Wet No. 68 van 1951, Artikel 2 (1) en (2) : 155). Daar is ook vir die instelling van 'n gemeenskapsowerheid voorsiening gemaak. Die lede van so 'n stam - of gemeenskapsowerheid bestaan uit die kaptein of hoofman en soveel raadsmanne as wat deur die Goewerneur-generaal bepaal mag word. (Wet No. 68 van 1951, Artikel 2 en 3 - 1155). Die rol van die dominante akteur word dus in die ampte Goewerneur-generaal en Minister van Naturellesake behou.

Stamowerhede het fondse nodig om aan sy funksie te voldoen en dit word oor die algemeen verkry deur boetes en hofgelde, hondebelaasting, inisiasiegelde, tantième deur 'n maatskappy betaal indien daar minerale in die stamgebied ontgin word en skenkings uit die Trustfonds vir ontwikkelingsdoeleindes. 'n Begroting ten opsigte van inkomste en uitgawes van 'n stamowerheid moet vir goedkeuring voorgelê word, aangesien die Trustfonds sekere ontwikkelingsprojekte in 'n stamgebied finansier. (Pieterse, 1979: 155).

Die stamowerheid is die kleinste owerheid in die stelsel van Bantoe Owerhede en dit is daarop toegespits om die belange van die stam te behartig. Waar 'n stamowerheid nie tot stand gebring kan word



KAART 25: LIGGING VAN STAM - OWERHEIDS-GEBIEDE

nie, veral as te veel stamme deurmekaar in 'n bepaalde omgewing woon, word 'n gemeenskapsowerheid gestig wat die gemeenskaplike belange van die inwoners van 'n bepaalde gebied behartig. Die stam- en gemeenskapsowerheid bedien die owerhede van raad en staan die Regering, distriks- en streeksowerhede by in sake rakende die stoflike, sedelike, geestelike en maatskaplike welsyn van die stam of gemeenskap. Aangeleenthede soos siviele en kriminele jurisdiksie, die uitvoering van plaaslike ontwikkelingsdienste en grondbewaringswerk kan ook binne die pligte van 'n stam - of gemeenskapsowerheid val. (Wet No. 68 van 1951, Artikel 4: 1159). Die stamhoof se funksie word baie duidelik in Proklamasie 110 van 18 April 1957 uiteengesit, naamlik dat dit oor die algemeen oor die beheer en administrasie van die inwoners handel. (Staatskoerant, Proklamasie 110 van 1957, 18 April 1957).

Die aanbevole instelling van die volgende stamowerhede in Transkei en pereferiese gebiede moet waarskynlik teen die kort etnies-geografiese agtergrondskeets hierbo en Kaart 25 gesien en as strategie om die stamstelsel te laat gedy interpreteer word:

- # 'n Bhaca - Khuzeni of Nhlangwinistreeksowerheid vir die gebied wat strek oor die gebied, beginnende teenoor Port Shepstone in die ooste, oor Umzimkulu in die middel en Matatiele in die weste.
- # 'n Xesibestamowerheid, in die Mt. Ayliffsektor.
- # 'n Mpondostamowerheid, bestaande uit 'n oostelike stamowerheid in die Bizanasektor en 'n stamowerheid in die Libodesektor in die weste.
- # 'n Thembustreeksowerheid in Thembuland, met Umtata as sentrum (hoofkwartier).
- # 'n Bomvanastreeksowerheid vir die kusgebied tussen die Umbhashe- en die Umtatarivier.
- # 'n Mpondomisestreeksowerheid in die Tsolo- en Qumbusektor.
- # 'n Gcalekastreeksowerheid vir die Willowvalsektor.
- # 'n Ngqikastreeksowerheid vir die suidoostelike Transkei en die Ciskei, met inbegrip van stamowerhede vir groepe soos die

Gqunukhwebe, Dushane en Ndlambe." (U.G. 61 - 1955: 184).

Uit 'n visuele vergelyking tussen die twee kartografiese voorstellings en van die ruimtelike ordening van die stamhoofde bestuurstelsel en die ruimtelike ordening van die streeksbesture is dit, retrospektief gesien, duidelik dat die strategie was om dié wat uit die historiese verlede assimileerbare elemente was (vergelyk bevindinge in Hoofstuk 2) en die wat by mekaar hoort, saam te groepeer. Hierdie strategie moes dan gedeeltelik vir die sukses van die stelsel verantwoordelik wees.

VISUELE OOREENKOMSTE TUSSEN DIE STAMHOOFSE BESTUURSTELSE EN DIE STREEKSBESTURE


Stamowerheid	Streeksowerhede
Bhaca	Maluti
Khuzeni	Umzimkulu
* Xesibe en Oostelike Mpondo	Qaukeni
Westelike Mpondo en Bomvana	Nyanda
Mpondomise	Tembe
* Thembu en Emigrant Temboe	Dalindyebo
Gcaleka	Gcaleka
Fingo	Nggika

* Assimileerbare elemente

Distriksowerhede:

(Vergelyk distriksgrense, Kaart 26 vir verspreiding van distriksowerhede.)

Distriksowerhede tree op in landdrosdistrikte en die distrikte se stamhoof is die voorsitter van so 'n distriksowerheid, As daar meer as een stamhoof woonagtig is in 'n distrik, word een van hulle as die voorsitter van die owerheid aangewys. Vier voorsitters van stam- of gemeenskapsowerhede in die distrik, twee verteenwoordigers van belastingbetalers in die distrik, twee lede van stam- of gemeenskapsowerhede en alle stamhoofde van die betrokke distrik is



KAART 26: VERSPREIDING VAN STREEKSOWERHEDE EN DISTRIKSOWERHEDE (Geimplimenter 1956, volgens Wet No. 68/1951).

lede van 'n distriksowerheid. Die distriksowerhede is behulpsaam met die administrasie in die distrik en sorg dat stam- of gemeenskapsowerhede hulle pligte nakom. Distriksowerhede bedien ook die streeksowerheid en die Wetgewende Vergadering van raad met betrekking tot sake wat die welsyn van die inwoners van die distrik raak, en aanvaar ook die verantwoordelikheid vir die dip van vee, die invordering van plaaslike belastings, die besteding van fondse ten behoeve van die Wetgewende Vergadering, asook die verkryging van grond. Distriksowerhede moet toesien dat plaaslike ontwikkelingsdienste uitgevoer word en kan ook 'n veebelasting hef asook ander belastings vir spesiale doeleindes. (Tatz, 1962: 183.)

Streeksowerhede: (Vergelyk Kaart 26 vir die verspreiding van streeksowerhede en kiesafdelings.)

Die voorsitter van 'n streeksowerheid is gewoonlik die opperhoof of streekstamhoof wat gewoonlik 'n kaptein is. Indien daar 'n paar met gelyke rang is, word die voorsitter uit hulle geledere gekies. Die dienstermyn is vyf jaar. Die voorsitter kan 'n verteenwoordiger benoem wat namens hom as voorsitter kan optree. In die Transkei is daar nege streeksowerhede, naamlik die Oaukeni-streeksowerheid (Oos Pondoland) vir die distrikte Lusikisiki, Bizana, Flagstaff, Tabankulu en Mount Ayliff; die Nyandastreeksowerheid vir die distrikte Libode, Ngqeleni en Port St. Johns; die Dalindyebo-streeksowerheid vir die distrikte Umtata, Engcobo en Mqanduli; die Temboelandse streeksowerheid wat die distrikte Mount Frere, Qumbu en Tsolo insluit; die streeksowerheid van Emigrant-Temboeland vir die distrikte St. Mark's en Xalanga; die Fingo-streeksowerheid vir die distrikte Ngamakwe, Butterworth en Tsomo; die Gcaleka-streeksowerheid vir die distrikte Willowvale, Kentani, Idutywa en Elliotdale; die Malutistreeksowerheid, waarin die distrikte Matatiele en Mount Fletcher verteenwoordig is; en die Umzimkulustreeksowerheid in die distrik Umzimkulu. (Land van die Xhosa, c.1964: 8).

Alle stamme in 'n streeksowerheid het gelyke verteenwoordiging, al

is sekere stamme groter. 'n Streeksowerheid vorm 'n soort federasie van stamowerhede wat saamgestel word uit die stamhoofde van die onderskeie stamowerhede en daar word soveel raadsmanne deur die kapteins van die samestellende stamowerhede aangestel as wat die minister mag bepaal. (Staatskoerant, Goewerneurskennisgewing 1178 van 1957, 2 Augustus 1957).

Artikel 5 van die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 beskryf die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die streeksowerhede, wat die volgende behels: Streeksowerhede verleen bystand aan die distriks - en stamowerhede van die streek en dien die Regering en die Gebiedsowerheid van raad oor aangeleenthede wat die hele streek raak. Die streeksowerhede sal omsien na die geestelike en materiële welsyn van die stamme en sal hom nie bemoei met die handhawing van wet en orde in die stamme self nie.

Streeksowerhede maak verder voorsiening vir:

- # "die daarstelling, instandhouding, bestuur en beheer van opvoedkundige inrigtings, en die bevordering van skool- en ander onderwys;
- # die aanlê en instandhouding van paaie, brûe, afvoerkanale, damme, vore en werke wat hy nodig mag ag vir gesondheidsdoeleindes of ter versekering van bevredigende watervoorrade of voorkoming of bestryding van gronderosie; die bestryding van veesiektes deur die aanlê, instandhouding en bediening van dipbakke, en op enige ander wyse wat hy nodig ag;
- # die oprigting, instandhouding, bestuur en beheer van hospitale, klinieke en ander soortgelyke inrigtings;
- # die verbetering van boerdery- en landboumetodes oor die algemeen;
- # bosaanplanting; en
- # oor die algemeen alle aangeleenthede wat volgens die Goewerneur-generaal se oordeel binne die bestek van streeksbestuur val en wat hy aan so 'n streeksowerheid mag toewys." (Wet No. 68 van 1951, Artikel 5: 1159 en 1161; Vgl. ook

U.G. 53 van 1956: 12).

Elke streeksowerheid is met regsrag beklee en kan met die goedkeuring van die Goewerneur-generaal regulasies uitvaardig en belastings hef van hoogstens een pond in enige jaar van elke volwasse manlike naturel wat woonagtig is in die gebied waarvan die streeksowerheid ingestel is. (Wet No. 68 van 1951, Artikel 6: 1163). Die streeksowerhede het fondse nodig om doeltreffend te funksioneer. Die streeksowerhede het grootliks die werke van die Trust oorgeneem en die Trustfonds is die belangrikste finansiële verskaffer. (Staatskoerant, Goewermentskennisgewing 1178 van 1957, 2 Augustus 1957).

Die Gebiedsowerheid (Beslaan die hele territorium van Transkei):

Die Gebiedsowerheid bestaan uit 'n voorsitter wat deur die Goewerneur-generaal bepaal word, terwyl die wyse van samestelling deur sekere regulasies voorgeskryf word. (Wet No. 68 van 1951, Artikel 3: 1155). Op 1 September 1956 het die Transkeise Gebiedsowerheid in werking getree. (Botha, 1981: 23). In Transkei was die belangrikste liggaam in die hiërargie van Bantoe--owerhede die Gebiedsowerheid, wat sorg gedra het vir die werksaamhede van al die streeksowerhede. Al die lede van die verskillende streeksowerhede was ook lede van die Gebiedsowerheid. Die Uitvoerende Komitee van die Gebiedsowerheid het bestaan uit die voorsitters van die verskillende streeksowerhede. Die streeksowerhede se voorsitters het die voorsitter van die Gebiedsowerheid uit hulle eie geledere vir 'n tydperk van een jaar gekies, en was herkiesbaar.*

* In 1959 is opperhoof Botha Sigcau van Oos-Pondoland gekies en in 1960 herkies. In 1961 is die voorsitter van die streeksowerheid vir Emigrante Temboeland, senior stamhoof Kaizer Matanzima, tot voorsitter van die Transkeise Gebiedsowerheid gekies. Senior stamhoof Matanzima het groot werk gedoen deur middel van sy samesprekings en onderhandelings met die Suid-Afrikaanse Regering oor die verlening van selfbestuur aan Transkei. (Land van die Xhosa, c.1964: 8 en 10).

Die Gebiedsowerheid het sake wat vir die hele streek van belang was behartig en kan dus voorstelle maak wat die staatkundige ontwikkeling van Transkei behels het. Die pligte wat vroeër die verantwoordelikheid was van die Algemene Raad (Bunga) was nou die pligte van die Gebiedsowerheid. Die Gebiedsowerheid het ontwikkelingswerke vir die hele gebied onderneem en het die mag gehad om, met die toestemming van die Suid-Afrikaanse Regering, regulasies uit te vaardig en belastings te hef.

Sintese, evaluering en hipotesetoetsing:

Aanvanklik het die 1951-wet nie op Transkei betrekking gehad nie, maar in 1955 is daar op die versoek na die stelsel van Bantoe-owerhede oorgeskakel en op 1 September 1956 is die Bunga in 'n gebiedsowerheid omskep, die eerste gebiedsowerheid wat ingestel is. Die Transkeise stelsel het weinig van dié in ander swart gebiede verskil aangesien distriksowerhede, wat uit die Glen Grey-radestelsel voortspruit, as 'n bykomende vlak van Bantoe-owerhede behou is. (Du Pisani, 1989: 180).

In Transkei is die bestaande Verenigde Algemene Raad en 26 distriksrade deur 'n gebiedowerheid, nege streeksowerhede, 26 distriksowerhede en 126 stamowerhede vervang. (Nieuwoudt, et al., 1981: 241).

Selfbestuur is 'n voorlaaste stap tot onafhanklikheid. In 1956 het Transkei reeds só ver op die weg van politieke evolusie gevorder dat selfbestuur, tot die kern van die begrip, aan hom toegeken is. Die blanke, die dominante akteur, het sy medeseggenskap en inspraak eers geleidelik en daarna totaal onttrek en slegs in raadgewende hoedanigheid bly funksioneer. Swart beheer is vanaf die hoogste orde, naamlik gebiedsbeheer met wetgewende en uitvoerende gesag, tot op die laagste vlakke van distriks- en stambeheer afgewentel.

'n Selfregerende liggaam het die mag om wette te maak en dit is hier waar die soewereine onafhanklikheid en 'politieke outonomie' van die Gebiedsowerhede geëis was.

7 Mei 1957 was 'n belangrike mylpaal vir die mense van Transkei, toe dr. H.F. Verwoerd die eerste sitting van die Transkeise Gebiedsowerheid in Umtata geopen het en daarmee 'n nuwe fase ingelui het in die vordering met afsonderlike ontwikkeling en met die onafhanklikheidstrewe van Transkei. Albei gebiede, Suid-Afrika en Transkei het hulle geïdealiseerde strategieë in 'n verdere fase van verwerkliking sien gaan.

Evaluering: Twee kontrasterende evaluasies met betrekking tot Transkei se selfbestuur en selfontwikkeling was deur die Departement van Inligting van Suid-Afrika en die president van die African National Congress verwoord:

Uit die Departement van Inligting word aangehaal: "Langs hierdie weg is die moontlikhede vir verdere staatkundige ontwikkeling geskep en die Gebiedsowerheid van die Transkei, onder voorsitterskap van senior stamhoof Matanzima, het die moontlikhede reg benut." (Land van die Xhosa, c.1964: 10).

Mnr. A. Luthuli, toe President van die 'African National Congress' het hom as volg oor die politieke deel van die Bantoe-Owerhede Wet uitgelaat: "In its place is to be put the machinery of Bantu Authorities which, we are told, is in accordance with our traditions. This machinery leaves out of account the two-thirds of our people in the towns and on the farms, who include the most politically advanced and educated among us. The same can be said about the Bantu Authorities in the reserves. The Bantu Authorities Act makes the chief and his inner Council (the Authority) absolute dictators over the tribe. To sum up let me say that the Government's plans for the African people are completely unacceptable because they give us neither freedom in the 'White man's areas' nor independence in 'our own areas.' The road

the Government points out to us leads nowhere." (Tatz, 1962: 191).

Alhoewel die Territoriale Owerheid 'n federale liggaam is "containing representatives of the nine regional authorities, its constitutional nature is unitary. It is the central body that controls and administers the funds of the Bantu Authorities in the Transkei." (Staatskoerant, Goewermentskennisgewing 1178 van 1957, 2 Augustus 1957), is egter 'n verdere pluspunt in die evaluering van dié nuwe politieke stelsel in Transkei: dit het nou gegaan "om die mense deur die mense" - 'n kenmerk van 'n demokratiese stelsel, met 'n sentralisering van mag, maar terselfdertyd 'n desentralisering van bestuur en verantwoordelikheid.

Hipotesetoetsing: Die politieke sprong in die ontwikkeling vanaf die Bunga wat sy embryo-fase in 1894 betree het, tot Selfregering vyftig jaar later, bewys dat die fase-opeenvolging tot 'n finale stadium van onafhanklikheid noodwendig ook deur die fase van selfregering onder die voogdyskap van die dominante akteur (soos wat ook die geval met die Suid-Afrikaanse model was) die enigste konstitusionele en vreedsame weg tot politieke ontwikkeling is. 'n Alternatief sou 'n gewelddadige politieke ingreep - 'n staatsgreep - kon wees om politieke mag te bekom. Dus: tot op hierdie voorlaaste ontwikkelingsvlak na staatkundige onafhanklikheid is die hipotese in soverre dit Transkei betref, nog steeds bewese en geldig.

"n CHOROLOGIESE EN CHRONOLOGIESE ANALISE VAN DIE EVOLUSIE VAN DIE TERRITORIUM (TERRITORIALE GRENSE EN INTERNE RUIMTELIKE ORDENING) 1903 - 1957:

Grondgebied is 'n primêre komponent in die ekonomiese, sosiale en politieke ontwikkelingsproses van die bevolking van 'n land. Grondgebied verskaf lewensruimte, voedsel, grondstowwe en hulpbronne wat in die mens se basiese lewensbehoefte voorsien. Grondgebied verskaf die territoriale basis vir die uitoefening van politieke mag. Daarby is grondbesit en grondbesitstelsels 'n

bykomende faktor in die uitoefening van ekonomiese en politieke selfstandigheid.

FASE 1: 1903 TOT 1916: GRONDGEBIED EN TERRITORIUMAFBAKENING:

Die momentum van die Glen Grey-Wet:

Grondgebied en territoriumafbakening is om bogenoemde redes belangrik vir die uiteindelijke totstandkoming van die reeks Swart etniese state in Suid-Afrika. Die bevindinge van die Lagden-Verslag, die Naturellesake-Kommissie van 1903-1905, het tot die proklamasie van die Swart Grond Wet in 1913 aanleiding gegee. Die verslag lui dat sosiale en ekonomiese interaksie tussen Blank en Swart in die landelike gebiede ongewens is en dat hierdie verskynsel ontmoedig moet word om sosiale en politieke afsonderlikheid te handhaaf (Krige, 1988: 41).

Die proses van grondafbakening:

Die swartes sowel as die blankes het histories 'n sterk verbondenheid aan grond getoon, gevolglik het grondkwessies nie net 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel nie, maar ook in die ontwikkeling van Transkei en het periodiek konflik veroorsaak. In die loop van jare het 'n patroon van territoriale segregasie tussen wit en swart ontstaan. Gedurende die 19de eeu is hierdie patroon bestendig deur wetgewing in die Boererepublieke sowel as die Britse kolonies en sodoende is die Swart besetting asook die besit van grond gereguleer. (Du Pisani, 1989: 57 - 58).

Krige haal Joubert aan wat die Swart Grond Wet van 1913 beskou as: "... die aanvangswetgewing waarin die beginsel van gebiedsegregasie en skeiding van regte op grond tussen Swart en nie-Swart beliggaam is." (Krige, 1988: 41). Hierdie wet word as die hoeksteen van Afsonderlike Ontwikkeling beskou.

Die 19de-eeuse wetgewing is enkele jare na Unie-wording op nasionale vlak in die Naturellegrondwet van 1913 gekonsolideer;

waardeur verdere statutêre beslag aan die beginsel van territoriale segregasie gegee is. In die bylae tot die wet is ongeveer 9 miljoen hektaar (10½ miljoen morge) grond - nagenoeg 7% van die Unie van Suid-Afrika se grondoppervlakte - as naturellegebied (swart grondgebied) gereserveer, wat bekend staan as die geskedeleerde (of afgesonderde) gebiede omdat dit in die skedule (bylae) van die wet gespesifiseer is. Blankes is verbied om grond in hierdie gebiede te besit en swartes is verbied om grond daarbuite te besit of te huur, behalwe met die spesiale toestemming van die Goewerneur-generaal. (Du Pisani, 1989 58). Al die Transkeigebiede is as vrygestelde gebied verklaar en niemand behalwe Swartmense kon 'n aandeel of belang in grond verkry sonder die reeds genoemde toestemming nie.

Die Grond Wet van 1913 was 'n tydelike maatreël om die status quo ten opsigte van besitreg op en bewoning van grond in die Unie van Suid-Afrika te handhaaf, wat die verkryging van grondregte deur Swartes moes beheer tot tyd en wyl die aangewese Kommissie hulle verslag kon uitbring, en sou dus die aard van Swart grondbesit in Suid-Afrika drasties beïnvloed. Die onderliggende beginsel van hierdie wet "was not absolute prohibition, but restriction," (Hansard, 9 May 1913: col. 2270). Want in Herschel byvoorbeeld, is tog aan Swartes vergunning gegee om grond aan Blankes te verkoop, waar nodig, anders sou die land totaal tot stilstand gekom het. Om 'n verbod op die verkryging van gronde wat binne 'n gereserveerde gebied val, te plaas, "... a large part of the business in those areas would come to a standstill." (Hansard, 9 May 1913: col. 2270). Betreffende beperkings sê die Minister: "... it would be wise to say that purchase by native among Europeans, and by Europeans amongst natives, should be stayed." (Hansard, 9 May 1913: col. 2278). Spesiale gebiede sou aan die Swartes toegeken moes word waarbinne hulle grond kan koop of huur, sodat verdere ruimtelike vermenging verhoed kan word.

Die idee van gebiedskeiding was niks nuuts in Suid-Afrika nie, maar wat van hierdie wet belangrik is, is dat dit die eerste neerslag

was van hierdie strategie in die wetgewing van die pas gevormde Unie van Suid-Afrika. (Muller, 1970: 345). Die afbakening van gebiede deur die Naturelle Grond Wet van 1913 was nie vir almal aanvaarbaar nie.

Die meerderheid van die Swartes was gekant teen die Wet aangesien dit 'n groot aantal Swart gesinne van hulle woonplekke verdryf het. Anders as die Blanke kritici soos Merriman en Schreine het die Swart kritici van hierdie wet, geen beginselbeswaar teen die beleid van gebiedskeiding ingebring nie; slegs: "that the Africans objected solely to the severe restrictions and subsequent hardships which resulted from the Act." (Tatz, 1962: 24).

Die South African National Congress, die latere African National Congress, het beswaar by die minister van Naturellesake aangeteken teen die toestand wat deur hierdie Wet geskep sou word. Nadat die Regering die versoek verwerp het, is 'n tweede versoek ook sonder gevolg aan die Britse Hoë Kommissaris gerig. (Tatz, 1962: 24). 'n Afvaardiging is in Februarie 1914 ook sonder welslae na die Koloniale Sekretaris in Brittanje gestuur. (Tatz, 1962: 24). Dus sou die imperiale faktor in Suid-Afrika nie uitgeskakel kon word, indien die grondkwessie nie opgelos kon word nie. (Botha, 1984: 78).

FASE 2: 1916 TOT 1936: PERMANENTE GEBIEDSAFBAKENING:

Die Beaumont-Kommissie:

Ingevolge die bepalings van die Naturellegrondwet is 'n Kommissie ingestel om die grondkwessie en meer spesifiek die afbakening van gebiede vir bewoning deur Swartmense enersyds en Blankes andersyds te ondersoek. (Nieuwoudt, et al., 1981: 237). Gevolglik is die Beaumont-kommissie aangestel om 'n permanente gebiedsafbakening te doen. Die kommissie het bevind dat die geskeduleerde gebiede ontoereikend was en het in 1916 aanbeveel dat die swart gebiede in totaal (in Suid-Afrika) met 'n verdere 7 miljoen ha vergroot moes

word. (Krige, 1988: 42).

Die Beaumont Kommissie se aanbevelings ten opsigte van Transkei het die volgende addisionele Swart Gebiede ingesluit:

ADDISIONELE SWART GEBIEDE VIR TRANSKEI:

AREA NO	DISTRIKTE	GROOTTE VAN DIE ADDISIONELE AREAS
36	Kentani	3 872 morge
37	Butterworth	1 533 morge
38	Ngamakwe	394 m 599 sq rds
41	Xalanga en Elliot (laasgenoemde distrik is nie binne die Transkei gebiede geleë nie.)	1 876 morge
60	Matatiele	1 225 m 250 sq. rds
61	Matatiele	46 527 morge
62	Matatiele	1 000 morge
64	Umzimkulu	63 920 morge

(Mears, 1947: 51).

Totaal: ± 120 347 morge wat gelykstaande is aan 103 081.0566 hektaar.

Daar is ook aanbeveel dat Swartes nie toegelaat moes word om grond te verkry, te huur of belange daarin te bekom wat buite die grense van die gebiede val, soos in die skedules beskryf is nie. (U.G. 19 - '16, par 22: 8).

Die aard en omvang van die voorgestelde Swartgebiede is grotendeels bepaal deur die besware wat gemaak is teen die insluiting van plase wat deur Blankes bewoon is in die Swart streke: "De aard en uitgestrektheid, derhalve, van de voorgestelde natuurle streken zijn grotendeels beslist door dit bezwaar." (U.G 25 - '16, par 30: 5). Hoewel die Kommissie dit graag wou doen, was dit te laat weens die gevestigde patroon van eiendomsbelange wat reeds ontstaan

het; dus sou enige ingrypende poging tot skeiding grootskaalse verskuiwings koste en wydverspreide ontevredenheid tot gevolg hê. (U.G 25 - '16, par. 31: 5). Die voordele van 'n groot aaneengeslote Swartgebied, soos in Transkei, was dat beter fasiliteite vir toesig en administrasie redelik maklik geskep kon word, die vermindering van punte van aanraking tussen Blank en Swart grondeienaars en sodoende die beperking van wrywing tussen die Blankes en Swartes, en die verskaffing van die geleentheid vir die ontwikkeling tot plaaslike selfbestuur.

Weens die aaneengeslotenheid van die Transkeigebiede (met uitsondering van Matatiele en Umzimkulu), die omvangrykheid van sy grondgebied en die tradisionele en gevestigde besettings - en bewaringspatrone het die Transkei gemaklik voldoen aan die eise wat deur die Kommissie gestel was, waaronder:

- # Daar ruimte gebied moes word vir bestaande lokasies om uit te brei as gevolg van bevolkings wat toegeneem het.
- # Daar op een of ander manier voorsiening gemaak moes word vir stamme wat geslagte lank gronde beset het, wat deur individue of maatskappye gekoop was of wat nou aan die staat behoort het.
- # Daar ook voorsiening gemaak moes word vir Swartes wat volgens die Naturelle Grond Wet van 1913 op Kroongronde en privaat gronde gewoon het, terwyl hulle nie geregtig was om langer daar te woon nie.
- # Daar ook voorsiening gemaak moes word vir diegene wat privaat gronde wou bekom, huidiglik en ook in die toekoms.
- # Daar ook voorsiening gemaak moes word vir diegene wat in die toekoms vanaf die omliggende gebiede na die Swartgebiede verskuif moes word. (U.G. 25 - '16, par. 28: 4-5).

Trouens, die tweede, derde en vierde punte hierbo het geen invloed op Transkei gehad nie.

Die ingelyste gebiede van Transkei is, soos deur die Naturelle


Grond Wet van 1913 beoog, as hartland vir die Swart bevolkingsgroepe aldaar behou en is toevoegings tot hierdie territorium gemaak. In der waarheid het Transkei weinig verloor, geen gedwonge bevolkingsverskuiwings was noodsaaklik of nodig nie; trouens Transkei sou, soos reeds aangetoon, in totaal 120 347 morg (103 081.0566 hektaar) addisioneel kry.

In aanhangsel viii, bylae 1 van die Naturelle Grondkommissie, was sekere aanbeveling deur Sir W. Beaumont gedoen: (Vergelyk Kaart 27).

Grondverliese, -winste, -hergroepering en territoriale grensverskuiwings:

Verliesgebiede: Daar is aanbeveel dat die Butterworth-plantasie asook die Blyth-plantasie (in Ngamakwe) bygevoeg moes word by die bestaande Blanke streek: Plaas No 69 in Kentani moes ook by die bestaande Blanke streek gevoeg word.

Winsgebiede: Verder is aanbeveel dat die volgende streke in Matatiele gevoeg word by die skedule van die Wet en geklassifiseer word as 'n byvoeging tot die naturelle distrikte, naamlik Isaac Diahos Lokasie; klein Jonas Lokasie asook 'n groep naturelleplase. Daar is aanbeveel dat die hele distrik van Mount Currie as 'n blanke distrik verklaar word met die Makobas lokasie ingeslote. Die volgende streke in Umzimkulu moes bygevoeg word by die skedule as naturelle streke, naamlik die James Nyangiwes-lokasie; die gedeelte van die Ngozis-lokasie genaamd "Vierkant"; die naturelle plase gemeenskaplik deur die stam beset; die goewerment se uitspanning aan die Ibisirivier met die handelstasie Ibis ingeslote; die Rietvlei gemeente; plase in besit van naturelle; plase in besit van Blankes; 'n hele blok plase in besit van die "Trappisten", alle bosstreke binne die verklaarde naturelle lokasie, die Umgano-bosreservaat en die Hoha-bos, asook die Wesleyaanse skoolgrond in die Singapansis-lokasie. Die plaas "Freedom" in die Libode distrik wat aan die Blanke



KAART 27: NATURELLE GROND KOMMISSIE (BEAUMONT KOMMISSIE) SE AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN GRONDTOEVOEGINGS EN GRONDVERLIESE VIR TRAN-SKEIGEBIEDE, SOWEL AS GRENsveranderinge in MATATIELE EN UMZIM-KULU.

streek gegrens het in die Umtata distrik, moes by die Blanke streek van Libode gevoeg word. Dit het slegs 'n distriksgrensverskuiwing geïmpliseer. In die distrik Tsolo is aanbeveel dat die blok van nege plase wat gedeeltelik in besit van Blankes en gedeeltelik in besit van naturelle was, in die Blanke streek ingesluit word.

Onveranderde gebiede: Die volgende distrikte moes bly soos hulle was in die skedule deur die Wet oopgeneem, naamlik: Bizana, Elliotdale, Engcobo, Flagstaff, Idutywa, Lusikisiki, Mount Ayliff, Mount Fletcher, Mount Frere, Mqanduli, Nggeleni, Port St. Johns, Tabankulu, Tsomo, Umtata, Willovale en Qumbu. Die naturelle reservate in die Transkeise gebiede is ten volle geokkupeerd en daar is geen beskikbare grond vir naturelle van ander dele nie.

Hergroeperings: Glen Grey is oorgeplaas na Transkei:

Grensverskuiwings: Soos op Kaart 27 aangedui, het daar sedert 1936 'n proses van grensverskuiwings begin deur die sogenaamde "Vrygestelde gebiede" soos deur die Beaumont Kommissie aanbeveel is.

Die 1916 - Voorstelle: Beaumont:

Die mees prominente visuele verskil in die Kommissie se kaart is die hergroepering van Glen Grey aan Transkei, die verdwyning van Herschel en die uitbreidings in Umzimkulu en Matatiele Distrikte. Daar was besware teen die Beaumont-voorstelle uit swart en wit geledere. Oor 'n periode van twee dekades tussen 1916 en 1936 het 'n verskeidenheid kommissies en komitees die grondkwessie ondersoek; maar daar kon nie eenstemmigheid oor die afbakening van swart grondgebied verkry word nie.

Die Botha- en Smuts-era: Naturelle Sake Administrasie Wet, 1917: Op aanbeveling van die Beaumont-Kommissie is daar verdere wetgewing ten opsigte van Swart en Wit grond in die Unie-Parlement ter tafel gelê. Die uiteindelijke wet het as die Naturelle Sake

Administrasie Wet bekend gestaan. Dit was bedoel om meer vorm te gee aan Wet No. 27 van 1913, wat gedurende Maart 1917 deur Louis Botha by die Parlement ingedien is. Daarin moes voorsiening gemaak word vir 'n groter mate van selfbestuur vir die Swartes in hulle eie gebied. In 'n bylae tot die wetsontwerp is die addisionele grondgebied wat op aanbeveling van die Naturellesake Kommissie by die bestaande Swart streke gevoeg moes word, ingesluit. (Botha, Julie 1984: 80). Hierdie wetsontwerp was samevattend en het veral gehandel oor Swart administrasie en het verder ook die Swartgebiede soos deur die Beaumont-Kommissie aanbeveel, omskryf. (Kitching, 1984: 138). Hierdie was die Wetsontwerp "tot het maken van verdere en duurzamer voorsiening wat betref de koop, huur of andere verwerwing van grond door naturellen en door andere personen dan naturellen in zekere streken van die Unie." (Van Biljon, 1947: 445).

Tydens die tweedelesingstadium van die wetsontwerp het Botha duidelike beleidsriglyne, toeligtende verklarings en nuwe insigte oor sy planne en motivering verskaf. Die wetsontwerp het vir die volgende voorsiening gemaak:

Deel een van die verslag het bepaal dat die hoofbeginsel gebiedskeiding tussen Blank en Swart was. In die een gebied sou slegs Blankes eiendomsreg kon bekom en in die ander weer slegs Swartes. Die gebiede wat in die wetsontwerp beskryf was, sou Swartgebiede wees en die res van die Unie is nie-Swart gebiede.

Deel twee het die skema bevat vir die Swartgebiede se toekomstige administrasie, waarvan die grondslag die geleidelike instelling van plaaslike selfregering was onder die toesig van opgeleide Blanke amptenare met behulp van rade wat uit Swartes bestaan het. Die geleidelike instelling van individuele grondeienaarskap en vestigingskemas is beoog, wat daartoe sou lei dat dorpsgemeenskappe sou ontstaan, asook spesiale howe.

Deel drie was slegs van toepassing op nie-Swart gebiede. Daar

was onderskeidelik agt groepe Swartes wat toegelaat sou word om in nie-Swart gebiede te woon, met die doel om later die plakker, huurbetaler en deelsaaier in hierdie streke uit te skakel. Die Kommissie het ook aanbeveel dat die 180 000 morg grond in Blanke gebied wat deur Swartes verkry was en die 300 000 morg Blanke grond wat in Swart gebiede geleë was, mettertyd uitgeruil moes word. (Botha, Julie 1984: 80 - 81).

Bogenoemde Wet het betrekking gehad op al die Swart gebiede in die Unie en was nie Transkei-spesifiek nie. 'n Verdere doel van hierdie wetsontwerp was die uitbreiding van die Transkeise regeringstelsel sodat die Swartes in hul eie gebiede kon ontwikkel. Vir Botha het die oplossing van die Swart vraagstuk nie in gelykstelling gelê nie. Die Swartes moes stemreg in hul eie gebiede kry betreffende sake wat hulleself raak en verder sê hy: "---we came to the conclusion that as there can be no equality there must be seperation on right, fair and correct lines, and that is the basis on which we desire to act." (Botha, Julie 1984: 81). Die voorsiening vir die toekenning van magtiging aan die Goewerneur-Generaal om wette deur middel van proklamasie in die Swart streke te maak, was sedert die begin met goeie gevolg in Transkei gedoen en dus nie 'n nuwe beginsel nie. Hertzog het verklaar dat die wetsontwerp nie ingrypend genoeg was nie, aangesien dit niks verder as die Kaapse Glen Grey-Wet gegaan het nie. Dit het vir die Swartes grond gereserveer maar niks gedoen betreffende die beskerming van die regte van die Blanke teen die indringing van Swartes nie. (Botha, Julie 1984: 82).

Vyf plaaslike Komitees is in die lewe geroep te wete: een vir die Kaapprovinsie, een vir Natal, een vir Oos-Transvaal, een vir Wes-Transvaal, en een vir die Oranje-Vrystaat (Pieterse, 1979: 112). Die Plaaslike Komitees moes die geskiktheid van die afgesonderde gebiede ondersoek, om uit te vind of die gebiede voldoende is en die wenslikheid oorweeg of ander gebiede toegevoeg moes word by die reeds afgesonderde gebiede en of gedeeltes uitgesny moes word, wat miskien nie vir die gebruik van Swartes

geskik was nie. (Van Biljon, 1947: 446). Die Komitees moes verder uitvind wat die toestande was in gebiede waar dit moeilik sou wees om beperkende maatreëls op aankoop of huur van gronde deur Swartes toe te pas. Die Plaaslike Komitees moes 'n verslag uitbring oor die verslag van die Beaumont-Kommissie. (Van Biljon, 1947: 446). Die Plaaslike Komitees se uitgangspunt was dat die addisionele Swartgebiede so moes wees dat gekonsolideerde blokke Swartgrond gevorm kon word; verder moes die oorblywende losliggende Swartgronde dan verwyder word en Blank gemaak word. Laasgenoemde privaat grondeienaars se regte sowel as die regte van die verbandhouders moes egter gewaarborg word. (U.G. 22 - 1918: 4 - 5: Vgl. ook Kitching, 1984: 139).

Gedurende 1918 het die Komitees hulle verslae aan die Unie-Parlement voorgelê waarvan die opvattinge en aanbevelings uiteenlopend was. Hulle kan nie aanbevelings oor die beleid self maak nie, want Minister F.S. Malan het die opdrag verduidelik en gesê: "I wish it clearly to be understood that the policy embodied in the Bill does not come within the scope of the Committees, and they must regard the policy as having been enclosed by Parliament by the Second reading." (Van Biljon, 1947: 447). Die beginsel van segregasie van woongebiede na 1913 in Suid-Afrika was as 'n voldonge feit aanvaar. Die Komitees het indirek verskillende beginsels gehuldig met die wyse van toepassing wat hulle aanbeveel het, en sodoende met uiteenlopende gevolgtrekkings na vore gekom. Die Komitees het sterk aanbeveel dat gronde nie gratis aan Swartes toegesê moes word nie, maar dat hulle dit onder 'n erfpagstelsel in individuele eiendomsreg moes hou (U.G. 8 - '18, par. 35: 5; Vgl. ook Van Biljon, 1947: 447) en dat nie toegelaat moes word dat Swartes oral tussen Blankes in 'n opemerk sou kon meeding nie. (U.G. 8 - '18, par.40: 6; Vgl. ook Van Biljon, 1947: 447 - 448).

Die ou stelsel van die Imperiale regering het veroorsaak dat Naturelle uit hulle gronde raak en hulle moes op die grond gehou word, want wanneer hy in stedelike lokasies opgeneem word, werk

dit "demoralising both physically and mentally." (U.G. 8 - '18, par. 20: 3; Vgl. ook Van Biljon, 1947: 448). Die totale oppervlakte wat die Komitees aan die afgesonderde gebiede in die Unie wou toevoeg, verskil aansienlik van die oppervlakte wat deur die Beaumont-Kommissie aanbeveel was. So het die Plaaslike Komitees 7 521 223 morges aanbeveel, terwyl die Beaumont-Kommissie 8 365 744 morges by die 10 422 935 morges wou byvoeg wat onder die bylae van die Wet afgesonder was. Dus het die Komitees 844 521 morges minder aanbeveel. (Van Biljon, 1947: 448).

Beide die Wit en Swartbevolkings het kritiek op die Komitee se voorstelle gehad, soortgelyk aan die teenstand wat die Beaumont-Kommissie beleef het. (U.G. 47 - 1923: 72). Die Regering het besluit dat die tyd nog nie reg was om segregasiewetgewing deur te voer nie, as gevolg van die uiteenlopende aanbevelings van die Komitees, die verskil wat daar bestaan het tussen hulle aanbevelings en die van die Beaumont-Kommissie, asook die heftige teenkanting wat daar vanaf die Swartes en Blankes ontstaan het teen die voorgestelde maatreëls vir segregasie van woongebiede, soos dit omskryf was in die Administrasie Wetsontwerp. Die Regering het nuwe wetgewing voorgestel wat die instelling van 'n permanente Kommissie vir Naturellesake beoog het, wat adviserend kon optree, asook die daarstelling van Plaaslike rade in Naturelle gebiede en die oproeping van verteenwoordigende Naturellekonferensies, wat die Regering in staat kan stel om in voeling te bly met Naturelle oor toekomstige wetgewing wat ten behoeve van hulle voorgestel mag word. (Van Biljon, 1947: 449). Intussen moes daar administratiewe reëlings getref word vir grondtoekennings aan Swartes. In Julie 1918 het Generaal Botha daarmee begin en besluit dat aansoek deur Swartes vir die huur of koop van grond op die volgende wyse hanteer sou word:

- a) indien die grond in 'n streek gelê het wat deur beide die Beaumont-Kommissie en 'n Plaaslike Komitee, vir Swart okkupasie aanbeveel was en indien die prys of huur redelik was, sou die

Goewerneur-Generaal versoek word om die transaksie goed te keur;
 b) Indien die grond geleë was in 'n streek wat deur die
 Beaumont-Kommissie of 'n Plaaslike Komitee vir okkupasie deur
 Swartes aanbeveel was, maar nie noodwendig deur albei nie, kan
 die voorgestelde transaksies aan die Goewerneur-Generaal vir
 goedkeuring voorgelê word na 'n deeglike ondersoek. (U.G. 47
 - '19, artikel 14: 73; Vgl. ook Kitching, 1984: 141).

Die Scully-verslag, 1918:

Die Plaaslike Komitee vir die Kaapprovinsie, onder voorsitterskap
 van mnr. W.C. Scully, het sy verslag in Januarie 1918 voorgelê.
 Hierdie Komitee het 'n aantal veranderings aanbeveel aan die
 Naturellegebiede soos aanbeveel deur die Beaumont-Kommissie. Ten
 opsigte van die Transkeise gebiede was die volgende veranderings
 aanbeveel:

AANBEVELINGS VIR VERANDERING VIR DIE TRANSKEI:

GEBIEDSNO.	DISTRIK	OMVANG VAN DIE ADDISIONELE GEBIED SOOS AANBEVEEL DEUR DIE BEAUMONT KOMMISSIE	OMVANG VAN DIE ADDISIONELE GEBIED SOOS AANBEVEEL DEUR DIE SCULLY KOMMISSIE
36	Kentani	3 872 morge	608 morge
37	Butterworth	1 533 morge	5 240 morge
41	Xalanga en Elliot	1 876 morge	6 803 morge
47	Umtata	Nul	14 772 morge
48	Tsolo	Nul	2 000 morge
58	Qumbu	Nul	2 000 morge
66	Matatiele	46 527 morge	11 965 morge
64	Umzimkulu	63 920 morge	292 882 morge

(Mears, 1947: 52).

Die Unie-regering het besluit dat voordat daar verder gegaan kan

word met die grondregkwessie, moes daar eers nuwe wetgewing ingedien word wat die volgende doelstellings gehad het:

- # "die daarstelling van 'n permanente Kommissie vir Naturelle-Sake met volledige adviserende mag;
- # die instel van plaaslike Naturelle-Rade;
- # die byeenroep van verteenwoordigende konferensies met die doel om die gemoedstoestand, gevoelens en opinies van die Swartmense met betrekking tot die voorgestelde wetgewing vas te stel." (Kitching, 1984: 142, Vgl. ook Tatz, 1962: 35).

Naturelle Sake Kommissie, 1920:

Die beleid ten opsigte van die Swartes was vol gebreke en om dit te probeer aanvul het die Regering met die Naturellesakewet van 1920 gekom, wat aan die Goewerneur-generaal die reg verleen het om 'n kommissie te benoem. So het die Naturelle Sake Kommissie gedurende 1920 tot stand gekom. (U.G. 48 - 1937: 5; Vgl. ook Kitching, 1984: 142). Die funksie van die Kommissie was meer administratief van aard en het nie oor grondtoekenning as sodanig gegaan nie. Die Naturellerade sou met territoriale en administratiewe skeiding gemoeid wees, terwyl die konferensies 'n forum vir Nie-Blanke mening moes wees. (Nieuwoudt, et al., 1981: 237).

Die permanente Kommissie van Naturellesake laat hulle as volg uit oor die houding van die Regering teenoor die grondkwessie in 1920: "There appears to be no decision on the part of the Government, what should now, pending legislation, be regarded for practical purposes as Native Areas." (Van Biljon, 1947: 450). Hierdie wetgewing was ongelukkig ook nie die ideaal nie, aangesien daar nie met die stamverband en kapteinskappe rekening gehou is in die samestelling van hierdie rade nie en is eers so laat as 1951 stelselmatig vervang. (Pieterse, 1979: 118).

Die Hertzog-era vanaf 1924:

Op 20 Junie 1924 het Generaal Hertzog, leier van die Nasionale Party, Generaal Smuts, leier van die Suid-Afrikaanse Party, as Eerste Minister opgevolg. Generaal Hertzog het die Departement van Naturelle-sake oorgeneem aangesien die Naturellekwessie al belangriker geword het. Sy Swartbeleid het op skeiding tussen Swart en Wit berus en hy was wel deeglik bewus van die feit dat meer grond aan die Swartes beskikbaar gestel moes word indien so 'n beleid van segregasie moes slaag. Om die rede was hy dan ook ten gunste van wetgewing met die Beaumont-Kommissie se verslag as grondslag. (Hammond-Tooke, 1974: 391; Vgl. ook Kitching, 1984: 150).

Generaal Hertzog was natuurlik gretig om die kwessies rondom stemreg van Swartes, Swart grondregte en Kleurlinge so spoedig moontlik af te handel en om dié rede het hy sy vier wetsontwerpe op 2 Junie 1926 voor die Parlement ter tafel gelê. (Hansard, Vol. 7, 2 June 1926: col. 4562). Generaal Hertzog was van mening dat, indien die voorgestelde wetgewing uitgevoer sou word, dit grootliks sou bydra tot die oplossing van die Naturellevraagstuk. (Kitching, 1984: 150).

Naturelle Grond Wysigings Wetsontwerp, 1926:

In 1926 het die beleidsrigting met betrekking tot die Swartes 'n nuwe fase ingegaan. Dit het noodsaaklik geword om die Naturelle Grond Wet van 1913 te wysig. Gevolglik is Genl. Hertzog se vier wetsontwerpe, naamlik die Naturelle Grond Wysigings Wetsontwerp, die Unie Naturelleraadswetsontwerp, die Wetsontwerp op Volksraad Verteenwoordiging van Naturelle, en die Kleurlingregte Wetsontwerp in 'n Buitengewone Staatskoerant van 23 Julie 1923 gepubliseer. (Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, No. 1570 van 23 Julie 1926: ii, v, vii en x; Vgl. ook Le Roux en Coetzer, 1980: 353 -354). Met hierdie wetsontwerpe was nie slegs bedoel om segregasie op territoriale en politieke gebied tussen Blank en Naturel deur te voer nie, maar tussen Blank en

nie-Blank, waarby die Kleurlinge ingesluit was. (Van Biljon, 1947: 451).

Die Naturelle Grond Wysigings Wetsontwerp was die belangrikste ten opsigte van gronduitbreiding en het voorsiening gemaak vir die opstelling van bykomende grond vir die Swarte (Pieterse, 1979: 119) en het oor territoriale aangeleenthede gehandel. (Kitching, 1984: 151). Die aanhef van die Naturelle Grond Wysigings Wetsontwerp dui aan dat dit bedoel was: "Om verdere voorsiening te maak vir grondverkryging deur naturelle buite die streke omskewe in die Bylae tot Wet No. 27 van 1913; om genoemde Wet in sekere opsigte te wysig; om die voorwaardes vas te stel waaronder Naturelle mog woon op grond in streke waar grondverkryging deur hulle verbied is; en vir ander doeleindes wat met sodanige bepalinge in verband staan" (Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, No. 1570 van 23 Julie 1926: viii)

FASE 3: 1936 TOT 1955:

Naturelle Trust en Grond Wet, 1936:

Eers in 1936 is die kwessie oor die afbakening van swart grondgebied besleg met die aanvaarding van die Naturelletrust en - grondwet. Hiervolgens is bo en behalwe die geskeduleerde gebiede grondtoevoegings van 6,2 miljoen hektaar grond as grondgebied vir swartes deur die Ontwikkelingstrust en Grond Wet bekragtig. Dit was grotendeels op die aanbevelings van die Beaumont-Kommissie, soos deur die plaaslike komitees gewysig, gebaseer. Die doel van die 1936-wet was egter nie om afsonderlike state of selfs selfregerende gebiede vir Swartes te skep nie, maar eerder om vir beter Swart administrasie en ekonomiese vordering van die landelike Swartes voorsorg te tref.

'n Gekose Komitee van die Transkei Algemene Raad, die Bunga, se kritiek oor die wetsontwerpe was as volg: Terwyl die Grondwet algemeen voorsiening maak vir groter sekuriteit van grondbesit,

was die voordele só deur voorwaardes en beperkings gekortwiek dat dit die voorgestelde voorregte buite die bereik van die Naturelle geplaas het. (Tatz, 1962: 50). Die wetsontwerp neig: "... to give with one hand and take away with the other," (Tatz, 1962: 50) en "that such merit as the Bill may contain is nullified by the disabilities it imposes." (S.C. 10/1927 46: Vgl. ook Tatz, 1962: 50). Die Wetsontwerp was onaanvaarbaar indien aanvaarding die afstaan van die Kaapse stemreg beteken het. (Tatz, 1962: 50). Die Bunga was geheel en al teen die terme van die Verteenwoordigings Wetsontwerp en kon nie enige omstandighede begryp wat die verwydering van die stemreg regverdig het nie.

Die Bunga was daarop voorbereid om segregasie op sekere voorwaardes te aanvaar, maar hulle standpunt was dat: "Parliament should first start with the land segregation and then after that with political segregation if necessary." (S.C. 10/1927, 65; Vgl. ook Tatz, 1962: 51).

Die Bunga-verteenwoordigers het die Unie Naturelle Raad Wetsontwerp as een van die beste geag wat ooit in die Parlement ingedien was, want dit sou samewerking tussen Naturelle en Blankes aanmoedig, maar hulle het vir groter mag vir die Raad gepleit; veral dat dit magtiging kon verkry om uit eie beweging wette te maak. Die Verteenwoordigings Wetsontwerp van 21 April 1936, gevolg deur die Naturelle Trust en Grond Wet het voorsiening gemaak vir die totstandkoming van 'n Suid-Afrikaanse Naturelle Trust en vir die verwerwing en besetting van grond deur Naturelle buite die gebiede wat deur Wet No. 27 van 1913, die Grond Wet, bepaal was. (Becker, 1987: 202). Albei die 1936 Wette het die territoriale skeiding in Suid-Afrika opnuut bekragtig. (Becker, 1987: 220).

Die implementering van die Naturelletrust en -grondwet sou voortaan die Swartgebiede binne die Unie van Suid-Afrika se vorm en omvang bepaal. Die aanvaarding van hierdie wet is 'n groot mylpaal in die geskiedenis van Bantoe-administrasie in Suid-Afrika, want dit het nie slegs die posisie van Bantoegrondbesit vir die oomblik duidelik gestel nie, maar ook 'n vaste beleid vir die toekoms

gestel, wat vir Blank en Swart in Suid-Afrika verseker van voortbestaan op eie grondgebied. Hiermee het die beleid van territoriale skeidings sy finale beslag en vaste rigting gekry. (Du Bois, Mei 1960: 315). Hierdie 1936 - wet het addisionele Swartgebied by die reeds ingelyste gebiede gevoeg wat bekend gestaan het as die oopgestelde of vrygestelde gebiede. (Wet No. 18 van 1936: 91).

In 1937 is die Naturelle- Stadsgebiede - wysigingswetsontwerp ingedien waarin voorsiening gemaak is vir residensiële segregasie, die beheer van stedelike Swart arbeid, die hervestiging van oortollige Swartmense en instromingsbeheer en is opgevolg deur die Swartes (stadsgebiede) Konsolidasiewet van 1945, soos gewysig. Hierdeur word stedelike Swart woongebiede afgesonder, die bestuur van die woongebiede aan die administrasierade opgedra en mag Swart persone wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, voorgeskrewe gebiede nie sonder die toestemming van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling binnekom nie. (Nieuwoudt, et al., 1981: 238).

Die 1913 en 1936-wette het nie die skepping van aaneengeslote geografiese eenhede vir die afsonderlike swart etniese groepe ten doel gehad nie. Eers na die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 sou 'n nouer verband tussen die etniese en territoriale aspekte van rasseskeiding gestel word. (Du Pisani, 1989: 61).

Grondbesitstelsels in Transkei: Erfpag, Trust en Private besit:

Die kwessie van grondbesit by die Swartman het voorkeur geniet by die Kommissie. Tereg word gesê: "The first item of reference and perhaps the most important is Land Tenure. From it there is a common origin of many serious problems. It dominates and pervades every other question. It is the bedrock of the Native's present economic position and largely affects his social system. It was clear from the mass of evidence tendered that the public attention to a great extent centred round it." (Van Biljon, 1947: 418).

Grondbesit in die Bantoegebiede val in twee kategorieë, naamlik grond wat deur die Bantoe uit privaat bronne verkry is, en grond geokkupeer deur Bantoe in die Bantoegebiede. In negentien van die ses-en-twintig distrikte waaruit die Bantoegebiede van die Transkeise gebiede bestaan, word die grond in kommunebesit geokkupeer. (U.G. 61 - 1955: 71). Die vernaamste kenmerke van die kommune-stelsel van grondbesit is die volgende:

- # "Die grond is in persele verdeel vir woon- en bewerkingsdoeleindes, met 'n gemeenskaplike weidingsmeent. Met sekere uitsonderings berus die beheer oor die grond by plaaslike amptenare wat met raadpleging van die stamhoof of hoofman optree.
- # Die gemiddelde grootte van 'n woonperseel is 'n half morg en die van 'n bewerkbare perseel van vier tot vyf morg, alhoewel baie persele weens die skaarste aan grond in die praktyk kleiner as die voorgeskrewe grootte is.
- # Die beginsel van 'een man een perseel' word gehandhaaf, met voorsiening vir huishoudings met twee of meer vrouens en vir ander spesiale gevalle.
- # Getroude mans, of eenlopende vroue met familieverpligtinge, word as geregtig op grond beskou.
- # Gewoonlik kry die perseelhouer 'n dokument van okkupasie, wat 'n uittreksel is uit die Naturellekommissaris se grondregister.
- # Geen fooi word gehef ten opsigte van die reg om grond te gebruik en te okkupeer nie, maar die jaarlikse belasting van 10s. per hut (wat in die praktyk soveel per vrou beteken) is deur getroude mans betaalbaar.
- # Vervreemding, wanneer dit geoorloof is, is onderworpe aan die toestemming van die beheerbeampte (die Naturellekommissaris). Die regte is nie oorerfbaar nie, maar weduwees en erfgename het eerste reg op hertoekenning as die Naturellekommissaris oortuig is dat hulle die grond nodig het.
- # Daar is geen sekuriteit ten opsigte van besit nie, aangesien die regte om verskeie redes, soos in die regulasies voorgeskryf, onderworpe is aan verbeuring. Die regte is persoonlik, en

onbelemmerde vervreemding, hetsy, inter vivos of mortis causa word nie toegelaat nie." (U.G. 61 - 1955: 71).

Individuele besit is 'n stelsel waarby regte op opgemete grond wat deur middel van 'n goedgekeurde kaart uitgeken kan word, aan 'n individu as alleeneienaar toegeken word by wyse van 'n grondbrief wat geregistreer word in 'n aktekantoor. Hierdie stelsel word toegepas in die distrikte Glen Grey en in sewe opgemete distrikte in die Transkeise Gebiede. (Proklamasies Nos. 227 van 1898; 241 van 1911 en 196 van 1920, soos gewysig) (U.G. 61 - 1955: 72). Die hoofkenmerke van individuele besit is die volgende:

- # "Die grond is in woonpersele, bewerkbare persele en vir algemene doeleindes in weidingsmeente afgebaken.
- # 'n Geregistreerde titel word ten opsigte van bewerkbare of tuinpersele, gemiddeld vier tot vyf morg groot, en in sommige gebiede ten opsigte van boupersele of woonpersele, omtrent 'n half morg groot, uitgereik. In ander gebiede word die boupersele of die woonpersele kragtens 'n vergunning tot okkupasie gehou.
- # Die beginsel van 'een man een perseel' word toegepas en onderverdeling word beheer.
- # 'n Ewigdurende jaarlikse erfpag, bereken ooreenkomstig die grootte van die perseel (met 'n vasgestelde minimum bedrag) is deur die geregistreerde houer betaalbaar.
- # Die titel is aan beperkende voorwaardes onderworpe, byvoorbeeld 'n verbod op die oordrag van die grond sonder amptelike toestemming, verbeuring van die grond omrede die skuldigbevinding van die geregistreerde houer aan sekere misdade, of weens afwesigheid en nie-voordelige okkupasie en nie-betaling van erfpag.
- # Die grond mag nie met verband beswaar of verpand word of in eksekusie vir skuld verkoop word nie, dit kan nie by testament bemaak word nie en mag slegs ooreenkomstig die bepalinge van 'n tabel van erfopvolging, gebaseer op 'n stelsel van eersgeboortereg, geërf word.

Die eenvoudige en goedkoop registrasiestelsel wat in werking is in die aktekantore wat spesiaal deur die Departement van Naturellesake geskep is, skakel die uitvoerige en duur prosedure uit wat kenmerkend van die registrasie en oordrag van grond in die Blanke gebiede is." (U.G. 61 - 1955: 72).

Oorspronklik wou die Owerheid geleidelik die Bantoegrondbesitstelsel vervang deur die van die Blanke, maar daar bestaan in die meerderheid van die distrikte van die Transkei-gebiede 'n gemodifiseerde vorm van stambesit wat min van die werklike stambesitstelsel afwyk. Weiveld in die Bantoegebiede van negentien van hierdie distrikte is gemeenskaplik en die kapteins of hoofmanne maak nog grondtoekennings vir beboubare grond, onderworpe aan die goedkeuring van die plaaslike Bantoe-kommissaris of magistraat. (U.G. 32 - 1964: 12). Selfs bewerkte grond word gemeenskaplike weiveld nadat die oes af is. Die Suid-Afrikaanse Naturelletrust het in teorie die besitreg oor hierdie lokasies en is verantwoordelik daarvoor om die welvaart van die Bantoegebied te bevorder, maar daar is baie min sedert 1936 gedoen om die grondbesitstelsel te moderniseer. Die idee van stambesit is tradisioneel by die grootste meerderheid van die Bantoes in die Transkei-gebiede en die enigste aanvaarbare vorm. Die geweldige toename van die bevolking binne die Transkei-gebiede het dit feitlik onmoontlik gemaak om enige vorm van individuele grondbesit in te stel. Lokasiegronde sou in sulke klein eenhede opgesny moes word, dat dit nie as 'n ekonomiese eenheid sou kon funksioneer nie. (Nel, 1965: 263).

Bantoes op stamgronde wat byna almal binne die Bantoegebiede geleë is, is onderling deur 'n hegte stamverband verbind en staan onder die jurisdiksie van hulle eie hoofman en hulle leefwyse is nou verbind met hulle stamtradisies. Die stamgronde word merendeels in 'n woongebied, landbougrond en 'n gemeenskaplike weiding aangewend, waarop alle vee kan wei. In die lae reënvalstreke het groot stamme rondom die beskikbare waterbronne ontstaan. "Elke beskikbare stukkie grond word reeds verbou, bewei of bewoon, en die

basiese reg wat 'n gesinshoof op 'n toekenning gehad het, kon met verloop van tyd nie meer aan elkeen toegeken word nie". (Bosman, Oktober 1966: 14). Weens die gebrek aan beskikbare landboupersele, word die verskynsel van gesamentlike boerdery in verskeie gebiede aangetref, wat aan die deursnee Bantoe 'n geleentheid bied om tog vir hulle gesinne voedsel te voorsien, alhoewel hulle nie oor hulle eie landboupersele beskik nie. (Bosman, Oktober 1966: 15).

Die erfpagstelsel: Pogings om 'n stelsel van individuele grondbesit vir die inboorlinge in die Kaapkolonie in te stel, kom reeds vanaf 1879, maar dit was nie juis suksesvol nie. Die Glen Grey Wet van 1894 was minder radikaal en het vir die inboorlinge 'n gewysigde vorm van grondbesit gebring. In 1898 is die stelsel ook na die Transkei-gebiede uitgebrei en het dit vir die Bantoe van die Transkei-gebiede moontlik geword om individuele besitreg oor sy landbougrond en residensiële erf te verkry. (Nel, 1965: 264). Hierdie stelsel is die eerste van 'n reeks soortgelyke toekennings wat later in die Transkei gemaak is en is bekend as die erfpagstelsel. Die erfpagstelsel behels die volgende voorwaardes:

- # "Die oordrag van die perseel geskied volgens 'n vereenvoudigde vorm van registrasie en teen 'n geringe koste.
- # Erfpaggrond mag nie onderverdeel of onderverhuur word nie.
- # Die toekenning kan verbeurd verklaar word.
- # Die grond mag nie by wyse van verbande beswaar of in eksekusie verkoop word, tensy ministeriële toestemming daartoe verleen is nie." (Bosman, Oktober 1966: 17).

In die reedsvermelde distrikte van die Transkei-gebiede waar die 'erfpag' grondbesitstelsel in gebruik is, is die weivelde natuurlik nog in kommunebesit. (Nel, 1965: 264). Selfs in hierdie laasgenoemde sewe distrikte waar sorgvuldige opmetings gedoen is, is die grond in die verskillende lokasies nie in volle eiendomsbesit nie; die Suid-Afrikaanse Trust tree ook hier op as die wettige eienaar van die grond. Die Trust bemoei hulle nie

sonder die toestemming van die inwoners van sulke opgemete lokasies met grondaangeleenthede in sulke gebiede nie, behalwe byvoorbeeld in die geval van bekamping van grondverspoeling. (Nel, 1965: 264).

Trustplase: Sedert 1936 het die Suid-Afrikaanse Naturelletrust buite die ingelyste gebiede baie grond in die oopgestelde gebiede aangekoop of op een of ander wyse bekom. Die beheer en bestuur van trustgronde deur Proklamasie 12 van 1945 in die oopgestelde gebiede, is onder strenge toesig in teenstelling met grond in die sogenaamde Trust-lokasies in die ingelyste gebiede. Die plaaslike Bantoe-kommissaris hanteer die beheer van die grond en met behulp van sy veldpersoneel baken hulle residensiële, beboubare grond en weidingsgebiede vir die voorgenome okkupeerders af. (Nel, 1965: 264 - 265). Die Bantoe het reg op sulke grond as gevolg van 'n kontrak van huurbesit, waarvolgens hy jaarliks huurgelde aan die Trust moet betaal. Gronde wat normaalweg slegs vir droëlandboerdery geskik is, word aan beide individue en stamme verhuur. Die okkupeerders van besproeiingsgronde is aan heelwat strengere beheer van die Naturelletrust onderworpe. (Nel, 1965: 265).

Die Trustgronde kan verdeel word waarvan die grootste deel bestaan uit die weidingskampe, woongebiede, landbouperssele en besproeiingskemas, handelspersele, plantasies, en landelike Bantoe dorpe. In die Trustgebiede is die woongebiede, landbouperssele en die gemeenskaplike weidingskampe beplan om afsonderlike grondeenhede te vorm. Die woongebied is beplan om te wees in die gedeelte wat nie vir weiding of vir landbou prakties is nie. Die gemeenskaplike weiding is afgekoop en in meeste van die gevalle is die verskillende weidingskampe onderverdeel, wat belangrik is vir wisselweiding. In latere jare toe die ekonomie ontwikkel het in die Bantoegebiede, is besef dat baie probleme oorbrug sou moes word om die tradisionele grondbesitstelsel, waarop die trust sy verrigtinge gebaseer het by die moderne Westerse ekonomie aan te pas. (Bosman, Oktober 1966: 15 - 16).

Op 12 April 1949 het dr. F.R. Tomlinson 'n referaat gelewer voor die Landbou-afdeling van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarin hy daarop wys dat die aanhou van kleinvee op Trustplase in Transkei verbied word. Die ekonomiese stelsel van boerdery toegepas op die Trustplase verskil baie min van die in die lokasies, behalwe dat dit op 'n hoër peil beoefen word. "Die tipe boerdery vandag toegepas op die Trustplase in die Transkei kan onmoontlik nie lei tot die opbouing van 'n permanente boerdery en dus permanente naturelleboere nie! Nog steeds moet dit onder die huidige boerderystelsel lei tot 'n bewegende of verskuiwende manlike naturellebevolking in dié sin dat die manlike bevolking hulle inkomste op die Trustplase moet aanvul met buitewerk. Enige blanke boer sal u sê dat die stelling van "ver van jou goed naby jou skade" waar is, of "die beste kunsmis is die voetspore van die eienaar." (PV 442, Lêer 3/3/1: 6).

Private besit: Die getal plase wat deur privaat individue besit word was maar klein. Sommige van hierdie plase is verkry in ruil vir dienste wat vroeër aan die Owerheid geskenk is, ander is deur Bantoes aangekoop wat weens hulle finansiële posisie in staat was om plase te koop. Privaat grond in gesamentlike besit van 'n stam of groep mense kom slegs in enkele gevalle in die Transkei-gebiede voor. Die grootste beswaar teen hierdie soort van grondbesit is dat daar feitlik geen beheer van die bevolking is ten opsigte van landbou-wanpraktyke op sulke gronde nie. Dus bestaan daar geen gelykvormige stelsel van grondbesit vir die Bantoe in die Transkei-gebiede nie. (Nel, 1965: 265 - 266).

FASE 4: 1955 TOT 1957:

Die Verwoerd-era - die Tomlinsonverslag:

In die derde fase van grondafbakening, die ruimtelike afsondering van swart en wit bevolkingsgroepe, was hoofsaaklik beklemtoon deur wetgewing. Die konsepte van grond as hoofbelegging, as eiendom en as deel van die natuurlike omgewing, het nou ter sake geword. (Pienaar, 1979: 132). In 1952 het die Minister van Naturelle-sake van die Unie van Suid-Afrika, dr. H.F. Verwoerd,

bevind dat die Swartgebiede oorbevolk was. Selfs al sou al die kwotagronde tot die Swartes se beskikking gestel word, sou dit nog steeds nie genoeg wees om almal te akkommodeer nie, omdat die Swartgebiede onekonomies benut was. Dr. Verwoerd het 'n Kommissie vir die Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika in 1950 aangestel, onder voorsitterskap van prof. F.R. Tomlinson. (Fisher, [s.a.]: 335)

Die opdrag wat deur die Goewerneur-generaal aan die Kommissie gestel was, was "om 'n deurtastende ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor 'n omvattende skema vir die rehabilitasie van Naturellegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, met die oog op die uitbouing van 'n eie volkstruktuur gebaseer op doeltreffende sosio-ekonomiese beplanning. (U.G. 61 - 1955: xviii). Die Tomlinsonkommissie se opdrag het dus nie 'n studie van die stedelike Swarte se posisie as sodanig ingesluit nie, maar aangesien die kommissielede hul opdrag so wyd as moontlik beskou het, het sekere aspekte van hulle navorsing en aanbevelings wel implikasies vir stedelike swartes ingehou. (Wessels, 1988: 149).

Die gefragmenteerde aard van die swartgebiede is deur die Tomlinson-kommissie geïdentifiseer as 'n kernprobleem in die ontwikkeling van hierdie gebiede en hulle bevolking. Volgens die kommissie was die konsolidasie van die swart gebiede 'n belangrike prioriteit in die bevordering van ekonomiese ontwikkeling en het aanbeveel dat hierdie gebiede op 'n etniese grondslag in sewe blokke rondom sogenaamde hartlande gekonsolideer moes word. (Du Pisani, 1989: 61). Een van die blokke was 'n Suidoostelike Nguni blok, wat moes dien as tuisgebied van die Nguni vir Suidoos Natal, die Transkei en Ciskei, opgebou rondom die Transkei as kern. (Pienaar, 1979: 133).

Stedelike grondbesit in Transkei, 1955:

Daar is geen stedelike Bantoebevolking teenwoordig nie; alhoewel

daar 'n aansienlike mate van bedekte verstedeliking teenwoordig is want elke manlike Bantoe bring ongeveer 14 jaar van sy lewe in die stede van Suid-Afrika deur en vir ongeveer 'n kwart van hulle bestaan is die gesinne in die Gebied afhanklik van inkomste wat direk in die stede verdien word. Die deeglikheid en mikro-onderzoek van die Tomlinson Komitee het die aandag daarop gevestig dat die Transkei eintlik minstens 26 "wit eilandjies" huisves en dat in 'n evolusie tot onafhanklikheid dit 'n belemmering en selfs struikelblok sou wees.

Die 26 'dorpies' in Transkei moet as die 'stedelike ontwikkeling' van die Gebied beskou word; maar dit is egter Blanke dorpe en word uitsluitlik deur die Blanke bestuur. Elke dorpie is omring deur 'n dorpsmeent waarvan sommige redelik groot is, byvoorbeeld Matatiele met byna 11 000 morg, Umtata met 7 000 morg en Bizanna met 6 700 morg. Aangesien hierdie dorpies nie by die Gebiede ingesluit is nie, is hulle nie Bantoegebiede nie. "In werklikheid is hulle 'wit eilandjies' in 'n swart see." (U.G. 61 - 1955: 149 - 151). Daar het in die Transkei as sodanig reeds tot 'n mate verstedeliking plaasgevind en die bestaande Blanke dorpies vervul reeds 'n hele aantal funksies wat van 'n stedelike sentrum verwag word. Die 16 000 Bantoe 'stedelinge' van die Transkei, waarvan meer as 5 000 in Umtata aangetref word, vorm dus nog nie 'n ware stedelike kern van die bevolking nie en bied ook nie 'n basis vir stedelike ontwikkeling van Transkei nie. Die Kommissie was van mening dat al die bestaande Blanke Transkei-dorpies geleidelik in volwaardige Bantoe dorpe omskep moet word en beveel aan dat 'n Bantoe groepsgebied (ingevolge die Wet op Groepsgebiede - Wet No. 41 van 1950) in die eerste plek binne die Blanke dorp met sy meent ingestel word. "Dit sou die eerste Bantoe-inplanting in die 'witkollie' wees." (U.G. 61 - 1955 150).

Die algemene ontwikkeling van die streek moet as die belangrikste grondslag dien waarop 'n gesonde stedelike ontwikkeling in Transkei gebou kan word. In die eerste plek beveel die Kommissie aan dat die bestaande 26 Blanke dorpe geleidelik in Bantoe dorpe omskep word; waarvan Umtata die belangrikste is. Umtata het 'n

uitmuntende ligging vanweë sy sentraliteit ten opsigte van Transkei met hoë toeganklikheid geleë aan die nasionale teerpad tussen Durban en Kaapstad. Dit is geleë aan die standhoudende Umtatarivier en vorm ook die eindpunt van 'n spoorweg wat met die netwerk van die Oostelike Provinsie en die res van die Unie verbind is. Umtata is die grootste dorp in die Transkei, met meer as 3 000 Blankes, 5 000 Bantoe en ongeveer 800 Kleurlinge.


Umtata is reeds die administratiewe hoofstad van die Transkei; waar die setel van die Bunga en die kantoor van die Hoofmagistraat van die Gebied geleë is. Umtata word as die toekomstige hoofstad van die grootste Bantoblok in Suid-Afrika beskou. (U.G. 61 - 1955: 150). Die Kommissie beveel ook 'n aantal nuwe Bantodorpe aan, naamlik Malenge en Glen Garry in die distrik Umzimkulu; St. Marks, Tsitsa, Umtatamond en Qalera. (Wessels, Desember 1988: 151). Vergelyk Kaart 28 vir ligging van die voorgestelde dorpe.

Kaart 29 illustreer die administratiewe indeling soos voorgestel vir 1955.


Administratiewe funksies word aan elk van die Bantodorpe toegeken: Umtata is die setel van die hoofnaturellekommissaris terwyl naturellekommissarisse in elk van die hoofdorpe in elke distrik gesetel is.

Evaluering van hoofmomente uit die Tomlinson-verslag:

Vir Dr. H.F. Verwoerd, destyds nog minister van Naturellesake, was sommige van die aanbevelings van die kommissie onaanvaarbaar; soos byvoorbeeld die aanbevelings in verband met die toelating van blanke kapitaal en blanke entrepreneurs in swartgebiede. Die Regering se witskrif illustreer dit: "... dit was duidelik dat alhoewel die regering die verslag in breë trekke aanvaar het, hy nie bereid was om die kernaanbevelings deur te voer nie. Dit was nie op daardie stadium wenslik om te besluit oor die instelling van 'n ontwikkelingsraad en 'n ontwikkelingskorporasie nie, en verder sou blanke intreprenuers nie toegelaat word om binne die



KAART 28: VOORGESTELDE SWART DORPE, 1955 (Data: U G 61/55)



KAART 29: ADMINISTRATIEWE INDELING - VOORGESTEL 1955 (Data: UG 61/55).

swartgebiede te belê nie. (Hansard, 19 Maart tot 18 Mei 1956; kolomme 5569 - 5802).

As gevolg van die verskyning van die Tomlinson kommissie se verslag het die beleid van afsonderlike staatkundige ontwikkeling van Swartes amptelike regeringsbeleid geword. (Cape Times: 29/3/56).

Tydens die eerste toer van die Kommissie na die Transkei- en Ciskeigebiede gedurende 31 Januarie tot 10 Februarie 1951, is daarop gewys dat dit noodsaaklik was om na 'n geskikte kushawe te soek om die hinterland van die Transkei te bedien, want as gevolg van die reliëf is spoor- en padvervoer duur. Port St. Johns was 'n moontlikheid met die oog op toekomstige hawe-ontwikkeling. Die Umtatarivier-mond is totaal ongeskik vir 'n rivier-hawe. (PV 442, lêer 5/2/1: 3).

Op 5 Februarie het die Kommissie Libode besoek waar 'n besoek gebring is aan die beplande lokasies van Kaptein Poto. Die beplanning van hierdie lokasies is uitstekend gedoen; "die indruk wat dit op 'n mens maak is dat daar geen inisiatief van die naturel by betrokke is nie. Nietemin is dit 'n uitstekende voorbeeld van suksesvolle beplanning veral uit die meer meganiese oogpunt." (PV 442, lêer 5/2/1: 3). Die hoofprobleem in die lokasies is oorbevolking. Die proses van nedersetting op beide lokasies en trustplase is totaal onwetenskaplik. Die klein dorpies in die Transkei het te groot dorpsgronde wat onbenut lê, terwyl dit vir natuurlike boerdery gebruik kan word. (PV 442, lêer 5/2/1: 7 - 8).

Op 4 Desember 1952 het die Interdepartementele Komitee die eerste voorlopige verslag voorgelê oor 'Beplanning van Nywerhede in en naby die Naturellegebiede; waarin hulle na potensiële nywerheidstreke verwys; byvoorbeeld die Transkeiriviere (Umtamvuna, Umzimvubu, Umtata, Bashee); wat sterk lope het wat op sekere plekke deur damme verbeter kan word. (Pv 93, Lêer 1/31/1/12: 62 - 63).

Die afgevaardigdes van 100 openbare liggame en burgerlike verenigings, wat die gekombineerde belange van die 12 000 Blankes in die Transkei en hulle 27 000 000 burgerlike bates, verteenwoordig het, het op 20 Mei 1955 in Umtata vergader om die reg van die Blanke te laat geld om in die dorpe te bly. Dit het gehandel oor die bedreiging van 30 Blanke dorpe in die Transkei wat veroorsaak is deur die regering se beleid dat alle Blanke ontwikkeling in die gebiede gestop word. "We consider it our right to continue with the development of the territories, but even if that is not our right - and I do not admit that - then we are still entitled to a statement from the Minister of Native Affairs in exact and definite terms which will bring this uncertainty to an end." (Sunday Express, 22 May 1955). Die opskrif van 'n berig in die Sunday Express is die volgende: "Remove the whites from the Transkei and the Natives will suffer," (Sunday Express, 22 May 1955) waarin die volgende weergegee word: "The existing evidence is that once reduced to that stage, the Bantu will, quite simply, just die. Without the Whites they will not be able to live." (Kitching, 1984: 202).

'n Belangrike aanbeveling van die Tomlinsonkommissie is dat die samestelling van die Gebiedsowerhede, in ooreenstemming met die Bantoe-owerhede Wet van 1951, op 'n etniese basis moes berus. Dit was voortaan Regeringsbeleid. (Tomlinson-verslag, Mei/Junie 1956: 2 - 4).

Die Regering het sy besluite oor die aanbevelings van die Tomlinson-verslag in 'n Witskrif (W.P. F - 1956) bekend gemaak. Die Regering aanvaar in die witskrif die verwerping van die beleid van integrasie; aanvaarding van die beleid van apartheid (afsonderlike ontwikkeling); die skeiding tussen die boerende bevolking; die doelbewuste bevordering van besproeiingsboerdery; planne om suikerrietverbouing te bevorder; aansporing tot veselverbouing; en maatreëls tot bevordering van bosbou-ontwikkeling. Ten opsigte van die oprigting van nywerhede binne die Bantoegebiede, aanvaar die Regering die beleid dat

Bantoe-ondernemers, onbelemmer deur Blanke mededinging, eie bedrywe binne die Bantoegebiede kan ontwikkel.

Die Regering is egter nie bereid om stambesit deur individuele grondbesit te vervang deur die verkoop van landelike grond nie. Verder aanvaar die Regering nie dat private Blanke ondernemers in die Bantoegebiede toegelaat word nie. Ten opsigte van die konsolidering van die Bantoegebiede, aanvaar die Regering die beginsel van gebiedsowerhede op 'n etniese grondslag en deur die uitruiling van swart eiendomskolle binne blanke gebiede vir grond teenoor Bantoegebiede. (The Tomlinson debate, May 1956: 1).

Die Regering het die grootskaalse insluiting van blanke dorpe en landbougebiede by die swart gebiede as onprakties beskou, maar nogtans het die witskrif van 1956 oor die ontwikkeling van die swart gebiede, asook die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur in 1959 die ruimtelike afbakening van swart grondgebied direk aan etniese identiteit gekoppel. Dus is die grondslag vir die konsolidasie van die onderskeie tuislande gelê as die territoriale basis vir die ontwikkeling van die verskillende swart etniese groepe. (Du Pisani, 1989: 61; Vgl. ook Pienaar, 1979: 133).

Pienaar se kritiek vanuit 'n politiek-geografiese gesigshoek teen die uiteindelik implementering van die beleid van twee aparte Xhosa-state (Ciskei en Transkei) is die volgende: Die Xhosa situasie van een nasie en twee state is teenstrydig met die politieke-geografiese ideaal wat vereis word deur die nasiestaatmodel. Hierdie situasie is ook 'n anomalie onder die opkomende nasiestate in Suid-Afrika. Dit is ook teenstrydig met die beleid wat hulle vestiging moontlik gemaak het. Die vroeëre bloudruk wat deur die Tomlinson - Kommissie voorsien is, beveel een gekonsolideerde staatsgebied aan. (U.G. 61/1955: 181). Hierdie bogenoemde teenstrydigheid, sowel as die feit dat 'n aansienlike deel van die nasie buitekant hulle staatsgebied gevind word, ontbloom 'n besondere probleem so ver as wat dit die ooreenstemming

van staat en nasie betref. (Pienaar 1979: p ii).

DIE BEVOLKINGSKOMPONENT:

Die drie hoofkomponente van 'n politiek-geografiese studie, soos reeds genoem, is die territorium, die bestuurstelsels en die bevolking (onderdane). In die voorafgaande is die eerste twee komponente vir die periode 1903 tot 1957 reeds ontleed. Om die struktuur van die Bantoe Owerhede stelsel - 'n besondere bestuursontwerp - sinvol te kon ontleed was dit op daardie stadium van die analise nodig om aandag aan die ruimtelike struktuur en die etniese stamsamestelling van die bevolkingskomponent te gee. Vir daardie doel was Kaart 24 saamgestel en is die bevolkingskomponent toe in besonderhede bespreek. (Vergelyk onder: "Die struktuur van die Bantoe Owerhede Stelsel"). Hierdie aspekte van die bevolkingskomponent word dus nie weer hier herhaal nie, behalwe dat die volgende bykomstige gegewens verskaf word soos wat dit uit staatsdokumente tot ongeveer 1957 blyk: In Transkei is die Swart bevolking (Xhosas) in die oorhand en die Blankes meestal amptenare, sendelinge en handelaars. Die Transkeise gebiede bestaan uit 27 magistraatsdistrikte en met 'n totale oppervlakte van 16 351 vierkante myl (4 234 889 ha) en 'n swart bevolking van 1 171 084. Die Blanke bevolking was 29 843 wat slegs 2,55 persent van die totale bevolking is. Nqamakwe is die distrik met die hoogste persentasie swartes, naamlik 99.39 persent, terwyl Mount Currie die met die laagste is, naamlik 76.29 persent. Die gemiddelde digtheid van die bevolking is 71.62 persone per vierkante myl (276,5 per vierkante kilometer) vir die hele streek. (U.G. 41 - '37: 5).

In die Transkei, waar die mees konserwatiewe stam-organisasie nog bestaan, is die Xhosa en Bomvana in die suidweste en langs hulle die groot Thembustamme wat almal ou lede van die sogenaamde "Kaapse Nguni" is, terwyl hulle bure, die Fingo wat veral in Butterworth en Nqamakwe te vinde is, die vierde en vyfde geslagte van immigrante uit Natal is. Laasgenoemdes het grootliks die Xhosataal en -maniere aangeneem, maar is op stamgebied baie

ontbind. Die magtige stamme van die Mpondo, Mpondomesi, Bhaca, Xesibe en onderafdelings van hulle stamme is verder na die Ooste. (U.G. 41 - '37: 19).

Arbeidsgerigte bevolkingsbeweging binne die konsepte van dominant/onderhorig, gasheerland/tuisland, onafhanklikwordende staat, onafhanklike staat, dominant/dominant, soos wat die verhouding tussen die Unie van Suid-Afrika en Transkei besig was om te ontwikkel, en binne die raamwerk van die begrip van twee aparte territoriums, moes noodwendig aan bande gelê word. Om tussenstaatlike en binnestaatlike bevolkingsbeweging te steun en om ook te verhoed dat ongeoorloofde permanente vestiging van die onderskeie "staatsburgers" wedyersyds sou kon plaasvind, is kontrolemeganismes ingestel. 'n Aantal wette, regulasies en reëlings, waaronder die paswette met onder andere residensiële skeiding (groepsgebiede) as doel, verbod op gemengde huwelike en 'n tipe identiteitsboekstelsel was ingestel en in praktyk gebring. 'n Verdere doelwit met die pasboekstelsel was om ook die stedelike gebiede van die Unie van Suid-Afrika teen Swart bevolkingsoorspoeling vanaf tuisland en platteland te vrywaar. Slegs enkele voorbeelde word hier aangehaal:

Reeds in 1923 is die "Naturellen Stadsgebieden Wet" aanvaar ten einde die toevloei van Swartes na die stede bietjie te strem. In die wet is voorsiening gemaak vir residensiële segregasie en die beheer van die toestroming van Swartes na die stedelike gebiede. Veral die ontwikkeling van die myne het baie Swartmense gelok. (Nieuwoudt, et al., 1981: 237).

Van die begin af het die Malan-regering probeer om die skeidslyn tussen Blank en Nie-Blank te beklemtoon en vas te lê. Alreeds in 1949 is die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike aanvaar en in 1950 is dit opgevolg deur die Wysigingswet op Ontug. (Nieuwoudt, et al., 1981: 239).

Residensiële skeiding is wetlik vasgelê deur die Wet op

Groepsgebiede, wat in 1950 aanvaar is en waardeur afsonderlike woonbuurte vir die verskillende rasse in die stedelike gebiede tot stand gebring kon word. Hierdie maatreël is aangevul deur die Wet op Bevolkingsregistrasie, wat bepaal het dat Suid-Afrikaanse onderdane bo die ouderdom van 16 jaar in besit moet wees van 'n persoonskaart waarop die ras van die persoon aangetoon word. In 1953 is die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe aanvaar waarvolgens segregasie in openbare plekke toegepas moes word. (Nieuwoudt, et al., 1981: 239).

Maatreëls om die onbeheerde toestroming van Swartmense na stedelike gebiede te beperk is ook aanvaar. Hiertoe was die reeds genoemde Wet op Bevolkingsregistrasie van die Swartes, Afskaffing van Pässe en Koördinerings Wet van 1952, en die Sentrale Bewysburo wat destyds as Bantoe Bewysburo bekend was, en ingevolge voorgenoemde wet ingestel is, veral instrumenteel. Swartmense bo 16 jaar moes nou bewysboeke dra. (Nieuwoudt, et al., 1981: 240).

SINTESE:

Grondgebied en territorium afbakening is belangrik vir die uiteindelijke totstandkoming van Transkei as 'n swart etniese staat in Suid-Afrika. Grondgebied is 'n primêre komponent in die ekonomiese, sosiale en politieke evolusieproses van die bevolking van Transkei; want dit verskaf lewensruimte, voedsel, grondstowwe en hulpbronne wat in die onderdaan se basiese lewensbehoeftes voorsien. Grondgebied verskaf ook die territoriale basis vir die uitoefening van politieke mag en is 'n bykomende faktor in enige proses en ontwikkeling tot ekonomiese en politieke selfstandigheid.

Sedert die vroegste nedersetting aan die Kaap het 'n patroon van territoriale segregasie tussen wit en swart in omvang en intensiteit ontwikkel, wat deur wetgewing sedert 1894 in die Koloniale tydperk en veral sedert Uniewording na 1910 bestendig is. Sodoende is die Swart besetting asook grondbesit en verwante aspekte daarvan gereguleer.

Afsonderlike Ontwikkeling as ruimtelike evolusie, as een van die komponente van die ruimtelike beplanningstrategie, is ontleed en daar is bevind dat die gebiedsdisintegrasiëproses aan die verwagte geïdealiseerde patrone voldoen het.

Die totstandkoming van 'n dominante sisteem en onderhorige sub sisteme binne die Suid-Afrikaanse politieke ruimte, wat in der waarheid 'n ruimtelike realisering en ordening weens Blank-Swart-kontak was, het as die basis van die ruimtelike devolusie proses gedien. Dié proses het aan die hand van 'n uitsluitreg- en skeppingstrategie in fases uiteengeval. Gedurende elke fase is sekere elemente van die Swarte uit die dominante politieke ruimte uitgesluit en dieselfde elemente terselfdertyd of later in die onderhorige politieke ruimte bevorder. Sodoende het 'n klassieke politieke formule ontstaan, naamlik wat weggeneem word, word elders gegee, of wat elders gegee word, dien as vergoeding vir iets wat weggeneem word.

Die eksterne akteur (Blanke Suid-Afrika) het die beleid van segregasie wat reeds in die vorige eeu onder die Koloniale Bewind gestalte begin kry het, deur onder andere territoriale begrensing, in die nuwe Uniale Regering voortgesit en het reeds tot 1957 so ver ontwikkel dat die visioen van 'n totaal afsonderlike, onafhanklike Transkei reeds 'n tasbare werklikheid geword het. Dit sou nou net 'n kwessie van tyd wees voordat Transkei uit die Blanke Unie van Suid-Afrika ontkoppel word. Dat so 'n strategie 'n langsame proses sou wees en deur 'n verskeidenheid van bestuurs- en ruimtelike patrone en deur verskillende opvolgende fases van politieke en bestuursopvoeding en ontwikkel sou evoleer en dat die dominante akteur die tempo van evolusie sou dikteer, is 'n reeks kenmerke wat in voorafgaande geanaliseer en bewys is. Die aanvanklike hipotese is deur die politieke evolusie en deur die verskillende fases van bestuurspatrone en territoriale begrensinge waardeur Transkei reeds tot en met 1957 gegaan het, bewys.

In die opvolgende analise word die finale fase van patrone, prosesse en strategieë vóór onafhanklikheid onder die loep geneem.

HOOFTUK 4DIE VERSNELDE POLITIEK-GEOGRAFIESE ONTWIKKELING VAN TRANSKEI,
1957 TOT 1976

PROBLEEM- EN DOELSTELLING:

Na 1948, met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party onder dr. D.F. Malan, is die beleid van apartheid streng deurgevoer en verskeie apartheidsmaatreëls is op die wetboek geplaas. Daar is ook nog nie in die tydperk van dr. Malan en mnr. Strydom se bewind tot die aankoop van grond in die oopgestelde gebiede oorgegaan nie. Hierdie tydvak kan gesien word as 'n periode waarin die tuislandgedagte waarin die Swartes apart kon ontwikkel, geformuleer sou word.

In hierdie hoofstuk word die politiek-geografiese ontwikkeling wat Transkei sedert 1957 ondervind het, ontleed. In teenstelling met die tydvak wat in die vorige hoofstuk gedek is en waarin die politiek-geografiese prosesse na 1940 'n drastiese afplating getoon het, word 'n versnelde ontwikkelingstrajek tussen 1957 en 1976 ervaar. Die belangrikste faktore wat hierdie versnelde groei bevorder het, word terstond ondersoek en kartografies uitgebeeld.

Die vernaamste elemente van interne territoriale organisasie, waaronder witkolopruiming, swartkolopruiming, private grondbesit deur Swartes en die owerheidstelsel, word in hierdie analise betrek. Saam daarmee vorm die rol van die Suid-Afrikaanse regering as dominante eksterne politieke akteur ten opsigte van strategieë en prosesse wat geïmplementeer gaan word, die hoofmomente van hierdie studie. Dit sal ook nodig wees om, waar toepaslik, weer in die vroeëre verloop van besluite en gebeure terug te gryp ter verheldering van die periode nou onder ontleding.

Reeds vroeg in die Transkeise geskiedenis toe Blank en Swart in die suidoostelike dele van Suid-Afrika met mekaar in aanraking gekom

het, was dit duidelik dat die twee vorms van beskawing onassimileerbare kenmerke geopenbaar het; dit het tot voortdurende konfliktsituasies aanleiding gegee.

Deur die loop van 'n eeu-en-'n-half was dit duidelik dat gebiedskeiding en moontlik ook 'n vorm van voogdyskap die enigste oplossing was om botsings te vermy. Alhoewel daar hier en daar van hierdie weg afgewyk is, het dit die tradisionele beleid van Suid-Afrika geword en is gebiedskeiding geleidelik in wetgewing vasgelê. Hierdie strategie het afsonderlike lewensruimte en staatstrukture vir die Blankes en Swartes, waaronder Transkei, beoog. Teen die middel van die twintigste eeu het gebiedskeiding so ver gevorder dat dit ten beste in die volgende aanhaling vervat word: "Under the present policy the old reserves were converted into homelands which are destined to become independent states." (Malan and Hatting, 1976: 6).

Die alternatief van hierdie genoemde beleid sou natuurlik integrasie wees. Dit sou die ineengroeiing van Wit en Swart tot 'n eenheidstaat en eenheidsgemeenskap beteken, waarin almal gelykwaardig is en oral dieselfde regte, gemeenskaplik en polities geniet. (Van Jaarsveld, 1971: 413 - 415).

Tussen hierdie twee alternatiewe sou 'n besliste keuse gemaak moes word. Om hierdie analise wetenskaplik te loods, word die volgende hipotese gestel.

HIPOTESEFORMULERING:

Die polities-geografiese ontwikkelingstrajek van Transkei kan waarskynlik een van twee rigtings inslaan:

- # Óf die onderhorige gebied word in sy totaliteit by die dominante - die Unie van Suid-Afrika - ingelyf en 'n gemeenskaplike Verantwoordelike Regering word ingestel met bevoegdhede om vanuit een sentrale nodus oor die totale ruimte met behulp van gedelegeerde magte te regeer;

òf die aanvanklike strategie word verder opgevolg en dié reeds ver gevorderde stadium van selfbestuur word oorgeskakel na selfregering geskoei op die lees van die dominante sisteem, wat deur laasgenoemde aan die onderhorige sisteem toegeken word.

Laasgenoemde opsie sou dan impliseer dat Blanke Suid-Afrika die beleid van segregasie wat reeds in die vorige eeu (ongeveer 1876) onder die Koloniale Bewind gestalte begin kry het en deur die Uniale Regering in die eerste helfte van die twintigste eeu voortgesit is, waarskynlik verder sal ontwikkel totdat Transkei as totaal afsonderlike Swart Staat vanuit Blanke Suid-Afrika sou ontkoppel. Dat só 'n strategie nie onmiddellik bereik sou kon word nie, maar geleidelik deur verskillende fases van politieke en bestuursontwikkeling sou evolueer en dat die dominante akteur die tempo van evolusie sou dikteer, is hoogs waarskynlik. Hierdie hipotese impliseer dus dat Transkei nog deur verdere fases van bestuursvorme en territoriale begrensinge sou moes gaan, waaronder Gedeeltelike Selfregering en Selfregering.

Word hierdie hipotese verder ontwikkel, dan is die voorlaaste ontwikkelingsvlak waarskynlik die totale onafhanklikheidswording van die eens onderhorige sisteem nadat goedkeuring aan 'n beheerstelsel en beheerstrukture ('n grondwet of konstitusie), geskoei op die lees van en deur die eens dominante sisteem daaraan verleen is. Die eens onderhorige sisteem kry dan dieselfde status in die statehiërargie as dié van die dominante politieke akteur. Indien die dominante ook nog onder 'n superdominante sisteem ressorteer, dan val die nuutgestigte sisteem (Transkei) ook onder dieselfde supersisteem.

'n Prognose in die verdere ontwikkeling van so 'n selfstandige onafhanklike sisteem is na analogie van ander Afrika-voorbeelde, waarskynlik die volgende: Hierdie selfstandige en onafhanklike staatsisteem word vir eie verdere ontwikkeling aan homself oorgelaat. Die strategie is "geen inmenging" in interne sake; maar weens die sterk patrilineiese tradisionalisme en ontwikkelende

swart nasionalisme kan daar waarskynlik 'n spoedige terugval na antikwariese en rudimentêre oorblyfsels van die oorspronklike patriliniese stambeheer wees. (Daar was vroeër reeds na verwys dat die totale uitwissing van tradisionele en primitiewe beheer- en bestuurstrukture 'n mite is). 'n Retrogressionêre ontwikkeling van die bestuurs- en beheerstrukture vind plaas wat in 'n karikatuur (gewoonlik tot 'n "eenpartystaat" onder diktatoriale magte) van die eens dominante beheersistees resulteer; of alternatiewelik verval die beheer- en bestuurstrukture in 'n militêre beheer met outonome magte wat sterk aan die oorspronklike stambeheer herinner.

Nie alle dominant onderhorige sisteme ontwikkel noodwendig deur elk van die "fases" nie, maar die trajek tot onafhanklikheid bly ongeskonde en dié uiteindelijke eindpunt is onafwendbaar.

In hierdie hoofstuk word voorafgaande hipotese aan die ontwikkelingsgang van die politieke geografie van Transkei tussen die jare 1957 en 1976 getoets. In die hieropvolgende studie word die ontwikkeling van die interne politieke strukture van Transkei teen die agtergrond van die ontwikkeling van die eksterne politieke strukture van die Unie van Suid-Afrika (tot 1961) en daarna van die Republiek van Suid-Afrika (tot 1976), ontleed.

BESTUURINSTELLINGS EN BESTUURSTRUKTURE, 1957 TOT 1976:

Die periode 1956 tot 1957 word in drie hoof tydvakke verdeel, te wete:

- # die aanloop tot selfregering, 1957 tot 1962;
- # die instelling en ontwikkeling van selfregering, 1962 tot 1976;
- # onafhanklikheid in 1976.

Die eerste tydvak, naamlik die aanloop tot selfregering word miskien beter tipeer as die fase waarin Afsonderlike Ontwikkeling aan die voorafgaande Apartheidsideologie staatsruimtelike inhoud gegee het. Afsonderlike Ontwikkeling, die "Verwoerd-strategie", het in Transkei neerslag gevind deur die instelling van die

Transkeise Territoriale Owerheid in 1956. Die konsep Territoriale Owerheid het weens eksterne en interne politieke evolusie na ses jaar (1962) plek gemaak vir die instelling van selfregering - die tweede tydvak- wat eventueel tot Onafhanklikheid - die derde tydvak - sou lei.

FASE 1: AFSONDERLIKE ONTWIKKELING (DIE VERWOERD ERA),
TRANSKEISE GEBIEDSOWERHEID EN AANLOOP TOT SELFREGERING, 1957
TOT 1962:

*Strategieë met 'n motief:

Vanaf 1948 tot 1958 het die kleurbeleid van die Unie van Suid-Afrika die klem grootliks op groter skeiding tussen die verskillende rasse geplaas: "No picture of political personalities and political factors affecting the Transkei is complete without considering the man who is responsible for having brought into being the 'independent Bantustans' project, of which the Transkei is the first example and the prize jewel. That man is Dr. Hendrik Verwoerd. Dr. Verwoerd is best known throughout South Africa and especially throughout the world as the high priest of apartheid." (Wet No. 68 van 1951, Artikel 3: 1155).

In 'n toespraak met die opening van die Naturelleverteenwoordigende Raad het Dr. Verwoerd, toe nog minister van Naturellesake, die volgende gesê: "Inderdaad word met die beleid van apartheid presies net die teenoorgestelde (as met integrasie) beoog. Om bogenoemde onplesierige en gevaarlike toekoms vir albei bevolkingsdele te vermy, neem die huidige regering die standpunt in dat hy vir ander gun en wil gee presies wat hy vir homself opeis. Hy glo in die heerskappy (baasskap) van die Blanke in sy gebied, maar dan glo hy ook net so in die heerskappy (baasskap) van die Bantoe in sy gebied. Vir die blanke kind wil hy al die moontlike kanse vir eie ontwikkeling, voorspoed en volksdiens skep in sy eie gebied; maar vir die Bantoe wil hy ook al die

geleenthede skep vir die vervulling van ambisies en die verskaffing van diens aan sy eie mense. Hier is dus geen beleid van onderdrukking nie, maar van die skepping van 'n toestand wat nog nooit bestaan het vir die Bantoe nie, naamlik dat hy met inagneming van sy tale en tradisies en geskiedenis en verskillende volksgemeenskappe 'n eie ontwikkeling kan deurmaak. Dié kans ontstaan vir hom sodra 'n sodanige skeiding tussen hom en die Blanke tot stand kom dat hy nie laasgenoemde se na-aper en agterryer hoef te wees nie." (PV 93, lêer 1/31/1/5: 8).

In Augustus 1955 het Strijdom, toe Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, verklaar: "... that the purpose of apartheid was to prevent conflict and friction by the seperation of the races 'in every sphere and in so far as it is feasible in practice.' Non-Whites, however, must be given the opportunity to develop in their own areas 'under the guardianship of the White man'; in accordance with their 'own nature and ability', and as they developed in conformity with the systems 'which are best suited to their nature and tradition', they would govern themselves in their own areas." (Tatz, 1962: 157).

Dr. Verwoerd het probeer om die Transkeise Algemene Raad of Bunga, as volg van sy beleid van afsonderlike ontwikkeling te oortuig: "When one thinks big, one can do great things. The big idea I want to talk about is that of separate development. These are words of great hope for the Bantu. Every man wants to have something which is his own - something which is separately his. He likes to be with other people but he also wants to be separated from them at times. 'Separateness' means: something for oneself.

The other word refers to what is bigger still, viz, 'development', which means growth. One should never fall back when one starts any work. Through the work of one's mind something must be made. That is creation - and development is growth brought about by man creating something new in a continuing process. Therefore, separate development means the growth of something for oneself and

one's nation, due to one's own endeavours." (Tatz, 1962: 185).

In September 1958 het dr. Verwoerd dit duidelik gestel dat totale skeiding of totale apartheid die ideaal vir die Naturellebeleid was: "The ideal of total apartheid gives one something to aim at. We have said clearly .. that the policy of apartheid constantly moves in the direction of ever-increasing separation. The ideal must be total apartheid in every sphere but everyone realizes that today that is impracticable... but everyone realizes also that if one has such a clear and definite aim, then one can test one's daily needs by that yardstick to see whether one is leading the country towards more and more separation, whether it be within our country, as long as White and non-White are both here, or whether it be territorially to the extent to which one can promote it, even at this stage." (Tatz, 1962: 157.)

Op 13 Desember 1958 het dr. H.F. Verwoerd, die Eerste Minister, in 'n boodskap aan die Bantoe van Suid-Afrika die volgende metafoor gebruik: "Aparte ontwikkeling - so het ek in die Transkei gesê - is 'n boom, 'n vrugteboom wat die Regering aan die Bantoe van Suid-Afrika gegee het. Die Regering het die boom geplant maar die boom moet versorg word om te kan groei. Indien dit goed versorg word sal dit groot word en baie vrugte dra. Dit mag nie te vinnig groei nie want die soort vrugteboom wat baie vinnig groei, gaan ook gou dood en mens kan slegs vir 'n kort tyd sy vrugte pluk. Die soort boom egter, wat gestadig groei en eers net na vermoë vrugte dra word geleidelik baie groot; dan sal dit baie vrugte dra en 'n mens sal 'n boom baie, baie jare kan geniet. Hierdie boom van aparte ontwikkeling wat julle self moet versorg, moet een van hierdie soort wees. Laat dit gesond en uit diep wortels groei. Moenie ongeduldig raak nie. Laat die takke eers sterk word voordat hulle die baie vrugte moet dra". (PV93: Lêer 1/31/1/32: 1 - 2).

Die enigste oplossing van die Naturelleprobleem was dus totale skeiding van die rasse. Vriendskap en goeie verhoudings kan nie bereik word deur vir die Swartes deur middel van Blanke

verteenwoordigers of selfs 'n paar swart verteenwoordigers seggenskap in die Parlement te gee nie, maar "... that friendship can be achieved if the one group is allowed to develop towards exercising full control amongst its own people and the other group is allowed to acquire or retain full control amongst its own people. It is on that point which I wish to place all the emphasis: that our struggle is not in the first place destructive, but constructive. We want to build up a South Africa in which the Bantu and the White man can live next to one another as good neighbours and not as people who are continually quarrelling over supremacy." (Wiechers, 1981: 507).

Selfs twee jaar na die verskyning van die Unie-regering se Witskrif, het die Suid-Afrikaanse Eerste Minister in 1961 in Londen verklaar en herbevestig dat: "We want each of our population groups to control and govern themselves, as is the case with other nations. Then they can co-operate as in a commonwealth- in an economic association with the Republic and each other South Africa will in all honesty and fairness proceed to secure peace, prosperity and justice for all by means of political independence coupled with economic interdependence." (Tatz, 1962: 158.)

Dr. H.F. Verwoerd het Eerste Minister geword in 'n tyd toe grootskaalse veranderinge in Afrika besig was om te gebeur. Swart nasionalisme het reeds kontinentale afmetings aangeneem en anti-kolonialisme en Swart nasionalisme is as sinoniem beskou. Die gedagte van anti-kolonialisme was om vryheid en onafhanklikheid te verwerf en selfregering deur te voer. Anti-kolonialisme was 'n voorwaarde vir Bantoe-nasionalisme en belangriker as 'nasionaalisme' is die verkryging van onafhanklikheid. Daar was die strewe na selfbeskikking, onafhanklikheid en Afrikanisasie. Dit het neergekom op onttrekking van die gesag van die koloniale moondhede en die vervanging daarvan deur die gesag van die Afrikane self, waardeur die kolonies in onafhanklike state verander het. Oral in Afrika het koloniale moondhede gekapituleer voor die eise van die inheemse bevolkings. So snel was dit dat gedurende 1960 sewentien

kolonies onafhanklikheid verkry het en daarom is 1960 'Die Jaar van Afrika' genoem. Die vrygeworde Afrika state oefen deur middel van die Organisasie vir Afrika-eenheid en die Afro-Asiatiese blok in die VN druk uit op die Republiek van Suid-Afrika om die Blanke bestuur van die land oor te dra aan 'n Swart 'meerderheidsregering', ooreenkomstig die beginsel van 'een-mens-een-stem'. Die gedagte is dat Suid-Afrika 'n koloniale moondheid is, wat sy Blanke gesag moet likwedeer en oordra aan 'n Bantoe-meerderheidsregering. Die Blanke in Suid-Afrika was ter wille van die behoud van die Blankedom, nie bereid om te kapituleer of te abdikeer nie. (Van Jaarsveld, 1976: 447 - 452).

Samevattend word die Verwoerd-strategie as volg gestel:

Sedert 1956 het dr. Verwoerd aan 'n stelsel gewerk waardeur die Bantoes in hulle eie gebiede of tuislande selfbestuur en politieke regte sou verkry; dit was die skepping van Onafhanklike Bantoe-state uit die koloniale gebiede. Daarom het dr. Verwoerd in 1956 verklaar dat die inlywing van die Protektorate nie meer nodig was vir die uitvoering van die beleid van Afsonderlike Volksontwikkeling nie. Nadat hy in 1958 Eerste Minister geword het, het hy sy beleid van die Bantoe-tuislande verder ontwikkel. Wat die uiteindelijke doelwit van dr. Verwoerd betref, formuleer Van Jaarsveld dit as volg: "Dr. Verwoerd het 'n soort van konfederasie van onafhanklike, maar samewerkende Blanke- en bantoe-state in Suidelike Afrika voorsien. Die Bantoe-tuislande vir die verskillende Bantoe-volkseenhede moes uit die Unie geskep word. Elkeen sal dan sy eie politieke instellings en gelyke politieke regte binne sy eie gebied geniet. Hierdie beleid was in ooreenstemming met wat in Afrika gebeur het, nl. die skepping van onafhanklike Bantoe-state uit die koloniale gebiede... Dr. Verwoerd se beleid het dus in lyn gekom met wat in die res van Afrika aan die gang was. Vir die Unie was daar geen keuse nie as om oor te gaan tot die herverdeling van die Unie wat op historiese grondslae berus." (Van Jaarsveld, 1976: 464).

* Prosesse gerig op Selfregering, onder andere vir Transkei:

Hierdie Verwoerdiaanse strategie is in praktyk geplaas deur 'n politieke proses wat teen die einde van Maart 1959 begin het met die Regering se Witskrif, te wete die "Memorandum Explaining the Background and objects of the Promotion of Bantu self-government Bill." (Tatz, 1962: 158). Met ruimtelike skeiding as kern, was die doel van die Witskrif: "to define and set apart separately the land to which the different Bantu communities were linked historically, thus identifying each such community with its own land and ensuring that each community would retain such land." (Pelzer, 1963: 147).

Ten opsigte van konsultasie met die Naturelle, het die Witskrif afgesluit dat: "The Minister and his representatives, including the Commissioners-General, will be in direct contact with the Bantu by means of conferences with complete bodies and persons better informed than the present elected representatives regarding the legitimate needs and desires of the different Bantu national units ... Consequently, Bantu interests in Parliament will whenever necessary be effectively attended to by the Minister and other officials." (Tatz, 1962: 163).

Die ontwikkeling van selfregering, so is besef, is 'n langsame proses en doelstellings wat die regering wou bereik is:

1. die skepping van homogene administratiewe gebiede vir Swartes deur die lede van elke nasionale groep in een nasionale eenheid te verenig, 'in een samehangende tuisland gekonsentreer';
2. die opvoeding van die Swartes in grondbewaring en landbou sodat alle verantwoordelikhede in hierdie verband aan hulle oorgedra kon word;
3. stelselmatige bevordering van 'n uiteenlopende ekonomie in die Swartgebiede, 'aanvaarbaar vir die Bantoe en om deur hulle ontwikkel te word';
4. die opvoeding van die Swartes om die probleme en oogmerke van Swart onderwys te verstaan, sodat daar deur middel van

- desentralisasie van mag, verantwoordelikheid vir onderwys by hulle gevestig kon word;
5. die opleiding van Swartes om effektief hulle eie juridiese stelsel op te rig, en hulle 'opvoeding tot 'n deeglike verstaan en 'n onberispelike toepassing van die gemenerereg sodat hulle die verantwoordelikheid vir die administrasie van justisie kon aanneem;
 6. die opvoeding van Swartes om effektiewe grondadministrasie te verstaan;
 7. die beoefening van wetgewende magte deur die Swartes in hulle gebiede, 'aan die begin op 'n beperkte skaal maar met volle voorneme om geleidelik hierdie mag uit te brei. (Arnheim, 1979: 23).

Om die finansiële probleem op te los, het die Suid-Afrikaanse Regering in Februarie 1959 die Bantoe Beleggings Korporasie Wet, Wet No. 34 van 1959 aanvaar, wat geskep was om die hoof ontwikkeling van die Bantoes tans te finansier. (Hansard, 15 September 1958: col. 3805). Mnr. M.D.C. de Wet Nel, Minister van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling, het in die Volksraad gesê: "I maintain that the possibility of mobilizing the Bantus' capital is greater than most people realise, .. and if that capital were to be gathered together many people would be astounded ... (and) according to a very conservative estimate by the officials of our Department who are qualified to make such calculations, the purchasing power of the Bantu totals at least £365 000 000 per annum". (Tatz, 1962: 170).

Dit is duidelik dat die beleid van "apartheid" na 1958 na 'n beleid van "afsonderlike ontwikkeling" verskuif het.

Die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur wat in 1959 aangeneem is en later in meer besonderhede ontleed word, was die begin van die toepassing van hierdie beleid. Dit het ook die Wet op Bantoe-verteenwoordigings van 1936 herroep, waardeur die Bantoe-verteenwoordiging in die Volksraad en Senaat afgeskaf is.

Die beginsel van skeiding is aangeneem, waardeur die Blankes voortaan politieke regte in hulle deel van Suid-Afrika sal geniet en die Bantoes in hulle eie tuislande. (Van Jaarsveld, 1976: 464).

Die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur het regstreeks daartoe gelei dat selfbestuur in 1963 aan die Xhosa as Bantoevolkseenheid van die Transkei toegeken is. Na sy dood op 6 September 1966 het dr. Verwoerd se opvolger, mnr. B.J. Vorster, op dié beleid voortgebou. (Van Jaarsveld, 1976: 466 en 545).

Onder die bewind van dr. Verwoerd en daarna, is die beleid wat nuwe konseptuele inhoud in "Afsonderlike Ontwikkeling" gekry het, dus prakties toegepas. As gevolg van buitelandse druk en opkomende nasionalisme onder die Swart volke, moes die tuislande ekonomies lewensvatbaar gemaak word en moes die grond wat in 1936 beloof is, gekoop word om sodoende voldoende ruimte te voorsien. (Pieterse, 1979: 196 - 197).

* Die Transkeise Territoriale Owerheid, 1956: Die struktuur en aanloop tot Selfregering:

Die eerste apartheidswetgewing vir die Swartgebiede in die Unie van Suid-Afrika, naamlik die Bantoe Owerheidswet van 1951, was aanvanklik nie op Transkei van toepassing nie.

In 1955 het die Verenigde Transkeise Territoriale Algemene Raad versoek dat die sisteem wat deur bogenoemde wet geskep was, ook op Transkei van toepassing gemaak moes word. Op Transkei se versoek het proklamasie no. 180 van 1956 gevolg, wat 'n uitwerking op die Swart Owerheidsstelsel gehad het. 'n Wysiging van die "three-tier system" na 'n "four-tier structure" vir die Transkei het plaasgevind waardeur die rol van die kaptein, maar onder Blanke kontrole, beklemtoon is. (Pienaar, 1979: 165). Ons het hier te doene met 'n geredigeerde aanbeveling van die Beaumont-Kommissie wat in praktyk gebring is.

Die bestuur is as volg gestruktureer: Die laagste vlak het bestaan uit stamowerhede elk onder 'n opperhoof. Die volgende was op distriksvlak wat die toepaslike stamowerhede gegroep het. Die volgende hoër hiërargie was die streeksowerhede en die hoogste interne vlak was die gebiedsoverheid. Laasgenoemde vlak was veral deur die latere konstitusionele wetgewing in 1959 en 1963 beïnvloed. (Pienaar, 1979: 165).

Die finale owerheidstruktuur het bestaan uit 'n gebiedsoverheid, nege streeksowerhede, 26 distriksowerhede en 129 stamowerhede. Die belangrikste verandering in die laagste vlak van administrasie was die verskuiwing in mag vanaf die hoofman na die kapteins. Die ander groot verandering in regeringstruktuur was op die gebiedsvlak. Die Bunga was vervang deur die Gebiedsoverheid, wat toe slegs (uitsluitlik) uit kapteins bestaan het. Gevolglik was daar geen verkose element in die Transkeise struktuur bo die distriksvlak in die periode 1956 tot en met die Transkeise Konstitusionele Wet van 1963 nie. (Pienaar, 1979: 165 - 166).

As gevolg van die vordering met die stelsel van Bantoeowerhede in die land as geheel en veral in Transkei, die politieke omwenteling in Afrika en die stappe van die Britse Regering om sy Protektorate in Suid-Afrika op die weg na selfbestuur te lei, moes die Suid-Afrikaanse Regering sy toekomsontwikkeling duideliker omskrywe. Die Eerste Minister het dan ook op 27 Januarie 1959 in die Parlement verklaar dat: "Suid-Afrika staan op 'n keerpunt: daar moet besluit word of hy in die rigting van 'n veelrassige gemeenskap, met 'n gemeenskaplike politieke lewe gaan, en of hy totale skeiding op politieke terrein gaan bring." (Van der Walt, Februarie 1963: 17).

* Bevordering van Bantoeselfbestuur: Wet 46 van 1959:

Vanaf 1959 is die hoofsaaklik negatiewe maatreëls van die vorige dekades vervang deur maatreëls wat daarop ingestel was om aan elke

rasgroep toenemende beheer oor sy eie sake te gee. Een van die belangrikste maatreëls in hierdie verband was die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur, Wet 46 van 1959, wat terselfdertyd die Bantoes se verteenwoordiging in die Parlement afgeskaf het.

Hierdie wet maak voorsiening vir:

- "a) die formele erkenning van bantoetuislande en die ontwikkeling van gebiedsowerhede waar dit nog nie bestaan nie;
- b) die inskakeling van die buite-territoriale Bantoe by die betrokke gebiedsowerhede;
- c) die toekenning van uitgebreide selfbestuursmagte aan die gebiedsowerhede, wanneer die tyd daarvoor ryp geag word;
- d) die aanstelling van kommissarisse-generaal by elke Bantoe-volkseenheid;
- e) die beëindiging van naturelleverteenwoordiging in die Parlement." (Van der Walt, Februarie 1963: 17; Vgl. ook Cloete, 1964: 197 - 198).

Hiermee is die groen lig vir verdere konstitusionele ontwikkeling in die Transkei gegee. Kragtens artikel 2(1) van Wet No 46 van 1959 is agt Bantoe volkseenhede, waaronder dié van die Xhosa, erken. (Wet No. 46 van 1959, artikel 26: 515).

Die doel van Wet No. 46 van 1959 was:

"Om voorsiening te maak vir die geleidelike ontwikkeling van selfbesturende Bantoevolkseenhede en vir regstreekse oorlegpleging tussen die Unieregering en bedoelde volkseenhede in verband met aangeleenthede wat die belange van daardie volkseenhede raak; om die Naturelle-administrasie Wet, 1927, die Naturelletrust en -grond Wet, 1936, en die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te wysig, en die Naturelle-Verteenwoordigings-Wet, 1936, te herroep; en om vir ander bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak." (Wet No 46 van 1959, artikel 2 (1): 513). Hierdie Wet is op 17 Junie 1959

goedgekeur. (Wet No. 46 van 1959, artikel 2 (1) p 513).

Die Wet maak ook voorsiening vir die daarstelling van diplomatieke skakels, soos byvoorbeeld tussen Transkei, dit is die Xhosa-eenheid, en die Regering van die Republiek, in die vorm van die Kommissaris-Generaal. Kragtens artikel 2 (2) van hierdie Wet is 'n kommissaris-generaal ook vir die Xhosa-eenheid aangestel. (Wet No. 46 van 1959, Artikel 2 (2): 517):

Die Kommissaris-generaal moet die nodige leiding en raad gee oor alle sake wat betrekking het op die ontwikkeling van selfbestuur en die uitbouing van opvoedkundige, maatskaplike, ekonomiese en algemene dienste in die gebied; die ontwikkeling van die regspraak en geregshowe bevorder; hy moet met die bevolking oorleg pleeg, veral deur middel van die verskillende owerhede, oor alle sake wat die belange van die betrokke volkseenheid raak; en hy moet die bevolking inlig oor Suid-Afrikaanse Regeringsbeleid en die wetgewing wat deur die Suid-Afrikaanse Regering beoog en aanvaar word. Terselfdertyd moet hy sorg dat die minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling ingelig bly oor die behoeftes en wense van die Bantoebevolking van die gebied. (Wet No. 46 van 1959, Artikel 3: 517). Dus moet die Kommissaris-generaal die Bantoe by die Regering en die Suid-Afrikaanse Regering by die Bantoebevolking verteenwoordig. Sedert Julie 1960 beklee sy Edele J.H. Abraham hierdie pos in die Transkei. (Land van die Xhosa, c.1964: 11).

Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die geleidelike ontwikkeling van selfbesturende en ten volle soewereine swart volkseenhede. Dit sou hulle uit hulle politiek-onderhorige posisie bevry en op die pad na 'n gelyke politieke vlak met die Unie-regering van Suid-Afrika plaas.

* Selfbestuur in Transkei, 1959:

Die Gebiedsowerheid het in 1959 'n suiwer Bantoebestuursliggaam geword en die Blanke hoofmagistraat is vervang deur 'n

Bantoe-voorsitter. (Van Jaarsveld, 1971: 467 - 468). Op 8 Mei 1959 is die laaste skof afgelê in die Bantoe-Owerheidsprogram vir die Transkeigebied toe die Uitvoerende Komitee van die Transkeise Gebiedsowerheid bestaande uit die hoofde van die nege streeksowerhede, vergader het om 'n voorsitter vir die Gebiedsowerheid te kies. Hierdie posisie was onder die ou raadstelsel deur die Hoofbantoesakekommissaris, bekleed, (Myburg, Augustus 1959: 49 - 50). In Mei 1959 het mnr. T.D. Ramsay, die Hoofmagistraat vir mnr. Botha M. Sigcau plek gemaak. So is regstreekse Blanke beheer in die interne aangeleenthede van die Transkeise Bantoe beëindig en is 'n nuwe tydvak in die ontwikkeling van verhoudinge tussen Wit en Swart in hierdie deel van Suid-Afrika ingelei. (Suid-Afrikaanse Bantoe op die weg na selfbestuur, April 1964: 158).

Sover dit Transkei betref, is hy in sy finale vorm bedien deur 123 Stam- of Gemeenskapsowerhede, 26 Distriksowerhede, 9 Streeksowerhede en een Gebiedsowerheid. Vyf van die Stam- of Gemeenskapsowerhede tree op as Distriksowerhede vir die distrikte Butterworth, Ngamakwe, Tsomo, Umtata en Mount Ayliff. Onderstaande tabel toon die indeling van die verskillende owerhede oor die Transkeigebied:

OWERHEIDSINDELING VIR TRANSKEI, 1959:

NAAM VAN STREEKS-OWERHEID	VOORSITTER	DISTRIKS OWERHEDE	AANTAL STAM- OF GEMEENSKAPSOWERHEDE IN ELKE DISTRIK
1. Quakeni	Opperhoof Botha M. Sigcau	Lusikisiki	5
		Bizana	8
		Flagstaff	4
		Tabankulu	3
		Mount Ayliff	1
2. Umzimkulu	Stamhoof Morris Msingapantsi	Umzimkulu	14
3. Maluti	Stamhoof George Moshesh	Matatiele	9
		Mount Fletcher	5
4. Nyanda	Opperhoof Victor Poto	Libode	3
		Nggeleni	4
		Port St. Johns	3
5. Dalindyebo	Opperhoof Sabata Dalindyebo	Umtata	1
		Engcobo	3
		Mqanduli	8
6. Temboland	Stamhoof S.	Mount Frere	5

	Wabana Makaula	Qumbu	6
		Tsolo	7
7. Emigrant	Stamhoof Kaizer	St. Marks	4
	Tembuland D. Matanzima	Xalanga	4
8. Gcaleka	Stamhoof Zweli-	Willowvale	6
	dumile Sigcau	Kentani	7
		Idutywa	6
		Elliotdale	4
9. Fingo	Stamhoof Douglas	Nqamakwe	1
	Ngcongolo	Butterworth	1
		Tsomo	1

(Myburg, Augustus 1959: 51 - 52). (Vgl. Kaarte 24, 25 en 26).

Die Beaumont-Kommissie se verslag en die 1959-Wet het geen ruimtelike verskille vir Transkei getoon nie. In beginsel, lyk dit asof die Beaumont-bevindinge as bloudruk vir die 1959-wet aanvaar is.

In dieselfde jaar is die staatsbeheerde Bantoebeleggingskorporasie van Suid-Afrika ook gestig om nywerheids- en ander ontwikkelings in die Swart-tuislande deur die Swartmense self te bevorder. Die Xhosa-ontwikkelingskorporasie het as statutêre liggame op die breë terrein van ekonomiese ontwikkeling opgetree.

- * Samevatting: Die onderliggende strategie met Wet 46 van 1959 kan in die volgende ses punte saamgevat word:
- # Stelselmatige koppeling van elke Bantoevolkseenheid aan sy eie tuisland;
- # volle ontwikkelingsgeleentheid op alle lewensterreine binne die eie volkseenheid en tuisland;
- # aanvoorschik en leiding aan elke volkseenheid om die eie gebied stelselmatig tot 'n volwaardige tuisland te ontwikkel;
- # volle beskerming van die Bantoe se belange en regte in hulle tuislande; en
- # skepping van 'n lewende verband tussen die volkseenheid in die tuisland en volksgenote werksaam in die Blankgebiede;
- # dat die verskillende selfstandiggeworde Bantoevolkseenhede uiteindelik 'n Suid-Afrikaanse Gemenebes sal vorm.

In 'n toespraak het Opperhoof Sigcau die nuwe bestuurstelsel as volg geëvalueer:

"In die nuwe wet op Bantoeselfbestuur word julle as 'n volk erken. Dit is vir my een van die mooi dinge wat in die wet vervat is. Dit bring egter ook 'n baie groot verantwoordelikheid mee, want julle sal nou julle volk se geestelike waardes moet versorg." (Myburg, 1959: 63).

In die praktyk het dit spoedig geblyk dat die gebiedsowerhede met hul uitvoerende komitees nie in hul gebiede skouspelagtige bedrywighede aan die dag gelê het nie en dat hulle, slegs deelyds, met elementêre roetinewerkies besig gehou het. (Botha, 1981: 26 - 27).

Die periode 1948 tot 1962 kan, by wyse van sintese, in drie tydvakke, 1948 tot 1955; 1955 tot 1959 en 1960 tot ongeveer 1962, verdeel word:

Die jare 1948 tot 1955 was hoofsaaklik gewy aan skeppende voorbereiding. Die gepoogde beginsel van ontwikkeling deur selfaktiwiteit moes na Transkei gebring word en 'n gees van vertrouwe moes geskep word.

Op die grondleggings wat so neergelê is, was dit moontlik dat in die periode 1955 tot 1959, deur die oprigting van Bantoe-Owerhede, om 'n kanaal te skep vir die Transkeise Swarte om self 'n groeiende aandeel in sy ontwikkeling te speel.

Sedert 1960, na die aanvaarding van die Wet vir die Bevordering van Bantoe Selfregering was versnellende vordering met die voltooiing van Bantoe-owerhede en 'n hoër tempo van Transkei-ontwikkeling moontlik gemaak.

FASE 2: SELFREGERING IN TRANSKEI, 1962 TOT 1968:

* Transkei se versoek om selfregering: 1960 - 1962:

Voortbouend op die nuwe owerheidstelsel, was die Transkei die eerste om aan verdere staatkundige vordering te dink. Dit is begryplik aangesien hulle al 'n lang geskiedenis van 'selfbestuur' gehad het, hoe gebrekkig ook al en deur wit departementele beamptes oorheers. Moontlik was hierdie verdere politieke ontwaking in die Transkei nie heeltemal spontaan nie. Aan die regeringskant was daar 'n vermoede dat sekere van die politieke opponente - Blankes- en ook die Liberale opset in die Transkei heimlik besig was om die Swartes aan te moedig om op groter politieke status aan te dring. Hulle het gemeen dat dit die regering in 'n verleentheid sou bring wat dan tot 'n botsing tussen die regering en Transkei kon lei. Dit sou die regering se aangekondigde politieke beleid as onopreg aan die kaak stel.

Hierdie opposisie-element het egter bedroë daarvan afgekom, omdat hulle die opregtheid met die beleid totaal verkeerd beoordeel het. Dit was vir die Unie-regering baie belangrik dat die Transkei so spoedig moontlik sy eie regering in die lewe moes roep en beheer. Die Suid-Afrikaanse regering was heeltemal gewillig om sy gesag geleidelik te onttrek, maar dit was aanvaarde beleid dat die Swartes bygestaan moes word in hulle vrywording. (Botha, 1981: 28).

Vanaf Februarie 1960, was daar vir byna die res van die jaar, grootskaalse onrus in Oostelike Pondoland as gevolg van teenkanting teen ongewilde kapteins en hoofmanne, ongewilde grondbewaringskemas, toenemende belasting en ander amptelike beleid en aangehits deur die Engelse Pers in Oos-Kaapland.

Na September was daar ook geweldpleging in Tembuland. Die regering het drastiese maatreëls ingestel en op 30 November en 14 Desember het Regulasies 400 en 413 voorsiening gemaak vir aanhouding sonder die reg van 'n bevelskrif om 'n gevangene voor die hof te bring; asook 'n verbanning van alle vergaderings van tien of meer persone, sonder amptelike permitte. In Januarie 1961 het die Minister van

Justisie daarop gewys dat 4769 Swartes in Pondoland gevange geneem is en dat 2067 reeds verhoor is. Teen die einde van Januarie 1961 het 'n amptelike verklaring van die Minister van Bantoe Administrasie en Ontwikkeling gelui dat 25 mense in Pondoland vermoor was ingeslote twee kapteins; 26 Swartes was deur ander Swartes beseer en 15 het as gevolg van selfverdedigingsaksies deur die Suid-Afrikaanse Polisie gesterf. (Carter, et al., 1967: 25-26) Politieke rustigheid is in Pondoland herstel en teen die einde van Mei 1961 was meeste van die troepe teruggetrek. (Carter, et al., 1967: 26).

Dat daar wel rede was vir ontevredenheid met sienings van die Kapteins en dat daar wel 'n algemene finansiële en ekonomiese insinking en agteruitgang was, word bewys deur die eerste verslag van die Kommissaris-Generaal van Transkei in November 1961.

Op 10 November 1960 bring mnr. Hans Abraham in sy eerste verslag as Kommissaris-Generaal vir die Xhosa-eenheid enkele belangrike sake na vore. Hy verwys na die vrugbare konferensie van landdroste van die Transkei op 9 en 10 Augustus 1960 waar daar breedvoerig op die stelsel van Bantoe-owerhede ingegaan is. Die volgende sake was ook bespreek:

- (1) Daar is van die Kapteins en Hoofmanne wat die regspraak wat aan hulle opgedra is in terme van die Bantoe Owerhede misbruik. Daar is van hulle wat te hoë boetes oplê.
- (2) Daar is van die Kapteins en Hoofmanne wat omkoopgeld aanvaar van onderdane wat grondtoekennings wou ontvang.
- (3) Sommige van die penningmeesters van die Stamowerhede oefen nie behoorlik beheer uit oor die fondse van die stamme nie en dit gebeur in baie van hierdie gevalle dat daar nie rekenskap gegee word van fondse wat ingesamel word nie. Geen gereelde verslae word aan die toesighoudende beampte van die Gebiedsowerheid voorgelê deur die Stamowerhede se Penningmeesters nie. (PV 322, Lêer KG 11/2/1/1: 1 - 2).

By die geleentheid het dit aan die lig gekom dat die inkomste van

die Gebiedsowerheid in die voorafgaande vyf jaar gedaal het met £31 000, wat 'n persentasievermindering van 25% beteken. Daar is aangevoer dat iets gedoen moes word om die Stam- en Gebiedsowerhede se inkomste te verhoog en daarom is daar besluit om by die Regering aan te dring op 'n werwingsfooï wat gehef moet word op alle swartes wat in hierdie gebied vir arbeid buite hierdie gebied gewerf word.

Verder is daar gewys op die vermorsing van opgeleide tegnisi en die koste daaraan verbonde. Mnr. Abraham het by die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling aanbeveel dat 'n ko-ordinerende komitee, verteenwoordigende van alle vertakkinge van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling saamgestel word, wat elke jaar vroegtydig 'n beraming moes maak van alle Bantoe poste in die diens, sodat van die dienste van hierdie mense gebruik gemaak kan word.

Daar is voorts ook daarop gewys dat die Bantoehandelsgemeenskap baie in die Bantoe Beleggingskorporasie belangstel. Daar is 'n beweging wat baie gretig is om 'n Bantoe-finansieringsmaatskappy in die lewe te roep, wat dan uit eie middele aan Bantoehandelaars en nyweraars lenings op korttermyn sal kan gee. Die Kommissaris-Generaal het aanbeveel dat die Bantoe Beleggingskorporasie ook 'n deel moet hê in die organisering en bestuur van so 'n fonds en byvoorbeeld moet oorweeg om vir elke pond wat die Bantoe mobiliseer, nog 'n pond beskikbaar gestel moet word vir lenings aan die Bantoe. (PV 322, Lêer KG 11/2/1/1: 2 - 4 en 9 - 10).

Ongeag die politieke oproer en die negatiewe verslae van die vorige jaar, het Transkei op verrassende wyse onverwags in April 1961 vir selfbestuur gevra op byna dieselfde moment dat die Unie van Suid-Afrika uit die Britse Statebond weggebreek en die volkome onafhanklike Republiek van Suid-Afrika geword het.¹

1. Op 31 Mei 1961 het die Unie van Suid-Afrika die Republiek van Suid-Afrika geword.

Op 21 April 1961 met die byeenkoms van die Transkeise Gebiedsowerheid in Umtata, het die Transkeise Gebiedsowerheid,

onder voorsitterskap van kaptein Kaizer Matanzima, by monde van Raadslid L. Maninjwa, in terme van resoluie No. 101 ernstig by die Unie-regering op selfbestuur vir die Transkei aangedring.

Mnr. L. Maninjwa se mosie het as volg gelui: "That in order to ease the present situation of uneasiness in the Union of South Africa and in view of the Government's policy of separate development and the fact that the Bantu people in the Union have no representation in the Union legislature -

- (a) this Territorial Authority in session respectfully requests the Government to declare the Transkeian Territories as a whole a self-governing state under the control of the Bantu people;
- (b) that arrangements for the drawing up of the relative constitution be made by the authorities in consultation with the leaders of the Bantu people in the Transkeian Territories; and
- (c) that this item be given priority in order to take advantage of the presence of Government officials from head office." (PV 322, Lêer KG 11/1/29/1: 49).

Die kern van die mosie wat raadslid L. Maninjwa ingedien het, was dat die Gebiedsowerheid die Regering eerbiediglik versoek om die Transkeise gebiede as 'n eenheid te beskou en tot 'n selfregerende staat onder beheer van die Bantoe te verklaar, en dat reëlings deur die owerheid getref moet word vir die opstel van 'n geskikte grondwet, in oorlegpleging met die leiers van die Bantoe in die Transkeise gebiede. (Die Transkei, Ontvoogding sonder chaos, c.1963: 10).

Hierdie mosie is opgevolg deur samesprekings tussen Minister M.D.C. de Wet Nel, dr. H. F. Verwoerd en kaptein Kaizer D. Matanzima. Voortvloeiend hieruit het kaptein Kaizer Matanzima in die hervatte debat voorgestel dat hulle Gebiedsowerheid 'n Reseskomitee moes benoem, bestaande uit 27 Transkeiers, met 'n verteenwoordiger uit elke distrik; en met hom, kaptein K. D. Matanzima, as voorsitter.

(Botha, 1981: 29; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 17).

Die Reseskomitee is benoem met die opdrag om die volgende te oorweeg:

- a) die finansiële implikasies van selfbestuur;
- b) die vorm van selfbestuur wat in geen opsig die bestaande opset van die kapteinskappe in die gebied sal aantast nie;
- c) die verhouding tussen die Unie- Regering en die voorgestelde Bantoestaat;
- d) die datum van die toekenning van selfbestuur;
- e) die wyse waarop die regering met die versoek om selfbestuur genader moet word. (Van der Walt, Februarie 1963: 17 - 18).

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sê in sy kommentaar op die resoluëie: "dat die Transkei die eerste Bantoe-tuisland in Suid-Afrika sou wees wat selfregering verkry, hoofsaaklik vanweë die gevorderde stadium wat die Transkei op die pad na selfontwikkeling reeds bereik het. Die Bantoe-tuislande moet selfregering ontvang sodra die administrasie-masjien behoorlik gevestig is. Die tempo van ontwikkeling hang net van die Bantoe self af en sy vermoë om die administrasie oor te neem." (Suid-Afrika se Bantoe op die weg na selfbestuur, April 1964: 168; Vgl. ook Constitutional development of the Transkeian Territories, March 1962: 159).

Kort na afloop van die sitting het die Reseskomitee sy eerste vergadering in die teenwoordigheid van Dr. H F Verwoerd, in Pretoria gehou. Tydens latere onderhandelinge het dr. Verwoerd voorgestel dat die sienswyse van die Stedelike Bantoe ook oor hierdie aangeleentheid getoets moes word, wat inderdaad plaasgevind het. Uit die Reseskomitee se eie geleedere is 'n sub-komitee van vyf lede gekies wat op Umtata meer as veertig verteenwoordigers van die stedelike Bantoe uit verskillende dele van die land te woord gestaan het. Die voorlopige ontwerpgrondwet van die Reseskomitee

was die sogenaamde Matanzima-ontwerp. Onder toesig van die Reseskomitee is heelwat wysiginge en toevoegings aangebring voordat dit aan die regsadviseurs en wetsopstellers van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling voorgelê is om in regsform gegiet te word. (Die Transkei, Ontvoogding sonder chaos, c.1963: 10; Vgl. ook Transkei: begin van nuwe bewind, November 1963: 584).

Tydens die sitting van die Transkeise Gebiedsowerheid op 1 Mei 1961 op Umtata het mnr. Young gesê: "Hierdie Gebiedsowerheid behoort dankbaar te wees vir wat aan hulle deur die Regering aangebied is en moet nie probeer om meer te verkry as wat hulle kan behartig nie." (Gebiedsowerheid se geskiedkundige sitting luisterryk geopen in die Transkei, Julie 1962: 415). Young het verder daarop gewys dat: "'Die voorgestelde grondwet is aanvaarbaar vir die Regering. Dit wil blyk dat die meeste van die besprekings toegespits was op die voorgestelde samestelling van 60 stamhoofde en 45 verkose lede van die Transkeise Wetgewende Vergadering. Hierdie aangeleentheid is wyd deur die komiteeledes bespreek. Nou is dit die taak van die Gebiedsowerheid om te besluit of die ledetal verander moet word. Verder moet daar besluit word of die stamhoofde ex-officio-lede van die Gebiedsowerheid sal word, en of die verkose lede die meerderheid sal vorm.'

'Die voorgestelde lede-samestelling is eenparig deur die Reseskomitee aanvaar en daar moet in gedagte gehou word dat die vorm van selfbestuur 'n evolusionêre aangeleentheid is. Dit is, trouens, 'n kompromis tussen die tradisionele regeringsvorm van die Transkei en 'n demokratiese stelsel, gebaseer op Westerse metodes en beskawingstandaarde...'

'Die lede moet in gedagte hou dat selfbestuur en die voorgestelde grondwet 'n kontraktuele aangeleentheid tussen die Gebiedsowerheid en die Suid-Afrikaanse Regering is. Meer belangrik nog - dit moet onthou word dat dit in die hande van die Regering berus wat daar aan die Transkei toegestaan sal word.'" (Gebiedsowerheid se

geskiedkundige sitting luisterryk geopen in die Transkei, Julie 1962: 417).

Die hoofmomente in die nuwe tussenstaatlike verhouding en politieke ontwikkeling is dus: die volhardende dominante rol van die RSA-regering, die evolusionêre karakter van die bestuurstelsel en die uniekheid in die samestelling daarvan.

Op 'n vergadering wat gehou is op 10 November 1961 in Nyandeni, Pondoland, het die minister van Bantoe-Administrasie, Dr. De Wet Nel die volgende stelling gemaak: "It is my deep conviction that every people has the right to self-government and that is why we have led the Bantu people along this road." (Constitutional development of the Transkeian Territories, March 1962: 159.)

Die erns waarmee Transkei selfregering en onafhanklikheid bejeën het word ten beste verklank deur Ndamase, seun van hoofkaptein Victor Poto van Westelike Pondoland: "We want self-government for the Transkei by the end of 1963, and complete independence as soon as possible after that." (Carter, et al., 1967: 29).

* Die proses van konsepgrondwetformulering:

Vroeg in Desember 1961 het 'n Transkeise afvaardiging in Pretoria byeengekom vir samesprekings met die belanghebbende Blanke ministers. Hulle sou ook vir dr. Verwoerd ontmoet. Op 8 Desember 1961 het minister De Wet Nel 'n persverklaring uitgereik: "This morning the Prime Minister paid a courtesy visit to the members of the Executive Council of the Transkei and exchanged a few thoughts on constitutional developments with them. The proceedings were marked by a spirit of cordiality and loyalty." (Constitutional development of the Transkeian Territories, March 1962: 159).

Dr. Verwoerd het aan die besoekende Transkeiers verduidelik dat "the government was prepared to co-operate with the TTA in obtaining self-government for the Transkei. He explicitly

excluded, however, the possibility of a multiracial government elected by a multiracial electorate. The Prime Minister suggested that within these limits delegates would and should decide what sort of constitution they wanted." (Carter, et al., 1967: 114).

Dr. Verwoerd het gesê dat hy verstaan dat hulle in hulle nuwe konstitusionele bedeling ook voorsiening kan maak vir 'n aantal verkose verteenwoordigers naas die tradisionele leiers wat almal saam lede van 'n parlement sou wees en dat hulle ook 'n kabinet sou hê: verder moes daar duidelike riglyne neergelê word vir die finansiële betrekkinge met sy regering.

In 'n memorandum met betrekking tot die voorgestelde verlening van selfregering aan die Transkei, het mnr. J.H. Abraham, die Kommissaris-generaal, op 11 Januarie 1962 die funksies van die Kommissaris-generaal uiteengesit. Die Kommissaris-generaal sal na die toekenning van selfregering 'n volwaardige ambassadeur by die nuwe Bantoeregering word. By sy aankondiging in die Parlement is die pos met dié van 'n Hoofkommissaris gelykgestel. (PV 322, Lêer KG 11/2/1/1: 7)

In hierdie memorandum wys mnr. J.H. Abraham daarop dat die funksie van die Kommissaris-generaal al hoe meer soos dié van 'n buitelandse verteenwoordiger sal word. Die groot taak van 'n Kommissaris-generaal, naamlik die bevordering van selfregering, sal afneem in belangrikheid by die toekenning van selfbestuur; hy sal in so 'n nuwe bedeling die belange van sy land se onderdane behartig. Hy kan slegs raadgee indien hy daarvoor gevra word, want hy kan hom nie inmeng in die huishoudelike aangeleenthede van die Bantoestaat nie. "Persoonlik, sien ek die funksies van die Kommissaris-generaal in die toekoms daarin geleë dat hy die kanaal van onderhandeling sal wees tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe selfregerende Bantoestaat. Alle tussenstaatse onderhandelings sal deur die kantoor van die Kommissaris-generaal moet gaan. Dit geld veral daardie

departemente wat dienste in die Transkei sal moet verrig, maar wat gereserveer is vir die Regering van die Republiek van Suid-Afrika." (PV 322, Lêer KG 11/2/1/1: 8)

Die Transkeise leiers het nie 'n duidelike beeld van hulle onmiddellike doel en staatkundige behoeftes gehad nie, maar as gevolg van goeie betrekkinge met die residerende kommissaris-generaal was hy vir die reseskomitee van onskatbare waarde. Aan 'n groep amptenare is die taak opgedra om al die gegewens vir groter selfbestuur, insluitende die kies van verteenwoordigers met stemreg, die skepping van 'n wetgewende vergadering en 'n kabinet met departementele administrasies, uit te werk en die konsepwetgewing op te stel. Verder het 'n aantal sub-komitees met verteenwoordigers op spesifieke sake ingegaan. (Botha, 1981: 32)

Op 23 Januarie 1962 het dr. Verwoerd in die Volksraad aangekondig dat die Regering besluit het om selfbestuur aan die Transkei te gee en sodoende het die Republiek van Suid-Afrika die Regering se beleid van selfverwesenliking nuwe koers en momentum gekry. (Pelzer, 1963: 615). In hierdie beleidsverklaring het dr. Verwoerd sekere grondbeginsels vir die toekenning van selfbestuur aan die Transkei neergelê en ook aangetoon wat die Suid-Afrikaanse Regering bereid is om te doen om geleidelik selfbestuur toe te pas en uit te bou. (Strauss, Oktober 1966: 27).

Hy het ook in breë trekke 'n nuwe konstitusie vir die Transkei voorsien bestaande uit 'n Bantoparlement, met 'n kabinet op Westerse model, 'n eie burgerskap en stemreg aan alle swartes van die Transkei. In ooreenstemming met die beginsel van afsonderlike ontwikkeling sal Blankes van die Transkei in die Republiek stem, terwyl alle Transkei-Bantoes wat in die Republiek vertoef, hulle stemming in die Transkei sal beoefen. Die Republiek sal steeds die finansies, verdediging en buitelandse sake bly behartig, terwyl die staatsdiens geleidelik deur Swartes oorgeneem sal word. Blanke

amptenare behou hulle regte in die Republikeinse staatsdiens solank as wat hulle aan die Transkei gesecondeer word. Grootskaalse ontwikkeling veral finansiële en ekonomiese ontwikkeling, is beplan deur middel van 'n vyfjaarplan, 'n Bantoe-ontwikkelingskorporasie en die ontwikkeling van grensnywerhede. (Wessels, 1962: 145 - 146; Vgl. ook The Transkei, 15 February 1962: 95 - 96)

Kaptein Kaizer Matanzima se reaksie op die nuus dat selfregering aan die Transkei gegee gaan word, was een van lof-uitinge: "To us this day is one of jubilation ... the policy of separate development (is) the only practical policy towards the solution of race relations in the country." (Metrowich, 1970: 128)

Dr. H F Verwoerd het in die Parlement verklaar dat selfregering vir die Transkei die voorlaaste stap tot totale onafhanklikheid is: " 'The Transkei is the first Bantu homeland which has approached the Government of the Republic to aid it by means of this great step on the road to independence for which - in its final form - it rightly feels it is not yet ready' .

'What has been announced for the Transkei serves as an example of how the Republican Government will fully implement its policy of separate development for each of the other Bantu nations as soon as they feel capable or desirous of making such a request." (The Transkei, 15 February 1962: 95 - 97)

Die Reseskomitee het weer op 19 Maart 1962 'n onderhoud gehad met die Eerste Minister in Pretoria, met die konsepverslag as basis van bespreking. Dr. Verwoerd het daarop gewys dat nadat hulle gebiedsowerheid die voorgestelde selfbestuur goedgekeur het, moes daar nog 'n wetsontwerp vir die RSA se parlement voorberei word. Dit is deurentyd sterk benadruk dat daar tussen die inwoners van Transkei en die volksgenote daarbuite, 'n politieke eenheid moet wees. Verder het Verwoerd voorgestel dat binne die samestelling van die Wetgewende Liggaam daar groter verteenwoordiging gegee moes word aan volksverkose verteenwoordigers.

Die Reseskomitee het besluit dat die verhouding 64 - 45 in die guns van die tradisionele stamleiers aan die behoefte van politieke groei binne die Bantoe-stamlewe in die Transkei sou voldoen. Dit verleen genoeg beskerming aan die tradisionele stelsel, maar bied terselfdertyd die geleentheid aan verkose Bantoevertegenwoordigers om op die Westerse demokratiese patroon aan hulle land se bestuur deel te neem. (Die Transkei: Ontvoogding sonder chaos, c.1963: 12) Dr. Verwoerd het hulle daarop gewys dat 'n kabinet moet saamwerk en dat dit by 'n partystelsel moeilik sal wees om verskillende partye in 'n kabinet te hê. Die Transkei het aanvanklik nie partye gehad nie en die wetgewende vergadering het die hoofminister en ander ministers gekies. Na 'n jaar of wat het daar partye tot stand gekom; hulle grondwet is toe so verander dat die hoofminister wat deur die Parlement gekies word, self die ministers kan aanstel. Die reseskomitee het baie gou hulle finale memorandum met aanbevelings vir selfregering gereed gehad in die Gebiedsowerheid, wat dan die regering sou versoek om die nodige wetgewing deur te voer, waarna die finale wetgewing vir die Republikeinse parlement voorberei moes word. (Botha, 1981: 36).

Op 5 Mei 1962 nadat die Gebiedsowerheid eenparig die verslag van die reseskomitee aanvaar het en 'n finale mosie aangeneem het waarin hy selfregering van die Republiek vra, het die Kommissaris-Generaal in die Xhosa-volkseenheid, met idealisme verklaar: "Ek het die volste vertroue dat die selfregerende Transkei 'n model vir ander state in Afrika sal word." (Die Transkei sê Ja, Junie 1962: 343). Die Department van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling in oorleg met ander betrokke departemente, het spoedig begin om 'n wetsontwerp wat voor die Republiek se parlement kon dien, voor te berei.

* Transkei ontwerpgrondwet vir gedeeltelike selfregering:
grondbeginsels en basiese struktuur:

Soos wat uit die hieropvolgende analise gaan blyk, het Transkei nog nie volle selfregering verwerf nie. In talle gevalle, soos waarna verwys sal word, het Transkei nog steeds 'n onderhorige konstitusionele posisie teenoor die dominante Republiek van Suid-Afrika ingeneem.

Dat Transkei egter reeds ver op die evolusietrajek na totale selfregering en uiteindelijke onafhanklikheid gevorder het, spreek duidelik uit die hieropvolgende beskrywende ontleding van Transkei se ontwerpgrondwet.

- Grondbeginsels:

Die eerste grondbeginsel van die Transkeise Ontwerpgrondwet is dat die volk van Transkei die soewereiniteit van die Almagtige God erken, wat die beginsel van vryheid van godsdiens onderskryf. Die Grondwet het ook die hoofbeginsels van die Westerse beskawing behels, met inagneming van die Swartes se kulturele erfenis, daarom word die parlementêre stelsel met kabinetsregering aanvaar, terwyl die tradisionele Bantoekultuur op verskeie maniere bewaar word, waaronder die verteenwoordiging van hoofmanne en kapteins in die Wetgewende Vergadering: Plaaslike bestuur word gevestig op die stelsel van hoofkapteins, kapteins en hoofmanne, wat hoofde bly van hulle onderskeie stamme; die hoofman geniet 'n hoër status in sy bepaalde streek as enige minister en word sodanig besoldig. Verder bly die streeksdistrikte - en gemeenskapsowerhede voortbestaan totdat die Wetgewende Vergadering anders besluit.

Die komiteeverslag aanvaar die beginsel van gebiedskeiding en afsonderlike ontwikkeling. Hierdie beginsel word in die burgerskap weerspieël.

- Burgerskap:

Voorsiening is gemaak vir Transkeise burgerskap wat die volgende behels: alle Swartes woonagtig in die Transkei; alle

Xhosasprekende Swartes in die Republiek van Suid-Afrika en Sothosprekende Swartes in die Republiek, wat van herkoms verbonde is aan die Sothosprekende stamme van die Transkei. Burgerskap bly tot die Swartes beperk, terwyl die Blankes hulle Republikeinse burgerskap behou en sodoende van die kiesreg in die Transkei uitgesluit word, wat die beginsel van eiesoortige ontwikkeling versterk. (Wessels, 1962: 146 -148; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 18).

- Wetgewende gesag: Samestelling en magte:

Die Wetgewende Gesag word in die Transkeise Wetgewende Vergadering en die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika gevestig. Die Kommissaris-generaal lê alle wette aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling voor vir deursending na die Staatspresident wat dit goedkeur of na die Wetgewende Vergadering vir verdere oorweging terugverwys. Die Transkeise Wetgewende Vergadering wat vir vyf jaar saamgestel word, bestaan uit 109 lede; 40 opperhoofde; 60 kapteins en 45 lede verkies deur belastingpligtige Transkei-burgers woonagtig binne of buite die gebied wat 21 jaar of ouer is en as kiesers geregistreer is. (Van der Walt, Februarie 1963: 18; Vgl. ook Wessels, 1962: 148 - 149).

Stemreg berus op die basis van die ouderdom van 21 jaar en indien hy belasting betaal, al is hy onder 21 jaar. (Wessels, 1962: 149). Die Swartes wat buite die grense van Transkei is, kan hulle stemme deur middel van posstemme uitbring.

Die getalverhouding van die 60 kapteins in die nege streeksowerheidsgebiede in Transkei is as volg: Tien in die Dalindyebostreek; agt in Emboland; ses in Emigrante Temboeland, drie in die Fingostreek; vier in die Gcalekastreek; veertien in die Qaukenistreek en vier in die Umzimkulustreek. (PV 322, Lêer KG 11/1/29/3: 18).

Die Wetgewende Vergadering het die reg om wette te maak, onderhewig aan die reg van die Staatspresident om dit te bekragtig of terug te stuur, oor alle Transkeise aangeleenthede van administratiewe sake wat onder die Departement van Binnelandse Sake val; onderwys, kuns en wetenskap; justisie, handel en industrie; landbou en bosbou; gesondheid, welsyn en gemeenskapsontwikkeling; arbeid, finansies en verkeersweë.

Die volgende sake word sover dit wetgewing betref, uitgesonder naamlik; Verdediging; Buitelandse sake; Binnelandse veiligheid; Poswese; Spoorweë; Nasionale Paaie en Hawens; Immigrasie; Muntwese; Openbare lenings; Doeane en Aksyns; en die Transkeise konstitusie wat onder beheer van die Suid-Afrikaanse Regering sal bly. (Van der Walt, Februarie 1963: 18; Vgl. ook Transkeise Ontwerp-Grondwet eenparig aanvaar, Julie 1962: 449 - 450).

- Uitvoerende gesag: samestelling en magte:

Die Uitvoerende gesag word toevertrou aan 'n kabinet bestaande uit 'n hoofminister en vyf ander ministers, wat uiteindelik uitgebrei kan word tot nege lede. Die hoofminister en die ander vyf ministers word by wyse van geheime stemming uit die lede verkies by die eerste sitting van elke Wetgewende Vergadering. Hulle bly in die amp vir vyf jaar en staan onder geen verpligting om te bedank as gevolg van 'n geslaagde mosie van wantroue of van 'n neerlaag van die regering nie. Indien die Staatspresident, op grond van 'n petisie van die Wetgewende Vergadering sou besluit om die kabinet te ontbind en die verkiesing van 'n nuwe kabinet te gelas, kan hulle uit hulle ampte verwyder word.

Die hoofminister tree op as voorsitter van die kabinet en dit is sy voorreg om die volgende departemente aan die ministers toe te ken, naamlik Justisie, Binnelandse Sake, Finansies, Onderwys, Lande, Landbou en Boswese, en Welsyn en Arbeid. Die volgende portefeuljes bly voorlopig in die hande van die Suid-Afrikaanse Regering: Buitelandse Sake, verdediging, binnelandse veiligheid,

spoorweë, gesondheid, hospitale, klinieke, ekonomiese ontwikkeling. Mynbou en polisiewerk sal aanvanklik nog deur die Suid-Afrikaanse regering behartig word, totdat die Transkeise Regering in staat is om self daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar.

Die aanvaarding van die beginsel "aanvanklik", strook met die reeds aanvaarde strategie van " the White Guardian ... must meet his obligations on the basis of creative self-withdrawal ..." soos wat dit in die Unie-Regering se Witskrif van Maart 1957 gevisualiseer is.

- Diverse:

Die ontwerpgrondwet bevat ook bepalings betreffende 'n eie vlag en volkslied; vryheid van spraak; 'n eie Transkeise staatsdienskommissie; oordrag van en besitreg op grond en eiendomme van die Republiek en verskeie Republikeinse instansies na die Transkeise owerheid; die regspiegling en finansies. (Van der Walt, Februarie 1963: 18 - 19).

- Regtelike gesag:

Wat die regspiegling betref, word aanbeveel dat bestaande landdros -, hoofman - en stamhowe onder Transkei sal ressorteer. Die skepping van 'n Transkeise Hooggeregshof word oorweeg; maar intussen sal die reg van appél na die Appélhof van die Republiek voortbestaan. Wat die finansiële reëlins betref, sal die volgende belastings aan die Transkeise tesourie oorbetal word:

- i) "Alle belastings wat tans deur inwoners van die Transkei aan die Republiek betaal word (Uniaal, Provinsiaal, Naturelletrust en Gebiedsowerheid).
- ii) Alle lisensies en heffings op besighede in die Transkei.
- iii) Die belastings betaal deur Transkeiburgers wat buite die Transkei woon.
- iv) Hulp deur die Republikeinse regering gelyk aan die bedrag tans deur hom bestee in die departemente wat oorgedra sal

word, min die inkomste wat voorheen na die Republiek gegaan het en die salarisse van blanke amptenare wat na die Transkei gesekeundeer word. Verder ook ander hulp deur die Republiek van tyd tot tyd geskenk." (Wessels, 1962: 151; Vgl. ook Van der Walt, Februarie 1963: 19).

Die Nasionale Volkslied sou wees "Nkosi Sikeleli Afrika." (PV 322, Lêer KG 11/1/17/1 en KG 11/1/29/3: 15).

- Gebiedsbegrensing:

Die Transkei omvat die hele gebied bekend as die Transkeise gebiede; behalwe Mt. Currie. (Vir distriksgrense, kyk na Kaart 26). Dit behels dus:

- i) "Die Transkei-gebiede (Butterworth, Idutywa, Kentani, Ngamakwe, Tsomo en Willowvale.)
- ii) Temboland (Elliotdale, Engcobo, Mganduli, St. Marks, Umtata en Xalanga).
- iii) Oos-Griekwaland (Temboland, Matatiele, Mt. Ayliff, Mt. Fletcher, Mt. Frere, Qumbu, Tsolo en Umzimkulu).
- iv) Pondoland (Bizana, Flagstaff, Libode, Lusikisiki, Ngqleñi, Port St. John en Tabankulu." (Wessels 1962: 151; Vgl. ook PV 322, Lêer KG 11/1/17/1).

Daar sou later aan moontlike verdere konsolidasie oorweging geskenk word. Veral ten opsigte van Glen Grey, Herschel, Elliot, Maclear, Indwe en 'n gedeelte van Queenstown wat as tradisionele Xhosaland beskou was, asook gedeeltes van ander distrikte wat aan die Transkei grens, sou vir byvoeging tot die Transkei oorweeg kon word. Die dorpe en dorpsmeente is 'wit eilande' (die witkol-probleem) en sal geleidelik na die Transkei-regering moet oorgaan. (PV 322, Lêer KG 11/1/17/1; Vgl. ook Wessels, 1962: 151).

Dit was bepaald na aanleiding van Dr. Verwoerd se suggestie dat 'n demokratiese stelsel nie kon werk sonder die bestaan van politieke

partye nie, dat Matanzima verklaar het dat hy verwag dat daar in die voorsienbare toekoms politieke partye in Transkei sal vorm. Hy het voorts 'n beleidsverklaring gedoen deur dit te stel dat hy 'n groot ondersteuner van die beleid van afsonderlike ontwikkeling is en daarom ondersteun hy ook die Groepsgebiede wet.

Om die stelsel van Gedeeltelike Selfregering te laat slaag blyk dit uit 'n verslag wat aan die Gebiedsowerheid voorgelê is, dat die Regering van die Republiek 'n toekenning van R9,5 miljoen aan die Transkei sou moes maak. (Transkeise Ontwerp - Grondwet eenparig aanvaar, Julie 1962: 450.)

- Goedkeuring van die konsepgrondwet:

Op 11 tot 13 Desember 1962 is op 'n spesiale sitting van die Transkeise gebiedsowerheid in Umtata goedkeuring aan die konsep-wetgewing verleen. In 'n Verklarende memorandum oor die Transkeise Grondwet, voorgelê deur sy edele J H Abraham, Kommissaris-Generaal vir die Xhosa-Volkseenheid, by geleentheid van 'n konferensie van Transkeise landdroste, polisie offisiere, die streeksdirekteur en inspekteurs van Bantoe Onderwys en ander senior beamptes, te Abrahamskraal op 10 en 11 April 1963, bestaan die Transkei uit die volgende Bantoegebiede:

- a) "Die Dalindyebo Streeksowerheid, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Engcobo, Mqanduli en Umtata;
- b) Die Embolandstreeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Mount Frere, Qumbu en Tsolo;
- c) Die Emigrant-Temboeland-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte St. Marks en Xalanga;
- d) Die Fingo-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Butterworth, Nqamakwe en Tsomo;
- e) Die Gcaleka-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Elliotdale, Idutywa, Kentani en Willowvale;
- f) Die Maluti-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Matatiele en Mount Fletcher;
- g) Die Nyanda-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die

- Bantoegebiede in die distrikte Libode, Ngqeleni en Port St. Johns;
- h) Die Quakeni-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Mount Ayliff en Tabankulu; en
- i) Die Umzimkulu-Streeksowerheidsgebied, bestaande uit die Bantoegebiede in die distrik Umzimkulu." (PV 322, Lêer KG 11/1/13/1: 3)

Hierdie streeksowerheid-indeling stem presies ooreen met dié wat reeds in 1956 geïmplementeer is, en op Kaart 26 voorgestel word.

Die aanvaarding van die voorgelegde grondwet was egter nie sonder teëstand nie. Dieselfde lede van die Liberale Opset wat in 1961 probeer het om die gebiedsowerheid te beïnvloed om af te stuur op 'n konfrontasie met die Verwoerd-regering, was nou weer aan die werk. Hulle wou die stelsel van selfregering vir Transkei verongeluk en wou 'n veelrassige stelsel afdwing om die regering in die uitvoering van sy beleid te dwarsboom. Kaptein K Matanzima se verweer teen hierdie aanslag was dat: "the wise vice-president of the Liberal Party, who, of course, is working for his own people who wish to maintain white domination over us, on the pretext that he is working for equality in a multi-racial state." (Botha, 1981: 37).

- Sintese / Samevatting:

Die voorgestelde konstitusie was in der waarheid 'n kompromie tussen die Swarte se tradisionele bestuursopvattinge en die demokratiese stelsel gebaseer op Westerse idees waarin 'n veelrassige regering verwerp word. In hierdie opsigte is dit uniek. Verder openbaar dit 'n vergelyk tussen die direkte verteenwoordigingsbeginsel en die kapteinsgesag in die Wetgewende Vergadering met 'n effense oorwig in die guns in die kapteinsgesag. Die kernstrategie van die beleid is dat selfbestuur in die Transkei progressief uitgebou sou word en sodra die Swart-bestuursliggame

in so 'n mate bevoeg is om hulle pligte en magte te kan hanteer, dit aan hulle toegeken word met die vooruitsig op uiteindelijke outonomie.

Vir vreedsame naasbestaan is gereelde onderlinge besprekings oor sake van gemeenskaplike belang tussen Transkei en die Republiek van Suid-Afrika beoog. Die eindideaal van afsonderlike ontwikkeling was om groepsoorheersing en alle rassediskriminasie uit te skakel en om aan elke volk in Suid-Afrika sy regmatige plek te gee en uiteindelik gelykheid tussen die verskillende volke te bewerkstellig wat vervat is in die konsep van gelyke maar afsonderlike vryhede. (Du Pisani, 1989: 46).


* Die Transkeigrondwet: Wet No. 48 van 1963: Goedkeuring, Grondbeginsels en Struktuur: (Kyk Figuur 2.11):

- Goedkeuring:

Mnr. M.D.C. de Wet Nel, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, het op 28 Januarie 1963, die Transkeise ontwerpgrondwet by die Volksraad in Kaapstad ingedien en die eerste lesing voorgestel.

Die opposisie het die voorstel van die wetsontwerp heftig beveg, aangesien dit 'n fundamentele en onherroeplike maatreël van die regering was om uitvoering aan sy beleid van selfregering te gee en dus die opposisie se doelwit van politieke integrasie sou verydel. Desondanks is die eerste lesing goedgekeur.

Toe het Sir de Villiers Graaff, leier van die opposisie, in 'n persverklaring aangekondig dat hulle gaan beswaar aanteken voor die tweedelesingsdebat teen die wetsontwerp, aangesien dit teen die Grondwet ingedruis het in soverre dit die verskansing van die twee amptelike landstale betref het. Hierdie maatreël het bepaal dat Xhosa, naas die twee landstale, ook 'n amptelike taal in die Transkei sou wees. Minister Nel het daarop ook in 'n persverklaring verklaar dat die regering self daarvan bewus is en



Figuur 2.II Beheerstruktuur, Transkei, 1963

dat die regsadviseurs besig is om dit te ondersoek. Kort daarna is besluit om artikel 108 in die Grondwet te wysig, sodat die Xhosataal in die Transkei wettiglik 'n ampstaal kan wees naas Afrikaans en Engels. Artikel 118 wys daarop dat so 'n wysiging slegs deur 'n tweederde-meerderheid by die derde lesing van die gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat sou kon plaasvind, wat op 25 Februarie sou plaasvind. (Botha 1981: 38 - 39). Die beoogde wetsontwerp tot wysiging van die Grondwet is in 'n Buitengewone Staatskoerant van 21 Februarie 1963 gepubliseer. (Botha, 1981: 39).

Ten spyte van die Opposisie se teenstand teenoor die wysiging van die wetsontwerp, het die regering tog meer as die tweederde-meerderheid, naamlik 146 teen 64 verkry. Op 5 Maart 1963, het minister Nel weer die Transkeise ontwerpgrondwet ingedien; 'n ander wetsontwerp waarin enkele wysiginge aangebring is. Na 'n kort, maar warm debat, is die eerste lesing aangeneem. (Botha, 1981: 39).

Op 17 Mei het die aanname van die derde lesing in die Senaat plaasgevind. Gedurende die daaropvolgende debatte is gepraat oor die aard en verloop van bestuursaangeleenthede by die Swartes; vergange en toekomstige verhoudinge en gebiedsgrense tussen Wit en Swart; belange van die Blankes in die Transkei; vermeende gevare van die politieke emansipasie van die Swartes; tegniese aspekte van die konsepgrondwet en politieke beleide van die politieke partye. (Botha, 1981: 39 - 40). Mnr. M.D.C. de Wet Nel het die beoogde selfregering en regeringsbeleid in wye perspektief uiteengesit. Hy het aangetoon hoe selfregering vir die Transkei 'n logiese uitvloeisel van veelvolkigheid is; asook die beleid dat vir elke Swart volk in sy gebied alles gegun word wat die Blanke vir homself opeis. Hy wys ook daarop dat die wese van selfbestuur ver terug aanwesig was in die geledere van die Swartes, in die vorm van stamorganisasie; hy verwys na die pogings tot gesentraliseerde owerhede vir Xhosas asook die interetniese verteenwoordigende raad vir Swartes in die Blanke-gebied.

(Hansard, 18 Januarie tot 15 Maart 1963: kol. 2359).

Op 29 Mei 1963 het die Suid-Afrikaanse Eerste Minister in Kaapstad in die Parlement aangekondig dat die grondwet waarin selfregering aan die Transkei toegeken word deur die Republiek van Suid-Afrika se Staatspresident finaal goedgekeur is. (Strauss, Oktober 1966: 27)

- Grondbeginsels en struktuur:

Die doel van Wet No. No 48 van 1963 is: "Om selfregering in die Transkei te verleen aan die Bantoe woonagtig in die Transkei en aan sekere Bantoes verwant aan die Bantoe van die Transkei en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan." (Wet No. 48 van 1963: 543). In die aanhef word daarop gewys dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling die geleidelike ontwikkeling van selfregerende Bantoevolkseenhede in die tradisionele Bantoe-tuislande in die vooruitsig stel; dat die Bantoe van die Transkei oor 'n tydperk van baie jare aan plaaslike bestuur deelgeneem het en sodoende ondervinding opgedoen het met betrekking tot die uitoefening van beperkte magte en nou 'n stadium bereik het dat hulle groter verantwoordelikhede kan aanvaar; dat die Transkeise Gebiedsowerheid versoek het dat meer omvattende magte van selfregering aan die Bantoe van Transkei toevertrou word; en dat dit wenslik is om verdere selfbestuursmagte aan die Bantoe van die Transkei te verleen om 'n goed-georganiseerde regering vir daardie gebied tot stand te bring, wat wet en orde sal handhaaf; geregtigheid aan almal sal verseker; die stoflike en geestelike welvaart van die Transkei en sy mense sal bevorder; hulle eie kultuur sal beskerm en opbou; en die ideale beskerm van godsdien, beskawing en demokrasie. (Wet No. 48 van 1963: 544 - 545).

Artikel 2 van hierdie Wet gee 'n ruimtelike beskrywing van die Transkei, wat bestaan uit die volgende Bantoegebiede: (Vergelyk Kaart 26).

- (a) "die Dalindyebo-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Engcobo, Mganduli en Umtata;
- (b) die Emboland-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Mount Frere, Qumbu en Tsolo;
- (c) die Emigrant-Temboeland-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte St. Mark's en Xalanga;
- (d) die Fingo-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Butterworth, Ngamakwe en Tsomo;
- (e) die Gcaleka-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Elliotdale, Idutywa, Kentani en Willowvale;
- (f) die Maluti-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Matatiele en Mount Fletcher;
- (g) die Nyanda-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Libode, Nggeleni en Port St. Johns;
- (h) die Qaukeni-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrikte Bizana, Flagstaff, Lusikisiki, Mount Ayliff en Tabankulu; en
- (i) die Umzimkulu-streeksowerheidsgebied bestaande uit die Bantoegebiede in die distrik Umzimkulu." (Wet No. 48 van 1963, Artikel 2: 545 - 547; Vgl. ook PV 322, Lêer KG 11/1/13/1: 3).

Die Wet maak voorsiening vir 'n eie Transkeise vlag waarvan die ontwerp deur die Transkeise Wetgewende Vergadering goedgekeur sal word en wat langs die Nasionale Vlag van die Republiek sal hang by die gebou van die Transkeise Wetgewende Vergadering, die administratiewe hoofkantoor en die vernaamste distrikskantore. Die Volkslied is 'Nkosi Sikeleli - Afrika'. (Wet No. No 48 van 1963, Artikel 4 en 5: 547; Vgl. ook PV 322, lêer KG 11/1/18/1: 1). Om Xhosa as bykomende amptelike taal vir die Transkei by te voeg, is dit deur die Parlement as nodig geag om artikel 108 van die Grondwet by gesamentlike sitting en tweederde-meerderheid te wysig

ten einde te reël dat die Parlement die mag het om in wetgewing waarby selfregerende swart gebiede verklaar word, bykomende swart tale as amptelike tale te verorden. Sesotho kan ook gebruik word vir regerings-, wetgewende, geregtelike en administratiewe doeleindes. By proklamasie in die Staatskoerant kan die Staatspresident bepaal dat Xhosa en Sesotho op enige plek in die Republiek buite Transkei amptelik gebruik kan word vir sake van die Transkei. (Wet No. No 48 van 1963, Artikel 6: 547; Vgl. ook Cloete, 1964: 198)

Die Grondwet skep 'n aparte burgerskap vir die Transkei, dus kan Blankes nie burgers van die Transkei word nie. Alle Bantoes wat in die Transkei gebore is of vir minstens vyf jaar daar gedomisilieer is, asook Xhosa- en Sotho-sprekende Bantoes in die Republiek van Suid-Afrika is burgers van Transkei, solank as wat hulle nie aan 'n ander Bantoetuisland behoort of byvoorbeeld onder die gesag van 'n ander selfregerende gebied ressorteer nie. Die Transkei bly 'n integrale deel van die Republiek; dus sal 'n burger van die Transkei nie as 'n vreemdeling binne die Republiek beskou word nie, totdat die Transkei soewerein onafhanklik word, bly 'n burger van die Transkei ook 'n burger van Suid-Afrika; dit wil sê alle Xhosas, binne en buite die Transkei, is burgers van die Transkei. (Wet No. 48 van 1963, Artikel 7 en 8: 549; Vgl. ook Cloete, 1964: 199).

Die Uitvoerende gesag met betrekking tot alle aangeleenthede ten opsigte waarvan die Wetgewende Vergadering gemagtig is om wette te maak, berus by 'n Kabinet, bestaande uit die Hoofminister en vyf ander Ministers. Die Hoofminister of wanneer hy afwesig is, 'n Minister deur hom benoem vir die doel, dien as Voorsitter by alle kabinetsvergaderings. Die Hoofminister asook die ander Ministers word by geheime stemming deur die lede van die Wetgewende Vergadering uit hulle geledere verkies by die eerste sessie van elke Vergadering wat na 'n algemene verkiesing gehou word. Die 'ander ministers' word egter op 'n sitting van die vergadering verkies wat nie vroeër as een dag na die dag waarop die

Hoofminister verkies word plaasvind nie. (Wet No. 48 van 1963: 551 - 553). Kragtens artikel 19 van hierdie Wet beklee die lede van die Kabinet hul amp vir die duur van die Wetgewende Vergadering wat hulle verklaar het; totdat hulle opvolgers deur die nuwe Vergadering verkies word na 'n algemene verkiesing. Die Wetgewende Vergadering kan by wyse van 'n versoekskrif wat grondige redes deurgee, die Staatspresident versoek om die Kabinet of 'n lid daarvan te ontslaan; waarna 'n nuwe kabinet of lid gekies word deur die Wetgewende Vergadering om vir die oorblywende deel van die termyn te dien. (Wet No. 48 van 1963, Artikels 19 - 20: 557). Die Hoofminister dien as Voorsitter van die Kabinet. Indien die amp van Hoofminister vakant raak of die Hoofminister afwesig is, wys die oorblywende lede van die Kabinet een uit hulle midde aan om as Hoofminister op te tree. Na goeë dunde dra hy die beheer en administrasie op aan die onderskeie ministers van die volgende Departemente, naamlik die Departemente van die Hoofminister en Finansies, Justisie, Onderwys, Binnelandse Sake, Landbou en Bosbou, en Paaie en Werke. (Wet No. 48 van 1963, Artikel 21: 557 en die Eerste Bylae, Deel A: 605; Vgl. ook Cloete, 1964: 202).

Die Wetgewende Vergadering van die Transkei bestaan uit die hoofkapteins van die Transkei, die vyf-en-veertig lede deur geregistreerde kiesers van die Transkei verkies, asook die sestig kapteins wat in die volgende nege streeksowerheidsgebiede in die Transkei dien; naamlik: (Vir ligging van streeksowerheidsgebiede vergelyk Kaart 26).

- (i) "tien kapteins ten opsigte van die Dalindyebostreek;
- (ii) agt kapteins ten opsigte van die Embolandstreek;
- (iii) ses kapteins ten opsigte van die Emigrant-Temboelandstreek;
- (iv) drie kapteins ten opsigte van die Fingo-streek;
- (v) vier kapteins ten opsigte van die Gcalekastreek;
- (vi) agt kapteins ten opsigte van die Malutistreek;
- (vii) drie kapteins ten opsigte van die Nyandastreek;
- (viii) veertien kapteins ten opsigte van die Qaukenistreek; en
- (ix) vier kapteins ten opsigte van die Umzimkulustreek." (Wet

No. 48 van 1963, Artikel 23: 559.)

'n Hoofkaptein kan 'n geregistreeerde kieser van die Transkei aanstel om hom na die sittings van die Wetgewende Vergadering te vergesel of om namens hom die sittings by te woon. 'n Verkose lid moet by die ouderdom van 21 jaar wees, as kieser in die kiesafdeling waarvoor hy verkies word geregistreeer wees en 'n burger van die Transkei wees. Die Wetgewende Vergadering word vir vyf jaar ingestel, maar kan op aanbeveling van die Kabinet of die Vergadering self, deur die Staatspresident by proklamasie in die Staatskoerant ontbind word. (Wet No. 48 van 1963, Artikels 24, 27 en 30: 559, 561 en 565; Vgl. ook Cloete, 1964: 199).

Kragtens artikel 34 moet die Wetgewende Vergadering minstens elke jaar 'n sessie hou, en wel so dat daarmee 'n tydperk van twaalf maande tussen die laaste sitting van een sessie en die eerste sitting van die daaropvolgende sessie verloop nie. Elke sessie van die Wetgewende Vergadering word gehou op Umtata of op die plek waarop die Vergadering besluit. Elke Wetgewende Vergadering kies met geslote briefies uit sy geledere 'n Voorsitter en onder-voorsitter by sy eerste sitting. Die Voorsitter het by 'n staking van stemme 'n beslissende stem. Die kworum vir die Vergadering is op 25 lede vasgestel. (Wet No. 48 van 1963, Artikels 34 - 36: 565 - 567; Vgl. ook Cloete, 1964: 199 - 200).

Artikel 37 in die Transkeise Grondwet is die belangrikste bepaling wat aan die Wetgewende Vergadering die outonome bevoegdhede gee om Suid-Afrikaanse wetgewing, hetsy parlementêre wetgewing of provinsiale ordonnansies self te herroep of te wysig. (Wiechers, 1981: 510). Kragtens artikel 37 van Wet No. 48 van 1963 het die Wetgewende Vergadering die mag om wetgewing oor die volgende in te stel:

- (a) "direct taxation on citizens of the Transkei within or outside the territory;
- (b) education;

- (c) agriculture;
- (d) the institution, administration and control of inferior courts subject to certain conditions set out in the Act;
- (e) the appointment powers, duties and functions of justices of the peace and commissioners of oaths;
- (f) the protection of life, persons and property and the prevention of cruelty to animals;
- (g) the control, organisation and administration of such personnel or such part of the police force stationed in the Transkei as may have been transferred to the Government of the Transkei by the Minister of Justice of the Republic;
- (h) the administration of deceased estates and the execution of wills;
- (i) land settlement and the registration of deeds;
- (f) public works;
- (k) municipal and other local institutions;
- (l) the licensing and control of road traffic;
- (m) labour matters;
- (n) welfare services;
- (o) births, deaths and marriages;
- (p) registration of voters and the conduct of elections;
- (q) the appointment etc. of public officers and the administration and control of departments and matters assigned to the Transkeian government;
- (r) intoxicating liquor;
- (s) markets and pounds;
- (t) fish and game preservation;
- (u) the control and licensing of trading and business but excluding the trade in arms, ammunition and explosives;
- (v) the collection and control over all revenue payable or assigned to the government of the Transkei;
- (w) penalties for the infringement of any law of the Legislative Assembly;
- (x) generally all matters assigned by the State President to the legislature of the Transkei." (Constitutional Developments in the Transkei, February 1964: 56).

Die Grondwet bepaal egter ook duidelik dat die Transkeise Wetgewende Vergadering geen wette oor die volgende sake mag maak nie:

- (a) "die instelling, beheer, binnekoms, beweging of verrigtings van enige voltydse of deelydse militêre eenheid, kwasi-militêre eenheid of organisasie van 'n militêre aard, of van enige eenheid, tak of diens van 'n militêre organisasie binne die Transkei of enige ander militêre aangeleentheid van watter aard ook al;
- (b) die registrasie, oprigting en beheer van fabriek vir die vervaardiging van wapens, ammunisie of ontplofbare stowwe soos in die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956 (Wet No. 26 van 1956), omskryf;
- (c) die aanstelling, akkreditering en erkenning van diplomatieke en konsulêre beamptes en onderhandelings in verband met en die voltrekking of bekragtiging van internasionale konvensies, verdrae en ooreenkomste;
- (d) die beheer, organisasie, administrasie, bevoegdhede, binnegaan van en teenwoordigheid in die Transkei van enige Polisiemag van die Republiek wat belas is met die handhawing van openbare vrede en orde en die behoud van die binnelandse veiligheid van die Transkei en die Republiek;
- (e) pos-, telegraaf-, telefoon-, radio- en televisiedienste;
- (f) spoorweë, hawens, nasionale paaie en burgerlike lugvaart;
- (g) die binnegaan van die Transkei deur ander persone as burgers van die Transkei ;
- (h) valuta, openbare lenings, bankwese en die beheer van effektebeurse en van finansiële instellings soos in artikel een van die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1962 (Wet No. 68 van 1962), omskryf;
- (i) doeane-en aksynsbelasting en die beheer en bestuur van doeane en aksyns;
- (j) die wysiging, herroeping of vervanging van hierdie Wet."

(Wet No. 48 van 1963, Artikel 39: 569 - 571).

In artikel 37 (3) van die Transkeise Grondwet word bepaal dat geen wet, insluitende wetgewing van die Republiek of 'n provinsie gemaak na 1963 in die Transkei oor onderwerpe waaroor die Wetgewende Vergadering bevoeg is om wetgewing te maak, in die gebiede en op burgers van die gebiede van toepassing sal wees nie. Proklamasies van die Staatspresident oor onderwerpe waaroor geen wetgewings-bevoegdheids vir die Transkei se Wetgewende Vergadering bestaan nie, stadsgeldig sal wees, net soos parlementêre en provinsiale wetgewing oor sodanige onderwerpe. Dit is vir die Staatspresident wel moontlik om enige wet, asook die Transkeise Grondwet, by proklamasie te wysig of selfs in geheel te herroep. Hierdie bevoegdheids sal die Staatspresident ontnem word wanneer die Transkei onafhanklik word. (Olivier, Oktober 1975: 158).

Elke Wetsontwerp wat aangeneem word deur die Transkeise Wetgewende Vergadering, moet dadelik met die nodige kommentaar, deur die kantoor van die Kommissaris-Generaal van die Xhosa-Volkseenheid aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur word sodat dit aan die Staatspresident voorgelê kan word vir toestemming. Die Staatspresident kan sy toestemming verleen en die wetsontwerp onderteken of hy kan dit na die Wetgewende Vergadering terugverwys vir verdere oorweging. Wanneer toestemming verkry is, word die wet van krag op die datum waarop dit in die Staatskoerant afgekondig word. (Wet No. 48 van 1963, Artikels 40 - 41: 571 - 573: Vgl. ook Cloete, 1964: 201).

In deel V word gelyk beregtiging gegee aan die tradisionele bestuursopvatting van die Swarte binne die Westers-demokratiese stelsel; soos weerspieël in die Wetgewende Vergadering se samestelling: Die tradisionele Xhosa-kapteinsgesag en die demokratiese verteenwoordigingsbeginsel word gekombineer in die Wetgewende Vergadering, terwyl 'n veelrassige Parlement uitgeskakel word. (Die posisie en gesag van die tradisionele stamowerhede teenoor die mag van die Pan-Afrikaniste is huidiglik nog steeds 'n

twispunt.) Die Suid-Afrikaanse Regering se standpunt met betrekking tot hierdie kombinasie van die twee oënskynlike teenstrydige stelsels by die samestelling van die Transkeise Wetgewende Vergadering is duidelik geformuleer. As voog het die Suid-Afrikaanse Regering die grondslae gelê en dit verder aan die Bantoe self oorgelaat om hulle nasionale ontwikkeling te bepaal. Die Eerste Minister het reeds in 1959 die toekomstige ontwikkeling van die Bantoe in die Bantoegebiede, as volg gestel: "aan die Bantoe sal in hul eie gebiede volle geleentheid gebied word om hulle voet te sit op 'n pad van ontwikkeling waarop hulle kan vorder ooreenkomstig die vermoë wat hulle het. En as dit so mag wees dat hulle vorder tot 'n hoë peil, dan sal die mense van daardie toekoms rekening moet hou met hoe om die verhoudings dan verder te re-organiseer." (Strauss, Oktober 1966: 29).

Uit die ondervinding wat op die res van die vasteland opgedoen is, het Suid-Afrika geleer dat die Westerse demokratiese stelsel nie sonder meer met sukses op Afrika oorgedra kan word nie. Van die drie-en-dertig onafhanklike state in Afrika, is daar nie eers een met uitsluiting van Suid-Afrika, wat volkome 'n Westerse staat genoem kan word nie, of wat met sukses die Westerse demokratiese stelsel toepas nie. Die rede hiervoor is dat die lewenswyse en algemene dink- en doensisteme van die oorspronklike swart inboorling van Afrika te veel verskil van die Westerse. Op staatkundige terrein het die invloed van die tradisionele stamstelsel in Afrika 'n blywende inslag gevind. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die nuwe onafhanklike state tog wegbeweeg van die eng tradisionele basis in hulle politieke ontplooiing en om die Westerse model gedeeltelik of aangepas na te volg. In die meeste onafhanklike Afrika state is daar 'n "kompromis" tussen die Westerse demokratiese bestuurstelsel en die tradisionele stamowerheidstelsel. Ten opsigte van die Transkei is daar ook nog die begeerte van die Suid-Afrikaanse regering om die Transkei se burgerregte uit te brei na die migrantebevolking van die Transkei, in die stedelike blanke gebiede; so 'n situasie het geen gelyke of voorbeeld in Afrika nie. Dit illustreer die

agtergrond vir die Suid-Afrikaanse Regering se besluit, in samewerking met die Transkeise Gebiedsowerheid, om die tradisionele stamowerheidstelsel en die Westerse verteenwoordigingstelsel te kombineer, wat 'n realistiese uitgangspunt is. Die Suid-Afrikaanse Regering, in samewerking met die Transkeise Wetgewende Vergadering, sal voortdurend die nodige aanpassings moet maak, wat gegrond is op die ervaring van wat in die res van Afrika plaasvind en met die kennis wat tot hulle beskikking is. (Strauss, Junie 1963: 159 - 162).

Deel VI van die Transkeise Grondwet reël die kapteinskap en ander ondergeskikte owerheidsliggame se pligte, bevoegdhede, gesag en werksaamhede. In Transkei behou die hoofkapteins die persoonlike status wat hulle voor die datum van inwerkingtreding van die Transkeise Grondwet geniet het. Die aanwysing van hoofkapteins en ander kapteins word deur die streeksowerhede gereël met die goedkeuring van die Staatspresident. Die hoofkapteins geniet in hulle onderskeie streke vir seremoniële doeleindes voorrang bo die Hoofminister en die ander Transkeise ministers, behalwe by geleenthede wat in verband staan met die werksaamhede van die Wetgewende Vergadering. Na die samestelling van die eerste Kabinet gaan die hoofkapteins, kapteins en hoofmanne voort om die pligte en werksaamhede wat voorheen aan hulle opgedra is, te behartig en hulle behou die bevoegdhede wat voorheen aan hulle opgedra is. Die Wetgewende Vergadering of 'n ander bevoegde Transkeise instelling mag met verloop van tyd die pligte, werksaamhede, bevoegdhede en gesag van die hoofkapteins, kapteins en hoofmanne verander. Die bevoegdhede, gesag en werksaamhede van die stam-, gemeenskap-, distriks- en streeksowerhede bly dus van krag totdat dit deur die Wetgewende Vergadering verander word. (Wet No. 48 van 1963: 573 - 575). Kragtens artikel 47 van Wet No. 48 van 1963 word die Transkeise Gebiedsowerheid ontbind vanaf die datum waarop die eerste Kabinet ingestel word. (Wet No. 48 van 1963, Artikel 47 (1): 575).

Alle bestaande howe bly voortbestaan en enige verdere howe wat deur

die Wetgewende Vergadering ingestel word, word geag om landdroshowe te wees. Na die instelling van die eerste Kabinet kan die Staatspresident 'n Hoër hof vir die Transkei instel om enige provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika asook enige Bantoe-appélhof of Bantoe-egskeidingshof te vervang. 'n Prokureur-generaal sal aangestel word vir die Hoër hof van die Transkei. Die Transkeise Hoërhof sal oor min of meer dieselfde status en regsbevoegdheid beskik as die van 'n provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika. Die Appélafdeling van Suid-Afrika se Hooggeregshof sal dan ook appéle teen beslissing van die Hoërhof van die Transkei kan verhoor en sodoende bly die appélhof van Suid-Afrika die hoogste hof vir die Transkei. Verder bepaal die Grondwet dat die landdroshowe en Bantoesake-kommissarishowe in die Transkei deur die Staatspresident by proklamasie in die Staatskoerant aan die Transkeise Regering oorgedra kan word. Die Minister van Justisie van die Transkei of 'n Transkeise beampte wat gemagtig is, sal dan laerhowe kan instel of afskaf en regtelike beamptes aanstel in die Transkei. Die Transkeise Wetgewende Vergadering sal dan die nodige wetgewing maak oor die instellings en werksaamhede van die laerhowe. (Cloete, 1964: 203 - 204).

Daar word volgens die Grondwet 'n Transkeise inkomstefonds ingestel, waarin alle openbare inkomste van die Transkei inbetaal word. Die onttrekking van gelde uit die Transkeise Inkomstefonds word slegs kragtens die bepalings van 'n bewilligingswet gedoen. Jaarliks moet 'n begroting van die uitgawes vir die Transkei deur die Kabinet opgestel word vir voorlegging aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, en word daarna deur die Minister van Finansies van die Transkei aan die Wetgewende Vergadering vir bewilliging voorgelê. Totdat die Wetgewende Vergadering anders bepaal, word die rekenings van die Transkei deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal van die Republiek geouditeer. In Artikel 52 en Deel B van die Eerste Bylae van Wet 48 van 1963 word die inkomstebronne van die Transkei uiteengesit. Die Grondwet maak byvoorbeeld voorsiening vir die betaling van toekennings aan

die Transkei uit die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die Republiek, wat gemaak word om te verseker dat die administrasie van die Transkei op 'n behoorlike vlak gehou word. (Wet No. 48 van 1963: 581 - 587; 605 - 607).

In Artikel 59 word daar voorsiening gemaak vir die aandag van grond en ander openbare eiendom aan die Transkeise Regering, onderworpe aan die bepalings van hierdie wet en die ander voorwaardes in die bedoelde proklamasie. Grond binne munisipale gebiede, dorpsraad- en plaaslike raadsgebiede kan vir okkupasie of besit deur Bantoepersone afgesonder word. (Wet No. 48 van 1963: 589). Grondsake is vir die Transkei van wesenlike belang; daarom is die prosedure ook neergelê hoe grond buite die Transkei ook deel van die Transkei kon word en ook hoe dat grond wat wel deel van die Transkei was, daaruit gesny kon word mits daar vergoedende grond daarvoor gegee sou word. Die Transkei-grondwet bepaal dat grond wat nog aan die staat, die provinsie of aan die Suid-Afrikaanse Bantoetrust behoort het, aan die Transkeise regering oorgedra moes word. Die privaat grond met woonhuise en sake-ondernemings in die groter en kleiner dorpe in die Transkei, asook die aantal handelstasies in die distrikte, was byna alles in Blanke besit; dus het die Regering onderneem om geleidelik al die Blankes se eiendom, insluitende sake-ondernemings, ten behoeve van die Transkeiers uit te koop. Die Transkeise Grondwet het ook voorsiening gemaak vir 'n stelsel waardeur daar by wyse van sonering die geleidelike verswaring van elke dorp ordelik gereguleer word. (Botha, 1981: 45).

Vanaf die datum waarop die eerste Kabinet tot stand kom, word die amptenary, dit is, alle beamptes en werknemers van die Transkeise Gebiedsowerheid, asook alle Bantoebeamptes en -werknemers van die Republiek wat werksaam is in die Transkei met betrekking tot aangeleenthede waarvoor die Wetgewende Vergadering wette kan uitvaardig, beamptes of werknemers in diens van die Transkei. Die Wetgewende Vergadering kan dan wette uitvaardig om die openbare beamptes of werknemers van die Transkei se diensvoorwaardes te

bepaal. Verder word daar ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Transkeise Regeringswerknemerspensioen - en - gratifikasiefonds. Daar is 'n regeringsdienskommissie vir die Transkei ingestel, bestaande uit drie lede wat deur die Kabinet aangestel word. Die Wetgewende Vergadering bepaal die pligte en bevoegdhede waaroor die kommissie met betrekking tot die aanstelling, diensvoorwaardes, dissipline, uitdienstreding en ontslag van openbare beamptes sal beskik. Beamptes of werknemers uit die Staatsdiens van die Republiek kan, indien nodig, tot die beskikking van die Transkei gestel word, maar sodanige persone bly lede van die Staatsdiens van die Republiek. (Cloete, 1964: 203).

Kragtens Artikel 71 is die magsoorsig van die Minister nog meer verregaand deurdat alle werksaamhede om die Transkeise Grondwet in werking te stel, asook die voortsetting van die administrasie en die regering in die Transkei ingevolge hierdie Wet te verseker, by die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. (Wet No. 48 van 1963, Artikel 71: 599). Die Staatspresident het wye bevoegdhede maar sal slegs mag optree binne die advies van die Uitvoerende Raad en sonder aantasting van wesenlike staatsregtelike vryhede wat reeds verleen is; terwyl die Minister se taak weer tot uitvoerende sake beperk is. (Olivier, Oktober 1975: 159).

- Struktuur: Opsommend:

Die Republiek van Suid-Afrika het geabdikeer en sy soewereiniteit oorgegee aan die Transkeise Regering met vanaf 1 Julie 1963 en het die Konstitusie en alle Wette en Proklamasies aanvaar wat 'n invloed op die Transkei gehad het. Die hoof van die Transkeise staat sal die President wees. Hy sou die mag hê:

- "(a) to dissolve the House of Representatives;
- (b) to appoint Ministers.
- (c) to appoint and accredit, to receive and recognise, ambassadors, diplomatic representatives, consuls and consular officers;

- (d) to confer honours;
- (e) to appoint the times for the holding of sessions of Parliament and to prorogue Parliament;
- (f) to pardon or retrieve offenders, and remit any fines, penalties of forfeitures;
- (g) to enter into and ratify international conventions, treaties and agreements;
- (h) to proclaim and terminate martial law;
- (i) to declare war and make peace." (PV 322, Lêer KG 11/1/18/1: 1 -2).

Die President sal deur stembriefies verkies word deur alle geregistreerde kiesers van die Transkei-staat. Die President en Vice-president sal die posisie beklee vir vyf jaar vanaf die dag van hulle verkiesing. Die wetgewende mag van die Transkei-staat sal gesentreer wees in die Parlement van die Transkei-staat wat bestaan uit die President, Senaat en 'n Huis van Verteenwoordigers. Die Lidmaatskap van die Transkei-staat Parlement sal bestaan uit twee-en-vyftig lede, verkies deur volkstemming eenkeer in vyf jaar. Die Senaat sal bestaan uit die vier opperhoofde van die Transkei; vyf hoofde van die oorblywende afdelings van die Transkei-staat; en nege lede, een van elke afdeling, verkies deur volkstemming deur geheime stemming. Die Vice-president sal President van die Senaat wees. Geen persoon mag 'n senator word indien hy nie tenminste dertig jaar oud is nie, en indien hy nie gekwalifiseer is om as 'n kieser geregistreer te word vir die verkiesing van lede vir die Huis van Verteenwoordigers in die Transkei-staat nie. Die Huis van Verteenwoordigers bestaan uit twee-en-vyftig lede en sal vir vyf jaar voortgaan, vanaf die eerste vergadering daarvan. Die Huis van Verteenwoordigers sal 'n lid onder hulle self kies om as Speaker op te tree. Die Parlement sal die soewereine gesag in die Transkei-staat wees en sal volle mag hê om wette te maak vir wet en orde en goeie regering van die Transkei-staat. (PV 322, Lêer KG 11/1/18/1: 2 - 6) Die magte van die Senaat is die volgende:

"(1) The Senate shall be a house of review of all legislation

- passed in the House of Representatives except money bills.
- (2) The Senate shall also be a house of delay. The power of Delay shall be limited to a reference back for one session or a period of six months, whichever is the longer period." (PV 322, Lêer KG 11/1/18/1: 6).

Distriksrade sal die primêre organe van die plaaslike regering wees en daar sal 26 wees in ooreenstemming met die huidige distrikte van die Transkei. Elkeen bestaan uit 'n minimum van tien lede. Hierdie Rade is verantwoordelik vir:

- " (a) Dams and water supplies,
 (b) Planting and preservation of trees,
 (c) Markets,
 (d) Grazing control,
 (e) Soil Conservation,
 (f) Recreational and Cultural facilities,
 (g) Burial grounds,
 (h) Famine and pauper relief,
 (i) Local veterinary services,
 (j) Pounds,
 (k) Slaughter Houses,
 (l) Public Notices,
 (m) Licences - cafe, butcher, miller, trader, restaurant, dog, fruit, hides and skins." (PV. 322, Lêer KG 11/1/18/1: 6 - 7).

Vir die plaaslike regering sal die Transkei-gebiede in nege streke verdeel word, naamlik Emigrante-Temboeland; die oorspronklike Temboeland; Fingoland; Gcealekaland; Westelike-Pondoland; Oostelike-Pondoland; Emboland; Maluti en Umzimkulu. (PV 322, Lêer KG 11/1/18/1: punt 7).

Die proses van ontkoppeling van die Transkei vanaf 'n onderhorige posisie teenoor die dominante posisie van die Republiek van Suid-Afrika het met die aanvaarding van Selfregering deur die Transkei, 'n semifinale stadium bereik voordat Onafhanklikheid as

die finale fase van politieke ontwikkeling sou aanbreek.

* Evaluering van Transkei-Selfregering: Enkele aanhalings:

Mnr. M.D.C. de Wet Nel skryf as volg oor die Transkeise Grondwet: "This Bill offers the clearest possible proof that we are in earnest about Separate Development and that when we say we grant the Bantu that which we demand for ourselves it is not mere lip-service". (Progress through Seperate Development, 1968: 59).

Professore Carter, Karis en Stults sê in hulle boek "South Africa's Transkei" (London 1967) dat die Transkei Grondwet: "placed Transkei in the same constitutional position that had been occupied by most British and French colonial territories in the early 1950s" en "... Transkei might be looked upon as the first step towards full self-government." (The Republic of Transkei, 1976: 205).

In Oktober 1963 het Matanzima gesê; "that to him separate development meant the expansion of educational opportunities for Blacks, the opening up of economic opportunities for Blacks, and the Africanisation of the public service." (The Republic of Transkei, 1976: 215).

Dr. Verwoerd het in 1962, met die aankondiging dat selfregering aan die Transkei toegeken sal word, die volgende betreffende die toekomstige verhoudinge gesê: "... vir die vreedsame naasbestaan sal ons dadelik reëlings tref vir gereelde onderlinge besprekings oor sake van gemeenskaplike belang. Dit behoort te dien as 'n stap op die pad van konsultatiewe verband in die toekoms, miskien deur middel van breër byeenkomste wat ons kan vergelyk met wat Brittanje in sy Statebond deur middel van Eerste Ministerskonferensies probeer bereik." (Strauss, Oktober 1966: 29).

Met die verkryging van selfbestuur as staatkundige eenheid is die Transkei tot op groot hoogte geplaas op dieselfde grondslag as die

provinsies van die Republiek, maar met aansienlike hoër status. Met hierdie ontwikkeling moes die uitgestrekte Kaapprovinsie 'n groot deel van sy gebied afstaan. Die Transkei is die eerste Bantoetuisland wat selfbestuur verkry het en het die patroon gevestig waarop ander toenmalige tuislande ook tot selfregering en tot onafhanklikheid gelei sou kon word.

Afgesien van die konstitusionele ontwikkeling het die Suid-Afrikaanse wetgewer ook nog ander ondersteunende wetgewing met die verloop van jare aanvaar om veral die ekonomiese groei in die Transkei te stimuleer. (Cloete, 1964: 204). 'n Sinopses van die Transkeise grondwet word waarskynlik ten beste verwoord deur Mnr. J.H. Abraham: "Hierdie Grondwet is enig van sy soort in Afrika, maar ek is oortuig daarvan dat die toepassing daarvan met groter welslae sal geskied as wat Grondwette wat voorafvervaardig van uit buitelandse koloniale moondhede se hoofstede op inheemse bevolkings op die Afrikaanse vasteland toegepas word. In hierdie Grondwet word die aartsvaderlike inheemsheid van die Bantoe gekoppel aan die demokratiese staatsbegrippe van die Weste en juis om hierdie rede is dit my vaste oortuiging dat dit in die praktyk reg sal uitwerk....

Hierdie samesnoering van dit wat inheems Bantoe is en dit wat stam uit die Westerse demokrasie, sal in 'n wêreld van wisselende rasseverhoudings deur die Bantoe van die Transkei kan uitgebou word tot 'n model waarop ander minder-ontwikkelde state in Afrika ook sal kan bou aan hul eie staatsidees." (PV 322, Lêer KG 11/1/13/1/: 8).

* Transkei se eerste verkiesing sonder politieke partye:
20 November 1963:

Daar het nou 'n nuwe tydvak in Transkei aangebreek. Heel eerste wat aangepak moes word, was die vestiging van 'n departementele administrasie en die registrasie van Transkeise kiesers met die oog op hulle eerste algemene verkiesing. Die verkiesingsaktiwiteite

het in verskillende fases geval, naamlik die afbakening van kiesafdelings; die registrasieveldtog; die nominasie van kandidate en die koukus politiek; dit is: "the lobbying for support among the members of the TLA by the two aspirants for the post of Chief Minister of the Cabinet." (Carter, et al., 1979: 125). Die twee aspirante was Matanzima en Poto.

- Registrasie van kiesers:

Die verkiesingsdag is vir Woensdag, 20 November 1963, bepaal. Die onmiddellike taak was die registrasie van kiesers, wat 'n belangrike, moeilike en nuwe onderneming was, en wat geduur het vanaf 17 Junie tot 17 Augustus 1963. Daarmee is binne en buite die Transkei voortgegaan. Die agitators het alles in hulle vermoë gedoen om die Transkeise burgers buite die Transkei te probeer wysmaak dat hulle hulle werk en behuising sou verloor indien hulle registreer; want as gevolg van registrasie sou die Transkeiers hulle aanwesigheid in die bepaalde plekke verrai, waarna die owerhede hulle sou terugstuur Transkei toe. Deur 'n persverklaring is al die valshede ontken en in 'n radio-boodskap het senior stamhoof Kaizer Matanzima aan die Xhosa-bevolking gesê: "... As voorsitter van die Transkeise Gebiedsowerheid wil ek op elke man en vrou 'n beroep doen om hulle by hul onderskeie Bantoesake-kommissarisse aan te meld en te registreer." (Transkei: begin van nuwe bewind, November 1963: 585 - 586).

In voorlopige opnames wat gemaak was, is bereken dat tussen 700 000 en 800 000 kiesers binne die Transkei en in die onmiddellike omgewing gewoon het; 95 000 in Transvaal; 53 000 in Natal en 120 000 in die res van Kaapland. Daar was ongeveer 13 000 kiesers in die Vrystaat, wat hoofsaaklik Sesotho-sprekend is. Tien dae nadat die registrasie van kiesers op 17 Junie 1963 'n aanvang geneem het, het mnr. J.H. Abraham, die Kommissaris-generaal vir die Xhosa-volkseenheid, gesê dat 200 166 Transkeise burgers reeds geregistreer het. Aan die einde van die registrasieveldtog het 880 425, waarvan 610 000 binne Transkei geregistreer en 270 000

buite sy grense. (Matanzima, 1976: 51; Vgl ook Transkei, begin van nuwe bewind, November 1963: 586). Carter gee in South Africa's Transkei die registrasie getalle egter as volg: "Approximately 630,000, or 97 percent of those deemed eligible, registered within the Transkei, while outside the Territory about 250,000 registered, or 50 percent of those thought to be eligible. Total registrations, 880,425, constituted 77 percent of the possible total, always assuming the estimated population figures were correct. Fifty-three percent of all those registered were women, a likely consequence of the lower rate of registration in the urban areas outside the Transkei where migratory labor means that African men outnumber African women by a large margin." (Carter, et al., 1967: 127).

Op allerlei maniere is inligting aan die geregistreerde kiesers oor die stemprosedures verskaf. Kieserslyste is saamgestel en elke 'magistraat' landdros of Bantoesakekommissaris in die Republiek asook in die Transkei, sou as registrasiebeampte optree. Die registrasiebeamptes sal die kiesers by hulle huise besoek of vir hulle vra om na vasgestelde plekke te gaan vir registrasie. Elke persoon wat registreer moes homself identifiseer deur middel van sy nasionale bewysboek. Sodra hy registreer bring die registrasiebeampte 'n stempel wat die datum, kiesafdeling en handtekening van die registrasiebeampte bevat, in sy boek aan wat aandui dat hy 'n geregistreerde stemgeregtigde is. Die voltooide registrasiekaarte is na Pretoria gestuur waar die mans en vrouens se kaarte afsonderlik en in volgorde van bewysboeknommers geberg is; hieruit is die kieserslyste opgestel wat weer na al die magistraatsdistrikte, sowel as die kantore van die nege streeksowerhede van die Transkei gestuur is. (Transkei sal eie Parlement kies, Julie 1963: 389).

Die kiesafdeling waarin kiesers geregistreer kon word, word bepaal deur die volgende:

- "(a) Die stam of etniese groep in die Transkei waarmee so 'n kieser gewoonweg of taalkundig geassosieer is, of

- (b) die stam of etniese groep in die Transkei waaraan so 'n kieser behoort, of
- (c) die plek van oorsprong van die kieser se voorgeslagte, of
- (d) die domisilium van die kieser." (Die Transkei: Ontvoogding sonder chaos, 1963: 18).

Die sukses van die registrasieveldtog, veral in die Transkei, is toe te skryf aan die ondersteuning deur die kapteins en hoofmanne, wat die registrasiebeamptes gehelp het deur aan hulle mense te verduidelik hoe die registrasie werk en hulle gemotiveer het om te registreer. Sommige kapteins en verteenwoordigers het selfs na hulle mense gereis in die dorpieë buite die stede om verdere hulp aan te bied vir die registrasieveldtog. Daar was oor die algemeen 'n aansienlike laer graad van registrasie in die stede as in die Transkei self. "Three main causes were apathy on the part of the Transkeian citizens in the cities toward happenings in the Transkei; the greater influence in the cities of the banned African National Congress and Pan-Africanist Congress; and the administrative difficulty of identifying and contacting a dispersed population." (Carter, et al., 1967: 127.)

Stamleiers het groot ondersteuning gegee aan die registrasie van kiesers, nie net omdat hulle regeringsbeamptes was nie, maar ook as gevolg van politieke eie belang. Die Transkei Grondwet het voorsiening gemaak dat elk van die nege streke as 'n enkel meerledige kiesafdeling sal dien. Die getal lede wat van elke streek gekies sal word sal in dieselfde verhouding wees as die getal geregistreerde kiesers in daardie streek. Daarom was stamleiers angstig dat hulle spesifieke streek die maksimum moontlik invloed moes geniet binne die nuwe party en het natuurlik pogings ondersteun om die grootte van hulle streek se kiesers op te bou.

- Nominasie van kandidate:

Die verkiesingsveldtog het begin met die nominasie van kandidate

op 2 Oktober 1963. (Matanzima, 1976: 51). Nadat die kieserslyste uitgestuur is, het 'n kennisgewing vir nominasiedag gevolg. Die aantal kandidate vir 'n kiesafdeling is deur die aantal kiesers wat in die betrokke afdeling geregistreer is, bepaal. Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sou vir hierdie eerste verkiesing in die Transkei die getalle afkondig wanneer hy die benoemingsdag in die Staatskoerant aankondig. Die benoemingshowe was by elke streekkantoor waar enige stemgeregtigde enige ander stemgeregtigde as kandidaat mag voorstel, maar die kandidaat sowel as die voorsteller moes in dieselfde kiesafdeling geregistreer wees en dit moes skriftelik gedoen word. Elke kandidaat moes R20 deponer. Wanneer 'n verslane kandidaat minder as die helfte van die stemme van die verkose lid met die minste stemme kry, sal hy sy deposito verbeur. (Die Transkei: Ontvoogding sonder chaos, 1963: 27).

Honderd-en-tagtig kandidate was genomineer, 'n gemiddelde van 4 per setel; en in die gebiede, naamlik Fingo, Maluti en Umzimkulu, het die getal tot 6 nominasies per setel gestyg. Die beroepe van die kandidate soos op die lys aangedui was as volg: "Boere: 44; hoofmanne: 38; onderwysers: 37; besigheidsmense: 20; pensioenarisse: 15; klerke: 13; predikante: 2; dokter: 1; prokureur: 1; ander: 8. Daar was twee vroue-kandidate en 8 kandidate het adresse buite die Transkei verstrek." (Verkiesing in die Transkei, Januarie 1964: 16; Vgl. ook Constitutional Developments in the Transkei, February 1964: 57). Die verkiesing is nie op 'n politieke partybasis gevoer nie, want politieke partye was nie 'n kenmerk van die Naturelle politiek binne die struktuur van Bantoe-owerhede in die Transkei nie; alhoewel die ANC, die AAC en die PAC vroeër aktief in die Transkei was en tog 'n invloed gehad het op die verkiesing alhoewel hulle onder hom was. Die ANC het op 'n vergadering in Betsjoeanaland besluit om nie enige rol te hê in die verkiesing nie, maar daar is spekulasie dat hulle 'n rol gespeel het in die organisasie van 'n plaaslike liggaam, naamlik die 'People's Party of Eastern Pondoland' wat in Augustus 1963 totstand gekom het onder M. S. Mdingi. Op 2 Oktober 1963 was

Mdingi en sewe ander lede van hierdie party as kandidate in Qaukeni genomineer. Kort daarna was Mdingi gevange geneem deur die Suid-Afrikaanse polisie en so het hierdie party geen verdere rol gespeel nie. (Carter, et al., 1967: 129). In September het die uitvoerende komitee van die TTA, waarvan Matanzima 'n belangrike lid was, gewaarsku dat deelname aan die verkiesing deur "European (that is, White) led and organized parties' would be a 'transgression' of the Transkeian Constitution." (Carter, et al., 1967: 131).

Die name van die kandidate is na Pretoria gestuur. Elke streek sou 'n spesifieke getal kandidate na die Parlement kon stuur. Indien 'n streek net die regte getal kandidate nomineer is hulle onbestrede as lede van die Parlement opgeneem. Waar daar te veel kandidate genomineer is, sou daar gestem moes word; waar daar nie voldoende nominasies was nie, sou die genomineerdes en lede van die Parlement opgeneem word terwyl vakatures in die kiesafdeling aangekondig sou word. Daar het min of meer ses weke tussen nominasiedag en verkiesingsdag verloop as gevolg van die baie administratiewe werk. (Transkei sal eie Parlement kies, Julie 1963: 390).

- Die verkiesingsveldtog:

Gedurende die verkiesingsveldtog was daar slegs sprake van losserige groeppvorming rondom sekere toonaangewende leiersfigure, wat ook nie goed georden met eenvormige manifeste was nie. Elke kandidaat het sy eie manifes uitgereik en allerlei gewilde idees daarin en in toesprake as sy persoonlike beleid deurgegee; waarvan dié van die twee opponerende kandidate vir die Hoofminister die belangrikste was. Die losserige groepering is gevorm om twee bekende leiers, naamlik kaptein Kaizer D. Matanzima, die invloedryke voorsitter van die gebiedsowerheid en reseskomitee; en hoofkaptein Victor Poto, die gesiene leier van Wes-Pondoland, intensief ondersteun deur die sterk Temboeleier, hoofkaptein Sabata Dalindybo. Hoofkaptein Botha Sigcau van Oos-Pondoland was ook 'n

gesiene man en het in 1975 die eerste Staatspresident geword van onafhanklike Transkei. (Botha, 1981: 49).

Die manifeste van die twee opponerende kandidate vir die Hoofministerskap, naamlik senior stamhoof Kaizer Matanzima en opperhoof Victor Poto, het gedui op die sogenaamde beleidsverskille tussen hulle en het ook die basis gevorm vir die stigting van die twee hoof politieke partye in Transkei kort na die verkiesing, naamlik die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty (die regerende party) en die Demokratiese Party (die Opposisie party). Die belangrikste politieke verskille tussen hulle is die volgende: Kaptein Matanzima is 'n voorstander van die beleid van afsonderlike ontwikkeling; verder is hy ten gunste van die beskerming van die posisie van die kapteins en die behoud van die tradisionele stamhoofde in die Wetgewende Vergadering; en hy verwerp ook die beginsel van 'n veelrassige samelewing en regering. Opperhoof Victor Poto is ten gunste van die beginsel van veelrassigheid, asook 'n volkome verkose parlement; met ander woorde dat die kapteins nie outomaties lede van die parlement sal wees nie; en hy is ook verder geneig om die tradisionele hoofmanne in 'n soort adviserende liggaam te laat dien. Hy het egter blyke gegee dat hy hom eers na onafhanklikheid vir die beginsel van veelrassigheid sal kan beywer mits dit die wil van die meerderheid van die kiesers is. Intussen het hy by die beleid van afsonderlike ontwikkeling berus en die handhawing van goeie verhoudings met die Republiek ten doel gestel. (Verkiesing in die Transkei, Januarie 1964: 16 - 17).

Professor Mayer gee 'n opsomming van die verskille in hoofskap tussen die twee leiers: "Poto's platform offered to preserve the chiefs as the Transkeian aristocracy. They would sit in a second chamber and leave the dust of politics largely to elected legislators. Matanzima's platform offered to entrench the chiefs as a permanent majority in a single-chamber assembly using all the power they could get regardless of possible damage to their aristocratic dignity or status." (Laurence, 1976: 68). Albei kandidate vir die leierskap in die Transkei het

verkiesingsmanifeste opgestel.

Mnr. Matanzima se beleid was "an all-African state with an all-African government. (Constitutional Developments in the Transkei, February 1964: 62). Daar is basiese verskille in die beleid van die twee leierfigure. Kragtens item 2 en 3 van sy manifest sê Matanzima dat sy beleid nie beteken dat Blankes nie welkom is binne die gebied nie, maar dat die belange van die Swartes oorheersend moet wees. Mnr. Poto se beleid is nie duidelik nie, want eers het hy verklaar dat Blankes toegelaat kan word om grond in die Transkei te koop, maar later het hy dit weer ontken. Mnr. Poto was 'n onervare partypolitikus. Die Poto-groep was nie so besorg om veelrassigheid in die Transkei te bring nie, maar om teen die beleid van afsonderlike ontwikkeling te demonstreer. (Constitution Development in the Transkei, February 1964: 62).

Mnr. Poto se verkiesingsveldtog was beter georganiseer as mnr. Matanzima s'n. Mnr. Matanzima het slegs eenkeer, 'n maand voor die verkiesing, 'n lys van kandidate gesirkuleer wat hy aangeneem het sy ondersteuners was; terwyl 'n lys van mnr. Poto se ondersteuners verskeie kere gesirkuleer was en veral ook op die vooraand van die verkiesing. Ongeveer 95% van die 650 Wit handelaars in die gebied was ondersteuners van mnr. Poto. Mnr. Matanzima se verkiesingsmanifest was eers beskikbaar na die verkiesing. (Constitutional Developments in the Transkei, February 1964: 63 - 64).

Onder hierdie omstandighede is dit 'n verrassing dat mnr. Matanzima daarin geslaag het om soveel ondersteuning te kry om as Hoofminister verkies te word. Dit is toe te skryf aan die volgende:

- "(1) As a result of his qualifications and experience he is probably the most able political leader in the Transkei;
- (2) during the past three years he acted as chairman of the Transkeian Regional Authority, a position to which he had been elected unanimously at the annual sessions;

- (3) as chief of a relatively small tribal group Mr. Matanzima was probably more acceptable to the majority of the chiefs than one of the leaders of the larger tribes;
- (4) generally speaking the ordinary informed Bantu of the Transkei are not adherents of the policy of multi-racialism." (Constitutional Developments in the Transkei, February 1964: 64).

Baie belangrik is "Matanzima's reputation among African nationalist leaders as intelligent, crafty, ruthless and unpredictable." (Carter, et al., 1967: 133). Hy het ook die PAC, sowel as Kommuniste en Liberale, aangeval, maar was meer bedagsaam teenoor die ANC. Matanzima het in sy manifest gesê dat hy vir die Republikeinse regering sou vra om die Naturelle burgerlike dienaars op te lei vir onafhanklikheid; terwyl Poto se manifest nie eers onafhanklikheid vir Transkei genoem het nie. (Carter, et al., 1967: 133 en 135).

Op 7 November het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in Pretoria aangekondig dat die Republiekregering nie die Transkei sou toelaat om 'n veelrassige koers in te neem nie, ongeag wat die uitslag van die verkiesing ook sou wees. "In general, the campaign was quiet and unspectacular. There were no posters, no mass meetings, no parades, and no soapbox oratory. Foreign and South African journalists, students, and others who came to the Transkei in considerable numbers to witness the campaign saw little of it. Political activity by the candidates was simple and essentially local. In Umtata, the new politics of the Transkei was a popular topic of conversation during the weeks preceding election day, and excitement was evident. Reports from the outlying areas of the Territory indicated, however, that considerable confusion existed there regarding both the significance of the election and what it would require of the individual voter." (Carter, et al., 1967: 138).

Kaptein Matanzima en hoofkaptein Botha Sigcau het ooreengekom om

in die politiek hulle kragte saam te snoer en mekaar te steun. Die eksterne belangstellendes het alles in hulle vermoë gedoen om kaptein Matanzima teen te werk en om hoofkaptein Poto as hoofminister verkies te kry; want hulle wou die verset teen die Suid-Afrikaanse regering opbou; die Blankes in die Transkei teen genoemde regering beïnvloed en 'n veelrassige politieke opset vir die Transkei propageer. (Botha, 1981: 49 - 50). Botha haal aan uit die London Times van 5 Desember 1963 om die pogings van die Liberale Opset te illustreer om Poto teen die konstitusionele ontwikkeling in die Transkei te beïnvloed: "When dr. Verwoerd ... first announced his plan to give a measure of constitutional advance to the Transkei, the cautious chief Poto was not among the first opponents of the proposal. However, a year ago certain members of the Liberal Party who were advising and assisting Paramount Chief Dalendyebo (i.e. Sabata) of the Tembus in his campaign against a creation of a Bantustan in the Transkei, visited chief Poto twice and were able to create a new understanding between the two hereditary chiefs." (Botha, 1981: 50)

- Stemdag, 20 November 1963, en die Verkiesingsuitslae:

Op 20 November 1963 het die algemene verkiesing, die heel eerste een vir 'n swartvolk in Suid-Afrika plaasgevind. (Botha, 1981: 50). Die finale uitslag wes eers op 2 Desember 1963 bekend. (Carter, et al., 1967: 141).

As gevolg van die feit dat daar op stemdag nog geen duidelike politieke partye in Transkei bestaan het nie, sou dit foutief wees om die uitslag van hierdie verkiesing van die 45 lede as 'n klinkklare oorwinning vir die een of ander beleidsrigting of 'n ondubbelsinnige mandaat daarvoor te veronderstel. Op hierdie stadium het politieke beleidsrigtings as sodanig 'n onbeduidende rol by die geregistreerde kiesers gespeel. (Strauss, Oktober 1966: 30).

- Die eerste Kabinet van die Transkei:

Op 6 Desember 1963 het die eerste vergadering van die nuutsaamgestelde eerste Wetgewende Vergadering van die Transkei, bestaande uit die 4 opperhoofde, 60 stamkapteins en 45 verkose lede, plaasgevind om 'n Voorsitter, Adjunk-voorsitter en Hoofminister te verkies. Volgens tradisie het die Wetgewende Vergadering besluit dat geen Blanke teenwoordig mag wees by die verkiesing van die Hoofminister nie. Per geheime stemming is Kaizer Matanzima met 54 stemme teenoor 49 vir Victor Poto as die Eerste Hoofminister van die Transkei verkies; daar was twee bedorwe stembriewe. (Strauss, Oktober 1966: 30 - 31).

Matanzima het die Vergadering toegesprek en onder andere gesê: "A clear verdict between the two diametrically and irreconcilably opposed policies of the two leaders contesting the premiership has been given in no uncertain terms. The people of the Transkei have, through the ballot box, expressed their uncompromising rejection of the policy of multiracialism." en "... I have no intention of making any promises to the people of the Transkei. However, I wish to assure them that I will apply the policy of separation of the white race now occupying the Transkei from the aborigines of the land as quickly as I possibly can." (Bellwood, 1964: 117 - 118).

Met die verkiesing van die ander vyf kabinetsministers deur die Wetgewende Vergadering op 9 Desember 1963, het opperhoof Poto en sy volgelinge hulle nie beskikbaar gestel vir die kabinetsposte nie, en het verder hulle stembriewe bederf deur slegs 'n groot kruis daardeur te trek. Gevolglik is al vyf die kabinetsministers ondersteuners van Matanzima. Stamhoof Matanzima was die voorafgaande drie jaar onbestrede verkies tot Voorsitter van die voormalige Transkeise gebiedsowerheid en was sodoende uitstekend geskik as Hoofminister. (Strauss, Oktober 1966: 31). Die vyf ander kabinetsministers was: Mnr. George Matanzima, broer van die Hoofminister, wat Minister van Justisie geword het; mnr. B.B. Mdledle, Minister van Opvoeding en Onderwys; mnr. Columbus Madikizela, van Qaukeni, minister van Landbou en Bosbou; mnr.

Mtanda Selby Mvusi van Umzimkulu, Minister van Paaie en Openbare Werke; en Jeremiah Moshesh, Minister van Binnelandse Sake. Kaizer Matanzima het die portefeulje van die Departement van Finansies geneem. (Bellwood, 1964: 118 - 119.)

Tydens die opening van die Transkeise Wetgewende Vergadering op Umtata op 11 Desember 1963, het mnr. M.D.C. de Wet Nel gesê dat dit 'n groot geleentheid was, aangesien dit die inwerkingstelling was van die eerste regering van die Xhosa Volkseenheid. (Nel, 11 Desember 1963: 1) In sy antwoord het Matanzima Transkei se dankbaarheid as volg verwoord: "... the people of the Transkei were grateful to the South African government for helping the Transkei through a bloodless transition period unlike what had happened in other conquered countries. It was through Mr. Nel that Dr. Verwoerd had been persuaded to grant the Transkei self-government on the basis of separate development." (Bellwood, 1964: 121).

- Die opkoms van Politieke Partye:

Poto en Guzana het in 'n artikel daarop gewys dat: "It has been a matter of surprise to note that in the Transkei Homeland the citizens are growing more and more politically conscious. The general elections held in November, 1963, showed a very much higher percentage of votes cast than expected, and two of the three subsequent by-elections have indicated a continued and increased sentiment shape the destiny of the tribe or race, so do they become more concerned with the representatives they elect. This has been the case in the Transkei and if the Homeland has done nothing else, it has at least taught the citizen of the Transkei the power of the ballot box." (PV 322, Lêer KG 1/3/6/1, 18 - 21 Januarie 1966: 3). Hierdie aanhaling dui daarop dat reeds kort na die eerste verkiesing partypolitiek 'n rol in Transkei begin speel het. Die ontstaan van twee politieke partye in die Transkei was 'n aanduiding dat 'n werklike identiteit en 'n nuwe vryheid na die toekenning van selfregering in die gebied besig was om te

ontwikkel. (Politieke bewustheid in die Transkei na selfregering, Junie 1964: 242).

Op 4 Januarie 1964, het Victor Poto en van sy ondersteuners in Umtata besluit om 'n aksiekomitee saam te stel om 'n konstitusie vir 'n Demokratiese Party saam te stel en sodoende die Matanzima-regering te opponeer. Guzana, lid van die Wetgewende Vergadering, was aangewys as die Voorsitter van die aksiekomitee. (Carter, et al., 1967: 153). Terselfdertyd is 'n konstitusie vir die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty goedgekeur, wat onder die leierskap van George Matanzima voorberei was. 'n Partystelsel het in Transkei ontstaan. Swart partypolitiek het ook na die stedelike gebiede versprei. (Carter, et al., 1967: 155). Ander kleiner partye het ook gevorm, maar nie een was van blywende belang nie en het nooit groot ondersteuning geniet nie. Hulle was die Oostelike Pondoland 'People's party; die Transkei People's Freedom Party', onder mnr. Shadrack Sinaba, en die Transkei 'People's Democratic Party' (Matanzima, 1967: 58).

Toe hy sy party gevorm het, het Matanzima sy beleid as volg opgesom: "It is based on three principles: the acceptance of the concept of separate nationalities; that the Transkei is a nation in its own right; and that the constitution makes provision for the fact that tribal chiefs play an important role in legislation. (Matanzima 1976: 57). Onder die leierskap van Hoofminister Matanzima het die Nasionale Onafhanklikheidsparty konsekwent selfregering op 'n onderskeidende gebiedsbasis gesoek.

Beide Poto en sy opvolger mnr. Knowledge Guzana, het eenvormige burgerskap vir alle mense binne Suid-Afrika as 'n geheel voorgestaan en het heftig die siening verwerp dat Transkei 'n onderskeidende eindbestemming het apart van die van die res van Suid-Afrika; hulle het ook albei by verskeie geleenthede die insluiting van Transkei as 'n provinsie in die Republiek van Suid-Afrika gepropageer.

Die Nasionale Onafhanklikheidsparty was ten gunste vir meer grond en die konsolidering van bestaande grondtoewysings, terwyl die Demokratiese Party se houding onverskillig was; want hulle het eise vir meer grond gesien as die aanvaarding van die amptelike beleid van die Suid-Afrikaanse regering. Die Demokratiese Party het veelrassigheid voorgestaan. Op 26 Mei het Mazauteli van Qaukeni aangesluit by die Demokratiese Party. (The Star, 27 May 1964). Qamarana Zenzile van Gcaleka het ook by die opposisie aangesluit, maar is op 16 September oorlede. Sigwebo Mhlanga van Qaukeni het sy bedanking aangekondig vanuit die Nasionale Onafhanklikheidsparty en ook sy ondersteuning gegee aan die Demokratiese Party. Op 8 Augustus 1964 het Knowledge Guzana hom ook weer uitgelaat teen afsonderlike ontwikkeling. (Carter, et al., 1967: 166 - 167).

Op 25 November 1964 is die eerste tussenverkiesing gehou na die moord op Mlingo Salakupatwa, 30 April 1964, wat 'n vakature in die sewe verkose lede van die Wetgewende Vergadering van Gcaleka gelaat het. Hierdie tussenverkiesing was baie belangrik; dit was nie slegs die eerste algemene stemming sedert die algemene verkiesing van November 1963 nie, maar dit sou gehou word in 'n streek wat polities verdeel was tussen die twee partye. Die Demokrate het sleg begin. Nominasiedag was 29 September, maar voor die einde van Julie het albei partye hulle kandidate se name bekend gemaak. (Carter, et al., 1967: 167 - 168). Die Demokratiese Party se eerste keuse was Tabakile Sigcau, maar sy naam het nie op die Gcaleka kieserslys verskyn nie en daarom was hy nie verkiesbaar nie. Op die laaste oomblik moes hulle 'n plaasvervanger kies, naamlik Jangilezwe M. Dumalisile. (Rand Daily Mail, 30 September 1964).

Die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty het mnr. Paul Majavu genomineer. Nog 'n faktor teen die Demokratiese Party was die verskyning van 'n derde kandidaat, naamlik mnr. David Gwebityala wat gesê het dat sy idees dieselfde was as die Demokratiese Party en daarom sou hy as 'n Onafhanklike Demokraat die verkiesing veg.

(Laurence, 1976: 74). Die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty was beter georganiseer en gefinansier. Die Demokratiese Party wou 'n massa opvolg hê en het groot groepe elke naweek in alle dele van Gcaleka toegesprek. Die Nasionale Onafhanklikheidsparty se agente het die kapteins en hoofmanne besoek om hulle te oorreed om vir Majavu te stem. Op 6 Oktober is 'n amptelike memorandum gesirkuleer onder die kapteins en hoofmanne in Gcalekaland om by die regering te staan en vir Paul Majavu te stem. Die amptelike Demokratiese Party kandidaat het sy opponent verslaan met byna 3 500 stemme. (Laurence, 1976: 74).

Die Rand Daily Mail van 28 November 1964 het geskryf: "The by-election was the first poll in the Transkei to be fought on a strict political party basis and, as such, is a far more accurate indication of vital political trends in the territory than the general election was a year ago. The result indicated clearly that the majority of 64 government-paid-and-appointed chiefs in the legislative assembly of 109 do not represent the views of their subjects." (Rand Daily Mail, 28 November 1964).

Die Hoofminister het egter daarop gewys dat sy party 'n meerderheid van 23 setels in die Wetgewende Vergadering gehad het en het belowe dat "... the Government with its big majority will continue its business, acting on the mandate of the people of the Transkei." (Daily Dispatch, 1 December 1964.)

- Evaluering van Selfregering teen 1966:

Selfregering het min veranderinge in die ekonomiese lewe van die mense in Transkei teweeggebring. Hoofminister Matanzima was stewig in beheer. Die gebeure gedurende die eerste jaar van selfregering het twyfel laat ontstaan of die Nasionalistiese regeringsparty in staat sou wees om die ontwikkeling van die Transkei te beheer. Of die Transkeise selfregering op enige belangrike manier rass spanning in die Republiek gevorm het was moeilik om waar te neem. (Carter, et al., 1967: 170 - 171).

Die toekenning van selfregering aan die Transkei asook die totstandkoming van die Transkeise regering en gebiedsadministrasie was duidelike tekens van die erns van die Suid-Afrikaanse regering vir die deurvoering van sy volkerebeleid. Soortgelyke ontwikkeling sou ook by die ander volke kon volg. Die instelling van eie regerings vir Swartvolke was beleid en daar was geen versperring vir die Swartvolke om later totaal onafhanklik te word nie. In Desember 1964 het dr. Hilgard Muller in sy toespraak in die Algemene Vergadering van die V.V.O. onder meer gesê: "Our task in South Africa is not primarily that of solving a problem of races; it is a problem of nations, a problem of bringing about a situation where peaceful coexistence of the various nations living in our country, will be possible." (Botha, 1981: 51). Die Republiek regering se volkerebeleid het op 'n dinamiese wyse voorsiening gemaak vir 'n stelsel van 'n volksregering vir elke volk deur daardie volk gekies; daarom is daar geen sprake van 'n meerderheidsvolk oor 'n minderheidsvolk of andersom nie. In Transkei is daar definitief gevorder op die pad na die finale fase van konstitusionele ontwikkeling, naamlik onafhanklikheid. (Botha, 1981: 52).

In 1965 tydens die indiening van die Wetsontwerp op Transkeise Owerhede in die Transkeise Wetgewende Vergadering, het die Transkeise Hoofminister verklaar dat die doel van die Wetsontwerp is: "... (to) consolidate all legislation concerning local government, management or administration". (Kotze, April 1967: 85). Kapteins en hoofmanne is nouer by die Bantoe-owerhede betrek deur die herroeping van Proklamasie No. 110 van 1957 in soverre dit op die Transkei betrekking gehad het, en die beginsels daarin vervat is by die Wetsontwerp geïnkorporeer. Hierdie proklamasie gee 'n uiteensetting van die bevoegdhede, pligte en funksies van kapteins en hoofmanne. Een van die vernaamste beginsels is dat die kapteins en hoofmanne belangrike administratiewe funksies gehad het, wat bystand verleen aan alle regeringsbeamptes, veral die distriksmagistrate. Die Transkeise Hoofminister het gesê dat

hierdie Wetsontwerp uitvoering gee aan die aanbevelings van die Midgley- en Van Heerdenverslae; wat vroeg in die jare sestig die werkverrigting van die Transkeise Bantoe-owerhede ondersoek het.

- Wet No. 4 van 1965:

Hierdie Wet se vernaamste veranderings was ten opsigte van die funksies van die owerhede; die afskaffing van distriksowerhede; asook die stigting van plaaslike bestuursburo's. Die benaming 'lokasie' is vervang met 'administratiewe gebied.' Hierdie wet het ten doel gehad om die Bantoe-owerhede in die Transkei verder by die omstandighede en probleme van die Transkei te betrek en aan te pas en het tot gevolg gehad dat dit tot groter deelname aan plaaslike bestuur deur die bevolking gelei het, asook meer doeltreffende werkverrigting van die owerhede. (Kotze, April 1967: 85).

Die samestelling, funksies en personeelsake van stam- en streeksowerhede in die Transkei is neergelê deur die Wet op Transkeise Owerhede; gewysig deur die Transkeise Wet No. 7 van 1966 en aangevul deur die Algemene Regulasies vir stam- en streeksowerhede, afgekondig in Goewermentskennisgewing No. 83 van 25 Februarie 1966. In hierdie wet was daar ook uitgebreide bepalings met betrekking tot die beheer en toesig oor die owerhede; finansiële en voorrade-administrasie; aanstelling en ontslag van opperhoofde, kapteins en hoofmanne; misdrywe en strawwe; veedipwerkzaamhede en algemene administrasie vervat. (Kotze, April 1967: 85 - 86). Plaaslike bestuursburo's hou die moontlikheid in van die betrekking by plaaslike bestuur van professionele plaaslike bestuurskennis.

Wat die stamowerhede betref, het die nuwe Transkeiwet onder andere die volgende bepaal:

- "(i) Hulle het sekere administratiewe werkzaamhede, insluitende die plig om hulle onderskeie hoofde by te staan.
- (ii) Hulle moet die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die bevolking in hulle onderskeie gebiede bevorder.

- (iii) Hulle moet aan die bevoegde owerheid advies lewer ten opsigte van skoolgeboue, lisensies, beboubare en ander persele, pensioene vir oues van dae en blindes, en ongeskiktheidstoelaes.
- (iv) Die stamowerhede moet sekere plaaslike dienste voorsien bv. gesondheidsdienste, uitroei van ongedierte, bewaar van fauna en flora, grondbewaring, ens. Die voorsiening van plaaslike dienste is in die algemeen waarskynlik die mees belangrike werkzaamheid van plaaslike besture. Alhoewel die Transkeise stamowerhede se bevoegdhe in hierdie opsig betreklik min is, moet dit egter ook in gedagte gehou word dat dit onwenslik is om plaaslike dienste aan owerhede op te dra tensy die owerhede die middele het om dit suksesvol te behartig. Plaaslike omstandighede was in die Transkei heeltemal tereg 'n belangrike oorweging om die hoeveelheid plaaslike dienste wat stamowerhede mag onderneem te beperk.
- (v) Stamowerhede kan 'n heffing van R2 per jaar op elke belastingbetaler lê, en kan ook 'n hondebelaasting hef.
- (vi) Elke stamowerheid kan verordeninge maak vir die behoorlike werkverrigting van die owerheid.
- (vii) 'n Stamowerheid kan ook 'n kaptein, hoofman of sy gevolmagtigde bystaan in die uitoefening van sy regsbevoegdheid." (Kotze, April 1967: 86 - 87).).

Deur Wet Nr. 4 van 1965 is distriksowerhede afgeskaf en is streeksowerhede gedeeltelik op lidmaatskap van stamowerhede gebaseer. Die betrokke opperhoof is die hoof van die streeksowerheid en as daar nie een is nie, dan 'n kaptein wat deur die meerderheid van lede aangewys word. (Kotze, April 1967: 86 - 87). Die streeksowerhede se funksies is die volgende:

- "(i) hulle moet stamowerhede behulpsaam wees en oor hulle werksaamhede toesig hou;
- (ii) die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die bevolking in die streek bevorder;
- (iii) hulle het siviele en kriminele regsmag soos by wetgewing

- aan hulle verleen;
- (iv) onderneem veedipwerkzaamhede;
 - (v) adviseer die Transkeise Regering met betrekking tot sake soos die voordelige indiensneming van werksoekers, die stigting van nywerhede en markte in die streek, onderwys, paaie, grondadministrasie, ens.
 - (vi) moet behulpsaam wees met die administrasie van die streek;
 - (vii) kan verordeninge maak vir die behoorlike uitvoering van hulle werkzaamhede; en
 - (viii) kan 'n heffing van R2 per jaar op elke belastingbetaler lê, en kan ook 'n veeheffing oplê. (Kotze, April 1967: 87).

Daar is 'n bepaling dat belastingbetalers wat 'n stamowerheidsheffing betaal, nie ook nog 'n streeksowerheidsheffing hoef te betaal nie, tensy die stamowerheid sy toestemming tot die streeksowerheidsinstelling geheg het. Wet No. 4 van 1965 het gevolglik die las op Bantoe-owerhede baie verlig deurdat verskeie aangeleenthede wat deur Bantoe-owerhede behartig is, nou die verantwoordelikheid van die Transkeise regering is. Die stamowerhede het byvoorbeeld die Transkeise regering of ander bevoegde owerheid slegs geadviseer oor die registrasie van geboortes, sterftes en arbeiders; maar hoef dit nie meer waar te geneem het nie. Streeksowerhede het byvoorbeeld nie meer die bou van paaie hanteer nie. Die afskaffing van distriksowerhede het veroorsaak dat die streeksowerhede die adviserende pligte van die distriksowerhede aangeneem het, byvoorbeeld onderwys, beurse, koöperatiewe verenigings, markte, gemeenskapsentra en die dip van vee. Magistrate is nou verantwoordelik vir die invordering van die veeheffing, dip gelde, algemene heffings en plantasie-inkomste.

Die Transkeise Regering het streng toesig en beheer uitgeoefen oor die streeks- en stamowerhede se werkzaamhede. Die komiteestelsel was nie langer 'n kenmerk van die Transkeise Bantoe-owerhede nie. Streeksowerhede moes nou uit hulle eie geledere 'n uitvoerende komitee aanstel, wat bestaan uit die hoof van die streeksowerheid

en soveel lede as wat daar distrikte is, maar minstens vier. Die stamsekretaris het nou die hoofamptenaar van 'n stamowerheid geword wat deur die stamowerheid aangestel is. Die streeksowerheid kry 'n sekretaris/tesourier as hoofamptenaar en hy word deur die Transkeise regering na die streeksowerheidskantoor gesekondeer. (Kotze, April 1967: 87 - 88).

Matanzima se evaluering van selfregering spreek uit sy sterk bewoorde toespraak van 27 Augustus 1965: Hy ondersteun selfregering want hy is 'n volgeling van die belydenis van nasionalisme; hy ondersteun stamskap; hy is onderdanigheid verskuldig aan 'n stam omdat hy glo dat dit die bewarende krag van sy mense is; hy erken die reg om te ontwikkel in ooreenstemming met die voorskrifte van sy kultuur en sy gewete, dit is 'n waarborg teen kommunistiese aggressie en teen die vernietiging van sy nasionale struktuur en die maaksel van sy siel. (PV 322, Lêer KG 11/1/6/15 3 - 4, 10 en 14).

Die opkoms van die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty in 1966 en daarna, was grootliks vergemaklik deur die verval van die Demokratiese Party. Teen die vooraand van onafhanklikheid het dit feitlik gedisintegreer. Baie faktore het bygedra tot die val van die Demokratiese Party, waarvan die belangrikste was die betrokkenheid van twee van sy leidende lede in 'n sameswering om Matanzima te vermoor. (The Star, 24 February, 1966). In Februarie 1966 was vyf lede van die Demokratiese Party, naamlik Majija, Raziya, Nkosiyané, Nogcantsi en Cromwell Diko, gearresteer op 'n aanklag van sameswering om Kaizer Matanzima te vermoor. In April 1966 het Poto bedank as leier van die DP kort na die openbaarmaking van die komplot. Poto se bedanking en die moordkomplot was 'n groot terugslag vir die DP. Knowledge Guzana het hom opgevolg. Guzana was nie in staat om die DP te voorsien van die nodige dryfkrag en organisering om die TNOP te laat tuimel nie. (Laurence, 1976: 83 - 84).

Op 5 Mei 1966, is die Wet op die Transkeise vlag deur die

Wetgewende Vergadering van die Transkei aanvaar. Die kleure in die vlag is okkerrooi, wit en groen. Okkerrooi is die tradisionele kleur van die Transkei, wat beskerming en selfverwesenliking simboliseer. Wit simboliseer van oudsher af vrede en dit staan in die teken van die koms van die Christendom wat geloof en reinheid van gees bring. Die groen simboliseer die land van Transkei. (Eie Vlag vir Transkei, Julie 1966: 206 - 207).

Binne die geledere van die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty was in Mei 1967 groot druk vanuit die Malutistreek vir totale onafhanklikheid vir Transkei. Matanzima moes herhaaldelik daarop wys dat Transkei nog nie vir onafhanklikheid gereed was nie waarin, gewys word dat die gebied nog nie ryp is vir onafhanklikheid nie. Mnr. Sinaba se mosie het ook nie die Demokratiese Party se steun gehad nie. (Carter, et al., 1967: 180). Gedurende November 1967 het daar 'n derde oorstap van 'n kaptein van die PP na die TNOP plaasgevind. In 1967 het die TNOP selfs beter gedoen toe dit 'n setel oorgeneem het van die DP in een van die drie tussenverkiesings wat in April gehou is. (Laurence, 1976: 77). In 1967 en weer in 1968 is die Transkeise Grondwet andermaal gewysig en is Wet 48 van 1963 geamendeer. Volgens die bepalings van artikel 25, sou die Wetgewende Vergadering toe uit die hoofkapteins, 59 kapteins en 45 verkose lede bestaan. (Wet No. 101 van 1967: 1679).

FASE 3: TRANSKEI OP WEG NA ONAFHANKLIKHEID, 1968 TOT 1976:

* Politieke prosesse, 1968 tot 1974:

Gedurende die 1968 sessie het die Transkeise Wetgewende Vergadering 'n mosie goedgekeur dat die Republikeinse regering versoek word om alles in hulle mag te doen om onafhanklikheid te bespoedig. Die Republikeinse Minister van Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling het 'n paar maande later in die Parlement gesê dat die regering nie teen vroeë onafhanklikheid vir Transkei was nie, maar het uitgewys dat die regering sekere vereistes gehad het waaraan voldoen moes

word voordat onafhanklikheid toegeken kon word: "... These were considerable administrative experience in the management and control of government departments and functions of state, particularly budgeting and finance; sustained economic development which would permit the Transkei government to provide jobs for its own people; and a democratic way of life and a firm desire for peaceful co-existence with neighbouring countries." (The Republic of Transkei, 1976: 205).

- Die Transkeise Verkiesing, 23 Oktober 1968:

Op 23 Oktober 1968 is 'n Algemene Verkiesing in die Transkei gehou. Na vyf jaar van selfregering het die Transkei Nasionale Onafhanklikheidsparty onafhanklikheid aanvaar as 'n einddoel en het 'n versoek gerig tot die Suid-Afrikaanse Regering dat die Transkei so gou as moontlik voorberei moes word vir onafhanklikheid. Verkiesingsmanifeste is deur die TNOP, die DP en die Transkeise 'People's Freedom Party' opgestel. Daar was konsensus oor onderwysbeleid, verbeterde gesondheidsdienste, algemene stemreg; asook die bewaring van die kapteinskap. Die manifeste het hoofsaaklik verskil oor die aanvaarding van uiteindelijke onafhanklikheid vir uitsluitlike Swart gebiede. (Matanzima, 1976: 60). Die TNOP het gepropageer vir die "...formal acceptance of the policy of the governing party in the Republic of South Africa: viz separate political development of the various African territories and White South Africa with the goal of ultimately achieving independence...". (Matanzima, 1976: 60 - 62).

Daarteenoor was die doelwit van die Demokratiese Party 'n veelrassige Suid-Afrika waarvan die Transkei 'n integrale deel sou vorm. Hulle was oortuig dat die Transkei se toekoms belowend is solank as wat dit 'n integrale deel van die Republiek van Suid-Afrika bly. (PV 322, Lêer KG 11/1/31/2).

Die verkiesing het op 'n oorweldigende oorwinning vir die regerende TNOP uitgeloop. Van die 450 000 stemme het 44 persent na die

TNOP gegaan, 36 persent na die DP, en die oorblywende na die kleiner 'Transkei People's Freedom Party' en onafhanklikes (Laurence, 1976: 77).

Die kabinet soos op 21 November 1968 saamgestel, was as volg:

KABINET SOOS AANGEWYS OP 21 NOVEMBER 1968

MINISTER	DEPARTEMENT	SEKRETARIS
K.D. Matanzima.	Hoofminister en Finansies.	J.H.T Mills.
J.D. Moshesh.	Justisie.	J. Burger.
G.M. Matanzima.	Onderwys.	Hoare.
Miss. S.N. Sigcau	Paaie en Werke.	W.A.R.K. Grabe.
N.P. Bulube.	Landbou en Bosbou.	S.W. Pienaar.
C.M.C. Ndamse	Binnelandse Sake.	E.F. Nicksch.

(PV 322, Lêer KG 11/1/31/2).

Opperhoof Kaizer Matanzima is as Hoofminister vir nog 'n termyn van vyf jaar herkies. Na die verkiesing het laasgenoemde gesê dat hierdie verkiesing 'n besliste onderskrywing deur die Xhosas was van afsonderlike ontwikkeling en 'n verwerping van die beleid van veelrassigheid of integrasie. Oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling sê hy dat die Suid-Afrikaanse Regering dit nie eensydig op die Bantoe van Suid-Afrika afdwing nie; hulle onderskryf heelhartig die beleid as die enigste beleid waarvolgens die verskillende rasse in Suid-Afrika langs mekaar in vrede kan woon; en verder verseker die beleid aan elke rasse-groep volle politieke regte en die grootste moontlike vooruitgang in sy eie deel van die gemeenskaplike vaderland. (Transkei, April 1969: 105).

Namate Transkei in die sewentigerjare al hoe vinniger op die pad van selfregering gevorder het deurdat hulle al hoe meer verantwoordelikhede aanvaar het, het dit duidelik geword dat onafhanklikwording vinnig nader gekom het. In April 1972 het die Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika verklaar dat die regering bereid is om met enige van die tuislandregerings oor volle onafhanklikheid te onderhandel en gesê: "If there is a Bantu people that believes the time has arrived for it to become

independent, it can come and discuss the matter with me ... When I speak of independence, I mean independence in the normal sense of the word, the independence which Botswana or any other country has." (The Republic of Transkei: 1976: 205).

Mnr. M.C. Botha het in die departement 'n spesiale afdeling ingestel met die opdrag om op al die aangeleenthede betrokke by die onafhanklikwording van 'n Swartstaat in te gaan en daarvoor verslag te doen; en so is mnr. J.H.T. Mills, indertyd departementshoof van hoofminister Matanzima, teen die einde van 1972 teruggeroep na Pretoria en in die spesiale pos aangestel. In die verslag wat mnr. Mills in Junie 1973 uitgebring het, sê hy: "As daar een ding is wat my pertinent tydens hierdie ondersoek getref het, was dit die absolute noodsaaklikheid vir 'n ondersoek soos hierdie in hierdie stadium, want die byna totale onvoorbereidheid van departemente en instansies wat intiem betrokke sal wees, of pertinent geraak sal word, by die verdere implementering van ons beleid van veelvokige ontwikkeling was feitlik deurgaans opmerklik." (Botha, 1981: 103).

Die kabinet het vereis dat al die staatsdepartemente in besit van die verslag gestel moes word met die opdrag om die voorbereidende stappé te doen en behulpsaam te wees deur so gou as moontlik reeds bevoegdhede aan die Swart regerings oor te dra. (Botha, 1981: 103).

Die Bantoe Wysigingswet, Wet No. 23 van 1972, het die beheer van gevangnisse, motorvrag, vervoer, padverkeer en die lisensiëring van bestuurders en/of voertuie binne die gebied oorgedra aan die Transkeise Regering. Die Algemene Wysigingswet, Wet No. 102 van 1972, het bepaal dat die beheer en administrasie van die polisie in die gebied wat deur die Transkeise regering beheer is, na daardie regering oorgedra kan word. Die beheer van gesondheid en hospitaaldienste, behuisingskemas vir burgers, wettige hulp, toerisme, veilingsregte, begraaftplase en die oprigting en beheer van alle vorme van vermaak, kulturele dienste en openbare oorde

is ook na die Transkeise Regering oorgeplaas. (Horrell, 1978: 45). 'n Baie belangrike stap vir die Transkei was die instelling van 'n eie Hoërhof op 1 Augustus 1973. Regter George Munnik van Grahamstad was die eerste hoofregter wat op Umtata deur hoofregter Ogilvie Thompson van die Suid-Afrikaanse Appélhof ingesweer is. (Botha, 1981: 105).

Die Transkei se regering het hom as die gelyke van die Republikeinse Regering verklaar in die vervulling van hulle pligte in al die departemente wat onder hulle beheer was. Die oordrag van die gevangenisdepartement en gesondheidsdienste na hulle administrasie was 'n verdere trappie na selfverwesenliking; maar hulle wou ook graag die oordrag van die ander departemente hê. Matanzima het verklaar dat die Transkei gereed was vir volle selfregering en hulle sou geen opstandige magte verdra wat pleit teen hulle konstitusionele ontwikkeling vir volle onafhanklikheid nie. Verder wys hy daarop dat hulle ten gunste van afsonderlike ontwikkeling is op voorwaarde dat dit uitgevoer word tot sy laaste logiese einde; dit wil sê 'n selfregerende staat moet 'n konstitusie hê wat deur die parlement uitgevaardig word wat voorsiening maak vir die beheer van alle relevante departemente vir die volle beheer van hulle administrasie. "It is ridiculous and a mockery to say a country is self-governing while another country tampers with its administration." (Van der Merwe, et al., 1978: 403 -404).

- Transkei se grondeise, 1971 tot 1972:

Opperhoof Matanzima het sedert 1968 herhaalde kere gevra vir die inlywing by die gebied wat toe deur sy regering beheer was, van ses verdere magistraatsdistrikte of gedeeltes daarvan wat binne die grense van die Transkei gebied is of daaraan grens en wat in Blanke besit was.

Die hoof faktor in die grondsak was die inlywing van die Ciskei by Transkei en die toekenning van addisionele grond, ingeslote die

distrikte van Matatiele; Mount Currie en Kokstad in die ooste; die distrikte van Maclear en Elliot in die noordweste; en Port St Johns in die suide. In hierdie gebiede was 'n groot aantal goedgevestigde Blanke boere. Die Umzimkulu distrik in die ooste was ingesluit in die Transkei, maar was afgeskei van die hoofgebied. Glen Grey en Herschel, twee gebiede van die Ciskei, wat aangrensend is aan die Transkei, was volgens opperhoof Matanzima 'n integrale deel van die gebied. Hoofminister Kaizer Matanzima het voortdurend daarop aangedring dat die Glen Grey - gebied by die Transkei ingelyf moes word, aangesien die mense daar hoofsaaklik Temboes was en eintlik 'n eenheid vorm met sy eie aangrensende stamgebied by Qamata (Emigrante - Temboeland). Hierdie gebied lê teenaan die Transkei, maar is vroeër altyd saam met die Ciskeise gebiede geadministreer.

Op aandrang van die Transkeise regering en aanbeveling van Mnr. J.H. Abraham, die kommissaris-generaal, is besluit om 'n referendum te hou in die Ciskei en op 11 Oktober 1971 moes hulle stem of hulle staatkundig onder die Ciskei wou bly en of hulle by die Transkei ingelyf moes word. (Campion, 1976: 81). Die drie stamme van Glen Grey sou met geheime stembriefies stem. Alle belastingbetalers, manlik en vroulik kon stem. Die uitslag was 'n oorweldigende meerderheid teen inlywing by die Transkei. (PV 322, Lêer KG .11/2/1/3; Vgl ook Lêer KG 11/1/31/2).

By die jaarkongres van die TNOP op 13 April 1971 het die Opperhoof (Rand Daily Mail, 14 April 1971) gesê dat tensy die grondvraagstuk regverdig opgelos word, kan daar nie goeie verhouding tussen Swart en Wit wees nie; geen land kan selfregerend of onafhanklik wees tensy dit volle beheer het oor die grond binne hulle grense nie en sy mense het 'n historiese eis op die grond wat hulle vra. Die bestaande Transkeise tuisland was ernstig oorbevolk en in die tussentyd het die Transkeise Regering duisende Transkeise burgers gerepatrieer.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het

konsekwent verklaar dat die Republikeinse Regering geen voorneme gehad het om hierdie betrokke distrikte by die Transkei in te lyf nie. Matanzima het sy eise gegrond op 'n kaart van die destydse sogenaamde Kaffraria, wat dateer uit die jaar 1884. Hy wou daardie ou grense herstel hê.

In werklikheid het die grense tussen swart en wit in die suid-oostelike hoek van die land deur die vorige eeu dikwels verander. Tot 1847 was die Keirivier die grens; in 1865 is die gebied oorkant die Kei (Ciskei) deur die Britse gesag uitgebrei tot by die Umtatarivier, en in 1894 tot by die Natalse grens. Teen die einde van die vorige eeu het die Transkei as 'n land in sy eie reg dus glad nie meer bestaan nie, daar is eers aan die begin van die twintigste eeu geleidelik 'n begin gemaak om die Transkei aan sy oorspronklike inwoners terug te gee; maar toe het die grense al vervaag. Die Naturelle Grond Wet van 1913 het rigting gegee aan die afbakening van grond; afsonderlike gebied, gelyste gebiede en geskeduleerde gebiede is geskep. Behalwe met die goedkeuring van die goewerneur-generaal mag Blankes toe nie meer grond koop in Bantoegebiede nie en die Bantoe kon nie buite sy gebied grond koop nie; en in 1916 is die Beaumont-Kommissie benoem wat aanbevelings kan doen oor die afbakening van gebied. (Transkeise eise om nog grond, 11/4/1972; Vgl. ook Grondaankope en Tuisland-Konsolidasie, 22 Junie 1972: 2762).

Mnr. Matanzima het na sy onderhandelinge in Februarie 1972 met die Regering verklaar dat die Eerste Minister gesê het dat die grondkwessie deur die Wet van 1936 afgehandel is en dat hy deur daardie skikking gebind is. (Transkeise eise om nog grond, 11/4/1972).

Mnr. Vorster, Eerste Minister, stel die Republiek van Suid-Afrika se toegewing tot grondeise op 19 April 1972 as volg: "...Ek het aan hulle gesê ons sal die grond aan hulle gee wat die 1936-Wet sê hulle toekom. Buite die 1936-Wet is ek nie bereid om te gaan nie." (Hansard, 13 Maart tot 28 April 1972: Kol. 5366). In

reaksie op hierdie standpunt het Matanzima gevra dat die kabinet weer die vertoë vir meer grond moet oorweeg, maar hulle kon dit nie doen nie. (Hansard, 13 Maart tot 28 April 1972: kol. 5366).

- Die Transkei se Derde Algemene Verkiesing, 1973:

Nominasiedag was 21 Augustus 1973, en stemdag was 24 Oktober 1973. Die 1973 uitslae was:

	<u>OPPERHOOFDE.</u>	<u>VERKOSE LEDE.</u>	<u>TOTAAL.</u>
Transkei Nasionale			
Onafhanklikheidsparty	63	23	86
Demokratiese Party	9	11	20
(Daar was drie vakatures)			
Totaal	72	34	106

(This is Transkei: 1978: 13).

Die belangrikheid van hierdie verkiesing asook die uitslae is naamlik dat dit plaasgevind het nadat 'n mosie reeds geformuleer was vir volle onafhanklikheid gedurende die Wetgewende Vergadering se sessie in 1972. Die 1973-verkiesing kan beskryf word as Transkei se onafhanklikheidsverkiesing. In al drie die algemene verkiesings, 1963, 1968 en 1973, was bewys dat die teenstand teen afsonderlike ontwikkeling geleidelik afgeneem het. Die laaste verkiesing het duidelik getoon dat opperhoof Matanzima en sy party, wat afsonderlike ontwikkeling voorstaan, sterker as ooit tevore in die Transkei staan.

- Samevattend, 1959 tot 1973:

Die Transkei het 'n simbool van die moderne veelvolkige bedeling geword. Die Wet op Bantoe-selfregering van 1959 is heel eerste in die Transkei deurgevoer. Verder was die Transkei die proto-tipe van die Republiek se beleid vir selfbeskikking van volke, wat algemeen so erken is. Toe ander tuislande later selfregering gekry het, was dit die gebruik om na hulle grondwette te verwys as

konstitusies op die Transkeise patroon. Transkei het die pas aangegee op die roete na onafhanklikheid en Kaizer Matanzima was oortuig dat hierdie mylpaal behaal sou word voor die volgende verkiesing in 1978. Tydens die 1973-verkiesing is dit duidelik gestel dat die Xhosas oorweldigend ten gunste is van die bestendigheid van eie nasieskap. (Die Transkei se derde algemene verkiesing, 5/11/1973).

In November 1973 het die leiers van vyf van die tuislande in Umtata vergader om die betrekkinge tussen hulle state in die toekoms te bespreek en het besluit om die idee van 'n federasie van swart state te propageer. Hulle het ooreengekom om nie afsonderlike ooreenkomste met Pretoria te sluit voordat die 1936-Grond Wet nie hersien was nie; maar binne vyf maande het Matanzima die ooreenkoms verbreek en sy besluit aangekondig om eensydig te onderhandel vir onafhanklikheid: "We never had solidarity with the rest of the black Africans. We had our own United Territories General Council. We started a self-governing state in 1963 long before the others thought of doing it. We've never aligned ourselves with them as far as our progressive political situation is concerned." (Hellmann and Lever, 1979: 68).

* Politieke prosesse, 1974 tot 1975:

- Die rol van die TNOP en die Wetgewende Vergadering:

Volle onafhanklike status was deur die Transkeise Regering gevra vir Transkei in 'n mosie gedurende die Wetgewende Vergadering se 1972-sessie. In Maart 1974 is daar by die Transkei Nasionale Onafhanklikheidsparty se kongres 'n mosie aangeneem waarin gevra is dat onafhanklikheid aan die Transkei binne vyf jaar toegeken word. Hierdie mosie het vanaf Xhosas buite die Transkei, uit Wes-Kaapland gekom. In dieselfde maand het die Wetgewende Vergadering die volgende resoluëie aangeneem: "... that in the opinion of this Legislative Assembly the Government should consider the advisability of approaching the Republican government to grant full independence to Transkei within a period of five years."

(Botha, 1981: 105)

Daar is ook besluit dat die grond wat die Transkei nog moes kry, voor onafhanklikwording oorgedra moet word en dat hulle daardeur nie afstand doen van hulle verdere grondeise nie. Op 25 Maart 1974 het Matanzima ook 'n soortgelyke mosie in die Wetgewende Vergadering ingedien. Die opposisie het nie die beginsel van onafhanklikheid verwerp nie en 'n Reseskomitee van 27 lede is toe aangestel om al die implikasies van onafhanklikwording te oorweeg en ook om 'n konsepgrondwet op te stel. (Matanzima, 1976: 65; Vgl. ook Botha, 1981: 105 - 106).

In Maart 1974 het George Matanzima die Wetgewende Vergadering meegedeel dat Transkei bewus was van sy uiteindelijke doel; 'n gemenebes van nasies en 'n federasie van swart state: "... Our common concern is Black solidarity. Afterwards we can tell the White people we will join them on a federal or any other basis. We will have a commonwealth of South African states. The policy of separate development will gradually bring all Black countries into a federation, and then we can tell the White man they can join us in a commonwealth of states." (Campion, 1976: 135). 'n Paar dae later het Kaizer Matanzima, toe hy sy onafhanklikheidsdebat gelewer het, gesê hy is: "...convinced that White South Africa is desirous of finding an acceptable formula for a permanent and peaceful solution to the race problem, which had made South Africa the centre of political onslaught from other countries." (Campion, 1976: 135).

Op 28 Maart 1974 tydens die tweede sitting van die Derde Vergadering het Kaizer Matanzima oor terrorisme gepraat en daarop gewys dat sy regering Kommunisme verwerp; hulle glo dat die Suid-Afrikaanse probleme eerder opgelos kan word deur dialoog en onderhandeling: "... We are not bound by anybody! We can get political independence any day we wish, and we get it by perfectly legal and constitutional means. All the machinery has been created to allow and enable each Black national unit in South Africa to

develop as far as it wishes. Additional to the creation of the opportunities for development, the Republican Government had always signified its willingness in very positive terms to assist us financially in our quest for political and economic development. Provided, therefore, we are also prepared to do our share by working for the betterment of our own lot, there is really nothing which should deter us from realising our most elevated ideals without the aid of revolutionary methods." (Matanzima, 1976: 88 - 90).

- Die deskundige beplanningskomitee:

Op 16 Mei 1974 - die dag waarop die beplanning en voorbereidings van die afgelope 15 jaar sy finale stadium betree het - het die twee regerings die prosedure goedgekeur vir die opstel van 'n grondwet vir die onafhanklikheid van Transkei. 'n Deskundige komitee sou in die lewe geroep word om volledig in te gaan op al die wetlike, konstitusionele, finansiële en administratiewe oorweginge te ondersoek. Albei regerings sou verteenwoordigers in die werkskomitee aanwys en die Staatspresident sou die voorsitter aanstel; mnr. I.P. van Onselen, die Sekretaris vir Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, was aangestel as die voorsitter. Die lede van die komitee was: mnr. V.R. Zietsman (regsadviseur); mnr. H.A. Faure (sekretaris van die hoofminister); prof. H.J. Chapman (Universiteit van Rhodes) en deur die Republiek; mnr. S.A. Visagie (departement Finansies); dr R du Plooy (departement Buitelandse Sake); mnr. H.J.R. Myburg (departement bantoe-administrasie en -ontwikkeling); met mnr. J. Stokes-Waller as sekretaris. Die Staatspresident het mnr. I.P. van Onselen as voorsitter aangewys en mnr. C.J. Grobler as plaasvervangende voorsitter, (albei departement Bantoe-administrasie en -Ontwikkeling.) Hierdie komitee moes verslag doen aan 'n gesamentlike kabinetskomitee van die twee regerings onder voorsitterskap van die Eerste Minister.

Transkei se posisie was heeltemal anders as die van die Afrika

lande; die Transkei en die Republiek van Suid-Afrika het vas teen mekaar gelê; en die twee lande het 'n reeks gemeenskaplike belange gehad wat eerder meer as minder sou word. Daar was nog altyd 'n intensiewe wisselwerking tussen die twee lande met betrekking tot handel, arbeid, bemarking van produkte, kommunikasie en tegniese kennis; ook dit sou eerder toeneem as wat dit sou krimp. Die Transkei het dus nog onbepaald behoefte gehad aan die onmisbare hulp van Suid-Afrika. Dit was die werkskomitee se taak om tussen die twee state onderhandelinge te voer oor 'n ondubbelsinnige verstandhouding en ooreenkomste op te stel wat dan namens die twee regerings onderteken moes word. Verder moes die werkskomitee aandag gee aan noodsaaklike dienste en fasiliteite wat by onafhanklikwording beskikbaar moes wees, asook die finansies daarvan; byvoorbeeld 'n toereikende parlementêre kompleks; administrasiegeboue; statusgeboue vir die president, eerste minister en ander hooggeplaastes; 'n goeie lughawe asook 'n gevangenis. Die Transkei-regering het self alreeds begin met die oprigting van die universiteit asook ander projekte.

Binne die bestek van 15 jaar het die Transkei bewys dat hy gereed is om 'n soewerein-onafhanklike staat te word. Hierdie snelle prestasie is as gevolg van die vermoë wat die Transkeise Xhosa openbaar het om hulleself te regeer, asook die samewerking van hulle leiers met die Republikeinse regering. Mnr. Vorster, die Eerste Minister, het Kaizer Matanzima en sy kabinet geprys vir hulle leierskap en bekwame administrasie. Die wyse waarop die ontmoeting in die Uniegebou gekenmerk is, het daarop gewys dat die staatkundige vooruitgang aan 'n gesamentlike poging te danke was. Die patroon wat in Transkei ontplooi het, word gesien as 'n meestersplan vir die ander tuislande op die pad na onafhanklikheid. (Planne vir onafhanklikheid vir die Transkei, 17/5/1974).

Op 6 Junie 1974 het Matanzima gesê: "This is a stage when the relationship between the Transkei and South Africa should grow even closer because of the world situation. South Africa is our common

home and we do not want the status quo disturbed by external revolutionary forces. The Transkei seeks the most harmonious relations with South Africa. Where we have to differ, let us differ as a family and not by to fight each other when we have common enemies outside South Africa." (Matanzima, 1976: 92).

- Burgerskap en grondaansprake:

Op 10 September 1974 het mnr. Vorster, na samesprekings met die Hoofminister gesê dat die regering ten gunste van erkenning van volle onafhanklikheid aan die Transkei was. (De Wet, Oktober 1976: 8). Mnr. Vorster het daarop gewys dat die blankes in Transkei, as burgers van die Republiek van Suid-Afrika, kan verseker wees daarvan dat die regering hulle belange sal beskerm: "... No white living in the Transkei will forfeit his citizenship as a result of the Transkei becoming independent. Should a South African citizen, however, adopt citizenship of the future Transkei state he will lose his South African citizenship, as (is) the case when a South African adopts citizenship of any other foreign state. ...There is nothing new in the situation whatsoever. Transkeian citizens will be treated as citizens of an independent black country." (Laurence, 1976: 14).

Die kapteins sou steeds in die Wetgewende Vergadering sitting hê, maar hulle invloed sou vermeerder in 'n onafhanklike Transkei. Op 6 Oktober 1974 na sy terugkeer van die Verenigde Nasies, het Matanzima gesê: "I become more and more convinced that this period of tribulation against South Africa is not directed only against the White population but against every-loving Black in the country. I believe that, as South-Africans, we must stand together and solve our problem as a South-African Nation. Repulse any interference by outsiders who are ignorant of peaceful development in our country; and work towards the finishing of racial differences." (Matanzima, 1975: 73).

'n Tweede kabinetsskotevergadering in Desember het verdere

vordering aangetoon; daar was 'n ooreenkoms bereik oor grond. Port St. Johns, 'Witkollie' in die Transkei en alle eiendom wat deur die Bantoe Trust besit was, sal oorgegee word op of voor onafhanklikheid op 26 Oktober 1976. Alle grond wat nog aan die Transkei gegee moes word sou bygevoeg word. Verder is ooreengekom dat die Xhosa Ontwikkelingskorporasie op of voor onafhanklikheid in twee sal verdeel om te voorsien vir die oprigting van 'n afsonderlike Transkei Ontwikkelingskorporasie.

Die Desember-vergadering van die kabinetskomitee het ook 'n geringe aanduiding gegee van 'n hangende verskil; naamlik Transkeise burgerskap. Die vraag was of die definisie van Transkeise burgerskap alle natuurlike van Transkei se oorsprong insluit wat ook in Suid-Afrika gebly het. Mnr. Vorster het alle natuurlike in 'blanke' gebiede as burgers van die 'tuislande' beskou, en volgens hom was alle Swartes burgers van een of ander tuisland. (Laurence, 1976: 112 - 113).

Opperhoof Matanzima het voortdurend aangedring op die erkenning van die permanentheid van Natuurlike in die Blanke gebiede wat hulleself nie langer met die tuislande identifiseer nie. By die gesamentlike vergadering van die Eerste Minister en Tuislandleiers het Matanzima gesê dat hy nie Transkeise burgerskap sou forseer op mense in die 'wit' gebiede nie. Volgens hom sou hulle 'n keuse gegee word tussen Suid-Afrikaanse en Transkeise burgerskap en diegene wat daarteen was om Suid-Afrikaners te bly sou die 'indaba' wees van Suid-Afrika. (Rand Daily Mail, 22 March 1976).

- Eksterne teenkanting teen erkenning van Transkei se onafhanklikheid:

Suid-Afrika en die Transkei het 'n opdraande stryd gevoer in hulle versoek om wêreldaanvaarding te verkry vir 'n onafhanklike Transkei. So lank terug as 1960 het die Organisasie vir Afrika Eenheid (OAE) 'n standpunt ingeneem teen die erkenning van enige opkomende Natuurlike staat wie se grense nie ooreenkom met die

grense wat deur die koloniale magte uitgesny is nie. Hulle was bang dat Afrika opgedeel wou word in honderde ministate wat op stamskap gebaseer is. Binne die Suid-Afrikaanse konteks was die koloniale grense soos daardie wat in die tyd van Uniewording (1910) vasgestel was. Die OAE het gevoel dat die Transkei daardie beskrywing geskend het. Hulle standpunt was belangrik want baie Westerse lande sou hulle siening deel. Die OAE se teenstand teen die Transkei was versterk deur sy weerstand teen apartheid en "its conviction that an independent Transkei would be the product of apartheid." (Laurence, 1976: 118 - 119).

In April 1975, nadat die Transkei homself verbind het tot onafhanklikheid en Suid-Afrika se deténte-beleid, het die Ministersraad van die OAE die Dar-es-Salaam-verklaring oor Suid-Afrika aangeneem. Dit het geen aanmoedigende aanduidings gegee van 'n versagting van vyandigheid teen die tuislande nie. Die bereidwilligheid van Pretoria om onafhanklikheid aan die Transkei te gee, het geen indruk gemaak nie. Die veldtog van beleid oor Suid-Afrika het ontoegeeflik verklaar dat daar geen regverdiging was vir 'n verandering van siening deur Swart Afrika nie: "... The (South African) regime should immediately and unconditionally release the nationalist leader Nelson Mandela and lift the restriction order on Robert Sobukwe as well as hundreds of other nationalist leaders who are now in South African jails or under restriction orders." (Laurence, 1976: 119). Verder het die verklaring bygevoeg: "... The council of ministers of the OAU reaffirms free Africa's total rejection of apartheid and all its ramifications, including any so-called independent homelands within South Africa." (Laurence, 1976: 119).

Die tuislande se leiers was nie welkom in die O A E nie. Die gevolg van die Dar-es-Salaam-sending was dat die Verenigde Nasies se politieke komitee op 30 Oktober 1975 standpunt ingeneem het teen die erkenning van die Transkei. Met 100 stemme teen nul het dit die tuislandbeleid van Suid-Afrika verdoem en het alle regerings en organisasies gevra om geen erkenning aan enige gesag daarvan te

gee nie. (Laurence, 1976: 119). Dus het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies se staatkundige Komitee besluit om nie die tuislande in Suid-Afrika te erken nie; en sodoende sal die Transkei nie as lid van die Verenigde Nasies toegelaat word wanneer dit op 26 Oktober 1976 onafhanklik word nie.

Die Transkei het alle reg op onafhanklikheid; dit het meer wetlike, politieke en ekonomiese reg op onafhanklike status as dosyne lede wat lid was van die VN. Die Transkeise volk is materieel beter daaraan toe en sy ekonomiese ontwikkeling is vinniger as in die meeste Afrika-lande en verder is hy baie minder afhanklik van Suid-Afrika as byvoorbeeld Lesotho, of soos Somalië van Rusland of Uganda van Libië afhanklik is. Gevolglik, wanneer die Transkei in 1976 onafhanklik word, sou die heel laaste bewys vir sy soewereiniteit, die VN se stempel van goedkeuring wees. (Die Klugspel van die Verenigde Volke, 31/10/75).

Die kern van Matanzima se antwoord was dat Transkei die slagoffer was van diskriminasie want hulle kry hulle onafhanklikheid van Suid-Afrika: "... In no less a measure than virtually every black nation in Africa were Transkeians the victims of European imperialism and colonialism of past centuries. It is purely an accident of history - over which we had no control whatsoever - that our colonial rulers, the British, transferred their sovereignty over us to another power, the Union of South Africa." (Rand daily Mail, 1 November 1975).

Die BLS state het hulle onafhanklikheid verkry binne die grense wat opgetrek was deur die koloniale magte, terwyl Transkei se onafhanklikheid 'n hersiening van koloniale grense noodsaaklik gemaak het. Dr. van der Ropp sê: "... To be recognised by the western powers as an independent state the Transkei will have to win diplomatic recognition in Africa first." (Laurence, 1976: 120).

Industriële ontwikkeling, naas politieke ontwikkeling, het die

groot hoop gebly vir die deurbraak na ekonomiese ontwikkeling; hierin was die hoop gevestig om die afhanklikheid van migrante arbeid te verminder; om die natuurlike vermeerdering van werksoekers te absorbeer; en om werk te verskaf aan die landbouers wat saamgepak het op die landbougrond. Ongelukkig kon die fabriek by Umtata en Butterworth nie genoeg werk verskaf nie, maar daar is geglo dat die eerste paar jaar toegewy moes word om te voorsien in die verwagte infrastruktuur en dat die opvolgende jare ekonomiese groei sou toon. Die Xhosa Ontwikkelingskorporasie was deur Pretoria beheer. Pretoria se deel van industriële belegging in die Transkei, ingeslote daardie van wit agente, was meer as 60 persent of R28,2 miljoen van die R44,8 miljoen soos teen 31 Maart 1975. (Laurence, 1976: 128 - 129). Dr Adendorff van die Bantoe-Beleggingskorporasie het gesê dat wat in die tuislande gebeur het, is niks minder as 'n ontwikkelingsdeurbraak was nie; terwyl ander amptenare dit bestempel het as die mees ambisieuse sosio-ekonomiese program wat nog in Afrika onderneem is. (Ekonomiese Ontwikkeling in die Tuislande, 2/10/75).

- Status van Transkei Wet:

Die ontwerpgrondwet van die Transkei was opgetrek deur die verteenwoordigers van die mense van die Transkei. Daar was deeglik gedebateer oor hierdie ontwerpgrondwet en in sekere opsigte gewysig. In die tussentyd het die Suid-Afrikaanse Parlement die Status van die Transkei Wet aangeneem wat voorsiening moes maak vir die oordrag van soewereiniteit na Transkei vanaf die Republiek van Suid-Afrika na die Transkei-regering as 'n volle soewereine en onafhanklike staat. Gedurende die jaar wat onafhanklikheid voorafgegaan het, het 'n komitee van beide die Republiek van Suid-Afrika en Transkei verskillende ooreenkomste gesluit om die oordrag van mag te verseker en te vergemaklik. Onder andere sou Transkei in die Rand-monetêre stelsel bly; asook 'n lid van die Suid-Afrikaanse 'Customs Union' wat op daardie stadium bestaan het uit die Republiek van Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Swaziland, en appél teen die besluite van die Transkeise Hooggeregshof sou na

die Appélhof van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof in Bloemfontein gaan.

Die Transkei se burgerlike diens was hergeorganiseer om voorsiening te maak vir die uitvoering van die addisionele funksies wat na onafhanklikheid sal bykom. Intussen was opleidingsprogramme vir die mense van Transkei bespoedig sodat alle regeringsdiensfunksies deur die Transkeise mense so gou as moontlik self uitgevoer kon word. (This is Transkei, 1978: 13).

- Die vooraand van onafhanklikheid, 1975:

Ooreenkomste is bereik oor die prosedure vir die ondertekening van onafhanklikheid; die herorganisasie van die Transkeise Regeringsdiens; die posisie van Suid-Afrikaanse amptenare in die Transkei en die Transkeise burgers in die Republiek. In Junie 1975 het Opperhoof Matanzima verklaar dat die Transkei vry is om te onderhandel vir federale skakels met enige ander onafhanklike tuisland sowel as die vorige protektoraat en Suid-Afrika. In Augustus 1975 het die Kommissaris-generaal van die nasionale Xhosa Eenheid, mnr. D.H. Potgieter, in Ngqayi, Emboland in die Transkei, die goedkeuring gegee van die Suid-Afrikaanse regering oor federasie en gemenebesgedagtes: "I want to state emphatically here today that if in future any of the homelands want to amalgamate into one state after their independence then the South African Government will not interfere because it will be the domestic affair of those states to decide." (Campion, 1976: 135).

Opperhoof Matanzima het beoog om 'n verkiesing uit te roep na onafhanklikheidswording om sodoende 'n mandaat vir sy regering te verkry. Blankes wat hulle Suid-Afrikaanse burgerskap sou afstaan en burgers van Transkei sou word, sal volle regte hê om aan die politiek deel te neem en grond te besit; verder kan Suid-Afrikaners vrylik oor die grens beweeg.

Die nuwe Grondwet moet voorsiening maak vir 'n president as die hoof van die staat. Sy toestemming sal wetgewing geldig maak wat

deur 'n Transkeise Parlement aangeneem is. Die Parlement sal bestaan uit 75 'ex-officio' verteenwoordigende kapteins en 75 lede wat deur die mense verkies is. Die Uitvoerende Raad sal bestaan uit 'n kabinet met 'n Eerste Minister as die hoof. Vyf Transkeiers het opleiding in diplomasië ontvang deur Suid-Afrikaanse amptenare in Pretoria, of deur Suid-Afrikaanse ambassades in New York, London, Parys en Bonn. Ses was in Pretoria as inligtingsbeamptes opgelei.

Kragtens die Transkei Grondwet Wysigingswet, No 61 van 1975, sal die Transkeise Wetgewende Vergadering in die toekoms bestaan uit nie meer as 74 kapteins en 50 verkose lede, sodat daar ook verteenwoordiging kan wees vir die kapteins en mense van Glen Grey en Herschel. Vanaf 31 Maart 1975 het die Transkeise Departement van trustees die beheer oorgeneem oor alle polisiestasies, behalwe dié by Umtata, Butterworth, Idutywa, Umzimkulu en Engcobo wat nog tydelik onder Blanke beheer geplaas was. In April is besluit dat die Suid-Afrikaanse regering vir Transkei sou help om 'n weermag op te bou en sou die wapens en toerusting voorsien. Op 4 Augustus 1975 is die Transkeise weermag in die lewe geroep.

Teen Mei 1975 was al die dorpe van die Transkei, behalwe vir dele van Umtata vir burgers van die gebied gereserveer. Kragtens Goewermentskennisgewing R1 433 van 25 Julie 1975, was 'n een man komitee aangestel om ondersoek in te stel na die bewoning van grond wat geleë is binne die area van die jurisdiksie van die stedelike plaaslike owerheid van Port St. Johns vir besetting of verwerwing deur Naturelle. Die dorp was later bewaar vir Naturelle burgers van die Transkei, kragtens Proklamasie R257 van 14 November 1975. (Horrell, 1975: 127 - 128).

In Oktober 1975 het Kaizer Matanzima verklaar dat blankes welkom is om eiendom in Transkei te besit solank as wat hulle Transkeise burgers word; hulle kon selfs genomineer word vir verkiesing tot die Wetgewende Vergadering. 'n Blanke kan selfs Eerste Minister word; maar hy sê dat sover hy kan sien wil die meerderheid van

Blankes in die Transkei hulle Suid-Afrikaanse burgerskap behou; dit is slegs Blankes wat van oorsee af kom, wat Transkeise burgers wil word. (Transkei: the birth of a nation, 17 October 1975: 14).

Verder sal daar gekyk word na die geskiktheid van Port St. Johns as 'n hawe, of die Umgazimond indien Port St. Johns nie geskik is nie. Suid-Afrikaners sou nie 'n paspoort nodig hê om Transkei binne te gaan nie, want hulle wil vrye beweging tussen Transkei en Suid-Afrika hê. Hy wil graag 'n verkiesing uitroep voor onafhanklikheid, sodat daar met onafhanklikheidswording 'n nuwe kabinet is. Hulle glo in demokrasie en wou nie graag 'n eenpartystaat hê nie. (Transkei: the birth of a nation, 17 October 1975: 14).

Premier Vorster het hierdie stadium van konstitusionele ontwikkeling met die voorbereiding van onafhanklikheid vir Transkei op 26 Oktober 1976, as die 'derde dekade van afsonderlike ontwikkeling' bestempel. Dit is die stadium waarin die verlede se grondliggende doelstellings nou bekend word en nuwe doelstellings, ná die beleidsuitvoering tot voltooiing gebring is, nagestreef word. Op 2 Oktober 1975 het Opperhoof Matanzima aangekondig dat 26 Oktober 1976 die dag van onafhanklikheid sal wees. (Campion, 1976: 143).

Op 1 April 1966 is al die Transkeise grond deur Proklamasie 93 van 1966 van die SABB aan die Transkeise regering oorgedra, behalwe die grond wat betrokke was by die 1975-konsolidasievoorstelle, wat eers by onafhanklikwording oorgedra sal word. (Transkei: Ekonomiese Revue, 1975: 21). Wet No 61 van 1975 van 13 Junie 1975 was die wysigingswet op die Transkeise Grondwet van 1963 om voorsiening te maak vir die insluiting van die distrikte Glen Grey en Herschel in die Transkei; voorsiening te maak om die samestelling van die Wetgewende Vergadering te verander; en die getal kiesafdelings in die Transkei te verander. (Wet No. 61 van 1975: 3).


TRANSKEI-TERRITORIUM: GRONDEISE EN WINSTE TOT C.1978: ETNIESE EISE: (Kyk Kaart 30).

Glen Grey en Herschel:

Administratiewe ontwikkeling aan albei kante van die Keirivier het begin vanaf die Glen Grey-Wet van 1894, waardeur die plaaslike distriksrade gevestig is. Die daaropvolgende samevoeging van die Transkeise streeksrade het in 1931 in 'n algemene raad, die Verenigde Transkeise Gebiede (die Bunga) gekulmineer om sodoende al die Transkeise Gebiede in een gesagsstelsel te verenig met beperkte funksies. Vanweë territoriale skeiding was die Ciskeise gebiede nie hierby betrek nie. So het die Xhosa se staatkundige ontwikkeling sy beslag gekry.

Die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur van 1959 het slegs een Xhosa nasionale eenheid geïdentifiseer. Hierdeur is voorsiening gemaak vir die konstitusionele ontwikkeling van etniese entiteite in plaas van geografiese eenhede. Die Transkeise Gebiedsowerheid het ingevolge hierdie wetgewing gevra vir selfregering wat Ciskei nie ingesluit het nie. Ciskei het eers in 1972 selfbestuur verkry. Hiermee is die territoriale skeiding noord en suid van die Kei ook op 'n konstitusionele vlak bevestig en het 'n moontlike samevoeging volgens 'n gemeenskaplike staatsidee verder vervaag. Die konsolidasieplan van 1975 het voorsiening gemaak vir territoriale aanpassings wat met die konstitusionele skeiding sou saamval, want die Ciskeise distrikte Glen Grey en Herschel is tot Transkei toegevoeg om sodoende deur die korridor die territoriale skeiding volkome te maak. (Vergelyk kaart 30).

Op 15 Maart 1975 is besluit dat die Glen Grey en Herscheldistrikte na die Transkei mag oorgaan, as gevolg van hulle uitsluiting uit die Ciskeise konsolidasieplanne deur die Suid-Afrikaanse regering. Op 27 Maart 1975 was dit aangekondig dat Port St. Johns by Transkei ingekorporeer word. (Campion, 1976: 81 - 82). Op 18 Maart 1975 het die Gekose Wetgewende Vergadering met 'n oorweldigende



KAART 30: TRANSKEISE TERRITORIALE EISE
 (Bron: Pienaar, 1985, 130)

meerderheid toegestem dat Glen Grey en Herschel deel kan word van Transkei. (Vergelyk kaart 30). Op 1 Desember 1975 het die Glen Grey en Herscheldistrikte van Ciskei amptelik deel geword van die Transkei. P. Laurence wys daarop dat daar nie in 1975 'n referendum gehou was nie. Glen Grey was deur proklamasie oorgegee aan die Transkei; maar die inwoners van die distrik was uitgenooi om aan die plaaslike Bantoe-kommissaris te skryf indien hulle nie ooreenstem met die idee om Glen Grey deel te maak van die Transkei nie. 'n Baie klein getal persone het daarop gereageer. (Laurence, 1976: 97).

Die onvolkome toepassing van die nasiestaatmodel met betrekking tot die Xhosa maak permanent spanning en konflik in die tussenstaatlike betrekkinge van Transkei en Ciskei. Sedert die onafhanklikwording van Transkei het die verhouding tussen Ciskei en Transkei versleg, totdat dit 'n laagtepunt bereik het na Ciskeise onafhanklikwording op 4 Desember 1981. Die owerhede van beide state weier om mekaar se staatkundige soewereiniteit te erken. (Pienaar, September 1985: 129 - 130; Vgl. ook Le Roux, Augustus 1987: 112 - 113).

Aansprake op Ciskei (Kyk Kaart 30):

Ten spyte daarvan dat Transkei en Ciskei etnies en kultureel baie in gemeen het, is daar gedurigdeur spanning en konflik. Die blote bestaan van twee afsonderlike state vorm 'n probleem. Inter-etniese konflik gedurende die agtiende en negentiende eeu, is belangrike historiese redes wat die konflik veroorsaak. Inter-etniese konflik het veroorsaak dat daar 'n verdeling en skeuring was in die geledere van die Xhosas. In 1720 sou 'n burgeroorlog in Xhosageledere plaasgevind het as gevolg van die opvolgingstryd tussen Gcaleka en Rarabe. Rarabe en sy vader het hulle egter in Ciskei weswaarts oor die Keirivier gaan vestig en sodoende is die Xhosa-groepe onherroeplik in twee verdeel. Hierdie etniese skeuring het gelei tot 'n territoriale verdeling en grootskaalse immigrasie en besetting van Ciskei het plaasgevind. (Le Roux, Augustus 1987: 113 - 115).

Oor die jare heen het hierdie verdeling permanent geraak en by die groepe in Ciskei het 'n eiesoortige karakter en nasionale bewussyn ontwikkel, wat vandag deur die Ciskeise leiers as rede aangevoer word waarom hulle nie met Transkei wil verenig nie, alhoewel hulle etniese verwantskap nie ontken kan word nie. In 1978 het president Sebe van Ciskei verklaar dat die Ciskeise bevolking 'n afsonderlike nasie vorm vanweë sy eiesoortige historiese ontwikkeling. "The Xhosas of the Ciskei emerged as a nation of people with a separate identity to their relatives on the other side of the Great Kei (the Transkei) who had not shared in the same experiences..." (Le Roux, Augustus 1987: 115).

Die Transkeise leiers verwerp die argument dat die etno-territoriale verdeeldheid van stamgroepe gelei het tot die ontstaan van 'n Ciskeise nasionale bewussyn; want die Xhosa en ander stamgroepe in Transkei is etnies en geografies meer verspreid as die Ciskei en tog het die verskillende stamgroepe van Transkei nie afsonderlike bewussyn ontwikkel nie. Verder het Ciskei en Transkei oorspronklik deel gevorm van 'n omvattender grondgebied wat aan die Kaapse Nguni behoort het. Die verskillende stamgroepe binne die gebied het almal deel gevorm van 'n groter 'Xhosastaat'. Volgens Kaizer Matanzima het die opvatting van staat en staatsgrense by die Kaapse Nguni ontbreek in die tydperk voor die kontak met die Blanke.

Kontak met die Blanke het 'n belangrike historiese faset met betrekking tot die problematiek tussen die Ciskei en Transkeise owerhede gebring. Die anneksasie van Ciskei het in 1811 begin en is in 1865 voltrek toe dit by die Kaapkolonie ingelyf is; terwyl die proses in Transkei in die tydperk 1872 tot 1894 afgehandel is. Britse beheer tussen die Vis- en Umzimkulurivier het groot invloed gehad op die ontwikkeling van twee afsonderlike geopolitieke entiteite. Staatkundige verdeling van etniese groepe het plaasgevind as gevolg van die afsonderlike administrasie en politieke beheer; sodoende het elke gebied met verloop van tyd 'n eiesoortige administratief-staatkundige status ontwikkel wat

bevorderlik was vir die ontwikkeling van aparte staat- en nasieskappe.

Die problematiek tussen die Ciskei en Transkei kan in 'n groot mate aan die Britse inmenging in die huishoudelike aangeleenthede van die Kaapse Nguni toegeskryf word, asook die feit dat hulle die leiers aan weerskante van die Keirivier op 'n subtiele wyse teen mekaar afgespeel het, terwyl sekere stamgroepe hervestig is op die historiese grondgebiede van ander. 'n Verdere faktor is die 'Wit Korridor' ten weste van die Keirivier wat Ciskei geografies van Transkei skei en hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik is dat die geografiese samevoeging van die twee gebiede op 'n dooie punt eindig. (Le Roux, Augustus 1987: 115 - 117).

Met Uniewording in 1910 het Ciskei en Transkei die Suid-Afrikaanse regering se verantwoordelikheid geword en sy beleid was 'n voortsetting van die Britse benadering. In die tydperk 1910 - 1948 is die beleid van segregasie op rassegrondslag binne uniale verband toegepas. Ciskei en Transkei is as Swart reservate van die destydse Unie beskou. Die beleid van segregasie was bevorderlik vir die ontwikkeling van afsonderlike staatskappe. Die afsonderlike administratiewe en owerheidstrukture soos byvoorbeeld die Verenigde Raad van Transkeise Gebiede (die Bunga) van 1931 en die Ciskei Algemene Raad van 1934 sou die belangrikste onderbou verskaf vir die ontwikkeling van die twee state. In 1934 en in 1939 is daar versoeke van Transkeise kant aan Ciskei en die Suid-Afrikaanse regering gerig om die twee gebiede te laat saamsmelt. Die Ciskeise owerheid se negatiewe reaksie het veroorsaak dat 'n gulde geleentheid verlore gegaan het om die probleem van Ciskei en Transkei op te los. Albei die state sou voortgaan om as afsonderlike state te funksioneer en sodoende het die probleem van staatkundige verdeling van die Xhosavolkseenheid feitlik permanent geword. (Le Roux, Augustus 1987: 118 - 119).

Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party regering in 1948

het die beleid van apartheid (afsonderlike ontwikkeling) voorsiening gemaak vir die daarstelling van etnies gebaseerde nasies; die verlening van groter selfbestuur; die skepping van afsonderlike state vir elke swart bevolkingsgroep en die vooruitsig van volkome onafhanklikheid. Die praktiese toepassing van hierdie beleid sou neerkom op die skepping van 'n erkende staat vir die Kaapse Nguni. Deur die bevindinge van die Tomlinsonkommissie in 1955, die bepalings van die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur van 1959 en die aanstelling van een kommissaris-generaal vir die Xhosa volkseenheid in 1960 het dit gelyk asof die regering ten gunste daarvan was om die gebiede tot een Xhosastaat te konsolideer.

Ten spyte van hierdie siening het die Suid-Afrikaanse regering voortgegaan met die afsonderlike administrasie en staatkundige ontwikkeling van Ciskei en Transkei. Kragtens die bepalings van die wet op Swart owerhede van 1951 is 'n gebiedsowerheid vir Transkei in 1956 en een vir Ciskei in 1961 ingestel. Gedurende April 1961 het die Transkeise Gebiedsowerheid die Suid-Afrikaanse regering versoek om die Ciskeise Gebiedsowerheid ongeldig te verklaar en die gebied by hom in te lyf, aangesien hy Ciskei as deel van 'n groter Xhosaland beskou het. Daar het egter niks van hierdie versoek gekom nie.

Die probleem van die staatkundige verdeling van die inwoners van Ciskei en Transkei is vergroot in 1963 toe selfregering aan Transkei verleen is, met die uitsluiting van Ciskei. Sodoende het Transkei en Ciskei hulle op verskillende vlakke van staatkundige ontwikkeling bevind. Die moontlikhede van staatkundige eenwording van die twee gebiede het al minder geword. In 1967 het die Ciskei dus besluit om nie met amalgamasie voort te gaan nie, maar eerder om die Suid-Afrikaanse regering se aanbod van administrasie desentralisasie te aanvaar vir 'n verdere staatkundige ontwikkeling. Die Ciskei wou eers oor dieselfde staatkundige status beskik as Transkei. Die Transkei het hierdie voorwaarde as 'n doelbewuste poging van Ciskei gesien om afsonderlik tot staat-

en nasieskap te raak en sodoende Transkeise oogmerk van een groot Xhosastaat te verongeluk. Dit het tot die eerste regstreekse konflik gelei tussen die Ciskeise- en Transkeise owerhede. (Le Roux, Augustus 1987: 119 - 121).

Daar kan duidelik tussen die periode voor Transkeise onafhanklikheid en die periode daarna onderskei word, in Transkeise pogings om 'n amalgamasie met Ciskei te vorm. In 1968 en later weer in 1971 het die Transkeise regering die RSA-regering versoek om die twee gebiede te verenig. Die regering het geantwoord dat dit 'n aangeleentheid was vir die Xhosa-owerhede. Selfs nie die referendum van 1971 in die Glen Greydistrikte, waarin die Ciskeise mense oorweldigend gestem het om deel te bly van Ciskei, kan Kaizer Matanzima se etnies-gefundeerde eise beëindig nie. (Pienaar, September 1985: 131).

Die vernaamste redes waarom die Ciskeise owerheid besluit het om eerder die Suid-Afrikaanse aanbod te aanvaar van afsonderlike staatskap as om met Transkei te verenig was: 'n vrees vir oorheersing deur Transkei as gevolg van sy getalle oorwig; die voordele wat 'n selfstandige staat vir die Ciskeise leiers kan inhou op politieke en ekonomiese gebied; saam met 'n redelik goed-ontwikkelde nasionale bewussyn. (Le Roux, Augustus 1987: 121).

Die verlening van selfregering op 1 Augustus 1972 aan Ciskei was 'n bykans finale stap vir die skepping van 'n selfstandige Ciskeise staat, wat veroorsaak het dat Ciskei hom op dieselfde vlak van staatkundige ontwikkeling bevind het as die Transkei. Die RSA-regering het finaal afgesien van die aanvanklike voorneme om die Ciskeise en Transkeise inwoners in een staatkundige eenheid te konsolideer. Gevolglik het hulle hulle aan weerskante van die Keirivier onherroeplik in twee staatsverbande bevind. Die Transkei regering weer het dit duidelik gestel dat hy nie die bestaan van 'n selfregerende Ciskei erken nie en dit nie goedkeur dat die RSA-regering selfregering aan die Ciskei toeken nie. (Daily Dispatch, 6 April 1972).

Kaptein Mabandla, die eerste Ciskeise hoofminister, het as pragmaties verklaar dat hy te vinde sou wees vir aansluiting indien die Ciskeiers daarvoor sou vra. (Die Oosterlig, 11 Desember 1972). Die verhouding tussen die owerhede van Ciskei en Transkei is ernstig vertroebel, want die teenkanting van die Transkei teen 'n selfregerende Ciskeise staat het heftige reaksies ontlok aan die Ciskeise kant. Kaptein Mabandla het Transkei daarvan beskuldig dat hy in Ciskeise huishoudelike aangeleenthede inmeng en die Ciskei is nie bereid om 'n aanhangsel van die Transkei te wees nie. Hoofkaptein Matanzima het die betrekkinge nog verder vertroebel deurdat hy kaptein Mabandla 'n politieke kleuter en lakei van die Suid-Afrikaanse regering genoem het. (Daily Dispatch, 17 Desember 1972).

Nadat mnr. Lennox Sebe aan bewind gekom het en in 1973 sy Ciskeise National Independence Party gestig het, is Transkeise amalgamasie voorstel verwerp, aangesien hy deur sy onafhanklikheidsparty baie sterk Ciskeise sentripetale kragte ontketen het, waarin 'n aparte Ciskeise identiteit en nasieskap gepropageer is. Gevolglik is 'n enger Ciskeise nasionalisme bevorder ten koste van 'n groter 'Xhosa-identiteit'. (Pienaar, September 1985: 131). Sedert 1973 was daar toenemende spanning tussen die Ciskei en die Transkei. Mnr. Sebe het dus 'n sterk houding ingeneem teen die Transkei. Onenigheid het verder toegeneem as gevolg van onderlinge stamverskille, asook die aandrang van die Transkei-regering dat Glen Grey en Herschel by die Transkei ingelyf moes word. As gevolg van onderhandelinge is daar besluit om die twee gebiede by die Transkei in te lyf op voorwaarde dat Ciskeise ondersteuners in die twee gebiede toegelaat wou word om na Ciskeise gebiede te trek; dat hulle vergoeding vir hulle eiendom sou kry en dat mnr. M.C. Botha se departement moes sorg dat Ciskei addisionele grond moes kry en tot een gebied gekonsolideer moes word. Die Republikeinse regering het tot sodanige herreëling van die posisie ingestem. (Botha, 1981: 108). Dus is die verlening van selfregering aan Ciskei, Transkeise teenkanting daarteen en Ciskeise reaksie op

Transkeise houding, beslissende faktore vir die konflik tussen die twee state se owerhede.

Gevolgtik het die tydperk sedert die verlening van selfregering aan Ciskei in 1972 en die onafhanklikwording van Transkei in 1976 steeds gestaan in die teken van verslegtende verhoudinge, as gevolg van die amalgamasie kwessie. Hierdie stryd rondom amalgamasie is gekenmerk deur 'n toenemende Transkeise vasbeslotenheid ten gunste daarvan en 'n opbouende Ciskeise weerstand daarteen. Sedert 1974 het die amalgamasievraagstuk ontwikkel tot 'n openlike twis tussen die twee leiers. (Le Roux, Augustus 1987: 123).

In Maart 1974 het Kaizer Matanzima gesê: "If the Ciskei does not agree to amalgamation, I will immediately annex Glen Grey when the Transkei gets full independence." (Campion, 1976: 81). Daar was 150 000 Emigrante Temboes in die Glen Greydistrik en Kaizer Matanzima was die hoof van die stam in die Transkei. In Maart 1974 het hy verder aan sy Party Kongres ook verslag gedoen dat die Transkei 'n enkele onafhanklike Xhosastaat wou vorm met die Ciskei, maar dat dit vroeër verwerp was. Op daardie stadium het Glen Grey verkies om te bly in die Ciskei en die Kongres het aan Matanzima 'n mandaat gegee om amalgamasie te bereik voor onafhanklikheid; deur amalgamasie sou die twee buurstate 'n nasionale eenheid vorm. Transkei het Queenstown, Indwe en Glen Grey, wat almal Emigrante Temboes bevat het, geëis van die Ciskei.

In Augustus 1974 was onderhandelinge vir amalgamasie met die Ciskei eers gestaak, maar die deur tot eenheid met die Ciskei sou oop bly.

Die Republikeinse regering het te staan gekom voor die vraag of die Ciskei en Transkei nie as 'n politieke eenheid verenig moes word nie en dus as een verenigde Xhosaland onafhanklik word nie. Weens inligting wat deur mnr. J.H. Abraham verkry is, was besef dat daar 'n politieke risiko daaraan verbonde was, want kaptein Mabandla was wel in beginsel ten gunste van so 'n politieke vereniging, maar hy was die skoonseun van Poto, gewese leier van die Transkeise

Demokratiese Party. Die Matanzima-regering kan dus miskien bedreig en verslaan word na 'n politieke vereniging met die Transkei. So 'n politieke eenwording kan baie van die wrywing tussen die twee state uitskakel.

Mnr. M.C. Botha het op 13 November 1975 die Ciskei gevra of hulle met Transkei sou amalgameer. So 'n amalgamasie sou baie wrywing uitskakel, asook die baie bevolkingsverskuiwings onnodig maak. Dit was beklemtoon dat dit vir die Ciskei baie voordeliger sou wees om voor die Transkeise onafhanklikwording te onderhandel oor eenwording en dat die Republikeinse regering 'n sterker rol as bemiddelaar sou kon speel. Sebe se reaksie was negatief, soos reeds verwys in hierdie hoofstuk. (Botha, 1981: 108-110).

Kaptein Sebe het Transkeise voorstel vir amalgamasie verwerp en dit beklemtoon dat dit iets is wat Ciskei nie in daardie stadium van sy staatkundige ontwikkeling wil hê nie alhoewel hy glo dat dit op die langeduur onvermydelik was. Ciskei het verklaar dat die uitbouing van 'n eie staat- en nasieskap vir hom belangriker is as die bevordering van 'n omvattende Xhosa-nasionale eenheid of a pan-Xhosa-nasionalisme; iets wat die Transkei nie kan aanvaar nie. As gevolg hiervan het die Transkeise owerheid die inlywing van die Ciskeise distrikte Herschel en Glen Grey, wat op grond van die konsolidasievoorstel van 1975 aan Transkei oorgedra is, nie as die einde van sy amalgamasieplanne beskou nie.

Transkei het wel in 1976 met 'n aparte onafhanklikheid voortgegaan en selfs gedreig dat hy na sy onafhanklikwording Ciskei eensydig sou annekseer. Hierdie uitlating het 'n sterk anti-Transkeise gevoel veroorsaak by die Ciskeise owerheid en het gelei tot wedersydse beskuldigings van owerheidsweë dat Transkeise burgers in Ciskei getreiter word; dat Transkeise burgers anti-Ciskeise propaganda versprei; dat Ciskeise kabinetsministers aartsoportuniste is; dat Transkeise leiers mags- en grondhonger is; asook dat Ciskei mank gaan aan realistiese leierskap. In die tydperk 1976 en 1981 is die gespanne tussenstaatlike verhoudinge

vererger deur hoogbenoemde beskuldigings, asook insidente soos die weiering van die Ciskeise owerheid dat die Transkeise premier 'n begrafnis bywoon in Ciskei; asook die aanhouding van groot getalle Ciskei-burgers wat Transkei na bewering onwettig binnegegaan het. (Le Roux, Augustus 1987: 123 - 124).

Telkens is daar na die 'taal-, bloed- en kulturele' verwantskappe verwys wat nie in afsonderlike etniese groepe verdeel kan word nie. (Daily Dispatch, 17 March 1976). Die periode kort na onafhanklikheid van Transkei is gekenmerk deur pogings om 'n 'Anschluss' te bewerkstellig. Alhoewel die Ciskei gedreig is met anneksasie, moes die Transkeise leiers toegee dat die wit korridor as buffergebied 'n struikelblok was. (Eastern Province Herald, 29 March 1976).

BEREDENEERDE HISTORIESE EISE: (Kyk Kaart 30):

Binne-territoriale eise:

Die eerste eise was beperk tot die binne-territoriale gebiede wat gesoneer was vir blanke okkupasie, soos byvoorbeeld die opruiming van "wit kolle", dit is al die dorpsgronde, asook die blanke plase by Matatiele. Hierdie geografiese en ekonomiese eise is grootliks bevredig in die 1975-konsolidasieplan.

Buite-territoriale eise:

Mount Currie, Maclear en Elliot:

Die eerste reeks eise van buite-territoriale aard wat sedert 1971 dateer, berus hoofsaaklik op historiese oorwegings (Kyk kaart 30), aangesien daar verwys word na die feit dat Transkei in 1883 bestaan het uit 29 distrikte, insluitende ook die huidige Mount Currie, Maclear en Elliot. Die aansprake is verder deur ekonomiese redes ondersteun aangesien bykomende grond benodig word vir die groot aantal Transkeise burgers wat uit die RSA gerepatrieer is.

Die 1968-aanspraak op Ciskei was die eerste en omvangrykste etniese


eis wat tesame met die histories-gerigte aansprake 'n uitgerekte territoriale twis ingelui het met Suid-Afrika. Daar was selfs sprake van 'n omvattende federasie van swart state waarvan Groter-Xhosaland 'n komponent sou vorm; die vae verwysing na aansluiting met Kwazulu en die samesprekings met hoofminister Buthelezi moet hieraan gekoppel word. (Pienaar, September 1985: 133).

Opperhoof Matanzima het teen 1972 sy eis met die grootste territoriale omvang gestel in die navolging van sy doelwit van 'n meer gekonsolideerde swart okkupasiepatroon in Suid-Afrika. (Rand Daily Mail, 8 August 1972). In sy doelwit vir 'n Groter-Xhosaland, het hy sy plan met amalgamasie probeer kombineer met die herstel van die tradisionele Xhosa-territorium om sodoende die hele gebied tussen die Groot Vis- en Umzimkuluriviere stapsgewyse te verander in 'n 'super-Xhosastaat'. (Evening Post, 8 August 1972).

Die Ciskeise weerstand teen amalgamasie was 'n groot struikelblok in die eerste stap na Xhosaland-doelwit. Die beperkende grondkwotas wat vasgestel was deur die Ontwikkelingstrust- en Grondwet van 1936, het slegs die kleiner geografiese eise laat slaag, asook Glen Grey en Herschel. Laasgenoemde enklave se ligging het veroorsaak dat 'n nuwe geografiese eise vir 'n verbindingskorridor met die hoofgebied gevolg het. (Vergelyk kaart 30). (Daily Dispatch, 2 April 1975).

Op 10 September 1974 het mnr. B.J. Vorster goedkeuring gegee vir Transkeise onafhanklikheid, maar sy verklaring het nie duidelikheid gegee oor die Transkeise eise vir meer grond soos die distrikte van Elliot, Maclear, Matatiele en Mount Currie (Kokstad) nie. Mnr. Vorster het egter gesê dat die grond wat volgens die 1936-grondwet belowe was, binne vyf jaar gegee sou word.

Op 27 Maart 1975 was dit aangekondig dat Port St. Johns by Transkei geïnkorporeer word en op 2 April 1975 was 'n nuwe konsolidasiestap aangekondig wat meer grond by die Transkei gevoeg het. (Kyk kaart 31). Hierdie grond het die Bolotwa-Gwatyu plase in die



KAART 31: TRANSKEI VOOR EN NA KONSOLIDASIE (1975) EN TYDENS ONAFHANKLIKHEID, (1976). (Bron: Malan en Hattingh, 1976, p 215).

Queenstowndistrik; die Guba plase in die Indwedistrik; sekere plase aangrensend aan die Xalangadistrik in Elliot; die Umngavlake plase in Maclear; die Pitsing plase in Maclear; die Ongeluksnekvallei in die Matatiele distrik; die plase rondom Umvenyana, asook in die Matatiele distrik; Port St. Johns en die buurplase ingesluit. (Campion, 1976: 81 - 82).

Hardinggebied:

Later gedurende 1975 volg 'n tweede etnies-gerigte aanspraak vir grond naamlik die Natalse Kwazulugebiede van Harding (Alfreddistrik) en Port Shepstone, wes van die Umzimkulu, as gevolg van die aantal Xhosasprekendes wat daar gewoon het. Hoofminister Buthelezi het so skerp hierop gereageer deur te sê dat dit 'n saak was tussen die twee tuislandregerings en dat die inwoners van Harding en Port Shepstone onderdane van die Zoeloekoning was, dat alle onderhandelinge met Transkei onmiddellik gestaak is. (Campion, 1976: 82; Vgl. ook Pienaar, September 1985: 133).

Suid-Sotho's in die Maluti-streek:

In Desember 1975 het daar beroeringe ontstaan onder die Suid-Sotho's wat dekades reeds in Transkei, veral in die Malutistreek, teenaan Lesotho, gevestig was en van wie 'n kaptein in Matanzima se kabinet gedien het. Hulle het begin beswaar maak teen die onafhanklikwording van Transkei. Hulle het dit oorweeg om 'n interdik teen Transkei aan te vra; hulle het ook met die Suid-Sotho's buitekant die Transkei, byvoorbeeld die van Qwaqwa by Witsieshoek geskakel, wat spanning tussen die twee swart regerings veroorsaak het. Die Transkeise Suid-Sotho's wou onder die Transkeise gesag uitkom, want hulle het te kenne gegee dat hulle taal en tradisies in gevaar gestel sou word. Die Republikeinse regering het gesê dat hulle hulle vrese en wense by die Transkeise regering aanhangig moes maak; waarmee Matanzima korte mette gemaak het deur vir hulle te sê dat indien hulle ontevrede in die Transkei was, kan hulle padgee, maar die grondgebied waarop hulle gebly het, sou by Transkei bly. Gaandeweg het hulle ontevredenheid afgeneem. (Botha, 1981: 111).

Queenstown-gebied

In 1976 het die fokus met 'n sterk historiese ondertoon, na die Queenstowngebied verskuif, want volgens Transkei was dit deel van Temboeland. Na 1976 het pogings tot gebiedsuitbreiding meer omstrede geword; dieselfde historiese eise is herhaaldelik gestel, vergesel van dreigemente dat betrekkinge met die RSA op die spel was.

Die Temboe-kwessie is nog verder gevoer na onafhanklikheid deur te beweer dat die Whittlesee-gebied, suid van Queenstown en deel van Ciskei, ook aan die Temboes behoort; en dit is verder gevoer tot 'n gebied wat vaagweg beskryf is as die streek tussen Queenstown en Aliwal-Noord. Die oorblywende deel van die wit korridor suidoos van Queenstown is in 1977 in 'n aparte aanspraak op ekonomiese gronde uitgelig as gevolg van die belangrikheid om oor Oos-Londen se infrastruktuur en hawe te beskik. Die aanspraak is in 1981 om strategiese redes herhaal met suggestie dat die anneksasie van Ciskei daardeur deurgevoer kan word. (Pienaar, September 1985: 134).

Griekwaland-Oos:

Griekwaland-Oos is op 1 April 1978 by Natal ingelyf want dit het 'n eksklave van die Kaapprovinsie geword. In reaksie hierop in April 1978 het Umtata alle diplomatieke bande met Pretoria verbreek aangesien hierdie gebied histories aan die Pondo's behoort het en reeds lank geëis is. Matanzima se eis was gebaseer op 'n verdrag wat gesluit was tussen die Mpondo kaptein Faku en Brittanje in 1844. Hiervolgens was kaptein Faku erken as heerser van al die gebiede tussen die Umtata- en Umzimkuluriviere, en van die Indiese Oseaan tot aan die Drakensberge. (Pienaar, September 1985: 133 - 134; Vgl. ook Venter, 1978: 107 - 108). Die Steynkomitee het in Oktober 1976 gesê dat Transkeise eis vir Griekwaland-Oos is "without any factual foundation or justification, as the area has clearly been a Bantu tribal territory and for the past 115 years it has been an area of Griqua, Coloured and White settlement ...". (Venter, 1978: 108). Twee jaar later wou die Transkei egter die

diplomatieke verbintenis herstel.

Transkei het sy territoriale aansprake hoofsaaklik op 'n historiese basis gevestig met sterk maar afsonderlike territorialiteitspersepsies. Op grond van die agtergrond van die tradisioneel Xhosa-grondgebied, asook die feit dat die Transkei sy leierskap daaraan koppel, verklaar waarom die historiese oorweging die vernaamste rede vir die eise was.

Die Xhosasprekendes se tradisionele woongebied wat as staatkundige basis voorgehou mag word, het nie afgebakende grense gehad nie en gaan baie, baie verder terug in die geskiedenis as waarvoor daar dokumentêre bewyse is. Sodoende is die tradisionele gebied as territoriale konsep slegs 'n model wat op grond van mondelinge oorlewering, argeologiese bewysstukke en vae idee van vroeëre Nguni-vestigings met betrekking tot bekende fisiografiese verskynsels in die streek, saamgestel kan word. Die saak word baie bemoelik deur die aansienlike beweeglikheid van die vroeëre stamme; die gedwonge herverdeling van stamgebiede en die hervestiging van stamme tydens die tydperk van koloniale ingryping. 'n Goeie voorbeeld is die twis tussen die Xhosa van Ciskei en die Temboe van Transkei met betrekking tot die historiese grondbesit. Hier is dus 'n ernstige politieke-geografiese probleem, moontlik die van twee Xhosa-state en een de jure Xhosa-nasie. Daardie lede buite hul state sal nie 'n identifikasie met een Xhosa nasiestaat kan bereik, of 'n unifikasie op eksterne vlak bereik nie, voordat daar na 'n gemeenskaplike territorialiteitsgevoel onder al die lede van die interne nasie is nie. (Pienaar, September 1985: 137 - 138).

DIE TRANSKEI - LESOTHO KONFRONTASIE:

Die sluit van grense in Afrika het 'n sterk politieke gereedskap geword met net sulke sterk ekonomiese motiewe. Die oorsprong van Lesotho se eise betreffende die sluiting van sy grense met Transkei, die koste daaraan verbonde, sowel as Lesotho se eis vir 'n groot grondgebied in Suid-Afrika en Transkei lê in die

geskiedenis van die Britse kolonialisasie van Suid-Afrika. Deur 'n unieke kombinasie van historiese faktore gedurende die 19de eeu, het die Suid-Sotho wat nou in Lesotho woon en die Xhosa wat nou in Transkei woon onder die politieke sfeer van invloed van die Britse koloniale owerheid gekom. Sedert 4 Oktober 1966 was Lesotho onafhanklik. Daar is drie grenskontakpunte met Transkei.

Die werklike rede waarom Lesotho Transkei nie erken nie is hulle aanhang aan die Verenigde Nasies en die OAE se besluit om nie die Transkei te erken nie, gebaseer op die aangenome feit dat Transkei die produk is van apartheid. Wat Lesotho vergeet het was dat dit net so baie of net so min 'n produk van apartheid was as Transkei. Aangesien Lesotho gedruk was tussen die kragtige Suid-Afrika en die polities kragtiger Verenigde Nasies en OAE, was dit daarom op Lesotho geforseer deur toestande buite sy beheer om nie Transkei te erken nie.

Transkeise onafhanklikheid het Lesotho voorsien van geleenthede om nie net Suid-Afrika se binnelandse beleid aan te val of Transkeise vryheid te veroordeel nie, maar ook om die Verenigde Nasies 'n rekening van R82 miljoen te gee vir kostes van ontwikkelingsprojekte. Mnr. Molapo, Lesotho se Buitelandse Minister, het Suid-Afrika beskuldig dat hy sy grense met Lesotho gesluit het, aangesien hulle nie die Transkei erken nie. Die Suid-Afrikaanse regering het dit na die Transkeise regering verwys, maar mnr. Molapo het gesê dat hulle dit sien as 'n saak tussen hulleself en Suid-Afrika: hulle wou geen direkte skakeling met die Transkei hê nie. Hy het egter bygevoeg dat as gevolg van sy geografiese ligging, sal Lesotho gedwing word om 'n mate van funksionele verhouding met Transkei te hê.

Die ingange met Transkei was volgens Molapo baie belangrik vir Lesotho en in November 1976 het Lesotho die Verenigde Nasies gekontak en Suid-Afrika is beveel om die grens met Lesotho te heropen. Die Suid-Afrikaanse Buitelandse Minister het gereageer op hierdie valse eise en aan die Verenigde Nasies se sekretaris-

generaal geskryf waarin hy dit ontken en het dit uitgewys dat die Transkeise regering slegs sy regte uitoefen deur aan te dring op geldige reisdokumente vir mense wat Transkei binnegaan.

Mnr. D Koyana, die Transkeise Buitelandse Minister, het dit ontken dat die grensposte gesluit was. Al wat van die burgers van Lesotho gevra was is om in besit te wees van geldige reisdokumente. (Prinsloo, March 1977: 1 - 7). Hy het bygevoeg dat: "the Transkei Government will not tolerate the insult of Lesotho that it regards travel documents of the Republic of South Africa as the only legal travel documents to be used by citizens of the Republic of Transkei." (Prinsloo, March 1977: 7). Soos gewoonlik was Suid-Afrika en Transkeise verweer nie aanvaar deur die wêreldliggaam nie.

Colin Legum, 'n Britse joernalis, het Lesotho en Transkei besoek en gesê: "The UN Security Council's unanimous decision calling for the reopening of the borders between Lesotho, South Africa and Transkei demonstrates the extent of world hostility to the Pretoria regime, but shows a total disregard for the truth on this occasion..."

It took me only a day's journey along the rugged frontier between Transkei and Lesotho to show that traffic is flowing freely through the three mountain passes which lead down to the republic from the remote south-western corner of Lesotho...

Not one complained of any difficulty in crossing the border. One trader who makes the journey down the mountain daily, confirmed that on no occasion had the border been closed...

The Transkei authorities, who were understandably keen to disprove the allegations against them by the Lesotho Government, sent one of their officials with me to their border post to ensure I would be given full access to the records kept of the vehicles passing the three mountain passes." (Prinsloo, March 1977: 7).

Lesotho se beskuldiging dat Suid-Afrika verantwoordelik was vir die sluiting van drie grensposte tussen Transkei en Lesotho berus

daarop dat Lesotho nie die onafhanklikheid van Transkei erken nie, gevolglik is Suid-Afrika verantwoordelik vir die skending van 'n grensoorgang ooreenkoms wat in 1973 onderteken is. In terme van 'n internasionale wet, beskuldig Lesotho Suid-Afrika vir die verbreking van 'n verdragsooreenkoms. Die vloei van handel tussen Lesotho en die res van die wêreld was onversteurd en daar was vrye bewegings van migrante werkers na die Suid-Afrikaanse myne. Lesotho het geëis dat hulle omtrent R82 miljoen verloor het as gevolg van Transkeise visa vereistes vir Lesotho burgers wat Transkei binnegaan; 'n syfer word verkry wat 16 keer meer is as Lesotho se per kapita inkomste. Lesotho het geen verlies gehad as gevolg van die visa verskil nie. (Prinsloo, March 1977: 8 - 12).

In 'n onderhoud met Lesotho se Buitelandse Minister, het Roger Southall van 'African Development' die volgende geskryf: "Lesotho's relationship with the Transkei will not be purely determined by the lack of recognition. The geographic and political contiguity of the two territories will necessitate some form of working contact, and at the same time, Lesotho is alive to the possibility that Transkeian independence may bring new economic opportunities.

Lesotho will be prepared to co-operate with the Transkei on a functional basis. Mr. Molapo thinks that Lesotho is more or less forced to accept Transkeian passports, as otherwise border crossing by the territories' populations might be impossible, which would bring unnecessary hardship to the people concerned...

If the Transkeian Government were to build a harbour at Port St. Johns, Lesotho would have direct access to the sea." (Prinsloo, March 1977: 13). Vir eie belang het Lesotho dus besluit om erkenning te gee aan die bestaan van Transkei deur informele bande te handhaaf sonder formele erkenning.

Lesotho was bereid om met die res van die wêreld saam te werk deur nie die soewereiniteit van Transkei te erken nie. Vir sy samewerking het Lesotho ekonomiese bystand verwag van die internasionale gemeenskap. Gedurende Desember 1976 het Lesotho die

grensgeskil voor die Veiligheidsraad gaan lê as gevolg van die toenemende onrus, asook vrees vir grensbotsings.


Lesotho se Minister van Buitelandse Sake het aangevoer dat die sluiting van die Lesotho-Transkei-grens gelykstaande is aan 'n daad van aggressie; verder ook dat dit aansienlike ekonomiese probleme veroorsaak het, want afgeleë streke kan slegs deur paaie bereik word wat deur die Transkei loop en die gebiede aangrensend aan Transkei dra grootliks by tot Lesotho se landbou-uitvoere. Gedurende die sitting van 22 Desember het die Veiligheidsraad Lesotho gesteun en 'n beroep gedoen dat grootskaalse internasionale bystand verleen word aan Lesotho; verder moes Transkei dadelik die grensposte heropen. (Grensgeskil tussen Lesotho en Transkei: Feit of fantasie?, 1977: 38 - 39).

Samevattend:

Kaart 31 is 'n chorografiese sintese van die konsolidasie van Transkei op die vooraand van onafhanklikheid. Twee groot distrikte, Glen Grey en Herschel en mindere ander grond wat aan die Ciskei behoort het, sowel as plase wat in wit besit was het onder die eksterne grondwinste van Transkei getel. Intern is alle dorpe en dorpsmeente wat as "witkollie" bekend was, na Transkei oorgedra.

DIE BEVOLKINGSKOMPONENT:

Op die vooraand van onafhanklikheid het die Xhosa-sprekendes in Transkei nog steeds uit twaalf / dertien ruimtelik-onderskeibare stamme bestaan, waaronder Ama Qwathi, Bhaca, Bomvana, Emigrante Thembu, Gcaleka, Hlubi, Mfengu, Fingo, Mpondomise, Ntlangwini, Oos-Mpondo, Sotho, Thembu, Wes-Mpondo en Xhesibeni. (Kyk kaart 32 en vergelyk met kaart 24 en 25 (c.1950) en met kaart 12 (c.1880). Die San en die Khoi is binne 'n halfeeue deur die Xhosavolke uit hulle lande verdryf.



KAART 32: BENADERDE VERSPREIDING VAN STAMGROEPE (op distriksbasis) OP DIE VOORAAND VAN ONAFHANKLIKHEID, 1976

Dat hierdie verskeidenheid stamme bepaalde politieke affiliasies en politieke groeperinge gevorm het, was reeds al uit vorige Transkeiverkiesings duidelik: 'n Demokratiese Party-komponent was toe hoofsaaklik by die Ooskusgroepe waarneembaar, terwyl die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty die binnelandse gebiede oorheers het.

Die jaar van onafhanklikheid, 1976:

Gedurende die naweek van 3 - 4 Januarie 1976, tydens die Opposisie Demokratiese Party se Nasionale Kongres, was Mnr. Guzana as leier deur mnr. H.B. Ncokazi vervang. Laasgenoemde was lid van die Transkeise Wetgewende Vergadering. Sy hoofdoel was om Blanke oorheersing te verdryf. Volgens hom was die politieke eindbestemming van die Swartes vir 300 jaar in die 'onheilige' hande van die Blanke. (Campion, 1976: 143). Hy het bygevoeg: "The White man must do away with the policy of fragmenting our country. We will never stop regarding the Whites as imperialists as long as they continue to practise fragmentation. They can appoint Black envoys to go and protect their policy aboard, but they have no right to do what they are doing to our country." (Campion, 1976: 143).

Ncokazi het verklaar: "We shall be taking a hard line against independence." (Rand Daily Mail, 5 January 1976). Sy mense sou protesvergaderings hou en hulle glo dat die mense van Transkei teen onafhanklikheid is en indien iemand dit betwis het, kan 'n referendum uitgeroep word. Hulle sou die OAE en Verenigde Nasies kontak om te verhoed dat Transkei sy internasionale erkenning kan verkry.

Tydens die laaste sessie in Maart 1976 oor onafhanklikheid, was een van die eerste stappe van Matanzima om aan te kondig dat sy regering nie vir Mnr. Ncokazi as leier van die Opposisie sou erken nie; mnr. Guzana wat die nuwe Demokratiese Party gevorm het was amptelik as die leier erken. Die Opposisie was in drie kampe verdeel, naamlik die onder Guzana, die onder Dalindybo en die

onder Ncokazi. Dié verdeling het Opperhoof Matanzima se regerende party verder versterk. Vyf nuwe setels in die vergadering was vir verteenwoordigers vanuit Glen Grey en Herschel geskep. Al vyf het in die spesiale verkiesing in April 1976 onder die TNOP geressorteer. Die TNOP-oorheersing van die wetgewende vergadering was byna totaal.

Opperhoof Matanzima het gedurende sy party se kongres in Maart 1976 gepraat van 'n referendum, maar dit was nie 'n referendum in die ware sin van die woord nie. Vergaderings is gehou waar onafhanklikheid bespreek is; maar daar was geen geheime stemming nie. Die proses was as 'n stamverkiesing beskryf. Matanzima het elke keer die opposisie se pleidooie vir 'n ware referendum weggewys. (Laurence, 1976: 78 - 79, 10 - 11). Die hoofminister het die volgende gerapporteer: "At the moment the position is perfectly clear that the Transkei people overwhelmingly want independence. The figures at present are: in favour 137 166 and against 27 113. The opponents are not even a quarter of the people who want freedom." (Laurence, 1976: 11).

Vollediger uitslae van die stemming was later verskaf. Die kommentaar van Bill Krige, 'n joernalis wat die ontwikkeling vanaf Umtata dopgehou het vir die grootste deel van die vooraf fase vir onafhanklike selfregering was geskik: "The outcome stretches credibility to the limit. Of the 229 bodies polled, 148 failed to record a single vote against independence. Of the 60 urban boards scattered in the three provinces - only seven recorded any vote at all against inkululeko. And the total no vote recorded by Transkeians in white South Africa was 21 in a poll that included the sprawling township complexes of Cape Town, Port Elizabeth and Johannesburg. The sampling can be considered only as unrealistic and unreliable." (Laurence, 1976: 11).

Tussen 25 en 27 Julie 1976 was vyf DP kandidate in die verkiesing, ingeslote Ncokazi en sy hele uitvoerende komitee, gevange gehou volgens Proklamasie 400. (Southall, [s.a.]: 131 - 132).

Volgens die Oosterlig van 21 April 1976, het Hoofminister Matanzima by 'n kongres van die Buitelandse Sakeverenigings die beleid van afsonderlike ontwikkeling geloof en verder gesê: "Die beleid van afsonderlike ontwikkeling, hoewel nie perfek nie, is die enigste wat in Suid-Afrika kan uitwerk. Die Progrefs, die Liberale en hul simpatiseerders is op die verkeerde pad." (Die Oosterlig, 21 April 1976).

Die Konsepgrondwet en Grondwet van Transkei:

Transkeise reseskomitee het homself hoofsaaklik doenig gehou met die nuwe grondwet van Transkei en op 23 April 1976 het dit verskyn in 'n spesiale Transkeise amptelike koerant vir kennisname en kommentaar. Hierdie grondwet moes uitsluitlik deur die Transkeise Wetgewende Vergadering aangeneem word en dan op die eerste dag van onafhanklikheid net formeel deur hulle nuwe parlement bekragtig word.

Vroeg in Mei 1976 is die konsepgrondwet by die Wetgewende Vergadering ingedien en mettertyd met enkele wysiginge goedgekeur. Die konsepgrondwet was opgestel deur die verteenwoordigers van die mense van Transkei. Die Suid-Afrikaanse regering het geen deel daarin gehad nie. (Botha, 1981: 110 en 112).

Die konsepgrondwet is 'n omvattende dokument bestaande uit 76 artikels en 11 bylaes wat die staatsregtelike reëls vir die nuwe republiek daarstel. Verder geld daar ook nog seker konstitusionele konvensies ten opsigte van die magte, bevoegdhede en funksies van die presidentsamp, wat spesifiek ontleen is uit die amp van die van die Staatspresident in die Republiek van Suid-Afrika.

Die konsepgrondwet is in Umtata ter tafel gelê en nie in die Suid-Afrikaanse Parlement nie. Dus word die konsepgrondwet en die uiteindelijke republikeinse grondwet nie simbolies eensydig deur die Suid-Afrikaanse regering afgedwing op die Transkeise volk nie, aangesien die Transkeise volk die onderskeie dokumente aan sy eie

wetmakende owerheid voorlê vir bekragtiging. (De Wet, Oktober 1976: 18).

Transkei gaan 'n nie-rassistiese benadering volg soos afgelei uit die Transkeise konsepgrondwet: eerstens, omdat burgerskap van Transkei nie slegs tot Xhosaspreekende inwoners van die gebied, wat die grootste gedeelte van die bevolking uitmaak, beperk is nie, maar uitgebrei word tot almal wat in die gebied gebore is of wat daar gedomisilieer is, ongeag van etniese en rasseverband. Tweedens, aangesien sekere differensiërende wetgewing met 'n rasse-insig wat onmiddellik voor onafhanklikwording gegeld het, met die inwerkingtreding van die grondwet afgeskaf word.

Dit sluit die volgende in: Die Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe van 1953; die Wet op Groepsgebiede van 1966 en die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad van 1964. 'n Totaal van 78 Suid-Afrikaanse wette wat tot onmiddellik voor onafhanklikwording in Transkei gegeld het, is in hulle geheel deur die Republiek van Transkei herroep. (De Wet, Oktober 1976: 19, 28 - 29).

In die Transkeise konsepgrondwet, wat op 26 Julie 1976 sonder wysiging deur die Suid-Afrikaanse Parlement aanvaar is, word die posisie van veral Blankes en Kleurlinge in Transkei met sy onafhanklikheid uiteengesit. Hierdie wet bepaal dat met onafhanklikwording sal hulle nie outomaties Transkeise burgers word nie. Hulle kan kies of hulle Transkeise burgers wil word of burgers wil bly van die Republiek van Suid-Afrika. Die eiendom van Blankes en Kleurlinge wat verkies om na onafhanklikwording terug te keer na die Republiek, sal uitgekoop word deur die Suid-Afrikaanse Bantoetrust en alle goed wat op die liggaam se naam geregistreer is, sal oorgedra word aan die Transkeise Regering.

Alle Transkeise dorpe wat tot en met onafhanklikwording onder Blanke beheer gestaan het, ressorteer dan onder die soewereiniteit van die Transkei. Munisipale amptenare wat nie in diens wil bly na die datum nie, sal soortgelyke betrekkings kan aanvaar in die

Republiek. Swart Transkeiburgers wat in Suid-Afrika woon en werk, sal burgers van net Transkei word en dus hulle burgerskap van Suid-Afrika moet inboet, maar sal egter geen ander bestaande voorregte inboet nie. Artikel 57 van die konsepgrondwet omskrywe die persone wat burgers van die Republiek van Transkei sal wees.

Betreffende die vraag oor burgerskap, moet 'n Burgerskapsraad gevorm word, bestaande uit drie verteenwoordigers elk van die Transkeise en Suid-Afrikaanse regering onderskeidelik, om te besluit oor gevalle waar daar twyfel is. Elke persoon wat in die Transkei gebore is sal 'n burger wees, sowel as enige persoon wat buite die Transkei gebore is wie se vader 'n burger van die Transkei is. Klousule 51 wys daarop dat alle Swartes wat onder die bestaande wette Transkeise burgers was, dadelik outomaties burgers van die onafhanklike Transkei sou word en klousule 58 wys daarop dat ander meerderjarige persone wat Suid-Afrikaanse burgers was en vyf jaar wettig in die Transkei gewoon het, op die voorgeskrewe manier aansoek sou kon doen om Transkeise burgerskap. (De Wet, Oktober 1976: 28 - 29; Vgl. ook Botha, 1981: 113).

Artikel 58 maak voorsiening vir individue om Transkeise burgerskap te verkry deur vrywillige aansluiting en registrasie; subafdeling (b) verwys in so 'n geval na die aansoek van 'n persoon: "who is predominantly Xhosa-speaking or Sotho-speaking and is a member of or descended from, or ethnically, culturally or otherwise associated with any tribe resident in any [Transkei] district." (Stultz, [s.a.]: 22).

Hierdie vrywilligheid was nie in die vroeëre konsepgrondwet nie en was eers in Julie 1976 bygevoeg toe die Transkeise Wetgewende Vergadering die dokument vir die laaste keer hersien het. Matanzima het dit laat verstaan dat al sulke individue wat langs die Transkeise grense gebly het en wat dit verwerp het om vir Transkeise burgerskap aansoek te doen sou steeds Suid-Afrikaanse burgers wees en geensins Transkeise burgers word nie. (Stultz, [s.a.]: 22).

Die Transkeise konsepgrondwet maak ook voorsiening vir die skeiding van die owerheidsmagte in uitvoerende (artikel 17 tot 20); wetgewende (artikel 21 tot 43); en regterlike (artikel 44 tot 54) vertakkings. Die staatshoof is 'n president wat verkies word deur die wetgewende gesag, die nasionale vergadering, vir 'n termyn van sewe jaar.

Die President is aan die wetgewende gesag verantwoording verskuldig en beskik verder oor oënskynlike omvangryke magte (artikel 2, 7 en 21), wat die indruk laat ontstaan dat Transkei oor 'n presidensiële of nie-parlementêre uitvoerende stelsel beskik waarin die President ten spyte daarvan dat hy deur die wetgewende gesag verkies word, oppermagtig is. Dit is egter nie die geval nie, want artikel 2 (4) en 17 (2) verwys spesifiek na sekere konstitusionele konvensies wat betrekking het op die presidentskap, asook na sy administratiewe beheer, magte, bevoegdhede en funksies wat ontleen is uit die Suid-Afrikaanse stelsel.

Dit impliseer dus dat die Transkeise regeringstelsel tot 'n groot mate gebaseer is op die Suid-Afrikaanse patroon, wat weer aan die Westministermodel ontleen is. Alhoewel die uitvoerende gesag by beide die president as die uitvoerende raad, die kabinet, berus, handel die president deurgaans op die advies van die uitvoerende raad in die uitvoering van sy uitvoerende pligte.

Ander pligte en magte van die President is die aanstelling van diplomatieke verteenwoordigers; die ondertekening van internasionale verdrae en ooreenkomste; die mag om oorlog of vrede te verklaar, of om krygswet af te kondig; die reëling van parlementêre sessies en vergaderings; en verder sal die President opperbevelhebber wees van die Verdedigingsmag. Die Transkeise Kabinet bestaan uit 15 ministers en word kragtens die grondwet ook deur die president aangestel en ontslaan. Die Eerste Minister stel die kabinet saam en lê dit aan die president voor vir goedkeuring. In die praktyk sal dit lede wees van die meerderheidsparty. Die

wetgewende gesag bestaan uit 'n enkelkamer van 150 lede wat gelykop verdeel is tussen tradisionele leiers; vyf hoofkapteins en 70 kapteins, en 75 verkose lede. Die verkose lede word verkies in 28 meerledige kiesafdelings op 'n proporsionele grondslag deur alle stemgeregtigde burgers binne en buite Transkei. Verkiesings moet ten minste elke vyf jaar gehou word, waar elke Transkeise burger ouer as 25 jaar of ouer as 18 jaar indien hy belasting betaal, stemgeregtig is. Slegs persone wat burgers van Transkei is en ouer as 21 jaar mag verkies word vir die Nasionale Vergadering.

Die regtelike gesag van Transkei bestaan uit die Hooggeregshof van Transkei met sy eie hoofregter en onderregters, streekhowe en stamhowe. Die Appélafdeling van die Hooggeregshof van die Republiek van Suid-Afrika sal jurisdiksie hê om appélsake aan te hoor. Na onafhanklikwording sal hierdie reëlins bly voortbestaan.

Daar is geen kiesafdelings buite die gebied nie en burgers wat werkzaam is buite die gebied, kwalifiseer vir die stemreg op grond van die burgerskapbepalings rakende geboorte en afkoms. (Artikel 57). Elke vyf jaar vind vrye verkiesings plaas. Transkei beskik tans oor 'n kompeterende veelpartystelsel. Die nasionale volkslied sal "Nkosi Sikeleli Afrika" bly. Die nasionale vlag sal bestaan uit drie panele van okkerrooi, wit en groen. (De Wet, Oktober 1976: 19; Vgl. ook Matanzima, 1976: 66 - 69).

'n Kenmerk van die Transkeise grondwet is dat dit buigzaam is, want artikel 75 bepaal dat die Transkeise Parlement enige bepaling kan herroep of wysig per gewone wetgewing. Xhosa is die amptelike taal. Sesotho en Engels kan ook gebruik word vir wetgewende, geregtelike en administratiewe doeleindes, asook vir ander doeleindes van die Regering soos die president van tyd tot tyd mag bepaal.

Die besondere staatsvorm wat tot stand gebring is deur die grondwet, kan as Uniaal van aard beskou word, want 'n enkele sentrale en oppermagtige owerheid is geskep vir die hele gebied


waarop daar geen spesifieke owerheids beperkings geplaas is nie. (De Wet, Oktober 1976: 18).

Alhoewel die grondwet geen 'Bill of Rights' bevat nie, word dit tog in die aanhef gestel dat: "... its citizens and all others who dwell lawfully within its borders are assured of social, political and economic justice, freedom of speech, assembly and worship, and unimpeded access to and equality before the Law;". (De Wet, Oktober, 1976: 18). Die moontlike rede waarom 'n 'Bill of Rights' nie in die grondwet opgeneem is nie, is omdat Transkei 'n uniale staat is en dus is die probleem van die beskerming van die minderheidsregte van samestellende eenhede grondwetlik nie ter sprake nie. Die bevolkingstruktuur is redelik homogeen saamgestel sodat minderheidsprobleme ook nie behoort op te duik nie. (De Wet, Oktober 1976: 18).

Kragtens die Republiek van Transkeise grondwet word die volgende distrikte se name verander: Butterworth na Gcuwa; Port St. Johns na Umzimvubu; Elliotdale na Xhosa; Mount Ayliff na Maxesibeni; Flagstaff na Siphageni; Mount Frere na Kwabhaca; Kentanie se spelling word verander na Centane; Willowvale na Gatyana; st. Marks na Cofimvaba; en Glen Grey na Cacadu. (Beeld (Bylae), 20 Oktober 1976: 11).

Die Wet op die Status van die Transkei: Wet No. 100 van 1976: (Kyk Figuur 2.12).

Die Republiekregering het ook besluit om 'n wet in hulle parlement in te dien naamlik die Wet op die Status van die Transkei, Wet 100 van 1976; wat voor indiening eers aan die Transkei-regering voorgelê moes word vir insae, aangesien beide regerings oor al die konstitusionele wetgewing moes ooreenstem. Hierdie wet is ingestel om onafhanklikheid aan die Transkei te verleen; asook om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Op 24 Junie 1976 is hierdie wet goedgekeur.



Figuur 2.12: Beheerstruktuur, Transkei, 1976

Artikel 1 bepaal dat Transkei tot soewereine en onafhanklike staat verklaar word en dus ophou om 'n deel van die Republiek van Suid-Afrika te wees; sodoende doen die Regering van Suid-Afrika afstand van sy jurisdiksie oor Transkei by sy onafhanklikwording. Hierdeur verkry die Transkei die reg om sy eie Konstitusie deur sy eie Wetgewende Vergadering te laat aanneem. Bylae A sit die 27 distrikte uiteen waaruit die Transkei bestaan: Bizana, Butterworth, Elliotdale, Engcobo, Flagstaff, Glen Grey, Herschel, Idutywa, Kentani, Libodo, Lusikisiki, Matatiele, Mount Ayliff, Mount Fletcher, Mount Frere, Mqanduli, Ngqeleni, Nqamakwe, Port St. Johns, Qumbu, St. Mark's, Tabankulu, Tsolo, Umtata, Umzimkulu, Willowvale en Xalanga. (Wet No. 100 van 1976: 2 en 4; Vgl. ook Transkei en Burgerskap, Augustus 1976: 3632).

Kragtens artikel 2 sal alle bestaande wette in Transkei onmiddellik voor onafhanklikheid bly voortbestaan totdat dit herroep word of gewysig word deur die bevoegde gesag in die Transkei. Wette wat deur die Transkeise regering gemaak word, hoef nie na die Staatspresident gestuur te word vir goedkeuring nie. Alle verdrae, konvensies en ooreenkomste wat bindend was voor hierdie wet vir die Republiek se inwerkingtreding en wat op die Transkei van toepassing kan wees, is bindend vir die Transkei, maar die Transkeise regering kan so 'n verdrag, konvensie of ooreenkoms opsê. Verdrae, konvensies en ooreenkomste wat tussen die Republiek van Transkei aangegaan is voor die inwerkingtreding van hierdie wet, bly van krag as internasionale verdrae, konvensies of ooreenkomste. (Wet no. 100 van 1976: 2 en 4; Vgl. ook Dugard, 1980: 20).

Kragtens artikel 6 en Bylae B van die wet ontvang die volgende burgers Transkeise burgerskap en hou op om Suid-Afrikaanse burgers te wees:

- "(a) Elke persoon wat ingevolge die een of ander wet by die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n burger van die Transkei was;
- (b) elke persoon wat in die Transkei gebore is uit ouers van wie een of albei ten tyde van sy geboorte burgers van die

Transkei was;

- (c) elke persoon wat buite die Transkei gebore is en wie se vader ten tyde van sy geboorte 'n burger van die Transkei was;
- (d) elke persoon wat buite-egtelik (volgens gewoontereg of andersins) en buite die Transkei gebore is en wie se moeder ten tyde van sy geboorte 'n burger van die Transkei was;
- (e) elke persoon wat vir 'n tydperk van minstens vyf jaar wettig in die Transkei gedomisilieer was, ongeag of dié tydperk 'n tydperk voor die inwerkingtreding van hierdie Wet insluit, en aan wie, op aansoek op die voorgeskrewe wyse, burgerskap van die Transkei deur die bevoegde gesag in die Transkei verleen is;
- (f) elke Suid-Afrikaanse burger wat nie 'n burger van 'n gebied in die Republiek van Suid-Afrika is nie, nie 'n burger van die Transkei ingevolge paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) is nie, en 'n taal praat wat gebesig word deur die Xhosa- of Sothosprekende deel van die bevolking van die Transkei, met inbegrip van 'n dialek van so 'n taal;
- (g) elke Suid-Afrikaanse burger wat nie 'n burger van 'n gebied in die Republiek van Suid-Afrika is nie en nie 'n burger van die Transkei ingevolge paragraaf (a), (b), (c), (d), (e) of (f) is nie en wat verwant is aan 'n lid van die bevolking beoog in paragraaf (f) of hom met enige deel van dié bevolking vereenselwig het of aan die hand van sy kultuuragtergrond of andersins met enige lid of deel van dié bevolking verbonde is." (Wet 100 van 1976: 4 en 6; Vgl. ook Dugard, 1980: 24).

Indien daar probleme van twyfel sou opduik by gevalle van burgerskap, bepaal die Statuswet dat 'n Raad saamgestel deur die Transkei en die Republiek van Suid-Afrika moet beslis oor daardie gevalle.

Die kwessie van burgerskap het groot konflik veroorsaak. Op 24 Mei 1976 was Opperhoof Matanzima in Kaapstad waar 'n skriftelike

ooreenkoms aangegaan is tussen die hoofminister en die Republikeinse Eerste Minister, waarin onderneem is dat daar in die Statuswetsontwerp 'n nuwe klousule 6(2) ingevoeg sou word en dat hulle 'n ooreenstemmende klousule in hulle konsepgrondwet moes voeg, waarin daar vir hierdie gesamentlike raad voorsiening gemaak sou word. Op 8 Junie het 'n boodskap uit Umtata gekom dat die Transkei Kabinet hierdie ooreenkoms nie as bindend beskou nie en dus nie in hulle ontwerpgrondwet sou invoeg nie. (Botha, 1981: 115). Die burgers van 'n onafhanklike land kan nie tot 'vreemdeling' verklaar word nie. Die Afrika leiers was baie daarteen gekant dat Suid-Afrikaanse burgerskap geweier word aan naturelle wat in Blanke gebiede lewe. Dugard wys daarop: "The provision in the Status of the Transkei Act seeks to further the fantasy of apartheid by making all Africans in the Republic of South Africa alien citizens attached to some independent homeland who can make no claim to full citizenship in the Republic of South Africa. If all the projected homelands become independent in this way it will then be possible, so it is contended by Government spokesmen, for South Africa to claim that it accommodates several million foreign workers but has no African citizens itself." (South Africa: Time running out, 1981: 52 - 53).

Sekere politici, swart leiers en ook Engelstalige koerante het gepraat oor die moontlikheid dat Xhosas, veral van die Blanke gebied 'Staatloos' sal wees na die Transkeise onafhanklikwording omdat hulle ook nie meer Suid-Afrikaanse burgers sou wees nie. Volgens hulle kan dit die lot van 1,3 miljoen mense wees. Vyandige elemente het doelbewus verwarring probeer skep oor die kwessie van Transkeise burgerskap na onafhanklikwording. Die doeltreffendste antwoord was dat die Statuswet geen Transkeiers staatloos of burgerskaploos kan maak nie, want Transkeiers sou eers met die outomatiese aanvaarding van Transkeise burgerskap hulle Suid-Afrikaanse burgerskap aflê.

Minister M.C. Botha wys daarop dat die nuwe staat van Transkei eie volwaardige burgerskap moet hê en kan dus nie nog ook Suid-

Afrikaanse burgers wees nie; daarom bepaal die Statuswet dat burgers van die onafhanklike Transkei ophou om Suid-Afrikaanse burgers te wees. (Transkei en Burgerskap, Augustus 1976: 3638; Vgl. ook Botha, 1981: 114). Minister M.C. Botha het die belangrikheid van burgerskap van elke Bantoevolk gestel, dat daar dan by die Regering geen groot beginselbesware is teen Bantoeperone wat in Blank Suid-Afrika is nie, solank as wat hulle hulle vereenselwig met hulle eie spesifieke swart volk. Aan hulle wat hulle eie spesifieke volksverband erken, moes daar in die Blanke gebied al hoe meer vergunnings gedoen word:

- # "Hulle moet byvoorbeeld voorkeur kry vir beskikbare arbeid.
- # Hulle kan beskerming van diensvoorwaardes geniet.
- # Hulle moet gehelp word aan behuising. Dit is waarom dit bygebring word by die nuwe ontwikkeling van die huiseienaarskema.
- # Hulle mag onder bepaalde omstandighede afhanklikes by hulle hê.
- # Hulle mag groter bewegingsvryheid hê na en binne die Blanke gebied.
- # Hulle behoort in die Blanke gebied, terwyl hulle hier verkeer, voorkeur te geniet wat allerlei ter sake geriewe betref, soos hospitalisasie, skole, vervoer, sport, ens." (Transkei en Burgerskap, Augustus 1976: 3641).

Die Opposisie het die Wetsontwerp op die Status van Transkei wat op 25 Mei 1976 voorgestel was, sterk teengestaan, maar na 'n kort debat is die eerste lesing goedgekeur. (Botha, 1981: 116). Op 7 Junie 1976, by die tweede lesingsdebat, het Minister M.C. Botha gesê: "Ons kom vandag by die laaste stap in 'n lang proses van evolusie en breek daar 'n uiters unieke dag aan: die dag waarop Suid-Afrika die eerste maal die nodige wetlike stap doen om een van sy bevoegde volke onafhanklik te verklaar." (Transkei en Burgerskap, Augustus 1976: 3634).

Tydens die tweede lesing van die Statuswet in die Suid-Afrikaanse Parlement, het die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling verklaar dat 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika ingestel

sal moet word om te verseker dat Transkeise burgers nie as buitelandse swartes uit ander onafhanklike state buite die grense van die land beskou word nie. (De Wet, Oktober 1976: 28). Dr. N. Diederichs, het op 24 Junie 1976 die Wet op die Status van Transkei onderteken. Daar was nog 'n paar ander wette wat in dieselfde parlamentsitting gemaak is met die oog op aangeleenthede tussen die Republiek en die toekomstige Transkei, waarvan die belangrikste die Minister van Finansies se Wet op Finansiële reëlins met die Transkei, Wet No. 106 van 1976, is. (Botha, 1981: 120).

Erkenning van die onafhanklike Transkei:

Interne kritiek en weerstand:

Die pogings om onafhanklikwording te verhoed, het skipbreuk gely maar die nuwe teenstand wat ontwikkel het was dat die onafhanklike Transkei-republiek nie internasionaal erken moes word deur ander state nie. Brittanje het die voortou hierin geneem. (Botha, 1981: 120). Op 29 April 1976 het The Star die volgende berig: "The chances of international recognition for an independent Transkei are thin at the best. They are made more so by the huge, unresolved problem of the citizenship of Transkeians living outside the territory." (The Star, 29 April 1976). Die redakteur van Die Transvaler het ook verklaar dat die burgerskapkwessie die geringe kans wat die Transkei op erkenning gehad het, verminder. (Rapport, 30 Mei 1976). Die skade aan Transkeise saak was nie net tot die internasionale front beperk nie.

Die Sunday Express het hom as volg uitgelaat: "In itself there is nothing wrong with independence for the Transkei. At least it removes 1,5-million black people from jurisdiction of apartheid and gives them a say in the ordering of their affairs which they would not have had before. To that extent, although if not our policy of first choice, we would have supported it - as well as independence for the other bantustans to follow. Unfortunately the Status of the Transkei Bill now before parliament does a great deal

more than that. It is in fact an appalling confidence trick. Its purpose is not so much to give separate freedom to those 1,5-million rural tribesmen living in the Transkei, as to use this as a pretext for depriving the other 1,5-million much more highly developed urban Xhosas of their South African citizenship." (Sunday Express, 30 May 1976).

Desmond Tutu, die Anglikaanse Dean van Johannesburg is deur die Daily Mail as volg aangehaal: "Overnight they will become foreigners in what for many of them has been the land of their birth and be forced to adopt the citizenship of a country that many do not know at all and in whose creation they have played no part at all. They have contributed in their various ways to the prosperity of this beloved South Africa and now it seems at the stroke of a pen they will forfeit a cherished birthright." (Rand Daily Mail, 1 May 1976).

Die Demokratiese Party het herhaaldelik gepleit vir 'n referendum en het dit laat verstaan dat hulle kontak gaan maak met die OAE en Verenigde Nasies vir hulp in hulle stryd teen onafhanklikheid vir Transkei en om sodoende onafhanklikheidsvierings te boikot. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Party en die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty was egter magtig genoeg om die opposisie teen te staan. (Laurence, 1976: 123).

J.E.S. Fawcett, die Britse konstitusionele regsgeleerde sê: "Recognition is a political act of government. The decision to recognise, or to withhold recognition from a new state or new government, may be wise or unwise, premature, welltimed, or unduly late, but it remains a matter not of duty but of discretion. By the same token the new state or government does not the less exist as such by reason only that it has not been recognised by other states; the withholding of recognition is not to be taken necessarily as the denial of the existence of the new state or government." (Botha, 1981: 120).

In die maande voor onafhanklikheid is daar op talle terreine en fronte probeer om te verhoed dat die Transkei as 'n onafhanklike staat erken word, aangesien dit te klein en nie lewensvatbaar of ekonomies onafhanklik was nie. Op 9 September 1976 is die laaste formele vergadering van die gesamentlike kabinetskomitee, in Pretoria gehou waar die laaste voorgestelde ooreenkomste gefinaliseer is, asook die datum van onafhanklikwording vir 26 Oktober 1976 bepaal is.

Op hierdie vergadering het Swaziland, Botswana en Lesotho besluit dat hulle nie bereid was om Transkeise onafhanklikwording te erken nie. Hy kon nie in 'n vyfde lid van die doeane-unie word nie. Daar is toe op 'n bilaterale ooreenkoms besluit naamlik dat Suid-Afrika alleen met Transkei 'n doeane-ooreenkoms sluit.

Die twee regerings het op 17 September 1976 in Pretoria byeengekom om al die ooreenkomste tussen die Republiek van Suid-Afrika en die toekomstige Republiek van Transkei te onderteken. Die hele kabinet van Transkei was teenwoordig. Die 53 ooreenkomste is in staatskoerant no. 532 van 22 Oktober 1976 gepubliseer. (Botha, 1981: 121 - 122).

Transkei sal Afrika se vyftigste onafhanklike staat wees. Hy het sy onafhanklikheid op 'n demokratiese, vreedsame wyse verkry. Die stemgeregtigdes moes kies tussen selfbeskikking en onafhanklikheid op die grondslag van afsonderlike ontwikkeling of integrasie op 'n streeksbasis in 'n veelrassige Suid-Afrika. Die Xhosas het onafhanklikheid verkies.

Dit word beweer dat Transkei 'n etniese mini-staat is wat geen internasionale erkenning verdien nie; maar Lesotho, wat nog kleiner en minder potensiaal het, word tog internasionaal erken. Die Voorsitter van die Progressiewe Reformiste Party se Federale Bestuur, mnr. Harry Schwarz, het op die Kanadese televisie gesê dat hy ook teen Transkeise onafhanklikwording was, maar aangesien dit nou 'n voldonge feit was, behoort die wêreld die nuwe staat 'n kans

te gun. Opperhoof Matanzima sê met 'n tikkie ironie: "Indien Transkei sy onafhanklikheid van Brittanje verkry het, sou hy met ope arms deur die wêreldgemeenskap ontvang word." (Transkei: Leedvermakerige houdings, 19 Oktober 1976).

Internasionale kritiek en weerstand:

Dit was 'n uitgemaakte saak dat Transkei nie erkenning van sy onafhanklikheid van geen westerse land sou verkry nie. Transkei is die slagoffer van 'n volgehoue veldtog waartoe die Sowjet-Unie 'n groot deel bygedra het. Hierdie houding teenoor Transkei word bepaal deur druk op die regerings binnelands en deur hulle betrekkinge met ander lande. Brittanje se Minister van Buitelandse Sake het gesê dat Transkei nie aan sy land se "lang-gevestigde staatsregtelike maatstawwe" sal voldoen vir erkenning as onafhanklike staat nie. (Erkenning van Transkei, 21 Oktober 1976).

Wanneer dit gebeur dat van die magtigste drukgroepe in Europa met die Sowjet-Unie ooreenkom om Transkei in 'n gekoördineerde, wêreldwye veldtog te diskrediteer, moet die regering noodwendig swig. Die anti-apartheidsbewegings van vyf Europese lande het na 'n vergadering in Nederland in Februarie 'n dokument opgestel waarin 'n program uiteengesit is wat daarop gemik is om dit polities onmoontlik te maak vir westerse regerings om Transkei te erken; asook dat dit in noue samewerking met die Sowjet-Unie gedoen moet word.

Parlementslede het teen die erkenning van Transkei geagiteer. Regerings het groot druk ervaar en die gevaar was groot dat hulle stemme by die Verenigde Volke kan verloor en dat hulle met binnelandse konfrontasies te doene sou hê indien hulle Transkei erken. Transkei het hom egter reeds bewys as een van die aantreklikste beleggingsgebiede in Afrika, waarin 'n groot uitdaging lê. Minister George Matanzima het reeds besoek afgelê aan verskeie Afrika state om nouer bande met die vasteland aan te knoop. Op die lange duur sal die hegtheid van die bande wat hy met hulle aanknoop Transkeise diplomatieke betrekkinge met ander lande

bepaal, en nie ideologiese druk of Russiese manipulasie nie. (Erkenning van Transkei, 21 Oktober 1976).

Australië en Israel het die Algemene Vergadering van die Verenigde Volke se voorstel gesteun om Transkeise onafhanklikwording te verdoem, maar hulle het reeds hulle bedenkinge uitgespreek oor die uitvoerbaarheid van die voorgename verbod op sake-betrekkinge met Transkei. Mnr. Jay Katzen, die Amerikaanse verteenwoordiger, het die verbod verwerp. Transkeise onafhanklikwording, asook sakebeleggings in Transkei, is nie vraagstukke waarvoor lande VN-voorskrifte sal aanvaar nie. Op die lange duur sal Transkeise bewese lewensvatbaarheid, sy aantreklikheid as beleggingsveld en sy bande met individuele lande die vraagstukke beslis. Mnr. Matanzima, die Transkeise Eerste Minister, het gesê dat Transkei baie goed klaarkom sonder die seën van die "forum vir anargie." (Transkei en die Verenigde Volke, 27 Oktober 1976).

Mnr. Anthony Crosland, die Britse Minister van Buitelandse Sake, het enkele ure voordat die stembusse vir die Transkeise verkiesing geopen is, 'n spesiale persverklaring uitgereik: "Die Britse regering het besluit om nie Transkei te erken by geleentheid van sy sogenaamde onafhanklikheid op 26 Oktober nie. Dit is duidelik dat Transkei nie aan ons gevestigde regtelike norme vir erkenning van 'n onafhanklike staat sal voldoen nie." (Weerstand teen druk van buite, 29 September 1976). Hierdie optrede was onbetaamlike inmenging in die sake van Transkei, want die vrystelling van die verklaring direk voor die verkiesing kan niks anders wees as om die kiesers te beïnvloed nie; verder deur te praat van "sogenaamde onafhanklikheid" impliseer dat Suid-Afrika se onafhanklikheidsaanbod oneerlik is; dit verwerp die opregtheid van die Suid-Afrikaanse Eerste Minister wat gesê het dat Transkeise onafhanklikheid volkome sal wees. Deur te praat van Brittanje se "gevestigde geregtelike norme vir erkenning" is dit belangrik om te wys dat Transkeise regering reeds in 1963 aan bewind gekom het, deur twee verkiesings aan bewind gebly het, en in onbetwiste beheer van 'n land is wat ekonomies lewenskragtiger is as die oorgrote

meerderheid van die soewereine swart state in Afrika. (Weerstand teen druk van buite, 29 September 1976).


Die vraag van Transkeise nasionaliteit was die kern van die hele debat. Norman het verklaar: "Transkeian independence must be seen for what it is, part of a plan designed to render Black demands for political and economic equality in South Africa ineffective by removing the legal basis for those demands (i.e. citizenship)." (Geldenhuis, 1979: 3).

Mnr. Jimmy Carter, die Demokratiese Presidentskandidaat, het belooft "to reject the independence of Transkei as part and parcel of apartheid, and instead to pursue Black majority rule in South Africa." (The Star, 20 October 1976). Pres. Bokassa was die enigste buitelandse hoof wat belangstelling getoon het om Transkeise onafhanklikheidsvierings by te woon. (Eastern Province Herald, 16 August 1976).

Lucas Mangope van Bophuthatswana was die enigste tuislandleier wat die uitnodiging aanvaar het om Transkeise onafhanklikheidsvieringe by te woon. Buthelezi van Kwazulu en Mopeli van Qwaqwa het dit geweier. (The Cape Times, 7 October 1976).

Die onafhanklikheidsverkiesing van Transkei, 29 September 1976:
(Kyk figuur 2.12; Kyk ook na kaart 33):

Kragtens die Transkeise Grondwet bestaan die parlement (Nasionale Vergadering) uit al die hoofkapteins, 70 kapteins en 75 verkose lede. Die verkose lede word deur alle Transkeise burgers bo die ouderdom van 21 jaar en alle belastingbetalers bo 18 jaar verkies. Transkei bestaan uit nege gebiede wat in 28 distrikte en 143 stamowerhede onderverdeel is, want die Herschel en Glen Grey (Cacadu) distrikte was reeds by Transkei ingeskakel:



KAART 33: GEBIEDSVERDELING VAN TRANSKEI, 1976 MET HOOFVERKIESINGSGBIEDIE EN AANTAL SETELS PER DISTRIK

<u>Gebied</u>	<u>Distrik</u>	<u>Aantal kapteins wat kwalifiseer as lede van die parlement</u>	<u>Aantal kandidate en setels</u>
Oos-Pondoland	Bizana	3	7 met 3 setels
	Mt. Ayliff (Maxesibeni)	1	Onbestrede; 1 setel
	Lusikisiki	4	Onbestrede; 4 setels
	Flagstaff (Siphageni)	3	Onbestrede; 2 setels
	Tabankulu	3	3 met 2 setels
Emboland	Mt. Frere (Kwabhaca)	2	13 met 3 setels.
	Qumbu	4	8 met 3 setels
	Tsolo	2	6 met 2 setels
Fingoland	Butterworth (Gcuwa)	1	3 met 2 setels
	Nqamakwe	1	Verkiesing uitgestel
	Tsomo	1	6 met 2 setels
Gcalekaland	Kentani (Centane)	1	8 met 3 setels
	Willowvale (Gatyana)	1	8 met 4 setels
	Idutywa	2	8 met 3 setels
	Elliotdale (Xhora)	1	5 met 2 setels
Maluti	Herschell	6	5 met 3 setels
	Matatiele	5	7 met 3 setels
	Mt. Fletcher	3	10 met 3 setels
Tembuland	Engcobo	3	11 met 4 setels
	Mquanduli	6	8 met 2 setels
	Umtata	1	11 met 3 setels
Umzimkulu	Umzimkulu	4	4 met 3 setels
Wes-Pondoland	Libode	1	Onbestrede; 2 setels
	Ngqeleni	2	Onbestrede; 3 setels
	Port St. Johns (Umzimvubu)	1	5 met 1 setel
	Wes-Tembuland	St. Marks (Cofimvaba)	3
	Glen Grey (Cacadu)	3	5 met 4 setels
	Xalanga	2	4 met 2 setels

(Kotze, 1976: 340 - 341).

Daar was 161 kandidate waarvan 16 in 6 kiesafdelings onbestrede benoem is. In die Nqamakwe kiesafdeling is die verkiesing tot 18 Oktober uitgestel, want een van die kandidate het na nominasiedag gesterf. Voor die verkiesing het die opposisie, die Nuwe Demokratiese Party (NDP), onder leiding van mnr. K. Guzana, ses lede, en die Demokratiese Party (DP), onder leiding van mnr. H. Ncokezi, twee lede in die Wetgewende Vergadering gehad. Die ander lede van die Wetgewende Vergadering (62) was almal lede van die Transkeise Nasionale Onafhanklikheidsparty (TNOP), onder leiding van Kaizer Matanzima.

Transkei is die enigste tuisland wat 'n kieserslys gebruik het en die registrasie van kiesers is 'n omvattende administratiewe taak. Vanaf Oktober 1973 tot Oktober 1975 is 14 222 addisionele kiesers geregistreer. Die uitbreiding van die registrasiebeamptes was so effektief dat daar vanaf Desember 1975 tot Maart 1976 meer as 46 000 kiesers geregistreer is. In totaal is 1 083 175 kiesers geregistreer, wat ongeveer 131 000 meer as die 1973-verkiesing is.

Daar was 933 stemburo's op stembag in Transkei, en dit was binne loopafstand van alle kiesers geplaas. Byna 2 000 getuies moes aangestel word in die Transkei, aangesien 60 persent van die kiesers ongeletterd is. In Suid-Afrika self was daar meer as 550 stemburo's, waarvan meer as die helfte gedien het vir afwesige kiesers wat reeds 21 dae voor stembag sy stem kan uitbring. (Kotze, 1976: 341).

Dit was reeds met nominasiedag duidelik dat die TNOP nie die verkiesing kan verloor nie. Van die 161 kandidate wat genomineer is het 14 aan die NDP behoort, 11 aan die DP en die 16 kandidate wat onbestrede benoem was, het almal die TNOP ondersteun. In 15 kiesafdelings moet TNOP kandidate sake uitspook, terwyl daar slegs in drie kiesafdelings kandidate van al die partye benoem is. Hoofkaptein Matanzima het beslis dat die kiesers self die beste man in die verkiesing moes aanwys. Daar was ook geen kandidaat uit die blanke stedelike gebiede nie. Die tradisionele gesagsfiguur se invloed was nog baie sterk. In Oos-Pondoland waar mnr. Botha Sigcau, hoofkaptein is, het die TNOP kiesafdelings onbestrede verower. Verder was 35 van die 145 kandidate kapteins of hoofmanne. (Kotze, 1976: 341 - 342).

Die verkiesingsveldtog het nie groot afmetings aangeneem nie, aangesien die TNOP reeds die verkiesing op nominasiedag gewen het. Drie van die NDP se voornemende kandidate, asook hulle leier, is onder Proklamasie R400 voor nominasiedag in hegtenis geneem. Kaptein Neo Sibi, een van die leiers van die Sentrale Suid-Sotho

komitee van die Transkei, is ook in hegtenis geneem. In teenstelling met die NDP en die DP, het die TNOP 'n finansiële sterker party-organisasie gehad. Kabinetslede het vanaf vroeg Augustus kort verkiesingstoere onderneem. Die opposisiepartye het beklemtoon dat hulle alle genomineerde kapteins uit die parlement sal uitsluit en het ook geagiteer vir vakbonde in die Transkei. Op een punt het die partye almal saamgestaan, naamlik die onmiddellike verwydering van alle diskriminerende praktyke. (Kotze, 1976: 342).

Woensdag, 29 September 1976, was verkiesingsdag. In baie gevalle moes daar van aangebode stembriefies gebruik gemaak word vir kiesers wie se name nie op die kieserslys verskyn het nie; maar dit was baie minder as tydens die vorige verkiesings. Volgens berigte uit die blanke stedelike gebiede en platteland was die ondersteuning vir die verkiesing baie swak, moontlik weens 'n gebrek aan belangstelling in die politiek van die Transkei.

Op 15 Oktober is die uitslag van die verkiesing bekend gemaak; Die TNOP het 53 van die 57 setels gebuit; die NDP het twee setels gewen; die DP slegs een en een onafhanklike het sukses behaal. In Mqanduli het die leier van die NDP, mnr. Guzana, sy deposito verloor. Die TNOP het 69 van die 75 setels verower, terwyl die uitslag in Nqamakwe nog uitstaande was. Dus was dit seker dat die TNOP 71 van die 75 verkose setels in die Parlement sou inneem. Hulle het ook 72 van die 75 benoemde hoofkapteins en kapteins se steun gehad, die DP slegs twee kapteins se steun en die NDP slegs een. Van die 814 080 geregistreerde kiesers het 354 489 hul stem uitgebring. (Kotze, 1976: 343). Daar was 'n hoë stempersentasie van 65,9% in vergelyking met 42,9% in 1973. Die Xhosa-volk het met 'n oorweldigende meerderheid besluit op onafhanklikheid op die grondslag van afsonderlike ontwikkeling. Transkei het die simbool geword van moderne, veelvolkige ontwikkeling (Die Transkeise onafhanklikheidsverkiesing, 15 Oktober 1976).

Na die verkiesing van September 1976 was die stand van die partye

in die Wetgewende Vergadering as volg:

	<u>Verkose</u>	<u>Genomineer</u>	<u>Totaal</u>
Transkei National Independence Party	71	72	143
National Democratic Party	2	1	3
Democratic Party	1	2	3
Onafhanklike	1	-	-
	75	75	150

(Republiek van Transkei - met 'n oogopslag, 1976: 242).

Die Transkei word onafhanklik, 26 Oktober 1976 en die implikasies daarvan:

Kaarte 31 en 32 gee 'n duidelike beeld van die Transkei met sy onafhanklikwording. Op 25, 26 en 27 Oktober 1976 het die hoofverrigtinge van die Transkeise onafhanklikwording in Umtata plaasgevind, met die oomblik van onafhanklikwording om middernag tussen 25 en 26 Oktober 1976. Die Republiek van Suid-Afrika is amptelik verteenwoordig deur die Staatspresident, dr. N. Diederichs, die Minister van Buitelandse Sake, dr. A. Muller; en Minister M.C. Botha. Daar was ongeveer 35 000 mense in die arena.

Dr. N. Diederichs was eerste aan die woord, waarin hy die leiers, veral Kaizer Matanzima, geloof het vir hulle bekwame dienste; hy het aangekondig dat sy regering die Republiek Transkei ten volle sou erken en het die begeerte uitgespreek dat daar steeds hegte bande van vriendskap tot stand sou kom. Toe het hy die Wet op die status van Transkei in 'n pragband oorhandig aan Kaizer Matanzima, asook die goue pen waarmee hy die wet onderteken het, en hom gedekoreer met die Orde van Goeie Hoop. Hiervolgens het Transkei die eerste onafhanklike tuisland in Suid-Afrika geword. Hierdeur is 'n ongekende hoogtepunt in die patroon van samewerking tussen wit en swart in Afrika bereik. Vir die 2 978 240 Transkeise Xhosas het dit die geboorte van 'n eie onafhanklike nasie beteken, wat beskik oor volle selfbeskikking en soewereiniteit.

Die gesamentlike optrede van die twee militêre presidentswagte was 'n voorspel tot die seremoniële stryking van die Suid-Afrikaanse

vlag en die hysing van die Transkei vlag om middernag. Presies middernag het 'n eresaluut van 101 kanonskote in Umtata nie net die einde van Suid-Afrika se heerskappy oor Transkei beteken nie, maar het dit ook die eerste voltooide model geword van die Republiek se beleid van afsonderlike ontwikkeling. (Botha, 1981: 124 - 125; Vgl. ook Transkei - Geen holle onafhanklikheid, November 1976: 8).

Na skriflesing en gebed het Kaizer Matanzima as Eerste Minister van die Republiek van Transkei, die dankbaarheid van Transkei uitgespreek omdat hulle hul onafhanklikheid so vreedsaam ontvang het. Hy het verklaar dat hy dit verwerp dat hul onafhanklikwording 'n uitvloeisel van die apartheidsbeleid was, maar dat dit 'n deel is van die vrywordingsproses van die twintigste eeu. Verder het hy die wêreld se dubbele standaard veroordeel om Transkei, wat aan al die vereistes van 'n staat voldoen, nie te erken nie. Hulle verwerp selfs ook rassediskriminasie. Matanzima het sy hoop uitgespreek dat Suid-Afrika al hoe beter sal optree teenoor Swartes binne sy grense, aangesien dit die beste wapen is teen kommunisme. Hy herinner daaraan dat sy regering se oorwinning in die Verkiesing opnuut 'n mandaat vir onafhanklikwording was. Hy het ook teenoor die wêreld onderneem om volgens die norme van Christelikheid en die Westerse demokrasie voort te gaan. Hy het erkenning van hulle onafhanklikheid verwag in die wêreld, veral sy broers in die res van Afrika. Transkei sal die monetêre en gebiedsooreenkomste met die Republiek van Suid-Afrika hanteer op dieselfde basis as die eks-protektorate en het verwag dat die Republiek sal voortgaan om hulle te help soos in die verlede. Alhoewel die Transkei nie 'n ryk land is nie, wys hy daarop dat hulle sal kan regkom sonder finansiële hulp. Transkei is 'n onafhanklike staat met 'n veelrassige karakter met 'n vrye ekonomie, waarin beleggings welkom sou wees. (Botha, 1981: 125 - 126; Vgl. ook Walker, 1978: 161 - 162).

Gedurende die voormiddag op 26 Oktober het die Nasionale Vergadering finaal die grondwet aangeneem. Die Hoofkaptein van Oos-Pondoland, Botha M. Sigcau, is as hulle eerste president

verkies, wat vroeg die namiddag in die parlamentsgebou deur hoofregter George Munnik van die Transkeise Hooggeregshof ingesweer is. Later die middag het president Sigcau sy eerste presidentsrede gelewer waarin hy beloof om saam met sy eggenote 'n verenigde simbool vir sy volk te probeer wees. Verder het hy sy volk opgeroep om hard te werk, hul natuurlike bates veral grond, te bewaar en het van sy kant af troue diens van die owerhede in die vooruitsig gestel.

Die onafhanklikheidsfees was 'n groot sukses. Vir die Republiek van Suid-Afrika was dit 'n duidelike bevestiging van hulle opregtheid om die Swartvolk te help en te lei om soewerein onafhanklik te word. Weer eens is die noodsaaklikheid bevestig van 'n soort assosiasie van Suid-Afrika met die vrygemaakte Swart state. (Botha, 1981: 126 - 127).

Transkeise onafhanklikwording het politieke en maatskaplike implikasies wat mettertyd baie groter invloed op die lewens van almal in hierdie deel van die wêreld sal uitoefen. Dit word met reg gesien as deel van die proses van dekolonisering in Afrika; maar is ook meer as dit: Die grondliggende beginsel daaragter is dat elke volk 'n staat van sy eie behoort te hê. Elke swart volkseenheid moet die geleentheid hê om ten volle onafhanklik te word; elkeen moet sy eie grondgebied hê; seggenskap hê oor sy eie sake; en moet sy eie taal, kultuur en tradisies kan ontwikkel. Dit is selfbeskikking. Die ideaal is die drang van individue na identifikasie met hulle eie soort en om norme en strewes te deel. Transkeise verwesenliking daarvan verander die ideaal vir die breë massa van swart bevolkings van Suid-Afrika van 'n moontlikheid tot 'n praktiese werklikheid. Dit sal tot gevolg hê dat daar sterker druk sal ontstaan vir die onafhanklikwording van die ander tuislande.

Verder bied dit ook die beste staatkundige waarborg vir die erkenning van menswaardigheid. Die Eerste Minister het gesê dat die land so onafhanklik is as enige ander land ter wêreld. Dit

bied die uitdaging om te verseker dat die doelstelling bereik word wat almal wat die subkontinent se belange op die hart dra, nastreef. Dr. Verwoerd het dekades gelede gesê dat: "Die doelstelling van apartheid is juis om vooroordeel te verwyder en harmonie te skep deur sekuriteit aan elk van die groepe in Suid-Afrika te verskaf." (Suid-Afrika en sy pas-onafhanklike buurstaat, 26 Oktober 1976).

Vanuit Suid-Afrikaanse siening is die belangrikste implikasies van Transkeise onafhanklikheid: "That Transkeian independence should in itself be successful and, moreover, lead to peaceful and friendly relations between the established and the new states. This is in turn vital to a successful unfolding of South African Government policy. This is a hinge upon which much of the Government's future stance will turn - both with regard to race relations in South Africa proper, and South Africa's position and credibility in the rest of Africa.

That Transkeian independence should be successful is of course of supreme importance of the Transkei itself; but this is in turn of cardinal importance to the position of Blacks in South Africa, as well as Black political attitudes generally." (Krause, et al., 1976: 1).

Goeie betrekkinge was noodsaaklik vir albei regerings na onafhanklikheid, want 'n goedgesinde Transkei kan Blank Suid-Afrika voorsien van sekuriteit wat nodig is vir goeie ekonomiese groei; en 'n goedgesinde Suid-Afrika kan Transkei voorsien van ekonomiese groei. (Krause, et al., 1976: 1 - 2).

HOOFSTUK 5SINTESE:

In hierdie studie is die drie struktuurelemente (komponente), naamlik grondgebied, sosio-politieke weefsel van die bevolking en die politieke beheerstelsels, van die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei tussen 1913 tot 1976 afsonderlik, maar ook in georkestreerde onderlinge samehang ontleed.

Dit het dus ook ten doel gehad om die ruimtelike komponente en polities-institusionele veranderlikes te analiseer wat in sigself deur mensgeïnisieerde en mensgeïnspireerde beslissings en prosesse transformeer is / was om 'n berekende en beplande ruimtelike en institusionele opbrengs te lewer.

Vir die verklaring van die politiek-geografiese evolusie van die Transkei moes die prosesse wat hiervoor verantwoordelik was, bestudeer word. Derhalwe is 'n histories-geografiese benadering gebruik om die politiek-geografiese dinamiek van die Transkei uit te lig en te verklaar. Die trajek van Transkei se politieke evolusie het duidelike ontwikkelingsfasies onderskei. Die chronologiese verloop is deur 'n chorologiese, dit is, 'n ruimtelike perspektief ondersteun en vanuit hierdie gesigshoek geanaliseer.

Die politieke, institusionele en statusontwikkeling van Transkei het fenomenale evolusionêre patroonveranderinge ondergaan: die veelheid van Transkei-stamme het in die eerste kwart van die negentiende eeu vanaf 'n onafhanklike primitiewe tradisioneel gefundeerde politieke struktuur, maar voortvluggend en migrerend sonder 'n omlynde permanente territorium, deur opvolgende stadia en vlakke van onderhorigheid veral gedurende die twintigste eeu tot 'n saamgebonde en gesete Transkeise bevolking met 'n onafhanklike, gemoderniseerde en aangepaste demokratiese politieke beheerstelsel binne 'n territoriaalomlynde en grondwetlik omskrewe politieke

struktuur ontwikkel.

Die chorologiese analise is binne chronologiese parameters gedoen, waaronder die pre-1913 chorologie, gevolg deur die tydvakke 1913 tot 1957 en 1957 tot 1976. Elke evolusionêre fase is, waar toepaslik, onder hoofde van die drie komponente van die politieke geografie, soos onder die doelstelling beoog, nagevors en verwoord. Die geografiese navorsingsresultaat is 'n geografie van die verlede.

Die basiese hipotese waarvan hierdie studie vertrek het, is inderwaarheid 'n sosio-politieke wetmatigheid naamlik: Die grootte en vorm, die bevolkingskomponent en sy ordening, en die beheer- en bestuurstrukture van state (territoria) is nie staties nie, maar óf in dinamiese ewewig, óf in verval, óf in ontwikkeling.

Bogenoemde wetmatigheid is uitgebrei en meer inhoud is daaraan gegee omdat dit juis hierdie dinamika is wat dié studie onderlê: Hierdie dinamika beteken implisiet dat prosesse opgewek was, of reeds bestaan het wat die ruimtelike politieke ordening gerig, beheer, getransformeer of gestabiliseer het. Dit was deur menslike besluitneming gestimuleer, deur politieke persepsies, behoeftes, norme en drange gereguleer en strategieë was bedink en geïmplimenteer om daardie politieke behoeftes in tyd- en ruimte te patroneer en te bevredig (sinvol te maak).

Die probleem van die politiek-geografiese ontwikkeling van Transkei (1913 tot 1976) moes noodwendig teen die agtergrond van die pre-1913 periode en met behulp van kartografiese, diagrammatiese en hermeneutiese woordtegnieke nagevors word om die trajek van 'n bepaalde staatkundige model (Apartheids- / Afsonderlike ontwikkeling- / segregasie / gebiedskeiding / selfontwikkeling) wat veral gedurende die twintigste eeu sou ontplooi, in historiese en ruimtelike perspektief te kon verstaan en te kon verklaar.

'n Studie van die bestaande metodologieë wat in die geskiedenis

toegepas word, sowel as die ondoeltreffend geformuleerde metodologieë in die politieke geografie wat spesifiek op hierdie tipe rekonstruksie en analise van 'n polities-geografiese ontwikkelingstudie betrekking het, was as ontoereikend bevind. 'n Metodologie wat tersaaklik sou kon wees, is "ontwerp". Die kern daarvan moes aan die vereistes voldoen om onder andere 'n tyd-ruimtelike studie van 'n vervloë politieke geografie van 'n eens onbegrensde territorium, bestaande uit 'n veelheid stamme en geen geskrewe politieke organisasie tot 'n afgebakende staat met 'n gemoderniseerde politieke stelsel en 'n besliste bevolkingsordening te huisves.

Die analise wat 'n studie van die ontwikkelingsgang van die Transkeigrondgebied, die Transkeise politieke strukture en die Transkeise bevolkingsordening beoog het, is chorologies binne 'n tydtraam met verskillende tydfases (fasette) geplaas. Om so objektief moontlik teenoor die studiemateriaal te staan, het die navorser haarself binne die historiese omstandighede probeer plaas, haar daarmee geïdentifiseer en vanuit 'n hermeneutiese gesigshoek hipotese geformuleer en die polities-geografiese situasies van die verlede geïnterpreteer. Die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei was dus as 'n tyd-ruimtelike verskynsel (fenomeen) beskou.

Die ontwikkelingstudie wat datumbegrens is, moes in sinvolle perspektief geplaas word en vanuit die historiese aanloop, prosesse en strategieë en binne die milieu van die pre-aanvangsdatum ontleed en geïnterpreteer word. Daarom het hierdie studie met die pre-1913 tydvak begin. Die terugdatering van hierdie tydvak was geneem as die eerste kontak tussen wit en swart in die sogenaamde "Oos-Kaap": die botsing tussen twee groepe dominante politiek-geografiese aktEURS. Dit was ongeveer teen die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu.

Objektiewe perspektief oor die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei na 1913 kon slegs moontlik wees teen die agtergrond

van die polities-geografiese totstandkoming van die territorium. 'n Bondige verklarende rekonstruksie van die tyd-ruimtelike patroonvorming van die territorium, die besetting van en die beheerstrukture oor die gebied wat uiteindelik as Transkei bekend sou word, is gegee. Elke grensvasstelling was as 'n ruimtelike patroon geïdentifiseer. Opvolgende grensvasstellings het noodwendig in gebiedstoevoeging of gebiedsverlies geresulteer. Elk van die grensverskuiwings was die resultaat van 'n proses ('n opeenvolging van beplande gebeure), wat een of ander strategie ('n beplande en soms versluierde manipulering om die voordeligste doelwit te bereik) impliseer het.

Die vasstelling van grense aan die kolonisasie front het talle probleme gelewer wat gekoppel kon word, of verwant was aan een of meer van die volgende veranderlikes, te wete menslike persepsies (of gebrek daaraan), fisiese en biologiese omgewingveranderlikes (hoofsaaklik in terme van hulpbronne), kulturele veranderlikes en die onderlinge wisselwerking tussen die drie stelling veranderlikes.

Hierdie studie het ook bewys dat op kolonisasiefronte die territoriale begrensing gereguleer word deur:

- Onbeheerde en onbeheerste besetting. Onbetrede of ylbetrede sones word deur koloniste as vrye vestigingsgebiede gepersipieer: die wat eerste kom, mag na hulle mening en oortuiging volgens eie vrye keuse op enige terrein vestig.
- As grondregte nie erkenning geniet of afdwingbaar gemaak word nie, of as uiteenlopende menings oor grondregte bestaan, volg die natuurwet van geweld en oorlewing van die sterkste.
- Kolonisasiefrontverskuiwing (en dus "grensverskuiwing") is die gevolg van bevolkingsdruk en/of die aanwesigheid van onbesette terreine waarvoor geen bepaalde staat of regering regspraak het of uitoefen nie. Die sentrale regering is só verafgeleë ten opsigte van die kolonisasiefront dat dit buite die beheervlak van die sentrale regering val.

- Kolonisasiefronte impliseer 'n totale afwesigheid van, of ten beste 'n gebrekkige bestuurs- en beheerinfrastruktuur: Geen polisiemag, geen troepemag en geen regspraak. Wetsgehoorsaamheid is gevolglik moeilik afdwingbaar.
- Botsende staatsideologieë, onassimileerbare etnisiteite, rasverskille, kontrasterende kulturele strukture met kommunikasie-probleme as gevolg van taalverskille, godsdiens, opvoedkundige en ontwikkelingsvlakdifferensiasies, kontrasterende grondbesit- en grondgebruikpersepsies, was die vernaamste snelleraksies wat tot onafwendbare en meestal tot gewelddadige konfrontasies gelei het.
- Omdat die primêre boerderyaktiwiteite van die twee opponerende kolonisasiefronte dieselfde was, is wedersydse aansprake op bestaande natuurlike hulpbronne (grond, water, plantegroei) gemaak.
- Wanneer die sentrale staatsmag wou ingryp en reguleer, het kolonisasiefrontkonflikte reeds sodanig ontwikkel dat vreedsame oplossings bemoeilik en soms haas onmoontlik was. Die uiteinde van die fisiese kontak tussen die twee onversoenbare, onassimileerbare hoofgroepe (Blank- en Swart boere) het tot wedersydse plundering, diefstal en uiteindelik tot wapengeweld gelei.
- Grensvasstellings was verder deur verskillende ekonomiese stelsels en ekonomiese persepsies, of die totale gebrek daarvan by een of albei van die twee naderende partye op die kolonisasiefront bemoeilik. Onderhandelbaarheid oor grondbesetting het deur rudimentêre, swak gepersipieerde en onvolledige kapitalistiese beginsels, waarvan geskenktransaksies, ruiltransaksies en onbegronde kooptransaksies die aanvangsfase van die kapitalistiese stelsel verteenwoordig of selfs tipeer het.

- Grensvasstellings op kolonisasiefronte was in voortdurende oorgang en gewoonlik het vir 'n onbepaalde tyd en in wisselende tempo's oor 'n sone heen beweeg, totdat wedersydse erkenning, eensydige kapitulering of ruimtelike onttrekking tot die afname en uiteindelijke bedaring van konflik aanleiding gegee het.
- Selfs ná finale grensvasstelling was grensskending nie uitgesluit nie.
- In die analise van die polities-geografiese ontwikkeling van Transkei tot 1913 is onder andere bewys dat die polities-geografiese sisteem van die dominante eksterne akteurs (Brittanje en die Kaap-kolonie) sonder die uitwissing van die polities-geografiese sisteme van die interne akteurs - die onderhoriges - oor laasgenoemde gesuperponeer is.
- Dit is ook bewys dat twee onversoenbare politieke stelsels, die een 'n demokratiese bloudruk van 'n ontwikkelde Europese supermoondheid in die noordelike halfrond en die ander 'n tradisionele patriliniese sosio-politieke stelsel van 'n laagontwikkelde inheemse inboorling-stambeheer aan die suidpunt van die donker kontinent gelyktydig oor dieselfde territorium tot stand gekom het en vir 'n onvoorsiene periode dualisties sou voortbestaan. Die een "wettiglik" en die ander "onwettiglik".
- Die dominante eksterne en interne politieke beheerstrukture het 'n reorganisasie van ruimte in administratiewe "blokke" (distrikte) binne die Xhosagebied tot gevolg gehad wat nie noodwendig met die inheemse onderhorige territoriale stamruimtes ooreen gestem het nie, alhoewel alle voorsorg getref was om afwykings daarvan uit te skakel.
- Om die dominante staatsisteem te vestig en gedwonge afswering van die tradisionele en onderhorige staatsisteem te verseker, was inlywing by en oornamering van die onderhorige gebied (Transkei)

die logiese strategieë.

- Die twee totaal onversoenbare stelsels het kontraproduktief op politieke ontwikkeling ingewerk en het ten beste 'n vertraging in die ontwikkeling van albei tot gevolg gehad. Perseptuele aanpassings moes voortdurend deur die Xhosa, naamlik, die bevolkings van die onderhorige stelsel gemaak word. Dit is 'n tydsame proses en sukses deur die dominante groep kon slegs geskied deur opleiding, opvoeding en/of kondisionering. Om gevestigde tradisies by inboorling-bevolkings uit te wis het geblyk om in elk geval 'n mite te wees.

Dit het geblyk dat Transkei tot 'n tipiese Derde-Wêreld politieke model gaan ontwikkel waarin 'n aantal stamme en stamgroepe binne een administratief-georganiseerde en administratief-gekonsolideerde gebied met 'n moontlike eiesoortige ontwikkelende staatstelsel saamgevoeg gaan word. (Vgl. onder andere Kaart 12 - Informele ruimtelike organisasie en informele grense; Kaart 13 - Informele ruimtelike stamorganisasies, maar met formele grense; Kaart 14 - Formele ruimtelike organisasie onder magistrate met formele magistraatsgrense, bekend as magistraatsdistrikte).

Die dominante akteur, die Kaapse regering, het tot die geleidelike anneksasie van Xhosa-stamme en hulle stamgebiede oorgegaan:

Die eerstes (stamgebiede) wat bes gegee het, of selfs op eie aanvraag onder die dominante staatstelsel geressorteer het, het die volgende kenmerke openbaar of het die volgende politieke bestuursattribute vertoon:

- dié sonder 'n sterk ontwikkelde stamgevoel, en/of met die swakste ontwikkelde stamstelsel, en/of met 'n totale gebrek daaraan;
- dié groepe wat die grootste lojaliteit teenoor die dominante staats- en politieke beheer openbaar het;

- daardie territorium/gebied wat die mees heterogene bevolkingsamestelling vertoon het.

Die tweede groep was daardie waarin die blanke 'n sterk faktor was, en/of waar sprei-effekte van vreemdsoortige politieke indringing en oornames maklik geskied het en 'n bedreiging vir die bestaande dominante akteur was.

Die voorlaaste groep was daardie stamgroepe wat wel 'n sterk ontwikkelde stamstelsel gehad het, maar wat arrogante opstokers, aanhitters en magsugtiges was en wapengeweld uitgelok het en wat dan deur die dominante akteur(s) deur middel van magsgeweld oorrompel en/of deur oorlogverliese gedwing was om bes te gee.

Stamgebiede wat heel laaste, toegegee het tot inlywing of voor die aanslag van die eksterne dominante staatstelsel, gekapituleer het, was daardie met die mees stabiele en die sterkste ontwikkelde tradisionele gefundeerde en trotse patrilineiese stambeheer.

Dus: Hiërargiese weerstandsvlakke wat ten nouste verbonde was aan die graad van tradisionalisme en gebondenheid aan stamgroepstelsels en kultuur, het in die toegewing aan en oorname van dominante staatstelsels voorgekom.

Die ontleding van die historiese feite met betrekking tot grensvasstelling tussen die twee naderende kolonisasiefronte, hulle uiteindelijke kontak en gevolglik onafwendbare wrywing, soos wat dit op die westelike grens van Transkei gedurende die negentiende eeu manifesteer het, is in die kaartreeks (Kaarte 5, 6, 8, 11 en 12) verbeeld. Ook hierin was 'n evolusionêre ordelikheid te bespeur: eers was daar benaderde en vae grenslyne, gevolg deur grensverskuiwings met geassosieerde wins-, verlies- en neutrale gebiede; terugwyking van grense in die rigting en ten koste van die onderhoriges, met gevolglike territoriumuitbreiding van die dominante groep; 'n breë sone waarvoor grensmigrasie plaasgevind het; die geleidelike progressie tot 'n meer akkurate afbakening

en grensomskrywing deur ooreenkomste en verdrae. Die finale fase was die uiteindelijke stabilisering van 'n besliste territoriale grens en die permanente en wedersydse eerbiediging daarvan. 'n Veelheid van gepaardgaande strategieë het onder andere tussen 'n paaibeleid, geskenke-, grondkoop- en gronduitruiltransaksies, onwettige besetting, oorloë en verdrae gewissel.

Die analise van die historiese feite met betrekking tot politieke beheerstrukture van en oor die onderhorige groepe is in 'n drietal vertakkingsdiagramme, Figuur 2.1, 2.2 en 2.7 voorgestel, wat die strukture in drie tydvakke - voor 1878, 1878 tot 1894 en na 1894 - verteenwoordig, asook die inherente evolusie en strukturele oorgange daarvan vanaf 'n eens tradisionele stamstruktuur tot 'n tweede vlak en derde vlak "streeks- en distriksbestuur". Die politieke beheerstrukture het algaande 'n duideliker stempel van die dominante akteurs begin aanneem. Die strategie was die geleidelike opheffing, uitskakeling en vervanging van die tradisionele stamstelsel deur voorbeeldstelling van en ontwikkeling na 'n westerse beheerstelsel.

Die mikro-ontleding en die karakterisering van die stamgroepe in terme van hulle ruimtelike kenmerke, die krag van hulle sosio-politieke weefsel, hulle onderlinge gesindhede en hulle lojaliteit, dank en onderdanigheid teenoor die dominante staatsisteesem (Kaapse Owerheid), was ook in 'n reeks kaarte voorgestel en in woord vertolk. 'n Wetmatigheid in die hiërargiese orde van oorgawe aan die dominante sisteem is bewys: "hiërargiese weerstandsvlakke wat ten nouste verbonde is aan die graad van tradisionalisme en gebondenheid aan stamgroepstelsels en kultuur, het in die toegewing aan en oornam van die dominante staatstelsel voorgekom".

DIE PRE-1913-PERIODE:

Die voorafgaande ontleding van 'n eeu van polities-geografiese ("grense", "mense" en "beheerstrukture") ontwikkeling van die gebied tussen die Boesmansrivier in die weste en die Umzimvuburivier in die noordooste het in terme van

staatsverhoudinge, strategieë, prosesse en patrone die volgende opgelewer:

- Die dominant-onderhorige staatsverhouding:

Die rol wat deur die blanke se georganiseerde en geformuleerde politieke-strukture en staatsmag gespeel is, is onmiskenbaar: Dit het die Britse en Kaapse regerings in 'n magposisie ook ten opsigte van politieke en geografiese besluitneming geplaas. Hierdie rol het in 'n dominant/onderhorige politiek-geografiese verhouding tussen wit en swart geresulteer; dit was beslis nie op rasseverskille gefundeer nie, maar eerder in die kontras tussen die primitiewe tradisionalisme van patriliniese staatsbeheer en die "gemoderniseerde" demokraties ontwikkelende westerse staatsbestel wat teen die einde van die agtiende eeu, ná die Franse Revolusie op die Europese Vasteland, maar veral in die Britse Eilande momentum gekry het.

In dominant/onderhorige terme, word die ontwikkeling van Transkei as volg in twintigjaarperiodes opgesom:

- c.1850-1870: Dominant: Stamstelsel
- c.1870-1890: Dominant: Koloniale Owerheid
Semi-dominant: Die ontwikkelende distrikstelsel
Semi-onderhorig tot onderhorig: Stamstelsel
- c.1890-1910: Dominant: Koloniale Owerheid
Semi-dominant: Interne gesuperponeerde Koloniale strukture op distriks- en dorpsvlak
Semi-onderhorig tot onderhorig: 'n Uitrafelende stamstelsel verloor sy openbare aansien en impak, maar bly nog steeds op stamliedevlak. 'n faktor om nie uit die oog te verloor nie.

Die eens dominante posisie van die stam in die pre-1870 tydvak, is gereleë tot 'n onderhorige lokasie in die post-1890 periode. (Kyk weer figuur 2.7).

- Strategie:

Om 'n ewewigstoestand en harmonie tussen opponerende en tot mekaar naderende kolonisasie fronte te verkry, botsings te minimaliseer, geordende vestiging te probeer bereik en stabiele gesag oor territoriums te verkry, is 'n wydlopendheid van strategieë gevolg wat die volgende ingesluit het: Paaiing deur geskenke, onderhandeling, magsgeweld (van beide kante), segregasie, partisie, gebiedskeiding deur bufferstate, vrye vestiging, onderdaanskap, strategieë van wyfeling en vertwyfeling, diplomasie soms met slinkse motiewe (van beide kante), erkenning van inboorling-soewereiniteit, koop- en ruil, verdragsluiting (Glenelg-strategie), militêre besetting, anneksasie en inlywing.

- Prosesse:

Prosesse wat in werking gestel was om die doelwitte van die veelheid van strategieë te bereik, was onder andere magsgeweld en oorlog, byna massale hervestiging van bepaalde inboorlingstamme, migrasie en gebiedsontruiming, om maar enkele van die harde prosesse te noem. Maar sagter prosesse is ook in werking gestel, waaronder die beplande geleidelike verkrummeling van die stamstelsel van patriliniese opvolgingsreg, die voortdurende verandering van die territoriale basis met die noodwendige ruimtelike en omgewingsaanpassings, magistratring van afgebakende distrikte, dubbele beheerstruktuur-erkenning (koloniaal en stam), proklamasie en parlementêre wetgewing, sowel as verswartings- en verblankingsprosesse.

- Patrone:

Territoriale patrone ten opsigte van al die patroonkomponente, waaronder, ligging (absoluut en relatief), grootte, vorm en

digtheid, was vir bykans 'n eeu op die Transkeise wesgrens en ook binne-territoriaal in dinamiese verandering. Besettings- en vestigingspatrone het aanvanklik voortdurend verander. Relatiewe liggingspatrone van etniese groepe en stamgroepe het selfs tot en met die anneksasie van Temboeland, 1885 (vergelyk die Emigrante Thembu se massale verskuiwing vanaf Lady Frere na Emigrante Temboeland) op groot skaal plaasgevind.

Tradisionele sosio-politieke patrone het ook begin wankel. Patroonverandering in die politiekstrukture wat oor die stamstrukture gesuperponeer was, was in oorgang.

Die hiërargie en opeenvolging van bestuurstelsels waardeur die Transkei vóór 1903 reeds beweeg het, was:

- Swart stambeheer was die oorspronklike stelsel waarvandaan die latere ontwikkeling volgens die norme en idees en besluitneming van die superdominante en dominante groep vertrek het.
- Na die stambeheer het 'n meer gesofistikeerde en ontwikkelde "streeks" beheer gevolg wat in verskillende ruimtelike en organisatoriese skaalvlakke gemanifesteer het: Die "streek" is beslis begrens; dit is in "substreke" of distrikte verdeel wat die oorspronklike stamruimtes vervang of naastenby vervang. Die strategie was om meer effektiewe en gedefinieerde lokale (plaaslike) beheer oor vestiging, bodembenutting, bestuur en beheer te verkry.

Streeks- en/of distriksbeheerrade was onder 'n streeks- of distrikshoof aangestel. Hulle was verteenwoordigers van die dominante (dominiale) stelsel en aan laasgenoemde verantwoordelik, terwyl die stamhoof(de) "verdwyn" het. Distriksnodusse (dorpe) is onder dorpsbestuur geplaas; munisipale rade het dus tot stand gekom. Namate infrastrukture ontwikkel het of moes ontwikkel, is sulke tersaaklike rade, soos byvoorbeeld weërade gestig.

- Namate verskeie streke gekoloniseer en/of geannekseer was of onder beheer van die dominante sisteem gekom het, is streke (wat elk uit distrikte en munisipaliteite bestaan) tot gebiede gekonsolideer. Die bestuurstelsel het uitgebrei. Oorkoopelend oor die munisipale-, distriks- en streeksrade het 'n gebiedsowerheid tot stand gekom. Die strategie was om die onderhoriges in die bestuurstyl en beheerstrukture van die dominante sisteem op te lei en op te voed en vir verdere politieke ontwikkeling gereed te maak.


Dit was 'n uitgemaakte saak dat ruimtelike segregasie tot dié tradisionele staatsmodel deur die Kaapse Regering vir die Transkei ontwikkel is, maar met daarmee gepaardgaande 'n oënskynlike byna onversoembare strategie en beleid van afgedwingde westers-georiënteerde bestuurstelsel. Hierdie "model" is in die twintigste eeu verder ontwikkel en verfyn om die vrees van oorheersing van die Swarte oor die Witte, die Afrika-tradisionalisme oor die Europese beskawing hok te slaan.

DIE 1913 TOT 1976-PERIODE:

(Kyk Figuur 5.1).

Die eksterne akteur (Blanke Unie van Suid-Afrika na 1910) het die beleid van segregasie wat reeds in die vorige eeu onder die Kaapse Koloniale Bewind gestalte begin kry het (territoriale afbakening van die Transkei) in die nuwe Uniale Regering voortgesit en selfs verder ontwikkel totdat die Transkei as totaal afsonderlike onafhanklike Swart Staat vanuit die Blanke Unie van Suid-Afrika ontkoppel kon word. Só 'n strategie is nie onmiddellik bereik nie, maar het geleidelik deur verskillende fases van politieke en bestuursopvoeding en ontwikkeling ge-evolueer terwyl die dominante akteur die tempo van evolusie dikteer het. Transkei en sy mense het deur verskillende fases van bestuursvorme en territoriale begrensinge gegaan.

Na 1910 het die eerste aktiewe fase van die gebiedskeidingsproses onder die dominante akteur, naamlik die Unie van Suid-Afrika, soos



Figuur 5.1: 'n Breë, veralgemeende raamwerk van prosesse wat op Transkei-onafhanklikheid ingewerk het, 1913 tot 1976.

verpersoonlik deur die eerste Eerste Minister, Generaal L. Botha deur onder andere die Grond Wet van 1913 momentum begin kry. Die onderliggende strategie van dié van selfontwikkeling, alhoewel die Transkei 'n baie beperkte verteenwoordiging in die Uniale Parlement gehad het. Ook is die interne bestuurspatrone (binne Transkei) op die reeds bestaande evolusiebaan van selfontwikkeling en bestuursopvoeding geplaas (Bunga-stelsel). Dit was nog steeds 'n aangepaste model wat 'n soort kompromie was tussen die stamtradisionele en die Westers-Europese hiërargiese-vlakke-model.

Met die verandering van partyregering en met Hertzog as nuwe Premier, het hy (Hertzog) die eerste fundamente begin lê vir afsonderlike ontwikkeling van die Transkei en het die Ruimtelike Apartheidsmodel in die regulering van politieke bestuur oor verskillende rasgroepe in Suid-Afrika sy beslag gekry. Politieke prosesse het nou ook 'n sterk ekonomiese komponent begin openbaar: met die Grond Wet van 1936 is die Swart Grond van Suid-Afrika beskryf en gedefinieer en is 'n belofte van toevoegings op die wetboek geplaas. Die konsep "territoriale skeiding" het verdiep met die toevoeging van die konstrukt "konsolidasie". Intussen is verskeie sosiale prosesse geïnisieer deur besliste kondisionering van Swart leiers en gerigte persepsie- en meningsvorming.

Die na-oorlogse bewindsoorname van die Nasionale Party onder Dr. D.F. Malan in 1948 het met sy beleid van totale gebiedsegregasie tussen Blank en Nie-blank onstuitbare momentum aan die apartheidstrategie op ruimtelike, politieke, sosiale en selfs ekonomiese vlak begin gee. Strydom het na Malan die apartheidskonsep tot sy uiterste konsekwensie deurgevoer, 'in every sphere and in so far as it is feasible in practice,' en 'develop in their own areas under the guardianship of the White man in accordance with their own nature and ability'.

Dr. H.F. Verwoerd se vergesigte vir beide Suid-Afrika ('n Republiek) en die Swart volkere, waaronder Transkei (selfregering en uiteindelik "Onafhanklike status binne 'n gemenebes konfederasie

van onafhanklike, maar samewerkende Blanke en Bantoestate" in Suidelike Afrika) is in dade omgesit. Selfbestuur (1959) en Selfregering (1963) is aan Transkei verleen, ekonomiese, sosiale en opvoedingshulpprogramme is ontwikkel, persepsies en gesindhede is op hierdie staatsmodel gerig (byvoorbeeld die instelling van 'n Kommissaris-Generaal pos (1960) , tuisland ontwikkeling en grensnywerheidsvestiging is beplan en in praktyk gebring, gedwonge en ongedwonge repatriasie van tuislandarbeiders is in werking gestel konsolidasie van Swart gebiede is versnel, swartkol-opruiming in die RSA het begin realiseer, sowel as witkol-opruiming in Transkei.

Na die sluipmoord op Verwoerd is sy Afsonderlike Tuislandstaatsmodel deur Mnr. John Vorster tot sy volle konsekwensies deurgevoer. Transkei was op die laaste skof tot onafhanklikheid.

Die onderhorige akteur - Transkei - het deur die loop van ongeveer ses-en-sestig jaar (1910 tot 1976) enersyds aktief aan sy eie staatsbevryding meegedoen, veral gedurende die Verwoerd-era en wel in die persoon van Matanzima.

Oppehoof Kaizer Matanzima het op 3 September 1976 sy medewerking met die Verwoerd/Vorster-strategie as volg betuig: "Hier het ons nou sake afgesluit. Die Transkei word onafhanklik. Hy loop sy eie pad. Ek bedank opreg die Suid-Afrikaanse Regering vir die bystand en leiding wat ons oor die jare ontvang het, maar bowenal kos dit slegs 'n paar bottels ink in teenstelling met duisende gellings bloed wat dit vir die res van Afrika gekos het."

Andersyds was daar weerstand wat opgebou was binne die Transkei maar hoofsaaklik aangeblaas deur politieke partye en Swart versetgroepe binne die RSA sowel as die Engelstalige Pers.

'n Sprekende voorbeeld van buite-Transkeise, maar binne Suid-Afrikaanse afkeur word deur M.C. Botha in "Die Swart Vryheidspaaie (pp. 24 - 26)" verwoord, waarin hy dit stel dat die opposisie by monde van Sir De Villiers Graaff en van sy partygenote, asook die

verteenwoordigers van die Swartes onder aanvoering van mev. Margaret Ballinger, so heftig die wet op die bevordering van Bantoe-selfbestuur teengestaan het, dat hulle die eerste lesing daarin geopponeer het, wat uiterste verset beteken. Selfs buite die Parlement het die hele Liberale opset ook teen die bevordering van Bantoeselfbestuur in verset gekom.

Hierdie politieke partye en versetgroepe het die liberale en kommunistiese ideologieë ten oor geval en op die oor gespeel en daardeur die VN en uiteraard die OAE as forum verwerf. Die staatsmodel van afsonderlike ontwikkeling wat voorheen deur die hele westerse wêreld as die regverdigde demokratiese model toegepas was, het in Afrika-konteks 'n wegwerplike rassistiese apartheidsmodel geword, selfs vir so 'n onafhanklike staat soos Lesotho.

Versetgroepe wat deur die RSA en Transkei onderdruk was, waaronder die ANC, UDF en PAC, het óf ondergronds gegaan, óf na die buiteland uitgewyk, van waar die aanslag teen die Afsonderlikheidsmodel in felheid toegeneem het, hoofsaaklik op grond van één omstrede bepaling ten opsigte van burgerskapsregte soos in die grondwet vervat, naamlik dat die burgers van die Onafhanklike Transkei ophou om Suid-Afrikaanse burgers te wees.

Die aktiewe weerstand teen die stemreg- en burgerskapsklousule van die "buite-Transkei bevolking" was onder andere deur Desmond Tutu, die Anglikaanse Dean van Johannesburg verwoord. Hy is deur die Rand Daily Mail as volg aangehaal: ...Overnight they will become foreigners in what for many of them has been the land of their birth and be forced to adopt the citizenship of a country that many do not know at all and in whose creation they have played no part at all. They have contributed in their various ways to the prosperity of this beloved South Africa and now it seems at the stroke of a pen they will forfeit a cherished bithright. (Rand Daily Mail, 1 May 1976).

Die ander omstrede bepaling was van binne die OAE ten opsigte van die versnippering van staatsterritoria in Afrika, na 'n bepaalde datum, te wete 1964.

Uitgewekenes van die verbode organisasies het liberale steun in die internasionale arena gekry en talle anti-apartheidsorganisasie, -bewegings en -demonstrasies het wêreldmening teen Suid-Afrika en Transkei laat opvlam en dit aangeblaas.

Ongeag die vermeende, werklike, verwagte en voorsiene weerstand was die Statuswet aangeneem, te wete Wet No. 100 van 1976, Wet op die status van Transkei, waardeur die Regering van die RSA afstand gedoen het van sy jurisdiksie oor Transkei by sy onafhanklikwording. Transkei het ook hierdeur die reg verkry om sy eie konstitusie deur sy eie Wetgewende Vergadering te laat aanneem. Dit het bestaan uit 'n Staatspresident, Parlement (verkose lede en verteenwoordigende kapteins), Uitvoerende Raad (Kabinet) met Eerste Minister as hoof, en staatsdepartemente: 'n aangepaste vrye demokratiese stelsel.

Op 26 Oktober 1976 het Transkei 'n soewereine onafhanklike staat geword, maar met geen internasionale erkenning nie.

PROGNOSE:

As Afrika voorbeelde as modelle gebruik kan word, is dit moontlik dat Transkei vir 'n interim-periode van ongeveer 10 jaar as 'n demokrasie sal voortbestaan. Die groeiende weerstand teen die Westerse staatsmodel sal dan moontlik tot een of ander vorm van Outokrasie met 'n eenpersoon-magsbasis, of tot 'n militêre regering aanleiding gee.

Indien die groeiende verzet teen die "apartheidsbeginsel" ook in die RSA sou sneeubal, is dit moontlik dat die eens dominante akteur tot 'n aangepaste demokrasie kan ontwikkel. Weens die internasionale onaanvaarbaarheid van die Transkei, mag dit moontlik word dat hy sy politiek-geografiese posisie in herooring neem,

nuwe strategieë bedink, nuwe prosesse aktiveer en 'n nuwe ruimtelike- en bestuurspatroon aanneem. Dit is selfs moontlik dat hy dan binne 'n nuwe Suid-Afrikaanse staatsmodel opgeneem sou wou word.

Die aanvanklike basiese hipotese waarvan hierdie studie vertrek het, sal steeds waar bly, naamlik: "Die grootte en vorm, die bevolkingskomponent en sy ordening en die beheer- en bestuurstrukture van state is nie staties nie, maar óf in dinamiese ewewig, óf in verval, óf in ontwikkeling."

BIBLIOGRAFIE

- Arnheim, M.T.W. 1979: South Africa after Vorster. United Kingdom: Howard Timmins Publishers.
- Baker, A.R.H. 1972: Rethinking Historical Geography. In: Progress in Historical Geography. Great Britain: David and Charles (Publishers) Limited.
- Baker, A.R.H. 1972a: Historical Geography in Britain. In: Progress in Historical Geography. Great Britain: David and Charles (Publishers) Limited.
- Baker, A.R.H. 1975: Historical Geography and Geographical Change. London: Macmillan Education Limited.
- Beeld (Bylae), 20 Oktober 1976: 11.
- Becker, S.G. 1987: George Heaton Nicholls and the formulation of 'Native Policy', 1927 to 1936. M.A., University of Natal, Durban.
- Bellwood, W.A. 1964: Whither the Transkei? Cape Town: Howard Timmins.
- Bosman, W. 1966 (Oktober): Die besit, okkupasie, en gebruik van grond deur Bantoes in Suid-Afrika. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, vol. 17, no. 4: 14 - 17.
- Botha, M.C. 1981: Die Swart Vryheidspaaie. Johannesburg: Perskor-Boekdrukkery.
- Botha, W.A. 1984 (Julie): Die beleid van Generaal Louis Botha in die eerste jare van Unie (1910 -

1919) as grondslag vir die latere ontwikkeling van Swart state. Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, vol. 9, no. 1: 78 - 82.

Brookes, E.H. 1974: White Rule in South Africa: 1830 - 1910: Varieties in Governmental Policies affecting Africans. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Brownlee, F. 1923: The Transkeian Native Territories: Historical Records. Lovedale: Lovedale Institution Press.

Brownlee, W.T. 1975: Reminiscences of a Transkeian. Pietermaritzburg: Shuter and Shooter.

Buckholtz, P. 1966: Political Geography. New York: The Ronald Press Company.

Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika.
1926 (23 Julie): vol lxxv, no. 1570: ii - x.

Campion, H. 1976: The New Transkei. Sandton: Valiant Publishers.

Cape Times, 29 March 1956.

Carter, G.W.; Karis, T. and Stultz, N.M. 1967: South Africa's Transkei: The Politics of Domestic Colonialism. London: Heinemann.

Cloete, J.J.N. 1964: Sentrale, Provinsiale en Munisipale instellings van Suid-Afrika. Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.

Constitutional development of the Transkeian Territories. 1962

(March): *Bantu*, vol ix, no. 3: 159.

- Constitutional developments in the Transkei. 1964 (February):
Africa Institute Bulletin, vol. iv, no. 2: 54 -
64.
- Cox, K.R. 1979: *Location and Public Problems: A
Political Geography of the Contemporary World*.
Oxford: Basil Blackwell.
- De Blij, H.J. 1973: *Systematic Political Geography*. New
York: John Wiley and Sons, Inc.
- De Jong, G. 1962: *Chorological Differentiation: as the
fundamental principle of geography: An inquiry
into the chorological conception of geography*.
Groningen: J.B. Walters.
- De Planhol, X. 1972: *Historical Geography in France*. In:
Baker, A.R.H., *Progress in Historical Geography*.
Great Britain: David and Charles (Publishers)
Limited.
- Dickson, K.B. 1972: *Historical Geography in Africa*. In:
Baker, A.R.H., *Progress in Historical Geography*.
Great Britain: David and Charles (Publishers)
Limited.
- Daily Dispatch, 1 December 1964.
- Daily Dispatch, 6 April 1972.
- Daily Dispatch, 17 December 1972.
- Daily Dispatch, 2 April 1975.

- Daily Dispatch, 17 March 1976.
- De Wet, H.C. 1976 (Oktober). Bantu, vol. xxiii, no. 9: 8 -29.
- Die Klugspel van die Verenigde Volke. 1975 (31 Oktober): Sake van die Dag, Johannesburg: SAUK.
- Die Oosterlig, 11 Desember 1972.
- Die Oosterlig, 21 April 1976.
- Die Transkei: Ontvoogding sonder chaos, c.1963: Pretoria: Departement van Inligting. Republiek van Suid-Afrika.
- Die Transkei se derde algemene verkiesing. 1973 (5 November): Sake van die Dag, Johannesburg: SAUK-Oorsig.
- Die Transkei sê ja. 1962 (Junie). Bantu, vol. ix, no. 6: 343.
- Die Transkei se onafhanklikheidsverkiesing. 1976 (15 Oktober): Sake van die Dag. Johannesburg: SAUK.
- Du Bois; N.W. 1960 (Mei): Die ontstaan en wese van ons Bantoetuislande. Bantu, vol. vii, no. 5: 315.
- Dugard, J. 1980: South Africa's "Independent" Homelands: An Exercise in Denationalization. Denver Journal of International Law and Policy. vol. 10, no. 11: 14.
- Du Pisani, J.A. 1989: Die ontplooiing van afsonderlike ontwikkeling tydens die B.J. Vorster-era: Die Tuislandbeleid, 1966 - 1978. DPhil - proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

Bloemfontein.

Eastern Province Herald, 29 March 1976.

Eastern Province Herald, 16 August 1976.

Eie Vlag vir Transkei. 1966 (Julie): Bantu, vol. 13, no. 7:
206 - 207.

Ekonomiese Ontwikkeling in die tuislande. 1975 (2 Oktober): Sake
van die Dag, Johannesburg: SAUK.

Els, W.C. 1965: Die evolusie van grondgebruik in die
Groot-Visriviervallei. DPhil-proefskrif,
Universiteit van Suid-Afrika.

Erkenning van Transkei. 1976 (21 Oktober): Sake van die Dag.
Johannesburg: SAUK.

Evening Post, 8 August 1972.

Fischer, J. [s.a.]: The Afrikaners. London: Cassell.

Gebiedsowerheid se geskiedkundige sitting luisterryk geopen in die
Transkei. 1962 (Julie): Bantu, vol. ix, no.
7: 415.

Geldenhuis, D. 1979 (October): International attitudes on
the recognition of Transkei. Braamfontein: The
South African Institute of International Affairs.

Grensgeskil tussen Lesotho en Transkei: Feit of fantasie? 1977:
Afrika-Instituut Bulletin, vol 17, nos. 1 en 2:
38 -39.

Grondaankope en Tuisland-konsolidasie. 1972 (22 Junie):

Skietgoed, no. 11: 2762.

- Hammond-Tooke, W.D. 1962: *Bhaca Society: A people of the Transkeian Uplands South Africa*. Cape Town: Oxford University Press.
- Hammond-Tooke, W.D. 1968: *The Transkeian Council System 1895 - 1955: An Appraisal*. *Journal of African History*, vol. ix, no. 3: 466 - 473.
- Hammond-Tooke, W.D., (ed), 1974: *The Bantu-speaking Peoples of Southern Africa*. London: Routledge and Kegan Paul.
- Hammond-Tooke, W.D. 1975: *Command or Consensus: The Development of Transkeian Local Government*. Cape Town: David Philip.
- Hansard. 1913: (Union of South Africa). House of Assembly. Debates of the Third Session of the First Parliament. 24 January to 16 June 1913. Cape Town: Cape Times Limited.
- Hansard. 1926: (Union of South Africa). House of Assembly. Debates of the Third Session of the Fifth Parliament. 2 June 1926. Vol. 7. Cape Town: Cape Times Limited.
- Hansard. 1956: (Unie van Suid-Afrika). Debatte van die Volksraad. Vierde Sitting. Elfde Parlement. 19 Maart tot 18 Mei 1956. Deel 91. Elsie'srivier: Parlementêre Drukkers.
- Hansard. 1958: (Union of South Africa). House of Assembly. Debates of the First Session of the Twelfth Parliament. 15 September 1958. Vol. 98.

Elsiesriver: Government Printer.

- Hansard. 1963: (Republiek van Suid-Afrika). Debatte van die Volksraad: Tweede Sitting. Tweede Parlement. 18 Januarie -15 Maart 1963. Deel 5. Pretoria: Staatsdrukker.
- Hansard. 1972: (Republiek van Suid-Afrika). Debatte van die Volksraad: Derde Sessie. Vierde Parlement. 13 Maart -28 April 1972. Deel 38. Elsie'srivier: Parlementêre Drukker.
- Heathcote, R.L. and McCaskill, M. 1972: Historical Geography in Australia and New Zealand. In: Baker, A.R.H. Progress in Historical Geography. Great Britain: David and Charles (Publishers) Limited.
- Hellmann, E. and Lever H. (eds) (1979): Conflict and Progress: Fifty Years of Race Relations in South Africa. Johannesburg: Macmillan South Africa (Publishers) (PTY) LTD.
- Helmfrid, S. 1972: Historical Geography in Scandinavia. In: Baker, A.R.H. Progress in Historical Geography. Great Britain: David and Charles (Publishers) Limited.
- Henkel, C.C. 1903: History, resources and productions of the country between Cape Colony and Natal or Kaffraria Proper, now called "The Native" or "Transkeian Territories". Hamburg: Actien-Gesellschaft.
- Hertslet, E. 1967: The map of Africa by treaty. London: Thomas Nelson (Printers) Ltd.

- Horrell, M. et al., 1975: A survey of Race Relations in South Africa. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Horrell, M. 1978: Laws affecting Race Relations in South Africa (to the end of 1976). Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- Jackson, W.A.D. 1964: Politics and Geographic Relationships: Readings on the Nature of Political Geography. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.
- Jäger, H. 1972: Historical Geography in Germany, Austria and Switzerland. In: Progress in Historical Geography. Great Britain: David and Charles (Publishers) Limited.
- Johnston, R.J.; Gregory, D.; Haggett, P.; Smith, D.N. and Stoddart, D.R. (eds), 1981: The Dictionary of Human Geography. England: Basil Blackwell Publishers Limited.
- Kasperson, R.E. and Minghi, J.V. (eds), 1971: The Structure of Political Geography. Chicago: Aldine Publishing Company.
- Kitching, B.M. 1984: Die evolusie van die Thaba Nchu-enklave: 'n Polities-geografiese studie. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Knox, P.L. 1982: The Geography of Medical Care Delivery: An Historical Perspective. Geoforum, 13(3): 245.

- Kotze, D.A. 1967 (April): Stam- en Streekowerhede in die Transkei. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, vol. 18, no. 2: 85 - 88.
- Kotze, H. Transkeise Algemene Verkiesing. 1976: Afrika-Instituut Bulletin, vol. 16, nos. 9 en 10: 340 - 341.
- Krause, O.; Nieuwenhuizen, P.J. and Van der Merwe, C.J. 1976 (April): The implications of Transkeian Independence. Transkei Series: No. 1. Braamfontein: The South African Institute of International Affairs.
- Krige, D.S. 1988: Afsonderlike Ontwikkeling as ruimtelike beplanningstrategie: 'n toepassing op die Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu-streek. DPhil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Land van die Xhosa. c.1964: Pretoria: Departement van Inligting. Republiek van Suid-Afrika.
- Laurence, P. 1976: The Transkei: South Africa's Politics of Partition. Johannesburg: Ravan Press.
- Le Roux, J.H. en Coetzer, P.W. 1980: Die Nasionale Party: Die Eerste Bewindsjare. 1924 - 1934. Deel 2. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein: Instituut vir Eietydse Geskiedenis.
- Le Roux, W. 1987 : Die Cis- en Transkei - Problematiek: 'n Historiese Oorsig. Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, jg.12, no.2: 112 - 121.

- Macmillan, W.M. 1929: *Bantu, Boer and Briton: The Making of the South African Native Problem*. London: Faber and Gwyne Limited and also Butler and Tanner Limited.
- Malan, T. and Hattingh, P.S. 1976: *Black Homelands in South Africa*. Pretoria: Africa Institute of South Africa.
- Matanzima, K. 1975: *The Black Peoples' Destiny*. In: Metrowich, F.R. (ed), *Towards Dialogue and Détente*. Sandton: Valiant Publishers.
- Matanzima, K.D. 1976: *Independence My Way*. Pretoria: Foreign Affairs Association.
- Mears, W.J.G. 1947: *A Study in Native Administration: The Transkeian Territories: 1884 -1943*. D. Litt., University of South Africa, Pretoria.
- Metrowich, F.R. 1970: *Africa in the sixties*. Pretoria: Africa Institute of South Africa.
- Mitchell, J.B. 1973: *Historical Geography*. Great Britain: The English Universities Press Ltd.
- Muller, C.F.J. 1970: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Muller, C.F.J. 1975: *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Myburg, H.J.R. 1959 (Augustus): *Transkei: Die Transkei gee die pas aan*. *Bantu*, no. 8: 49 - 63.

- Nel, D.E. 1965: Die verbreiding van die bevolking in die Transkei-gebiede. Deel 1. DPhil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- Nel, M.D.C. de Wet. 1963: Toespraak deur sy Edele M.D.C. de Wet Nel, L.V., Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling tydens die Opening van die Transkeise Wetgewende Vergadering te Umtata op 11 Desember 1963. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Nieuwoudt, C.F.; Olivier, G.C. en Hough, M. (Reds), 1981: Die Politieke Stelsel van Suid-Afrika. Pretoria: Academica.
- Norton, W. 1981: The Analysis of Process in Historical Geography. South African Geographical Journal, vol. 63, no. 1: 24 - 25.
- Norton, W. 1982: Historical Geography as the evolution of spatial form, Period and Place, Research Methods in Historical Geography. Cambridge: University Press.
- Olivier, W.H. 1975 (Oktober): Soewereiniteit vir die Xhosa van die Transkei. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, vol. 26, no. 4: 158 - 159.
- Pearcy, G.E. and Associates, 1957: World Political Geography. London: Constable and Company Ltd.
- Pelzer, A.N. (red), 1963: Verwoerd aan die Woord: Toesprake 1948 - 1962. [s.l.]: Afrikaanse Pers-Boekhandel.

- Pienaar, P.A. 1979: *The Nation - state concept applied to the Xhosa National Unit*. M.A., University of Port Elizabeth, Port Elizabeth.
- Pienaar, P.A. 1985 (September): *Xhosa - Grondeise: Simptome van 'n onderliggende politiek-geografiese probleem*. *Die Suid-Afrikaanse Geograaf*, vol. 13, no. 129 - 138.
- Pieterse, W.J.P. 1979: *Die polities-geografiese evolusie van die Kaaplandse Territoriumgedeelte van Bophuthatswana*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Pim, H. 1933: *Transkei Enquiry: 1933*. University of the Witwatersrand: Lovedale Press.
- Planne vir onafhanklikheid vir die Transkei. 1974 (17 Mei): *Sake van die Dag*, Johannesburg: SAUK.
- Pollock, N.C. and Agnew, S. 1963: *An Historical Geography of South Africa*. London: Longmans, Green and Co., Ltd.
- Politieke bewustheid in die Transkei na Selfregering. 1964 (Junie): *Bantu*, vol. xi, no. 6: 242.
- Prinsloo, D.S. 1977 (March): *Lesotho's expensive border hoax*. no. 6. Pretoria: The Foreign Affairs Association.
- Progress through Separate Development: *South Africa in peaceful transition*, 1968: New York: Information Service of South Africa.
- PV 93: H.F. Verwoerd-versameling.

- PV 322: J.H. Abraham-versameling.
- PV 442: F.R. Tomlinson-versameling.
- Rand Daily Mail, 30 September 1964.
- Rand Daily Mail, 28 November 1964.
- Rand Daily Mail, 14 April 1971.
- Rand Daily Mail, 8 August 1972.
- Rand Daily Mail, 1 November 1975.
- Rand Daily Mail, 5 January 1976.
- Rand Daily Mail, 22 March 1976.
- Rand Daily Mail, 1 May 1976.
- Rapport, 30 Mei 1976.
- Republiek van Transkei - Met 'n Oogopslag. 1976: Afrika-Instituut
Bulletin, vol. xvi, nos. 7 en 8: 242.
- Robinson, D.J. 1972: Historical Geography in Latin
America. In: Progress in Historical Geography.
Great Britain: David and Charles (Publishers)
Limited.
- RP 78 - 1964: (Republiek van Suid-Afrika). Verslag van die
Departement van Bantoe-Administrasie en -
Ontwikkeling vir die tydperk 1 Januarie 1960 tot
31 Desember 1962. Kaapstad: Kaap en Transvaal
Drukkers Beperk.

- Saunders, C. and Derricourt, R. (eds.), 1974: *Beyond the Cape Frontier: Studies in the History of the Transkei and Ciskei*. London: Longman Group Limited.
- S. C. 10/1927. (Unie van Suid-Afrika). Verslag van die Gekose Komitee oor die onderwerp van die Unie Naturelleraads Wetsontwerp, die Kleurlingregte Wetsontwerp; die Parlementsvertegenwoordiging van Naturelle (Wysigings) Wetsontwerp. Deel II. Kaapstad: Cape Times Beperk.
- Snyman, P.M. 1969: *Die Grondslae van die Historiese Aardrykskunde en die toepassing van die "Spesifieke Periode" - metode op die Historiese Aardrykskunde van Bloemfontein tot 1900*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Soga, J.H. 1930: *The South Eastern Bantu*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- South Africa: *Time Running Out: The Report of the Study Commission on U.S. Policy Toward Southern Africa*. 1981: London: University of California Press, Ltd.
- Southall, R.J. [s.a.]: *South Africa's Transkei: The Political Economy of an 'Independent' Bantustan*. London: Heinemann.
- Staatskoerant, 18 April 1957: Proklamasie 110 van 1957.
- Staatskoerant, 2 Augustus 1957: Goewermentskennisgewing 1178 van 1957.

- Strauss, J. 1963 (Junie): Die Samestelling van die Wetgewende Vergadering van die Transkei. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, vol. 14, no. 3: 159 - 162.
- Strauss, J. 1966: Die selfstandigwording van die Transkei - Geboorte van 'n selfregerende staat. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, vol. 17, no, 4: 26 - 31.
- Stultz, N.M. [s.a]: Transkei's Half Loaf: Race Separatism in South Africa. Cape Town: David Philip.
- Suid-Afrika en sy pas-onafhanklike buurstaat. 1976 (26 Oktober): Sake van die Dag. Johannesburg: SAUK.
- Suid-Afrika se Bantoe op die weg na selfbestuur. 1964 (April): Bantu, vol. xi, no. 4: 147, 158.
- Sunday Express, 22 May 1955.
- Sunday Express, 30 May 1976.
- Tatz, C.M. 1962: Shadow and Substance in South Africa: A study in Land and Franchise Policies Affecting Africans, 1910 - 1960. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- The Cape Times, 7 October 1976.
- The Republic of Transkei, 1976: Johannesburg: Chris van Rensburg Publications (Pty) Ltd.
- The Star, 27 May 1964.

The Star, 24 February 1966.

The Star, 29 April 1976.

The Star, 20 October 1976.

The Tomlinson debate. 1956 (May): Supplement to the Digest of South African Affairs. Johannesburg: Hayne and Gibion, Fact Paper 11: 1.

The Transkei. 1962 (15 February): Africa-Institute Bulletin, vol. 11, no. 3: 95 - 96.

This is Transkei. 1978: Johannesburg: Chris van Rensburg Publications (Pty) Ltd. Republic of South Africa.

Tomlinson-verslag. 1956 (Mei/Junie): SABRA - Nuusbrief, No. 18: 2 - 4.

Transkei. 1969 (April): Afrika-Instituut Bulletin, vol. ix, no. 3: 105.

Transkei: begin van nuwe bewind. 1963 (November): Bantu, vol. x, no. 11: 584 - 586.

Transkei: Ekonomiese Revue. 1975: Pretoria: Benbo.

Transkei en Burgerskap. 1976 (Augustus): Skietgoed, no. 2: 3632 - 3641.

Transkei en die Verenigde Volke. 1976 (27 Oktober): Sake van die Dag. Johannesburg: SAUK.

Transkei - Geen holle onafhanklikheid, 1976 (November): Die

Wêreld in Oënskou, jg. xi, no. 11: 8.

Transkei: Leedvermakerige houdings. 1976 (18 Oktober):
Sake van die Dag. Johannesburg: SAUK.

Transkei sal eie Parlement kies. 1963 (Julie): Bantu, vol. x,
no. 7: 389 - 390.

Transkeise eise om nog grond. 1972 (11 April): Nuuskommentaar.
Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Afrikaanse
Diens.

Transkeise ontwerp-grondwet eenparig aanvaar. 1962 (Julie):
Bantu, vol. ix, no. 7: 449 - 450.

Transkei: the birth of a nation. 1975 (17 October): To the Point,
vol. 4, no. 42: 14.

U.G. 19 - 1916: (Unie van Zuid-Afrika): Rapport van de
Naturellen Grond Kommissie. Deel 1. Kaapstad:
Cape Times Beperkt, Goevernements Drukkers.

U.G. 22 - 1916: (Unie van Zuid-Afrika): Rapport van de
Naturellen Grond Kommissie. Deel II. Kaapstad:
Cape Times Beperkt, Goevernements Drukkers.

U.G. 25 - 1916: (Unie van Zuid-Afrika): Naturellen Grond
Kommissie: Minute aan de Edelachtbare de
Minister van Naturellezaken gericht door de
Edelachtbare Sir W.H. Beaumont (Voorzitter van
de Naturellen Grond Kommissie). Kaapstad: Cape
Times Beperkt, Goevernements Drukkers.

U.G. 8 - 1918: (Union of South Africa): Local Natives Land
Committee, Cape Province: Report with annexure
being schedule of areas recommended for Native

Occupation. Cape Town: Cape Times Limited,
Government Printers.

- U.G. 22 - 1918: (Union of South Africa): Report of the Orange Free State Local Natives Land Committee. Cape Town: Cape Times Limited, Government Printers.
- U.G. 7 - 1919: (Unie van Zuid-Afrika): Rapport van het Departement van Naturellezaken voor de Jaren 1913 tot 1918. Kaapstad: Cape Times Beperkt, Goevernements Drukkers.
- U.G. 47 - 1919: (Union of South Africa): Annual Report of the Forest Departement for the Year Ending 31 st. March, 1919, including Report on Railway sleeper plantations for the same period. Cape Town: Cape Times Limited, Government Printers.
- U.G. 47 - 1923: (Unie van Zuid-Afrika) Rapport van de Naturellezaken Kommissie voor het Jaar 1923. Kaapstad: Cape Times Beperkt, Goevernements Drukkers.
- U.G. 41 - 1937: (Unie van Zuid-Afrika): Verslag van die Departement van Naturellesake vir die Jare 1935 en 1936. Pretoria: Staatsdrukker.
- U.G. 48 - 1937: (Unie van Suid-Afrika): Verslag van die Naturellesake - Kommissie vir die Jaar 1936. Pretoria: Staatsdrukker.
- U.G. 30 - 1953: (Unie van Suid-Afrika): Verslag van die Departement van Naturelle-Sake, 1950 - 1951. Pretoria: Staatsdrukker.
- U.G. 61 - 1955: Samevatting van die Verslag van die Kommissie vir

die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker.

- U.G. 53 - 1956: (Unie van Suid-Afrika): Verslag van die Departement van Naturellesake vir die Jaar 1953 - 54. Pretoria: Staatsdrukker.
- U.G. 32 - 1964: (Republiek van Suid-Afrika): Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1 April 1962 tot 31 Maart 1964. Pretoria: Staatsdrukker. (Hierdie U.G. is tans bekend as RP 32-1964).
- Van Biljon, P. 1974: Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika: 'n Historiese ontwikkeling van grensbeleid en beleid van grondtoekenning aan die Naturel in Suid-Afrika. DPhil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Kaapstad: Juta en Kie., Beperk.
- Van der Merwe, H.W.; Charton, N.C.J.; Kotze, D.A. and Magnusson, A. (eds), 1978: African Perspectives on South Africa: A collection of speeches, articles and documents: Black and White perspectives on South Africa. Cape Town: David Philip Publisher.
- Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. [s.a.]: Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Nasou Beperk.
- Van der Walt, A.J.H. 1963 : Konstitusionele ontwikkeling in die Transkei. Afrika - Instituut Bulletin, vol. iii, no. 1: 14 - 17.

- Van Jaarsveld, F.A. 1971: *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652 - 1966: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika.* Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Van Jaarsveld, F.A. 1976: *Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652 - 1974: 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika.* Johannesburg: Perskor-uitgewery.
- Van Valkenburg, S. and Stotz, C.L. 1954: *Elements of Political Geography.* New York: Prentice-Hall, Inc.
- Van Vuuren, D.J.; Wiehahn, N.E.; Lombard, J.A. and Rhodie, N.J. (eds), 1983: *Change in South Africa.* Durban: Butterworths.
- Venter, D. 1978: *Transkei and South Africa: Diplomatic Breach.* *Africa-Institute Bulletin*, vol. 16, no. 3: 107 - 108.
- Verkiesing in die Transkei, 1964 : *Afrika-Instituut Bulletin*, vol. iv, no. 1: 16 - 17.
- Walker, W. 1978: *The Bear at the Black Door: The Soviet threat to the West's lifeline in Africa.* Sandton: Valiant Publishers.
- Weerstand teen druk van buite. 1976 : *Sake van die Dag.* Johannesburg: SAUK.
- Welton, J. and Monahan, A.J. 1925: *An Intermediate Logic.* London: University Tutorial Press Ltd.
- Wessels, A. 1988 : *Die rol van politieke faktore in die formulering van die Suid-*

Afrikaanse verstedelikingsbeleid: 'n Historiese Perspektief. Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, Vol. 13, no. 2: 149 en 151.

Wessels, F.J. 1962: Die Republikeinse Grondwet. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Wet No. 27 van 1913: Naturelle Grond Wet.

Wet No. 12 van 1936: Naturelleverteenwoordigingswet.

Wet No. 18 van 1936: Naturelletrust - en Grond Wet.

Wet No. 68 van 1951: Die Wet op Bantoe-Owerhede.

Wet No. 46 van 1959: Die Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur.

Wet No. 48 van 1963: Die Transkei Grondwet.

Wet No. 101 van 1967: Wysigingswet van die Transkeise Grondwet.

Wet No. 61 van 1975: Wysigingswet op die Transkeise Grondwet.

Wet No. 100 van 1976: Wet op die Status van die Transkei.

Wiechers, M. 1981: Staatsreg: Verloren van Themaat. Durban: Butterworth and Co. (Africa) Limited.

Young, C.B. 1956 (February): "Dawn of New Era for Transkeian Territories." Bantu, no. 2: 84.

OPSOMMING

Die politiek-geografiese onafhanklikheid van Transkei in 1976 is die opbrengs en kulminasie van 'n evolusionêre interaksie tussen territorium, bestuurstelsels en onderdane (bevolking) oor die bestek van meer as drie eeue. In hierdie politiek-geografiese evolusie van die onderhorige akteur (Transkei), was die Suid-Afrikaanse Regering die dominante akteur wat self gedurende dié tydvak (soos deur hierdie studie oorspan) ook deur 'n politiek-geografiese interaksionêre ontwikkeling en ontvoogding van territorium, bestuurstelsels en bevolking gegaan het.


Om onassimileerbare en botsende kulture (Westers vs Dêrdewêrelds) in een gegewe, begrensde ruimte (later die Republiek van Suid-Afrika) vreedsaam te akkommodeer is 'n besondere strategie van ruimtelike ordening, naamlik van ruimte-onderverdeling en byna volkome tot volkome politieke segregasie deur die dominante akteur(s), Holland, Brittanje, Suid-Afrika, vir meer as drie eeue beproef. Veral in die twintigste eeu het dit vir Suid-Afrika, as dominante akteur, algaande duideliker geword dat hierdie strategie waarskynlik die beste een van etlike staatkundige modelle kon wees om die andersins gedwonge ruimtedeling deur kulture met verskillende, teenstellende en soms onversoenbare sosiale, ekonomiese, persepsie-, maar veral politieke aspirasie- en versadigingsvlakke op te los.

Die politiek-geografiese strategieë wat in die twintigste eeu deur verskillende Suid-Afrikaanse regerings gevolg was, het Transkei vanaf aangepaste stambeheer (waaronder stamstelsels en Bungastelsel), deur gerigte maar kultuur-aangepaste afsonderlike ontwikkeling (elke volk ontwikkel teen sy eie tempo volgens sy eie norme, drange, behoeftes, persepsies na sy eie politiek-geografiese doelwitte in sy eie gebied), deur absolute territoriale skeiding en gebiedskonsolidasie met selfregering, tot 'n tipe demokrasie met stamaangepaste onafhanklikheid laat ontwikkel. Om hierdie strategieë te verwenslik is politieke, ekonomiese, sosiale,

opvoedings- en geleidelike ontvoogdingsprosesse gegenerer en gemanipuleer om geïdealiseerde bestuurspatrone en gekonsolideerde ruimtelike territoriumpatrone in en vir Transkei te laat realiseer.

Interne aanvaarding deur die onderhorige akteur (Transkei) van hierdie gesuperponeerde strategieë en prosesse het metterwoon vergemaklik, weerstand binne die Transkei-territorium het verkrummel, of is binne en buite Transkei onderdruk, of het ondergronds gegaan. Die selfregerende Transkei het eie inisiatief geneem om vir totale ruimtelike ontkoppeling en bestuursonafhanklikheid van sy eens dominante akteur te versoek. Transkei het op 26 Oktober 1976 onafhanklik geword.

Twee meulstene wat internasionale erkenning van Transkei-onafhanklikheid sou kortwiek, is burgerskapregte en die onversetlike teenstand deur en van die OAE en VN.



ABSTRACT

The political geographical independence of Transkei in 1976 was the outcome and culmination of the evolutionary interaction between territory, systems of government and subjects ("people") over a span of more than three centuries. During this political-geographical evolution of the subordinate (Transkei), the South African Government acted as dominant actor which itself traversed a period of political-geographical interaction and emancipation of territory, systems of government and subjects.

To peacefully accommodate non-assimilatory and clashing cultures (Western vs Third World) in one restricted, delimited space (later the Republic of South Africa) a unique strategy of spatial organization, viz of spatial subdivision, and almost total to total political segregation has been put to the test and brought into practice by the dominant actor(s), Holland, Britain, South Africa, for more than three centuries. Especially during the twentieth century it has become all the more clear to the South African Government(s), as the dominant actor, that this strategy could presumably be the best of several political models to solve the otherwise forced space sharing by cultures of different, adversative and sometimes implacable social, economic, perceptual, but especially political aspirations and saturation levels.

The political-geographical strategies applied by the different South African Governments during the twentieth century in an evolutionary fashion, developed the Transkei from an adjusted tribal control (amongst others the Bunga system), through directed but culture-adjusted separate development (a people develops at its own pace, according to its own norms, urges, needs and perceptions to its own political geographical goals in its own territory), through absolute territorial separation and territorial consolidation with self-government, to a type of tribal-adjusted democratic independence. To accomplish these strategies, namely political, economic, social, educational and gradual emancipation

processes were generated and manipulated to attain idealized government patterns and territorial consolidated spatial patterns.

Internal acceptance by the subordinate actor (Transkei) of these superimposed strategies and processes gradually eased, resistance from within the Transkeian Territory crumbled, or was suppressed within and outside Transkei, or went underground. The self-governing Transkei took its own initiative to request total spatial disengagement and governmental independence from its once dominant actor. Transkei became independent on 26 October 1976.

Two malevolent factors which detrimentally influencing international recognition (acceptance) of Transkeian independence were citizenship rights and the unyielding resistance by the OAU and UN.